
# “EN UIT SY VOLHEID...”

Ds. G.B.S. Pasch

# "EN UIT SY VOLHEID…"

Ds. G.B.S. Pasch



# Inhoud

TER INTRODUKSIE ........ 6
WIE IS SOOS JOAS? ........ 7
EIE KRAG WORD GEEN KRAG........ 14
EEN SONDIG VIR BAIE! ........ 24
JONA SE ONMOONTLIKE VLUG ........ 33
VERKEERDE KEUSE........ 44
DINA, DIE MEISEKIND ........ 54
DIE ANDER MARIA........ 61
RUS VIR RUT BY HAAR LOSSER........ 67
EEN DING IS NODIG ........ 74
DREUNENDE BEENDERE! ........ 83
SKYNBEKERING ........ 90
'N HERVORMINGSDAAD WAT PAS BY ELKE HERVORMING..... 100
"DIE VERLORE SEUN" ........ 108
'N BRIEF WAT HARD SLAAN ........ 118
ONVRUGBAARHEID — 'N ERNSTIGE SONDE!........ 126
GEE MY JOU HART! ........ 133
DIE EENSAME EN MOEDELOSE GELOWIGE! ........ 143
NOG NIE TEN BLOEDE TOE NIE! ........ 151
TEVERGEEFS GELUISTER! ........ 159
HOORDERS EN DADERS ........ 165
GOD SE SKOONHEIDSKONINGIN. ........ 171
EIENAARDIGE VREUGDE. ........ 178
BESLUITLOOS. ........ 185
'N BRIEF VAN CHRISTUS. ........ 192
DIE SOUT VAN DIE AARDE. ........ 199
HEILIGE MEDEDINGING. ........ 206

DIE WOORD VAN GOD IN ONS LEWE. .................................213
DIE WA VAN DIE HERE STAAN VOOR DIE DEUR. .................222
GENADE OP GENADE! .......................................................229
DIE GEDAANTEVERWISSELING VAN DIE KERK. ....................237
EK SKAAM MY NIE VIR DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS NIE. .248
TEMPELMATERIAAL. ..........................................................255
JESUS CHRISTUS TEENOOR TWEE SOORTE MENSE. ............263
CHRISTUS GAAN JERUSALEM UIT. .....................................272
DIE KERK IS SY LAASTE ARBEID. ......................................279
DIE DOOD VAN DIE TWEE GETUIES ...................................287

# TER INTRODUKSIE

'n Aantal jare gelede het ondergetekende die voorreg gehad om die eerste deel van die nagelate Esegiëlpreke van wyle ds. P.G.W. Snyman persklaar te maak en 'n woord ter inleiding te skrywe.

Weer beskou ons dit as 'n voorreg om op versoek van die weduwee van ons ontslape broeder 'n woord van aanbeveling te skrywe by die kostelike preke van 'n hoog begaafde dienskneg van die Here wat so vroeg van ons weggeneem is.

Net soos in die geval van ds. P.G.W. Snyman het ons hier te doen met modelpreke, preke uit die Skrif, en op die man af, preke vol digterlike prosa, preke met 'n adres — egte Gereformeerde preke. En die vraag kom maar weer op: waarom? Maar op ons waaroms kry ons hier geen antwoord nie, behalwe wat die Skrif ons openbaar: ons tye is in die hand van God. Ds. Pasch het in die kort tyd wat hy aan ons geskenk was volgens die Raad van God gedien en ons weet dat daar groot seën op sy werk gerus het.

Hoe dankbaar is ons dat hy soveel preke volledig uitgeskrywe het! Nou spreek hy nog tot ons — ook nadat hy heengegaan het. Wat 'n voorreg vir sy dierbares, vir die gemeentelede, vir almal wat hierdie boek sal lees!

Mag hierdie preke wyd versprei word en mag sy lewe vir ons steeds 'n inspirasie bly.

"Hy het met God gewandel en hy was nie meer nie want God het hom weggeneem".

S. du Toit.

Teologiese Skool, Potchefstroom.

November 1960.

# WIE IS SOOS JOAS?

**LEES:** II KONINGS 12:1—21.

**SING:** PSALMS 107:*7, 8,* 119:25; 89:16; 99:1, 5.

**TEKS:** II KONINGS 12:2.

Soos wat Maria en Josef met die Kindjie Jesus moes vlug om sy lewe te red, so het ook Joas aan die dood ontkom op wonderbaarlike wyse. Die lewe van Joas begin, as jy dit so wil noem, avontuurlik. Toe hy gebore is, het dit gelyk of die hel losgebreek het in Jerusalem — daar was 'n skrikbewind aan die gang wat gunstig afgesteek het by enige moderne Kommunistiese revolusie. Nie 'n vrou nie, maar 'n heks was die dryfveer agter hierdie bloedige bedryf. Die dogter van die goddelose Agab en Isébel: Atalia! Haar sesjarige regering word 'n tyd van bloed en trane en sluipmoorde en noodregulasies. Haar eie familielede val haar bloedhonde ten prooi. Alle prinse uit die huis van Dawid was op die dodelys geplaas.

Nie dat daar baie prinse oor was nie. Jehu het 42 doodgemaak. En van die paar wat oorgebly het — daaronder was Joas. Atalia moor die kinders uit. Soos Herodes wat later haar voorbeeld volg. Daar in Betlehem was die doel om Jesus uit die weg te ruim. Maar hier gaan dit om die geboorte van Jesus te verhinder. Want die Verlosser sou kom uit die huis van Dawid. En is die huis van Dawid uitgeroei — Christus ook.

Satan gee nie maklik moed op nie!

Maar uit die bloedbad het Joas wonderbaarlik ontkom. 'n Vrome vrou Jósabat en die goeie priester Jójada ontferm hulle oor hierdie koningseun.

Eers steek hulle hom weg in die linnekamer van die paleis. Maar toe dit hier gevaarlik word — daar was altyd bloedsoekers en handlangers — word hy oorgeplaas na die huis van die Here — die tempel. Miskien het Jójada en sy vrou in een van die vertrekke van die tempel gewoon. En vir die aanstaande koning was die tempel 'n beter kweekskool as die sondige en bloedige paleis. In hierdie heilige omgewing groei Joas op. Elke dag in die huis van die Here. Sy eerste speelplek, sy eerste woord — in die tempel. En sy pleegouers het

hom in die tempel nog met gebede omsluier en gedra. So gaan dit voort tot Joas ses jaar is. Jójada dink dit is tyd vir ŉ staatsgreep. Geen Kommunistiese sameswering nie maar ŉ heilige rewolusie. Jójada kon nie anders nie. Hy móés optree vir sy gewete en teen die afgodery en diktatuur.

Jójada organiseer ŉ vyfde kolonne, ŉ ondergrondse organisasie, omdat hy nie anders kon nie.

En voor die verbaasde oë van die getroue en verdrukte volk wys hy: Joas, koningseun en nuwe koning.

Atalia word in die Perdepoort doodgesteek.

ŉ Ou verbond met die Here vernuut. Satan het weer sy aanslag op die Christus verloor.

Joas leef, en in hom leef Christus, ons Verlosser.

God kon, menslikerwyse gesproke, sy belofte ook vervul het deur middel van ŉ ander prins uit Juda! God was nie gebonde aan Joas nie. Tog steek Jósabat uit al die veroordeelde kindertjies hierdie klein Joas weg. Juis Joas. Waarom juis hy? Waarom nie ŉ ander kind nie! Hierop staan ons stom behalwe op die een antwoord na: Verkiesing, Uitverkiesing.

God laat al die strale van sy genade en verkiesing en sparende liefde val op die klein koppie van die kindjie Joas. Joas — die begenadigde kind!

En as ons nou wil weet hoe Joas op al hierdie heerlike dinge gereageer het, vind ons ŉ antwoord in ons teksvers: En Joas het gedoen wat reg was in die oë van die Here.

Geen wonder nie! Vanselfsprekend! Dit kon nie anders nie. God gee sy weldade en veral sy verbondsweldade nie doelloos weg nie. Werklik, as Joas — die tempelkind — nie gedoen het wat reg was in die oë van die Here nie, wie sou dan!

Iemand wat so gespaar en gered en met welslae versteek is, in wie se lewe God se hand so duidelik sigbaar is — as so iemand nie doen wat reg is in die oë van die Here — wat moet van ons word!

En Joas is nie die enigste wat so wonderbaarlik begenadig is

nie — daar is duisende van hulle! Ook in ons land! Ook in ons geskiedenis. Hoeveel is nie weggeruk voor die hongerdood en voor die marteldood nie. Ek en my vader. U en u moeder. Waarom juis is ek en my vader of moeder gered! Waarom juis ek? En nog verder: Duisende volksgenote groei vandag op in 'n omgewing en toestande waar daar van Christus en sy gebooie niks gehoor word nie. U, broeder en suster, is opgeneem in sy Verbond. U en ek het opgegroei in die huis van die Here, in 'n Christelike huisgesin. Elke dag is ek deur vader en moeder probeer bewaar vir die duiwelsregering en duiwelse praktyke. Elke dag is ek omring deur die gebede van my ouers. God het van ons gemaak — koningskinders, Joasse! Waarom juis ek!

God kon sy koninkryk net so goed bou met ander manne en vroue en seuns en dogters. Waarom juis ek? Waarom, waarom het God juis aan ons die guns bewys! Miskien kan ons nie op hierdie waarom antwoord nie, maar dit kan ons wel sê, saam met die Doopformulier: Aangesien daar in alle verbonde twee dele is, word ons vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid, naamlik dat ons hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, moet aanhang, vertrou en liefhê met al ons kragte.

Ek weet nie waarom nie — maar waaragtig: gehoorsaamheid word van my gevra. En mag daar van my geskrywe staan in die boek van die lewe: Hy het gedoen wat reg was in die oë van die Here!

Waarom juis ek? Ek weet nie, maar dit moet my bring tot gehoorsame daadkrag, gehoorsame oorgawe om te doen wat reg is in die oë van die Here. En dan sal Christus eendag vir my sê: Hoekom! op my waarom!

Verder wil ons nie beweer dat Joas die Here nie so gedien het nie — dan sal ons die Skrif teen ons kry. Want daar staan: Hy het gedoen wat reg is. En nog minder kan ons beweer dat Joas nou maar sommer om gesien te word so opgetree het. Nee — hy werk met ywer. Sy hervorming aan stad en tempel het hom 'n groot koning gemaak. Hy reformeer wat Atalia verdonker het. Hy bring weer die godsdiens in ere. Hy spoor aan, werk self, hervorm. En in sy jare bloei die godsdienstige lewe in Jerusalem.

Dit word weer goed om ware gelowige te wees. Maar nou! Nou behou die Woord van God hier iets voor. Joas het gedoen wat reg was in die oë van die Here... al die dae van die priester Jójada! Of

soos Kronieke duideliker sê: al sy dae waarin die priester Jójada hom onderrig het. Jójada was wel baie lank Joas se professor. Jójada word 130 jaar oud, en al die tyd sit Joas aan die ou priester se voete.

Maar ons teksvers toon 'n breuk in Joas se lewe! Die tweede deel van sy lewe — na Jójada se dood — toon 'n ander beeld van sy lewe. Heeltemal teenoorgesteld. En ons wil dadelik sê dat 'n mens ook ons teksverse só kan vertaal: Joas het gedoen wat reg was in die oë van die Here omdat Jójada hom onderrig het.

As dit waar was, het die saak vir Joas baie gunstiger geword. Maar kyk ons na Joas se lewe na die dood van Jójada, dan lyk so 'n vertaling nie moontlik nie. Die boek Konings swyg — maar Kronieke II praat duidelik. Na Jójada se dood kom die vorste van Juda en al buigende bekeer hulle die koning van Jójada se invloed.

Wat hulle presies vir hom gesê het, weet mens nie. Hulle sal hom gevlei het en hom oortuig het dat dit tyd is vir 'n nuwe gees in die land. En wat Joas onder Jójada verban het — die afgode — hulle kom nou met vlieënde vaandels en onder gejuig die Godstad binne. En op die hoogtes word die liggame voor boomstompe neergebuig. Kortom: Joas het na Jójada se dood gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here.

Mens voel amper lus om met Joas te praat: Jammer, broeder, dit moes jy nie gedoen het nie. Maar dit gaan met hierdie koning soos met baie mense. Solank hulle by die huis is en onder toesig staan, dan loop hulle baie mooi in die uitgetrapte paadjies van die vaders. En hulle lewe onberispelik. So onberispelik dat menige ouer sê: Nou nie omdat dit my kind is nie, maar, regtig! hulle kom gereeld kerk en katkisasie toe. Maar as hulle op eie bene te staan kom — ken jy hulle byna nie. En dan hoor jy dikwels smalend: Ek is darem nou onder die oumense uit.

Maar wat moet ons van Joas dink? Was hy huigelaar al die jare saam met Jójada? Was hy swakkeling? 'n Man wat nie gewaag het om nee te sê nie — nie teen Jójada en later nie teen die vorste van Juda nie. 'n Man wat later nee gesê het teen God.

Dit moet ons van Joas nie dink nie. Wat dan? Wat is die vangplek in die geskiedenis van Joas? Watter donker skaduwee val oor

hom wat sy lewe so tragies maak? Dit is alleen so te verklaar: Die diens van die Here was vir Joas nooit vreugdediens nie. Hy het altyd maar gedink: Ek moet die Here dien! Nooit gedink dat hy die Here *mag* dien nie. As dit in hom opgebruis het dat hy die Here *mag* dien, dat dit 'n voorreg was en nie 'n gedwonge *moet* nie — nooit sou hy sy erfenis vir die afgode verruil het nie. Net so min as wat mens 'n erfstuk van jou moeder sou verkoop. Want sien u, broeder en suster, die diens van die Here is 'n huislike diens. Met God mag ons spreek soos met ons Vader en met Jesus Christus as ons Vriend en Verlosser. Mens leef asof in 'n ander wereld, en die kwale en smarte van hierdie lewe kry mens nie onder nie. Maar teen die swaar dinge glimlag jou gemoed dankbaar omdat jy weet dat alle dinge saam werk ten goede! Jy raak van jouself ontslae! Daardie lastige, buierige "ek" waarmee jy jouself en ander soveel verdriet besorg. Hy wat so met singende hart in die diens van die Here staan, kan daar nooit weer afstand van doen nie.

Mens verdwaal wel, ja, raak selfs weg, maar soos die verlore seun kom jy weer terug. Maar hiervan het Joas nie geweet nie. Hy ruil maklik die wereld vir die kerk in. Hy het die werklik heerlike van die diens van die Here nie gesmaak nie. Toe hy gedoen het wat reg was in die oë van die Here, het hy nie gehuigel nie! hy het nie teen sy oortuiging gehandel nie. Maar hy handel sonder oortuiging. Hy dien die Here solank Jójada lewe. Hy leun teen sy pleegvader. En toe hy wegval, val Joas ook. Sy godsdiens was bloot 'n stukkie gewoonte, 'n stukkie tradisie en 'n stukkie opvoeding.

En hiermee sê ons nie dat gewoonte en tradisie en opvoeding uit die bose is nie. En daar is baie wat hierdie tradisie en opvoeding en gewoonte soos ou rommel weggooi! Hierdie dinge is van die allergrootste betekenis. 'n Heerlike voorreg om gebore te wees in die kring van die verbond. 'n Voorreg wat nie maklik oorskat kan word nie, om opgevoed te word in 'n Christelike gesin. Want hierdie dinge is die bedding van die rivier waarin die verbondstroom loop. Daarom haal Paulus ook aan van Timotheüs se opvoeding en noem eers sy grootmoeder, Loïs, en sy moeder, Eunice. So kom die waaragtige bekering gewoonlik in die lyn van die geslagte.

Maar waaragtige bekering is nie net 'n saak van die geslagte en tradisie en opvoeding nie — ook 'n streng, baie streng persoonlike saak. Ander kan help, opvoed, lei. Maar hulle kan jou godsdiens nie

van jou oorneem nie. Baie makliker is dit om soos Joas te wees wat van die godsdiens nie ook ŉ persoonlike saak gemaak het nie. Baie makliker as om mens heeltemal aan die Here oor te gee en te sê: Here, beskik u ten volle oor my. Hier is al my wapens.

Onvoorwaardelik! En dit is ook ŉ manier wat Satan volg: Hy sit mense aan om te werk vir die kerk maar verhinder hulle om waaragtig dissipel van Jesus te word. En hier is die persoonlike vraag — hier in die huis van die Here: Is ons godsdiens en ons Herediens persoonlike innige oortuiging, of is dit bloot die produk van die sameloop van gelukkige omstandighede? En is ek bereid om my volle toewyding aan die Here dankbaar te bring, ook al is daar nie meer ŉ Jójada wat my bystaan nie? Ook al staan ek alleen teenoor talie vriende wat sê: Die oumense sal jou nie sien nie. En as my hele hart nie aan die Here toegewy is nie, dan moet dit van kwaad tot erger gaan.

Joas val voor die Judese vorste. God waarsku deur die profeet Sagaria. Met klippe word Sagaria gestenig. Sagaria die eie seun van Jójada, die weldoener van Joas.

En nou volg die strawwende hand van God. Jerusalem word omsingel, en Joas koop sy veiligheid met skatte van die tempel.

Verbondsbreuk en dan volg verbondswraak.

Wie sy doop verloën en verkwansel, sal vroeër of later in die water van sy doop verdrink. Joas word vermoor deur manne uit Moab en Ammon, manne wie se gode Joas aanbid het.

Geen gevaarliker standpunt as om geen standpunt te hê nie. Om ŉ Godsdiens te hê wat onpersoonlik is — dan gaan dit die weg van Joas op. Mens hou dit veral nie vol in die tyd as die Antichris moet kom nie. En dit gaan nie altyd so vinnig afdraand as met Joas nie. Dit kan lank goed gaan. Maar dit kom. Die ontwaking. En vreeslik sal dit wees. Ek stap maar saam ter wille van Jójada, my vader of moeder, maar my ganse lewe is aan Christus nie toegewy nie. My sonde berou my te dikwels omdat ek bang is vir die hel, liewer as dat my sonde Christus ontheilig het.

Werklik, ek wens, ter wille van Joas en ter wille van baie ander

wat deur Godvresende ouers opgevoed is, dat ons ons teksvers kon vertaal: Joas het gedoen wat reg was in die oë van die Here, *omdat* Jójada hom onderrig het. Dan, weet ek, is Joas gered. Dan was Joas die byna volmaakte tipe van Christus waardeur ons gered word. Maar Kronieke sê anders van Joas.

En terwyl u hierdie woorde hoor, kan u by uself sê: Ek lyk baie na Joas. Daar is by my so min *vreugde* in die diens van die Here. Ag, ek wou hê dat alles vuriger, persoonliker was. Hy wat so dink in sy binneste — is al ŉ entjie gevorder op die regte pad. As ek net eers weet ek is soos Joas. En dit bely — en met my lewe die teenoorgestelde bewys. En op Christus vertrou, wat in my doop my die versekering gee: Ek wil in jou woon. En so deur te bid en te pleit sal die innerlike vreugde toeneem. En dit is geen verlies nie maar onberekenbare wins as ons met smart en beproewing leer om onsself te verloën en die sonde te oorwin in die krag van Christus.

Dan wrord my lewe vreugde, vreugde wat nog maar ŉ miljoenste deel is van die vreugde wat daar deur Christus vir my wag. Dan hoop ek nie dat Jójada moet doodgaan nie maar bid dat ek deur Christus mag leef tot in ewigheid.

Amen.

# EIE KRAG WORD GEEN KRAG

(Feesgeleentheid, Potgietersrus, 5 September 1954)

**LEES:** RIGTERS 15:1—20.

**SING:** PSALMS 66:8, *9,* 119:10; 81:7, 8; 105:1.

**TEKS:** RIGTERS 15:17, 18 en 19.

---

Ons staan voor ŉ moeilike situasie!

Hierdie dag is amptelike biddag soos deur ons Sinode bepaal voor elke somer! Hierdie dag is ook amptelike dankdag kragtens begeerte van die plaaslike feeskomitee.

En tog — as ons net bid, dan is ons gebed onvolledig!

Elke gebed sonder dankgebede is half, eintlik selfsugtig: dit vra net om te ontvang en dank nie vir wat ontvang is nie!

Dit pas dus per slot van rekening uitstekend dat dit bid- en dankdag is!

En ons wil ver terug begin — by Jakob!

By Jakob op sy sterfbed!

Daar neem hy elke seun van hom onder hande — praat oor verlede, hede, toekoms!

Ruben — opbruising soos van waters.

Juda — ŉ jong leeu!

Dan — hy sal volke reg verskaf, en hy is ŉ slang in die gras!

En van Dan wil ons na Simson toe!

Omdat Simson uit die geslag van Dan is en soos Dan is!

Hy verskaf reg — en ŉ slang in die gras — geslepe, slu! Soos twee hoë bergrondinge staan dié twee dinge uit in die lewe van Simson, seun van Manoag!

Sterk in sy reddingswerk — klein in sy sonde-uitspattighede!

Daar is oomblikke van swakheid en van sonde en van selfverheffing, en dan staan hy breedborstig rondom hom en kyk en noem die plek van sy oorwinning: Kakebeenshoogte! Maar dan is daar oomblikke van roepingsbewustheid en opregte dankbaarheid as hy dieselfde plek noem met 'n ander naam: Roepersfontein.

En as ons Simson en sy optrede wil verstaan, dan moet ons na hom kyk met die geloofsoog!

Want daar staan ook van Simson in Hebreërs 11 geskrywe dat hy saam met Gideon, Barak, Jefta, Dawid en Samuel gereken word wat deur die geloof, deur die geloof die bekke van leeus toegestop het, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het en leërs van vreemdes op die vlug gedryf net. En dit wat deur die geloof gedoen is, kan alleen deur die geloof begryp en aanvaar word.

So is dit met Simson en alles wat hy gedoen het! Dit is 'n kwessie van geloof. Maar as Simson 'n geloofsheld genoem word, dan verdwyn die swakkere en die sonde nog nie uit die lewe van Simson nie!

Hoe eerlik is die Bybel tog nie!

Met alle opregtheid word hy vir ons geteken in sy swakheid *en* in sy krag!

Hy doen deur die geloof kragtige dade!

Deur ongeloof verval hy tot sonde: hy word die prooi van 'n slinkse vrou!

Hy moet sy volk verlos van die vyand se verdrukking! Tog maak hy gemene saak met die dogters van die verdrukkers.

Hiervoor wil ons nie verskoning soek nie — veral nie as die Bybel self geen verskonings soek nie.

Maar Simson verkeer in 'n sonderlinge posisie.

Hy moet 'n volk verlos wat nie verlos wil wees nie!

Hy moet deur die geloof 'n nasie rein bewaar wat self geen geloof en reinheid van wandel ken nie!

Hy moet stry vir sy volk maar sonder sy volk!

Hulle het nie meer geglo dat God wonderbaarlik kan verlos nie, tog moes hy hulle op ŉ wonderbaarlike wyse verlos! En omdat sy volk nie wil help nie, moes daar ŉ rede gesoek word, ŉ persoonlike rede, iets wat die haat van die vyand op hom alleen sou laat neerkom!

Dan moes hy teen hulle optree in die geloof!

Alleen die sware las dra!

Alleen vir hierdie verwarde, afvallige, lafhartige volk, veral vir die stam van Juda, veg en worstel!

En hier word sy eensame stryd geteken!

Agter die masker van persoonlike vyandskap, omdat sy vrou aan ŉ ander gegee is, verbrand hy die graan, die ryp oes van die Filistyne!

Hierna — die Timniet en sy dogter word met vuur verbrand, en weer is daar rede om teen hulle op te tree en hulle te verslaan!

Die woedende Filistyne ruk nou met ŉ leërmag op!

Hulle slaan by Legi laer op! Voor die oë van die lafhartige en slaafse Judeërs!

En omdat hulle geen geloof het nie, omdat hulle die wolkkolom en die vuurkolom en die elkerse verlossing van die woestyn vergeet het, span hulle saam — verraderlik — om hulle rigter en verlosser aan sy bloedsoekers uit te lewer!

Mens dink onwillekeurig aan Christus! Rigter en verlosser uit die sondemagte en tog oorgelewer aan sy bloedsoekers!

Soos Simson!

Bitter die verraad!

Juis die volk wat hy wil verlos deur alleen vir hulle te stry — hy wat hulle swakheid ken en vergewe!

Smartlike verraad vir Simson en Christus!

Om dan nog die selfverloëning vol te hou!

Daartoe was hy nie in staat anders as deur die krag van die Here nie!

Soos Christus deur sy Godheid!

En gebind met nuwe toue, nuwe toue, word hy gegee as ŉ losprys, sodat die vyand die volk nie sal straf nie!

En hoe het u Simson vir u voorgestel!

ŉ Groot gespierde figuur, ŉ man wat kop en skouers soos ŉ Saul uitstaan bokant die omstanders, sy spiere soos breë, gevlegte biltonge oor sy bors, rug, blaaie, dye, kuite?

Mag wees, maar ons het daarvoor geen gegewens in die Skrif nie!

Miskien sterk omdat hy soos ŉ Nasareër opgevoed is!

Maar kan een man uit eie krag die stutsuile die stutpilare van ŉ magtig-grote Dagontempel omarm en met hulle voortstap!

Kan ŉ man die poorte van die stad, wat die aanvallende vyandshordes buite moes hou, uitruk en op sy skouers tot op die hoogte dra; kan ŉ man met die krag van sy gewrigte nuwe toue laat word soos linnedrade?

Ook nie in sy haarlokke lê dit nie — maar in sy geloof! Sy hele geskiedenis — het u dit nie gehoor nie? — is vol van die woorde: En die Gees van God het oor Hom vaardig geword!

Dit was sy krag en sy sterkte!

Wie en wat sou dan keer!

As die Gees van die Here jou krag is, hoe sterk is jy dan nie!

En juis hier waar Simson so duidelik Christus verkondig en afbeeld — hier waar hy vingeralleen staan en alles vir sy volk alleen doen — soos Christus — juis hier moes die swakkere in Simson na vore tree, om klem te laat val op Christus, wat in volmaaktheid alles vir sy volk alleen doen!

Die sonde van Simson tog!

Hier was die geleentheid vir Simson om in dankbaarheid die Almag en die wonderbaarlike hand van God in sy werk te erken!

Hier was geleentheid om eie swakheid te besef!

Wat was is 'n stuk been, 'n klam eselskakebeen teen duisend gepantserde en gewapende manne!

Wat is 'n gewapende man teen 1,000 ongewapendes!

So nietig die wapens en juis so nietig die man wat dit hanteer, sodat alle eer aan die Verbondsgod gebring kan word.

Vandat hy begin slaan het totdat 1,000 man aan sy voete lê, het die Gees van die Here oor hom vaardig gebly.

En kyk wat doen die man! Simson, die nietige instrument in die hand van God, stoot sy bors uit en kras sy lied uit — sy hoogmoedslied, sy sondelied!

Simson die sterke het weer gewen — Simson sy volk se verlosser!

Simson slaan met 'n simpele kakebeen van 'n esel 1,000 man dood!

Simson!

En sy lied is hees van diep keelklanke, roggelklanke in elke woord — dit blyk duidelik uit die oorspronklike taal!

Wil u dit hoor!

Met die kakebeen van 'n esel, van 'n esel het ek hulle gegésel, twee maal gegésel!

Juis die simpele kakebeen moes die getuie wees dat dit nie hy is nie maar die Here! Maar toe hy klaar gesing het, werp hy met veragting die instrument waarmee hy gewen het, weg!

Nou skyn die volheid van sy daad op hom alleen!

Dat die Gees van die Here deur hom gewerk het, werp hy met veragting weg en hy gee die plek 'n naam:

Kakebeenshoogte!

Twintig, dertig geslagte na hom sal Simson nog in dié naam roem!

Simson sal die eer ontvang! As hulle hier die rotshoogte sien, sal Simson roem ontvang!

Sien u — dit is Simson se sonde!

Dit is u en my sonde!

Nebukadnesar!

Dit kan die sonde word van volk, dorp en vaderland!

As ons terugkyk op ons lewenspad — die 100 en meer jaar van ons, hierdie volks- en dorpsbestaan dan sien ons eie prestasies staan as hoogtes van ons roem, van eie krag!

Hoogtes wat ons met die krag van ons durf, met die simpele sanna en voorlaaier van die vaders — met die krag van ons heldemoed verower het!

Hoogtes van eie volksprestasie en volksgroei en dorpsuitbouing!

Ons kyk terug, en met genoeë gee ons die verlede, die rotshoogte van ons roem die naam Kakebeenshoogte! Bloedrivier.

Ons vergeet dat God gelei, bewaar, gedryf, gedring het!

Instrumente in sy hand om wat donker is, te laat beskyn met die lig van sy evangelie en genade!

Breed moes die lig die noorde inskyn!

Die hele kontinent deur!

Hy het gedryf, geroep, krag gegee, gelei, bewaar, beproef; en omdat dit onsigbare dinge is, het ons vergeet, en wat agter ons lê, noem ons met baie trots: Kyk — Kakebeenshoogte!

Ons gooi die kakebeen van God se heilige bemoeienis met veragting van ons weg en Potgietersrus staan op die hart van hierdie eertydse kontinent met ŉ nuwe naam Kakebeenshoogte!

En ons sing ons lied van oorwinning oor natuur en barbaar met toespraak op toespraak, roem op roem, loflied op loflied sierwa op sierwa, parade op parade!

Ons, ons, ons!

Mag wat vandag, op hierdie Feesdag, gebeur dit anders maak! Dat sy Naam nou alle eer ontvang!

As dit tog maar net nie 'n Here Here-geroep is nie!

Dat die skandvlek van ons sonde uitgewis word deurdat ons as dankbare volk en dorp neerkniel voor God wat hierdie pad oopgemaak het — wat wild was, mak gemaak het! Maar dit staan vas: Dit sal alleen nié Kakebeenshoogte wees as ons ook hier doen wat God beveel het nie, dit doen waarvoor God die lig van die beskawing die noorde instuur — dat ons sy eer en heerlikheid verkondig en sy evangelie uitdra!

Doen ons dit nie, dan is hierdie feesdag met al sy dienste 'n klug en is die naam Makapanspoort, Vredenburg, Potgietersrus nog steeds Kakebeenshoogte!

Want Kakebeenshoogte beteken kort en duidelik: Wat God doen, nie te erken nie; wat God wil, nie uit te voer nie!

Dat ons fees nie mag wees Kakebeenshoogte nie!

Dat ons daarvan bewaar bly!

En as ons vandag bid en die Here seën die maande wat voorlê, en die graan sal in die nasomer ryp en vol en waaiend op die oorvol lande staan, sal ek opstaan, die kakebeen weggooi en sê: Die lande van my arbeid, die oes van my sweet, die loon van my ywer!

Kyk, vriende, hierdie oes se naam is Kakebeenshoogte!

Met veragting word die kakebeen van eie nietigheid en kortstondigheid van ons dan af weggewerp, en ons noem ons roem: Kakebeenshoogte!

En meer nog: in beginsel word Christus verloën; want hy wat by Kakebeenshoogte bly staan, het Christus nie nodig nie, is sterk en hoog genoeg — wil met eie krag inslaan teen die hemelpoorte!

Hy weet nie om klein te wees voor die Here nie!

Die Kakebeenshoogte-standpunt is 'n gevaarlike standpunt vir u en my in volk, dorp en vaderland!

Waak dan en bid!

Maar — hierdie sterk Simson wat in sy oorwinningsroem sy droë keel sy oorwinningslied laat uitroggel, dié kry dors op die rotshoogte!

Inspanning, aanhoudende houe, die uitbuldering van sy lied maak dors — dors — dors!

Hy soek water om te drink, en daar is nie!

Hy wat 1,000 man op een klomp, twee klompe doodgeslaan het, hy die magtige, kry dors, en hy kan nie ʼn mondvol water tot sy beskikking stel nie!

Hy is dors, smagtend dors!

As hy sy geloof behou het, sy roeping nie verloën het nie, die Naam van die Here die eer toegebring het, dan was hierdie dors nie nodig nie. Maar ter wille van sy sonde hierdie dors!

Nie ʼn gewone liggaamsdors nie maar ʼn dors wat tot in die setel van die lewe gryp.

En terugbringing tot die lewe, daarvoor is nie water nodig nie maar genade!

Genade is die bron wat lewende water voortbring!

Hierdie held sidder!

Hy vrees om in sy dors en doodsangs oorrompel te word en te val in die hande van die onbesnedenes!

En hoe dorser hy word, hoe sterker word die aanklag van sy Kakebeenshoogte!

Dit word ʼn aanklag teen hom!

Dit dwing hom tot gebedswoord!

Dieselfde mond, dieselfde keel van netnou bid!

Erkenning!

U het *deur* die hand van u kneg hierdie groot verlossing gegee!

Ag as ons ook so kan bid, as gelowige, as volk, as dorp, as vaderland!

Wat ons is, is genade!

Hier word die groot man klein — hier roep hy Christus binne! Hy self kan nie meer nie! Hy trek ʼn streep deur Kakebeenshoogte!

ʼn Streep deur sy sonde, en hy word klein!

Dit is U Here — U alleen!

My hand is net die instrument! Skuldbelydenis in die opregte gebed, selfondersoek, eie doemwaardigheid!

Hoe goed is God nie dat hy Simson dors maak nie! Sien u wat sy weg is wat hy moet bewandel? Dit is ons weg ook. En mag dit die weg van volk en vaderland wees: genade — dors — selfondersoek — belydenis — afsmeking — verhoring!

Helder lewende water uit ʼn rotsholte!

Waar geen water was nie — water!

Waar 1,000 vyande was, nie een wat oorbly nie!

Albei wonderdade sien Simson nou as God se dade! Dankbaarheid en nie roem nie!

Hy sink neer en drink — lewende bronwater!

Sy gees het teruggekom!

Hy lewe weer!

Nou moet nie sy daad bestaan nie maar God en God se daad!

Hy noem die plek: Roepersfontein!

Waar God verhoor het!

ʼn Sondaar wat die dood verdien het, se gebed verhoor!

Uit die dood van die sonde teruggebring in die lewe!

Roepersfontein het Kakebeenshoogte vernietig!

Aan God die eer, wat ʼn sondaar se gebed verhoor.

Kakebeenshoogte — kort was sy bestaan, maar Roepersfontein wat vandag nog by Legi is! Ja, vandag nog!

By Roepersfontein is die troue Verbondsgod se heerlikheid

bevestig, daar is dankbaarheid betuig deur ’n gebrokene van Gees! Daar is verhoring geskenk vir hom wat bid dat hy mag drink van die bronwater wat lewegewend is.

Dit is die water wat Christus gee om te drink!

Christus wat met sy bloed die Kakebeenshoogte van u en my en van volk en vaderland kan uitdelg as ons gelowig bid en bely!

Dan kom die dors wat na die sondedood lei, nooit weer nie!

Dan is die kruis ons Roepersfontein!

Water — verniet!

Moet ek dit verder toepas — is dit nodig?

Dat daar tog oor die 100 jaar wat verby is, geskrywe mag staan Roepersfontein — Roepersfontein, omdat God ons genadig was!

Roepersfontein oor ons oeste, salaris, lewe, gesondheid, land — oor alles, alles, alles!

Dit is God wat God is; en dan is dit Roepersfontein!

As u dors word, vernietig u Kakebeenshoogte met gebede en smeking en belydenis! Erken dat u Christus nodig het volkome!

Dan word dit anders!

En as God ons volk en vaderland en dorp besoek met sy genade en ons baie dors maak!

Mag ons dan die genade ontvang om ons te bekeer tot die Here — dat ons water kry om te drink — dat alles word: Roepersfontein!

Amen.

# EEN SONDIG VIR BAIE!

**LEES:** JOSUA 7.

**SING:** PSALMS 22:1; 119:28; 32:5; 20:1, 5, 8.

**TEKS:** JOSUA 7:1, 4, 7, 8 en 9.

---

Dit is opvallend hoe dit in ons teksverse aangekondig word: Maar die kinders van Israel het hulle vergryp aan die bangoed want, want Agan . . . het van die bangoed geneem!

Die hele Israel het hulle vergryp omdat een man geneem het!

Daarmee word daar ŉ innige verband gelê tussen Agan en Israel, tussen individu en gemeenskap.

Agan en Israel is van een bloed maar ook een in die sonde!

Agan se sonde is Israel se sonde!

Ja, dit is so — die kinders van Israel oortree, maar die oortreding van ŉ gemeenskap of van ŉ volk het altyd ŉ persoonlike basis of uitgangspunt. Dit word altyd gedra, gewil, bedryf deur ŉ bepaalde persoon.

Agter ŉ volk se sonde is daar altyd "ek" — iemand.

Die iemand word aanspreeklik gehou.

Daar is altyd ŉ Agan wat sy hand uitsteek en neem!

Agan beteken iets soos verwarder, deurmekaarkrapper.

Hy bederf ŉ saak en stort ŉ saak in die ongeluk.

So verwar die een man, Agan, sy huis, sy familie, sy stam, sy volk. Hy stort hulle in die ongeluk!

Dit is net soos by ons liggaam. Ons liggaam lewe te midde van miljoene geleenthede om besmet te word of infeksie op te doen.

Van alle kante word ons liggaam aangeval!

Maar die dodelike kieme dring alleen dié een sel binne wat die

swakste is, wat nie voldoende weerstand kan bied nie.

Die ketting is so sterk soos die swakste skakel!

En dit is Agan in die liggaam of in die ketting van die volksgemeenskap — die aanvegbare sel, die swak skakel.

Innerlik sleg en verrot!

Hy het geneem wat hy nie moes nie!

In die hele liggaam van Israel is hy die swak sel wat vir Satan "ja" gesê het!

Hy oortree — en toe breek die ketting! Die kinders van Israel vergryp hulle, besondig hulle, want Agan het geneem!

So beslis die indiwidu oor die gemeenskap!

Dit is dan die verskriklike kant van die sonde wat in hierdie geskiedenis so sterk onder ons aandag gebring word.

Ons lewe en sondig nie as los en op sigself lewende persone nie!

Die soort indiwidualisme waarby die mens hom alleen maar verantwoordelik dink vir sy dade, dat dit net homself raak en met ander niks te doen het nie — is 'n leuen!

Niemand leef vir hom alleen, en niemand sondig vir hom alleen nie!

Ons lewe in verband en samehang met mekaar.

In die maatskappy.

Veel meer in die liggaam van Christus!

Sieklike plekke en absesse en swere sweef nie in die lug rond nie, maar 'n stinkende wond sit altyd vas aan 'n liggaam!

Elkeen van ons is 'n deur vir die gemeenskap of die kerk van Christus waarvan ons lid is. 'n Deur waardeur die vloek of die seën die gemeenskap of kerk binnekom!

Die sonde wat ek doen, bring ek in my huis, in my gesin, in my vereniging, my vriendekring, my kerk, my land en volk, in my tyd en in my wêreld!

Ja — dit is die verskriklike van die sonde —, so kan een lidmaat ′n hele gemeente besoedel, een dogter ′n hele koshuis, een man of vrou ′n hele vriendekring — een werker die personeel van ′n hele fabriek!

En tog — ek dink dat niemand weet van my geheime verhouding met ′n ander vrou nie — van my sonde wat in die donker gedoen is! Niemand weet van my vrekkigheid, my huigelary nie! Dit weet net ek, en dit tref niemand nie!

Maar dit is onmoontlik — elke geheime sonde van die enkeling is radioaktief, uitstralend, dit vergiftig ′n ganse gemeenskap, ′n hele gemeente!

Ons kan ons teks ook so oorskryf: Die Gereformeerde kerk van Potgietersrus het hulle besondig want, want — wie se naam sal ek noem — het geneem!

Ja, mens sou graag Agan die more wou dophou toe die Israelitiese soldate soos verleë en geslane honde die kamp binnegekom het — toe die ses-en-dertig dooies met militêre eer begrawe is. Ses-en-dertig dooies te veel — nie waar nie, Agan?

Miskien het Agan self deelgeneem aan die ekspedisie teen Ai. Hoe sou sy gewete geslaan het soos hamerslae!

Agan, sien jy die verslane leer! Sien jy die ses-en-dertig dooies!

Hoor jy die wenende vroue en kinders in die tente!

Hulle begryp nie waarom dit so moet wees nie — maar jy verslaan tog waarom — nie waar nie, Agan!

Dit is jou skuld!

Ses-en-dertig dooies is jou moord!

Jy weet mos wat jy in jou tent begrawe het!

Dink na, Agan!

Laat ons ook nadink.

Wat het my sonde nie al vir my omgewing uitgewerk nie?

Watter soort deur was ek en u vir ons huis, gemeenskap, gemeente? Hoeveel dooies lê op ons rekening?

Hoeveel keer was ek die een waardeur die gemeente beproef, geslaan, gedruk was?

Agan jaag Israel die neerlaag, die ellende, die ondergang in. En teen die neerlaag en ellende is Josua magteloos, selfs met tien maal tienduisende gewapende vegters.

Teen so ʼn sonde kry niks dit reg nie! Dit is die stok in die wiel wat die suiwerste kerk, die beste huwelik, die mooiste gesin op die rotse stuur!

Broeder en suster, as ons maar weet hoe verskriklik een so ʼn verrotting vir die gebeente is, een so ʼn indiwidu vir die gemeenskap is, een so ʼn lidmaat vir die kerk van Christus is!

Een vlieg laat die apteker se salf ruik!

Een sondige Agan laat die toorn van God op die hele Israel

neerkom.

En tog — hoe gelukkig is dit nie vir Israel dat dit voor die mure van Ai misloop nie!

Stel u voor dat Ai geval het, dat die oorwinning Israel s’n was! Dan het hulle maar voortgegaan, voortgeleef met so ʼn abses, so ʼn kanker in hulle binneste!

Hoe gelukkig dat u en ek siek voel, dat daar koors en pyn is! Hoe gelukkig dat dit nie goed gaan in u huis, u skool, u kerk, u politiek, u besigheid nie!

Nou slaan die rooi lig aan!

Nou skreeu en loei die sirene!

Al moet dit soms met harde middele tot ons verstand gebring word — ses-en-dertig dooies — daar was geen mooier en beter more vir Israel as toe hulle die more verslaan is voor Ai se poorte nie!

Want God kasty ʼn seun wat hy liefhet, kasty hom met die operasiemes van sy genade!

Ja — stel u voor dat Ai geval het voor die aanvallende Israel.

Die geleentheid was skynbaar uitstekend!

Jerigo, die magtige stad, die sleutel van die Jordaandal, die versterkte, gepantserde stad het geval voor die geweld van die Here!

Wat sou nog die seëvierende skares van Israel kon stuit!

Nou Ai!

Ai — moenie besorg wees nie!

Twee- tot drieduisend man heeltemal genoeg!

En so trek op die more die klein Israelitiese taakmag die kamp uit!

Vlieënde vaandels en trompetgeskal!

En in die laer by Gilgal berei die vroue en jonkvroue lofliedere voor vir die terugkomende oorwinnaars! Netnou sal dit opklink: Groot is die Here!

Sonder die allerminste sorg en miskien ook nie met alte veel gebed nie! Dit is nie so maklik om vir maklike dinge van God afhanklik te bly nie!

So was dit die more.

Die middag?

U weet dit al!

Geen vlag en oorwinningskrans nie, maar daar staan in die teks die allerslegste wat van ŉ leër geskrywe kan staan!

Hulle moes vlug!

Die helde van Jerigo het bang geword!

Halsoorkop gevlug!

En so kom hulle verwond en met ŉ hele lys ongevalle die laer binne!

Wat sit daaragter?

Die sonde!

Die kinders van Israel het hulle vergryp!

*Vergryp* is 'n duidelike woord!

Gryp wat jou nie toekom nie!

Doen wat verbode is!

Gods wet oortree!

Die lyn oortree wat geluk van ellende, blydskap van droefheid, heiligheid van vuilheid, lewe van dood skei!

God het daar die skerp grensbewaking van sy heiligste gebooie geplaas!

Pas op — moenie oorgaan nie!

En as jy tog daaroor gaan, jou vergryp, jou harde wil teen God se wil insit — dan slaan ons op die vlug, dan loop dit totaal mis voor Ai!

Dan loop alles mis!

In kerk, maatskappy, huwelik, huisgesin! Eie binneste!

Dan slaan God se toorn binne die geledere en verbintenisse van hom wat hom vergryp het!

Mense, ook ons, kom maar baie swaar en laat tot die erkenning dat dít agter ons probleme sit!

Hulle voel dit gaan nie goed in hulle lewe nie!

Dit is nie soos dit was nie.

Maar ons is baie listig en vindingryk in die uitdink van allerlei oorsake!

Die eintlike oorsaak durf ons nie in die oë staar nie: vergryp-sonde, doodgewone, ordinêre sonde. Moet tog nie 'n saak ingewikkeld maak wat kinderlik eenvoudig is nie.

Ek of u is in vergryp!

Laat ons dit maar navors waar Agan by ons sit.

Aan ons ellende sit ons sonde onherroeplik vas.

Maar as ons sover gekom het om dit by ons raak te sien — ons

vergryp te sien as die oorsaak van alles in my geestelike doodsheid — in my vernedering voor Ai — sal u sien — sal u genade sien én agterkom!

Ja, God slaan Israel voor Ai; maar God slaan Israel voor Ai na God toe terug!

Ek sê weer: Sê nou maar Ai het geval en hulle is met feesvierende gejubel terugverwelkom.

Wat het dan gebeur?

Maar nou — God se genade en liefde sit daaragter!

En daarin lê troos vir elkeen wat voor Ai verslaan is.

En ten slotte wil ons op die troos dieper ingaan.

Die liggaam van Israel is siek!

Hulle is mos siek as hulle hart versmelt en soos water word.

Dan moet hulle na ’n geneesheer.

En dit is gelukkig en belangrik dat Josua hierdie feit insien en erken. Dat hulle nie maar sê: So ’n terugslag moet ons verwag nie — wat maak ses-en-dertig man meer of minder nou eintlik saak!

U sal wel weet waarvan ons praat. Die rooi lig van ons gewete brand! Dit gaan nie goed nie!

Ons het al ’n kennisgewing ontvang op ons lewensweg — maar ons leef daaroorheen.

Nie so pessimisties wees nie, vriend!

Maar Josua en sy raadslede het nie daaroorheen gestap nie.

Hulle beskou dit ernstig.

Josua skeur sy klere! Hy rou! Hy kruip in die stof!

Maar hulle doen meer as om hulle klere te skeur.

Alleen daarmee bring mens dit nie baie ver nie.

Maar: Hy val op die grond voor die ark van die Here!

Josua loop nie maar rond met sy kwaal nie — loop nie kwaksalwers toe nie.

Josua gaan met die sondes van die volk na die Here!

En Josua het gesê: So staan daar!

En wat hy gesê het, is nie besonder mooi juis nie — ek weet van predikante wat "mooier" as Josua kan bid!

Hy hakkel maar eintlik! Hy erken self dat hy nie weet wat hy moet sê nie!

Ag, Here HERE, wat sal ek sê!

En behalwe dat hy nie weet om te bid nie, lyk hy totaal oorstuur!

Sy geloof weg! Hy gee God selfs skuld — hy verwyt God die deurtog deur die Jordaan!

Ja — daar ontbreek baie aan die gebed!

Maar een ding ontbreek nie, wat by baie domineesgebede ontbreek: Die hart!

Die gebroke hart en verslae gees is in die gebed aanwesig!

Dit is die gebed van 'n tollenaar!

Dit hakkel en sukkel — maar alles in hom bid! Hoe sê ons Kategismus? — 'n Hartlike sugte, en dit hoor mens by Josua!

En al lyk alles bolangs in die gebed verkeerd — die onderstroom van die gebed is reg: My siel wag op die Here!

En behalwe dit — Josua se pleitgrond is reg!

Hy sê: Ag Here, wat sal u dan vir u grote Naam doen?

Josua het in homself niks waarop hy kan pleit nie. Niks wat hy kan vasgryp nie. God se Naam — dit is sy laaste strooihalm.

God se Naam is daarmee gemoeid!

As Israel ondergaan, word Gods Naam in oneer gebring!

En so word Here HERE, die Verbondsnaam van God, die anker waarmee Josua Israel in hierdie onstuimige see vasanker!

Ag, broeder en suster, as ons met ons neerlae voor Ai ons aan Gods Naam gaan vasgryp!

Ons kerk, ons gemeente het ook sy nederlae voor Ai ter wille van Agan in ons lewe!

Agan — wie is nie Agan nie!

Maar watter heerlike troos en seën as ons kerk, ons elkeen saam met Josua te staan kom op die grond voor die Here!

Ag Here HERE, ons het gesondig — ek het gesondig, en daarom staan ons kerk, ons gemeente, ekself vernederd en verslaan voor Ai — maar, maar ter wille van u grote Naam — laat u volk, u kerk, my, u gebroke kind, tog nie ondergaan nie!

Maar nog meer en duideliker word die troos.

Ek ken ʼn ander sin wat ook so kla soos hierdie sin van Josua: My God, my God waarom het u My verlaat!

Ag, Here HERE!

En daarom staan Josua, Josua wat ook Saligmaker beteken, hier voor die ark van die Here onvolkome en swak in die plek van Jesus — Saligmaker!

Maar nogtans staan hy hier as tipe van Hom, die waaragtige en ewige Middelaar wat gedurigdeur by sy Vader intree, intree vir mense wat vol berou is oor hulle neerlaag in hulle kerk en volk se neerlaag voor Ai!

Josua staan hier as tipe van Jesus wat gedurigdeur vir u en my pleit: Ag Here HERE!

Ja — waaragtig — een man kan vir baie sondig!

Maar — wonderlike genade — dat een Man se verdienste en pleitrede baie baie red: ʼn Hele Israel, ʼn hele kerk! Hele huisgesinne!

Jesus Christus ons Josua!

Ag Here HERE!

Amen.

# JONA SE ONMOONTLIKE VLUG

**LEES:** JONA 1.

**SING:** PSALMS 92:1; 119:33; 139:2, 3; 86:8.

**TEKS:** JONA 1 3-6 en 12.

---

Ons het uit die boek Jona gelees.

ŉ Eienaardige plek wat die boek inneem onder die groep boeke wat die profetiese boeke genoem word!

Eers die vier groot profete.

Dan die 12 klein profete.

Jona is een uit die groep van die 12 klein profete.

Tog is hierdie boek iets anders!

Die ander boeke bevat *woorde* van die Here wat deur sy profete heen na die mense kom.

Maar by Jona vind ons nie woorde van die Here deur Jona heen nie maar *dade* van die Here aan Jona.

En in die dade lê God se groot plan vir die hele wêreld!

En hierdie kosbare kleinood, hierdie boek Jona, het bekendheid verkry deur die wonders wat daarin vertel word.

Die groot vis — en die wonderboom!

Vir baie onmoontlike verhale!

Onaanvaarbaar as goddelike dade!

Maar hy wat God ken as die *lewende* God, as die hoë God wat nie te groot is om Hom neer te buig tot by die werklikheid van ons lewe nie en wat Hom met ons besig hou met magtige dade — hy wil ook ootmoedig luister na wat God se Woord hier meedeel!

En hy wat so luister en glo dat dit gebeur het — dit is werklike en historiese gebeure!

En hier in die eerste hoofstuk gaan dit oor, en daarin is alles

vol van die verhouding tussen God en sy kneg Jona.

Ons lees van God wat aan sy kneg 'n opdrag gee, en van die kneg wat die opdrag nie aanvaar nie.

Jona — so sien ons — kan weier, maar dit is 'n onmoontlike moontlikheid!

Ons sien twee dinge gebeur.

Jona vlug van God af en van sy opdrag!

God stel Hom op Jona se pad!

Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen!

Daarmee begin die boek, en daarin lê alles wat volg opgesluit.

Dit begin met wat God wil, met sy Goddelike, genadige bemoeiing met Ninevé.

Ninevé!

Die stad staan in die middelpunt van daardie wêreld en tyd!

Iets soos Moskou of New York in ons wêreld. Hoofstad van Assirië.

Jona, profeet uit Noord-Israel ten tye van Jerobeam II, het seker ernstige rede om met 'n skewe oog na Assirië te kyk!

Tot dusver het Assirië elke volk wat hy pak, gestoomroller.

Sal Israel staande bly?

Dit sou kon lyk of God se mag nie in staat was om sy volk teen hierdie Assiriese geweld te beskerm nie — maar dit was andersom!

God het die Assiriese wêreldmag bestem om sy oordeel aan die afvallige tienstammeryk te voltrek.

Maar voordat Assirië hierdie taak vervul, wil God Hom aan hierdie volk openbaar.

Ninevé moet weet van die lewende God in wie se hand hy instrument is. Die God wat die sonde selfs van Ninevé nie kan duld

nie, maar wat tog genadig en barmhartig is!

Daarvoor, juis daarvoor moes die profeet Jona, die kneg van God, na Ninevé. Maar die opdrag val by Jona nie in goeie grond nie.

Hy wat net die eerste hoofstuk van Jona lees, kan dit vreemd vind dat Jona so teen die opdrag gekant was.

By al sy vroomheid egter was Jona 'n vurige nasionalis, en hy sien Assirië net as vyand van sy volk!

Jona wil God se heil en God se genade net vir sy volk, sy liewe Israel, annekseer!

God se belofte aan Abraham dat alle volke in Israel geseënd sou wees — wil Jona nie verstaan nie.

Maar juis as ons Jona as vaderlander en nasionalis sien, word hoofstuk 1 vir ons raaiselagtig! Het hy as vaderlander rede om hom te verset!

God sê immers vir Jona: Gaan na Ninevé en preek *daarteen,* want hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig.

"Boosheid wat opgestyg het voor Gods aangesig" wil natuurlik nie sê dat ons ons sonde eers baie moet maak dat dit word soos 'n dik rookkolom, voordat dit by God opdaag en tot hom deurdring nie.

Nee — elke sonde en sondetjie is ernstig in God se oë en is dadelik voor Hom.

Maar dit is duidelik dat Ninevé se sonde skreiend groot was, en God wil dit nie so laat voortgaan nie!

En nou lyk dit uit Jona 1 of sake baie goed in Jona se guns en opvatting is.

Hy mag teen Ninevé preek!

Hy mag hulle die oordeel aansê!

Lekker werk vir 'n Israelitiese vaderlander!

Waarom maak hy so baie beswaar?

Maar dit blyk dat Jona profeet is wat God leer ken het en vinniger as ons die bedoeling van sy Sender begryp!

Hy weet — as daar geen bekering is nie — dan, ja, dan sal die oordeel van God in al sy verskrikking losdawer!

Maar God se oordeel in die heilige geskiedenis is altyd voorwaardelik!

En Jona weet dit. Lees maar in die vierde hoofstuk: Daarom het ek tevore na Tarsis gevlug, want ek het geweet dat u 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid en Een wat berou het oor die onheil!

Daarom was Jona teen die goddelike opdrag gekant!

Sê nou maar Ninevé bekeer hulle. Dan lewe sy vyande en vind hulle guns in God, sy God, se oë!

En dit was vir die Israeliet Jona te magtig!

Miskien kan ons dit beter begryp as ons sê: 'n Joodse kneg van God moes vandag 'n boodskap van heil en bekering bring in die Kaïro van kolonel Nasser.

Dit gaan teen vlees en bloed in!

Bekeer julle, my vyande, my aartsvyande, en lewe en ontvang heil uit God se hand!

So was dit met Jona!

Hy vind as kneg van God die opdrag onaanvaarbaar.

Kort en klein — Jona het die vermetele moed om teen God te sê: Ek stem nie saam nie!

Hy is 'n kneg van God wat staak en wegloop van sy werk af!

Jona is God se kneg. Maar 'n kneg is geen masjien wat nie anders kan nie.

Maar die kneg van God moet self in sy hart die opdrag aanvaar, en hy het die onbegryplike moontlikheid in sy binneste om God se opdrag te verwerp!

Hy mag nie weier as God n bevel gee nie, maar hy *kan!*

En Jona kies die weg van die ongehoorsaamheid!

U sê ek moet gaan, ja. Maar ek wil nie, en ek doen dit nie!

Om dit vir God te sê! Vir God! ʼn Kneg sê dit vir Hom!

Spanning — asemberowend!

Sal God hom nie vermorsel met sy sterk regterhand nie!

Ken u die spanning in ʼn huis waar die seun vir sy vader sê: Nee!

Sal die kind gewoonweg *nee* sê en daarna' rustig sy huiswerk doen of aanhou speel en sal hy gewoonweg bed toe gaan!

Jona weier teenoor niemand minder as God nie!

En dan volg die noodwendige met ʼn seun wat nee sê of met ʼn kneg wat nee sê.

Die vlug weg van God af!

Maar voor ons oor die verskriklike probeerslag van die vlug praat, eers dit: Is u die besondere kind wat verbaas is omdat N ʼn ander kind durf en waag om *nee* te sê teen sy vader — is u so ʼn besondere kind dat u inderdaad nooit "nee" durf sê teenoor God nie?

Ons is weer in die kerk. Ons het tot eer van God gesing — het u? Was ʼn treurige psalmgeneurie of ʼn gedagtelose saamsing oor die woorde heen nie al ʼn: "nee, Here" nie? ʼn "Nee Here" op sy bevel: Loof die Here!

Maar behalwe die Psalm wat ons gesing het — u en ander het ʼn pepermentjie in die mond, besig om te luister na die preek!

Maar beteken dit dat ek vir niks ter wêreld ooit *nee* sal sê teenoor God nie?

As ons dit letterlik neem — Here ek sê *nee, nee* — dan, ja, dan is dit miskien nog in orde!

ʼn Goeie gereformeerde sê mos nie openlik *nee* teenoor God nie!

Maar het u nog nooit nee gesê nie, sê maar: God sê — ons moet ons vyande liefhê! Het ons? Het u? Sal u ook jammer wees as u vyand hom bekeer en lewe?

Liewer vlug as om my vyand lief te hê, vir hom te bid — dalk

hoor God en word hy gered!

En verder toegepas: Hoeveel maal het u, man, u self verloën in die huwelik — ŉ eis van God — u sê nee! En u, vrou? Nee — God, my man moet eers verskoning vra!

Nee — God — ek kom nie elke Sondag kerk toe nie!

Nee — Here — ek dans! Nee — Here — ek word nie ouderling nie, ek word nie diaken nie!

Nee — Here — ek het nie geld vir traktement nie!

Nee — ek het nie vandag tyd vir bekering en verandering nie!

Die besadigdheid sal seker met die jare kom — en dan — nee, nie nou nie, Here!

Nee — God — my eie ek wil ek nog koester — nee, ek wil nie die minste wees nie!

En nog meer! Nee — die uitverkiesing — u uitverkiesing — onmoontlik!

Die hele Bybel waar? — Nee!

Julle daar en ons wat op die kus staan as Jona se boot vertrek — so ŉ nee-sêer van ŉ Jona! Ons maak ŉ fout en u maak ŉ fout — ons staan nie op die strand nie — ons is in die skip by Jona!

Die skip is vol Gereformeerdes!

Op pad Tarsis toe!

Wee hulle wat nie in die vis se maag beland nie — wat by Tarsis uitkom sonder God se vis en God se storm!

Maak u, nee-sêer, staat op God se storm en God se vis?

Moenie — God beskik dalk geen vis en geen storm nie, en

u kry dit reg: nee sê en wegvlug van God af! Weg van *God* af!

Jona is eerlik! Hy sê nie ja-maar nie. Hy sê: Nee!

En daaruit volg dan die enigste moontlike konsekwensie: hy vlug weg van God af.

Maar moenie dink Jona het gedink dit was moontlik om God te ontvlug nie. Dat God nie heerskappy het buite Israel se grense nie.

Netnou sê hy vir die bemanning: Ek vrees die Here, die God van die hemel, wat see en land gemaak het.

Hy weet God is nie te ontvlug nie!

ja, net soos ons wat weet dat teenoor God geen enkele camouflage help nie. Ons vlug weg in die camouflage totdat God dit wegskeur — as Hy dit genadiglik wil wegskeur!

Jona vlug teen beterwete na die eindes van die aarde!

Maar by die onmoontlike moontlikheid van die ongehoorsaamheid pas hierdie onmoontlike vlug.

Hy voel hy word weggebrand uit die teenwoordigheid van God!

jy kan tog nie as kind nee sê teenoor vader en moeder en dan gesellig verder in die voorkamer speel of daar niks gebeur het nie!

Jy kan tog nie as profeet nee sê vir God en verder gewoonweg lewe, asof alles soos vantevore was nie!

Mens kan nie diens aan God weier en dan by Hom bly nie!

Net so min kan ons vroom die Psalms sing as volk van God en ons eie wil volg in plaas van syne!

Ja, Jona gaan na Jafo en vlug na Tarsis — Tarsis, êrens in Spanje.

Dit wil sê, Jona moes na Ninevé, na die ooste, gaan, en hy gaan wes, die uiterste weste in!

Jona word Tarsisvaarder — hy betaal vir sy passasie, maar dit word ŉ onwettige reis!

Weg van God — weg van sy opdrag!

Maar die Here het ŉ sterk wind op die see gewerp, en toe daar ŉ groot storm op die see ontstaan, het die skip gevaar geloop om skipbreuk te ly.

God stel ŉ storm op Jona se weg!

Ons kan ook sê: In die storm staan God Jona voor op sy weg!

Maar dit is 'n hele geskiedenis voordat Jona dit volledig insien en die konklusie aanvaar.

Jona — nie iemand anders nie — het die storm ontlok, maar toe dit toeslaan, tref dit nie net Jona nie maar ook die hele bemanning van die skip!

Die skip — 'n klein wêreldjie van bemanning en een passasier! Seker 'n ruwe bemanning — min van hulle sou die kerk in die hawes opsoek — 100% liewers klandisie van die kroeg! En behalwe dit was hulle ook heidene!

Onder *hulle* kom Jona binne! Jona 'n profeet van God!

In ons taal: Op die skip is daar die kerk en die wêreld! 'n Kerkmens en 'n groot groep mense wat die lewende God nie ken nie!

En as die skip nou in nood, lewensnood verkeer, is dit nie vanweë die ruwe, heidense bemanning nie maar vanweë die kerk, vanweë Jona!

As daar nood in wêreld, land en dorp is — oorlog, rusie wat nog meer — dan sê ons: Hoe kan dit anders — hulle ken God nie!

Ons kyk deur die kerkvensters buitentoe en ons dink: Daar moet in die wêreld nood en verwarring kom, as die wêreld met God nie rekening hou nie!

Maar Jona gooi lig op die verwarrende opvatting!

God besoek die wêreld met sy oordele, node, storms en sterk wind ter wille van die dwaashede en sonde van sy kerk!

En as ons die gedagte vashou, dan word dit benouend om terug te draai van die venster en die kerk self deur te kyk! 'n Verskeurde, lustelose, aksielose, dromende, rusiemakende kerk!

As ons vashou daaraan dat dit een gelowige was tussen baie bemanning wat die storm bring, dan moet ons ons realisties afvra of ons lewe as kerkmense met sy verkeerdhede en sy veelvuldige neesêery teenoor God nie ook storm- en stormwindbetekenis het vir ons kleiner lewenskring van huis en skool en maatskappy en dorp nie!

Want dit kan ook anders wees: Paulus ook op 'n skip op

stormende en stortende golwe, miskien op dieselfde plek in die Middellandse See!

Maar die skip met man en muis behoue ter wille van Paulus!

Werklik: Julle, julle, gelowiges, julle is die sout van die aarde — maar as die sout smaakloos word, waarmee kry jy dit weer sout!

As ons dan ook by Jona, by Jona op die skip is, is dit vir die kerk beskamend dat deur Jona die storm oor die skip uitsak!

Maar niks minder beskamend as ons sien hoe dit op die boot toegaan as daar nood is nie!

Die bemanning in aksie en spanning tot die laaste spier toe — en die profeet slaap!

Hulle gooi selfs die vrag oorboord en weet nie dat dit die gewete van die profeet is wat die kiel van die skip te diep die water indryf nie.

En hulle roep elkeen tot hulle God!

Nog meer beskamend!

Heidense matrose bid, en hy wat kan bid tot die lewende God, slaap!

En die kaptein moet hom wakker maak om te bid!

Beskamend!

En behalwe dit — ontnugterd moet Jona leer, hierdie werklikheid *her,* dat die verhouding tot God nooit buite orde kan wees nie, of ons verhouding tot die mense om ons is ook buite orde!

Jona vlug van God af weg, en dadelik is hy ŉ slegte passasier, ŉ gevaar vir die bemanning, ŉ gevaar vir die wêreld!

Ons kan nie in ongehoorsaamheid en nee-sêery lewe teenoor God en intussen nog ŉ goeie eggenoot, ŉ goeie vader, ŉ goeie buurman wees nie!

Maar ten slotte, met al die stormlawaai het Jona tog wakker geword en weet hy terstond dat sy vlug ŉ onmoontlike vlug was en hy sien God op sy pad!

Nou weet die vasgekeerde — hoe oneindig genadig kan God

nie wees nie? — dit is God wat die storm op die see stort; dit is God wat deur die lot Jona aanwys!

Jona weet hy is gearresteer, gearresteer deur God, die Onontkombare!

Nou praat hy, nou bely hy!

So radikaal as wat hy eers was in sy verset, so radikaal is hy ook in die aanvaarding van die feit dat hy verloor het!

Maar daarmee is ook eintlik alles gesê wat op Jona se kredietkolomme staan.

As ons Jona lees sonder wat daarop volg, kan ons alleen sê dat Jona aan die einde daarvan soos ŉ vlugteling is wat hom laat arresteer, omdat hy begryp dat verdere vlugkanse uitgesluit is. Maar of hy die rede, die motief vir sy vlug, nl. diensweiering, losgelaat het — dit kan ons hier nie agterkom nie!

Die vraag is: Is sy arrestasie ook ware oorgawe?

Wat ons hier mis, is die taal van ŉ ander profeet — Jeremia: Here, u het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal!

Ja — die Here arresteer deesdae nog — ek is deur God gearresteer in my doop en in my Christelike opvoeding — my Godvresende ouers is die genadige kettings wat in die arrestasie-proses gebruik word!

God arresteer met storm en beproewing en benouenis!

U moet uitmaak en ek of God se genadige arrestasie, gevangeneming, voorkering by my as resultaat het: ware oorgawe, dienende, dankbare oorgawe.

Sê ek ook soos Jeremia in heilige, eerbiedige oorgawe: U het my getugtig — bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die Here, my God?

Dan word die oorgawe ŉ onuitputlike lewensrykdom!

Dan vertoon ek in die wêreld en onder hulle rondom my die beeld van Christus, wat, anders as Jona, wat ramp en storm en nood bring, as 't ware by ons aan boord gekom het, en sy koms beteken

seëninge en heil en redding!

Hy kom as gewillige en gehoorsame kneg van die Here na sy vyande, sy Ninevé!

Dan vertrek ek elke more met die boot waarop God my geplaas het, uit die rooidaghawe van God se voorsienigheid — en ek word elke dag ŉ jubelende seën as gelowige vir almal wat met my op die boot is!

Amen.

# VERKEERDE KEUSE

**LEES:** GEN. 13.

**SING:** PSALMS 65:1; 119:3; 40:6; 6:1,2 (nuwe wysie).

**TEKS:** GEN. 13:10-13.

Bokant ons preek staan daar as opskrif "Verkeerde keuse".

Oppervlakkig lyk dit of die verkeerde keuse van Lot Abram se skuld was.

Is die voorstel om te skei nie Abram se voorstel nie?

Dwing Abraham nie die keuse af nie?

En tog — Kanaän is dan Abram toegesê deur die Here.

En met die stryd tussen die veewagters is Lot besig om Kanaän aan die wettige besitter te ontsê.

Daarom word hy voor die keuse gestel.

Maar so loop ons dit wat later gesê sal word, vooruit!

Ons moet voor begin.

As Abram, gehoorsaam aan die stem van God, uittrek en nie weet waar hy sal kom nie — as geloofsheld siende die onsienlike —, dan loop daar op die trekpad langs Abram 'n ander man!

'n Tragiese figuur — die ander man!

Lot, sy neef, seun van sy broer Haran wat waarskynlik vroeg dood is.

Waarom trek en stap Lot saam?

Sommer huis en haard en familie opgee en saamgaan?

Ons sou nie verkeerd antwoord as ons agter Lot se saamtrek met Abram ook ernstige en geestelike motiewe soek nie.

Lot het onder Abram se invloed gestaan.

Toe Abraham so wonderlik deur God geroep word, maak dit op Lot ’n ontsaglike indruk.

En Lot trek saam.

Prysenswaardig!

Lot doen dit met sy hele hart!

Lot het in alle waarheid deel aan die God van Abram! Ja, Lot was wel ’n saamloper, maar mettertyd het hy in die goeie en gelowige tente van Abram gegroei tot selfstandige en ernstige geloof in die Here.

Wat die goeie gewoonte en die gedurige aanskoue van ’n opregte geloofslewe vir ’n naasbestaande en naaste nie kan beteken nie!

Die genade van die Here het by Lot nie verbygegaan nie.

Die Bybel noem hom elders “die regverdige Lot”. Gered! Uitgeruk uit die sonde en ongeregtigheid en geregverdig!

Maar hierdie feit mag ons tot ernstige waarskuwing dien hoe verskriklik dit gaan met ware kinders van God wat afwyk van God se hoë weë!

Ja, Lot kom binne, die hawe van die vaderhuis binne maar — as ’n wrak! Gered en behoue — maar soos deur vuur heen!

En alleen — ’n verbondshuisgesin verlore en ’n hele nageslag! Saam het neef en oom opgetrek. Saam was hulle in Egipte, waar hulle met groot skande daarvan afkom maar ook met groot rykdom.

En opmerklik, juis oor en deur rykdom — hulle ontsaglike veestapel — kom daar verwydering en tweedrag! Dit gebeur meermale. In ’n boedel tussen broers, tussen vennote. Ook onder hulle wat die Here in alle waarheid liefhet. Nou ja, altyd is konflik en stryd nie te vermy nie. Selfs Abram kon dit nie vermy nie — moes dit nie vermy nie — onthou u ons inleiding — sy Goddelike besitreg van Kanaän is in gedrang!

As daar dan botsing kom of noodwendig moet kom, kom dit daarop aan: wat is ons houding in die botsing? Soek ons óns reg, óns belang? Of soek ons die eenheid, die liefde, die heil van die ander een, ons naaste?

Abram doen dit reg!

Hy is verstandig. Hy is inskiklik.

Hy is die oudste, het die reg van eerste keuse en van die beste deel! Maar is die minste! Hy staan nie op sy reg nie! Hy laat Lot kies! En Lot kies!

Arme Abram — hy bly met die barre bergveld agter — *maar met God se belofte!*

Ryke Lot — hy kies die vrugbare Sodomitiese vlakte — maar tree uit uit God se beloftes aan Abram en betree 'n ryk kosbare weiland, maar belofteloos, uitsigloos — ryk aan heidense sondekultuur.

Lot kies verkeerd.

Hoe kom hy daartoe?

So.

Lot slaan sy oë op.

Dit moes Lot nié gedoen het nie!

Lot moes nie gekyk het nie! Hy moes sê: Nee, Oom — dit doen ek nie! U keuse! Dan het hy ook nie verkeerd gekies nie. Maar Lot kies — omdat hy kyk! En daar begin die onheilige en verkeerde keuse altyd mee! Deur te kyk!

Eva — onthou u?

Dina — sy gaan kyk na die land se dogters en . . . ! Die begeerlikheid van die oë is altyd die poort tot die begeerlikheid van die vlees! Die flirtasie met die oë loop uit op die flirtasie met die vlees!

Ek wil tog bietjie gaan kyk — dit is Skriftuurlik, sê die mense: ondersoek alle dinge en behou die goeie. Maar met dié sin is die pad van ondergang en verval toe uitgeplavei!

Ons gaan kyk! Kyk waar geen gelowige se oë mag val nie! Ons maak vriende onder ongelowiges, en hoeveel gelowiges staan nie soos Lot op die gevaarlike hoogtes van Bet-el en verlustig hulle in Sodom nie!

In die kerk maar gedurig en ontevrede verlangend na wat hulle

in Sodom sien en na wat Sodom doen. Teen wil en dank in die kerk!

Maar juis dit was die begin van Lot se ondergang: Lot sien Sodom, en toe kies Lot Sodom!

Die Heilige Skrif sê dat ons ons hart moet bewaar bokant alles wat te beware is. Maar hy wat sy hart wil bewaar, moet sy oë bewaar. Die oog is die poort van die hart!

Hoe klaag die gelowiges nie dikwels nie: Ons weet nie wat mag en wat nie mag nie!

Maar mens moet jou afvra: Haal ons ons dit nie self op die hals nie!

Wat maak ons eintlik daar op die tweesprong, op die plek waar jy vra: Wat mag ek of wat mag ek nie.

As ons eers begin vra: Is dit verkeerd, is dit sonde? — dan het ons reeds gekyk, en dan is die sonde die volgende stap! Ons hoort nie eers sover te kom dat die vraag nodig word nie! Ons hoef heeltemal nie te kies nie: ons staan nie op ʼn tweesprong nie!

Daar is vir ons gekies — nie deur ons ouers of ander instansies nie! God self het vir ons gekies! Goddelik gekies, ewig gekies — ʼn keuse waarin die beloftes in hulle heerlikheid uitgestal lê in ons doop!

ʼn Gedoopte hoef nie meer te kies nie — en daarom nie te kyk nie!

Maar toe Lot sy oë opslaan, was dit verby!

Sodom, ʼn verruklike land!

Satan kry dit uitmuntend reg — om wat sonde is, skitterend en aanloklik voor te stel.

En daar lê die ganse Jordaanvlakte in sy onuitputlike slikneerslae!

Soos die tuin van die Here lê dit voor sy begerige oë! Hoe gewigtig is die moment in die lewe van hierdie man en van sy gesin en van sy hele geslag!

So staan ʼn vader vir sy gesin, ouers vir hulle kinders, ʼn man of vrou voor hulle toekomstige huwelik in so ʼn gewigtige situasie. In hulle sondekeuse lê dan die ondergang van ʼn geslag opgesluit!

'n Vader wat sê: Ek laat my nie tug nie — en hy kies die Sodomitiese vlakte van vryheid en eie sin en wil en daarmee onttrek hy sy geslag aan die verbondsbeloftes en die verbonds-middele en genade!

Hy kies en ... ʼn hele geslag verdwyn!

Ek trou met ʼn ongelowige vrou ... en my nageslag weggekeer uit die stroom van God se genadeverbond.

So kies Lot! Nie snaaks nie!

Hoe kan ʼn verblinde kies? Hoe kan iemand wat vassit aan die materiële — hy sien net grond en land en vee, sake en besit — hoe kan hy ook vrou en kinders, huwelikslewe en ʼn verbondsnageslag, opvoeding van sy dogters, sy eie saligheid, ja, God self, raaksien?

As Lot Sodom sien, sien hy net Sodom!

En tragies — Sodom wat hy dink om goed te sien, die sien hy ook nie. Hy sien nie die verskriklike gevare, geestelike én morele gevare, wat sy gesin bedreig nie. Hy sien nie dat dit met sy kerkgang en Bybellees en gebed waaraan hy so goed gewoond geword het in Abram se tente, in Sodom weer uiters sleg sal gaan nie. Hy sien nie dat hy besig is om met sy keuse die beste wat hy het, te verkwansel nie!

Hy sien Sodom, en hy kies Sodom!

Toe trek Lot na die ooste toe weg.

En hoe ryk het Lot nie daar geword nie!

Hy word só ryk dat hy in die stad kon gaan woon!

Hy slaan sy tente tot by Sodom op!

Dan is dit nog maar ʼn hanetreetjie. Daar staan: Lot het gaan woon in die stede.

Lot sê dus, in teenstelling met Abram, die tente vaarwel en gaan woon in die stad.

Te begrype — in die stad veiliger agter die groot mure! En veral mev. Lot en haar dogters — hulle word ook al groot — sal daarop

aangedring het!

Van boeredogters verander hulle na stadjuffertjies!

Watter nuwe wêreld gaan nie vir hulle oop nie! Wat die vlakte waarin Sodom lê, vir Lot was, word die binnekant van die stad vir die dogters!

Mens kan jou voorstel wat die woordewisseling was tussen Lot en sy dogters!

Hier sit ons en ons verknies, Vader! In die lekkende tente en langs die krale met die bulkende koeie!

En wat duidelik die deurslag gee: Moeder Lot voel presies soos die dogters!

En so kom Lot in die stad.

Dit gaan altyd so: Hy wat by Sodom gaan woon, kom in Sodom te lande!

Die sonde is 'n skerp steilte!

As mens daarmee nie radikaal breek nie, dan word dit van kwaad tot erger!

En in die stad gaan dit met Lot en sy familie nie goed nie. Die manne van Sodom was sleg en groot sondaars voor die Here.

Lot sal homself wysgemaak het dat hy met hulle niks te make het nie. Maar dit was alles onsin!

Toe hy by Abram was, het in sy huis en tente 'n Christelike lewenstoon en atmosfeer geheers.

Abram onderrig hulle oor God en sy diens én God se beloftes. Maar nou was dit anders.

Soos dit met baie seuns en dogters gaan uit 'n goeie huis, en dit loop in die stad totaal mis!

Miskien sou Lot gesê het: Daarvan of daarvan sal oom Abram nie hou nie — maar sy vrou en kinders gee die toon aan:

Vader is outyds, bekrompe, ortodoks!

Ons is nou stadsmense — en ons doen wat hulle doen!

En hulle gaan saam met die stroom. Eers die moeder, die vrou van Lot.

Christus het ons insonderheid gemaan om aan haar te dink!

Werklik, haar dood was geen ongeluk nie!

Haar dood was oordeel!

Sy is saam met Sodom dood, omdat sy by Sodom hoort!

Een stuk saam met Sodom!

En die verskriklike is dit: uit ’n verbondsgeslag, teenaan die draer van die verbondsbelofte, Abraham, onder sy vermaning grootgeword . . . en sy verwêreldlik!

Sy het die God van Abraham ingeruil vir die lieflikhede van Sodom, wat ten slotte in God se vuur opgaan!

’n Tydlank, onder invloed van Abram, gaan sy saam — maar dan breek sy!

Sy wórd Sodom en gaan met Sodom onder!

Dan — die dogters van Lot.

Mens weet nie so mooi reg wat tragieser is nie: die moeder of die dogters.

As mens lees op watter verskriklike wyse hulle die moeders geword het van die kinders van hulle eie vader, dan vra jy jou af of dit nie beter sou wees as hulle moeder se lot ook hulle lot was nie!

Dogters van die ryk veebesitter trek weldra die aandag, al moet hulle maak of hulle hulle vader Lot wat sy regverdige siel kwel, nie raaksien nie.

’n Aansoek — noodwendig om die hand van sy dogters!

Is Lot tevrede? Natuurlik nie!

Hy raas — dit sal nie gebeur nie!

'n Dogter van Lot, die neef van Abram, die vriend van God, as vrou vir ’n man uit Sodom!

Hy kon nie! Hy is teen die huwelik!

Maar wat baat dit!

Eintlik het Lot nie reg om kwaad te wees nie.

Lot het immers sy reg om nee te sê verbeur deur sy verkeerde keuse.

As hy verkies om sonder God se beloftes van Abraham weg te gaan, moet hy weet dat God se beloftes t.o.v. sy nageslag ook nie meer geld nie.

Vandaar hierdie troue!

Hierdie gemengde huwelik!

En: hulle verwyt Lot skreeuende: Wie het Sodom gekies — u of ons!

En op die eerste vryer volg ’n tweede!

En Sodom kom met die dogters en hulle kêrels die huis van Lot binne!

Wat wag daar vir Lot anders uit hierdie dogters as ’n nageslag by wie en vir wie geen belofte van God meer geld nie?

'n Nageslag het Lot, maar God se verbondsbeloftes skyn en skitter nie oor hulle nie!

Wil u dit waag en Genesis 19 lees!

En dan is daar ten slotte ook Lot self.

Hoe het Lot dit self in Sodom gehad?

Hoe kort was die vreugde wat volg op sy keuse!

Hy kry rykdom maar nie geluk nie.

Hy voel hom nooit tuis nie.

Daaruit blyk dat Lot diep in sy hart nooit los was van God en sy diens nie.

Lot kwel hom dag vir dag.

En dit bring die diepte van sy ellende na vore.

Meer ellende ervaar hy in Sodom as vrou óf dogters!

Met Sodom wil hy nie meegaan nie!

Teen Sodom optree kan of durf hy nie!

Dan sou hy teen vrou, dogters en verloofdes die stryd moes aanknoop!

Dan moes hy die hele Sodomitiese rommel uit sy huis verban, deeglik skoonmaak!

Soos Jakob later by Sigem gedoen het!

Maar Lot doen dit nie!

Lot was 'n slappe, lompe vader.

Hy waag dit nie teen vrou, dogters en vryers nie!

Waarom kon hy sy huis nie reformeer nie?

Omdat hy sy eie hart nie reformeer nie!

As iemand sy hart nie bewaar nie, ook nie sy huis nie!

En so word Lot 'n bejammerenswaardige figuur.

Hy lewe in 'n modderpoel en sien sy vrou en dogters te gronde gaan. En dit was sy grootste kwelling: Dit is my eie skuld!

En so word Lot vir alle tye die beeld van dié manne wat deur eie swakheid en sonde oorsaak is dat hulle huis en nageslag die wêreld ingaan — die manne wat nie die beeld van die Hoof Christus vertoon nie, wat nie in liefde die sonde van hulle harte en van hulle huise uitwan met liefdevolle en besliste tugtiging nie.

Manne wat nie optree as dit in hulle huise gaan teen baie gebooie van God en sy Woord nie.

Hulle kwel hulle wel en hulle lewe word enkel kwelling — maar verder kom dit nie!

Arme, arme Lot!

Hy word wel gered — soos 'n stuk brandhout uit God se vuur in Sodom geruk, maar verder is hy alles kwyt — vrou, dogters én dit

wat hom verkeerd laat kies het: sy vee, sy besit!

Ek wil dit nie waag om my die toestand van die gebroke Lot in die spelonk van Soar in te dink nie!

Die paradys wat hy gekies het — ’n rokende hel!

'n Rokende en vlammende vlakte van swael en vuur!

'n Hel om hom heen: albei sy dogters om hom heen met hulle kinders, sy kinders!

'n Hel van kwellinge in hom: sy vrou, sy gestorwe vrou voor sy gewete-oë en die verwyt: Lot jy het verkeerd gekies, en toe het ek verkeerd gewandel!

Ons swyg oor die verskriklike lot van Lot!

Ons staan op die hoogte van Bet-el — nou — soos nog nooit tevore nie.

Die vrugbare en lokkende vlaktes van hierdie wêreld vir my en my vrou én vir my kinders!

Of die bergveld wat Abram behou, en op die bergveld die vervulde beloftes in Christus se kruis én nog baie, *baie* beloftes wat wag!

Amen.

# DINA, DIE MEISEKIND

**LEES:** GEN. 34:1-5; 35:1-7.

**SING:** PSALMS 32:2; 119:23; 22:10; 7:6.

**TEKS:** GEN. 34:1, 3; 35:7.

As Dina vandag geleef het, sou sy seker so pas belydenis van die geloof afgelê het — 'n dogter van om en by die 18 jaar. 'n Mooi dogter, liefling van haar baie broers.

En vir dié mooi dogter het die huis te nou geword. Die gevaar van Esau was verby — die trek uit die gebied van haar oupa Laban is skynbaar afgeloop. Sy was lank vasgekeer.

Rondom haar net haar broers. Sy die enigste dogter!

En terwyl vader Jakob nou voor die poorte van 'n stad sy tente opgeslaan het, is dit amper die natuurlikste saak ter wêreld dat sy graag in die stad wil gaan rondkyk. Dit is tog immers nie verkeerd nie. 'n Mens moet tog die wêreld sien.

Wat alles in die hart van Dina omgegaan het, weet ons nie. Tog spreek die Bybel duidelik van die versoeking waarin Dina val. Ons kry hier by Dina te doen met die verskriklike werklikheid: die sonde! Maar teenoor die sonde laat die Bybel ook weer die lig val op die wonder van God se genade! God se genade oor Dina. En hieroor wil ons graag praat.

Die sonde van Dina en haar genade. Dan val dit ons op — die eerlikheid van die Bybel.

Die Bybel huigel nie, vlei nie, bedek nie.

Alles word aan die lig gebring. Wat daar in ons verborge lê — ook as ons jonk is, soos Dina. Openlik word die sedelike bederf van die volk van God aan die lig gebring. Ons kry te sien skadufigure sowel as geloofsfigure! In die Skrif word die volk van God nie as volmaakte, heilige en sedelik hoogstaande mense uitgebeeld en die heidenvolke as slegtes, laaggesonkenes nie. As ons hier te doen gehad het met legendes en stories, dan sou die Bybel seker baie anders daaruit

gesien het. Die geskiedenis van Jakob en sy seuns en sy Dina sou baie mooier gewees het. Maar nou wil die Here hê ons moet onsself in hulle leer ken. Die donker dinge van ons lewe word in die helder soekligte van God se Woord geplaas. Dan alleen sal ons gaan soek na 'n ander lewe. Hy wat homself ken, sy bose hart deurgrond het — hy vra na 'n Verlosser, 'n Uitredder!

En ons seuns en dogters en ons ouers glo dit so moeilik dat 'n onskuldige begin kan uitloop op 'n verskriklike einde. En hierdie onskuldige begin, begin gewoonlik met die vrae: Wat is dit nou? Wat is daaraan verkeerd?

So het dit by Dina begin.

Sy wil meer sien en weet; sy wil gaan ondersoek instel. Die stad Sigem lok. Die vreemde en onbekende lok altyd!

Wat is daarin verkeerd om ondersoek te gaan instel?

Wat verbode is, lok nog meer! So begin dit by Dina.

Maar eintlik is dit nie die begin nie.

Dit begin veel eerder. In die gesin van vader Jakob wat aan die Jabbok Israel geword het. Dié gesin het ver afgewyk. Oppervlakkig lyk dit nie so nie. God se kinders kan dikwels so vroom voorkom. Gereeld in die kerk, getrou in baie dinge — en tog sleg in die gesinslewe. 'n Vader vroom daarbuite.

Dat dit met Jakob se gesinslewe nie goed gegaan het nie — daarvoor is baie bewyse. Slaan hy nie sy tente hier voor Sigem op nie! Hy koop grond van Hemor. Hier waar hy in kontak is met die heidense invloede, wil hy hom vestig.

Maar, kan u sê, hy het daar 'n altaar gebou vir God.

Maar dit kan uiterlike vroomheid wees. Met hierdie altaar troos Jakob sy gewete soos ons dikwels ons gewete troos met ons kerkgang en vroom praatjies, waar vroom praatjies nie nodig is nie. God het in alle geval nie veel waarde geheg aan hierdie altaar nie, want Hy sê later vir Jakob: Bet-el toe! Bou daar!

Ons kan alles met uiterlike vroomheid doen wat die Woord vra, maar innerlik kan ons so koud wees soos klip. Ons doen mee, so goed of so sleg as ons kan, maar innerlik is ons 'n dor en verdroogde

saailand. En behalwe dit was daar die ewigdurende rusies tussen Lea en Ragel. Lea met haar lelike oë kan Jakob nie boei nie. Ragel, die mooie, wel! Maar Lea gee vir Jakob kinders — by Ragel is die kinderoes skraal. Dan jaloesie en naywer in die tente van Jakob.

En omdat Jakob Ragel liefgehad het, laat hy maar die huisgodjies van Ragel oogluikend toe!

Hy is 'n swakkeling in sy liefde! In so 'n huis groei Dina op. Sy het nie die Christelike beveiliging gehad in die gesin wat so 'n jong meisie moet hê nie. En hierna moet u en ek as ouers luister.

Dan praat ons nie eers van haar broers nie. Alles behalwe voorbeeldig. Sien u hoe verwoestend is dit as vader en moeder nie in harmonie saamlewe nie.

Die egskeidings van die moderne lewe is moord — moord gepleeg aan baie jong kinders. As dit met die kinders misloop — die ouers is nie vry te spreek nie. Ons het ons kinders ontvang in duur verantwoordelikheid — verantwoordelik vir hulle tydelike en ewige welsyn. Hy wat sy kind nie in sy eie lewe die krag van die Woord, die liefde van Christus laat sien nie, hy wat sy kind nie só voortleef nie, staan skuldig in sy kind se opvoeding.

Dit is nie snaaks dat Dina Sïgem toe dwing nie. Sy sou gesê het: Mag ek nie eers 'n paar vriendinne hê nie. En so het dit gebeur. Of vader Jakob geweet het? Ons weet nie. Sy het gegaan en heimlik gehoop dat die mense na haar sal kyk. Dit sit tog in elke dogter. Jongdogters wat op weg is om vrou te word, gaan uit om te sien en om gesien te word. Op sigself geen sonde nie. Prof. Bavinck sê êrens: 'n Vrou moet bekoor, sy kan nie anders nie. Dit is die geheim van haar wese, en dit is van God. Maar hier het die sonde ook ingesluip en baie verniel.

En so gaan Dina na vriendinne. Nie om jong mans te sien nie. Maar Dina hou nie rekening met Kanaän, die wêreld-kultuur met sy verblindende mag nie. Sy is onkundig. Ons sê teenswoordig ons moet ons kinders die wêreld instuur: hulle moet op eie bene leer staan.

Maar kom hulle sover dat hulle staan?

Die lewe is fyn ontwikkel in sy bedrog en verlokkinge. Christelike ouerskap is die veilige vlerke waaronder gelowige kinders kan skuil. Die magte daarbuite word deur kinders nie geken nie en word onderskat.

Dina is vir ons en ons kinders 'n waarskuwende voorbeeld. 'n Onskuldige huispartytjie, 'n onskuldige spot met 'n paar maats, 'n onskuldige gevaarlike grappie, maar daaragter kan die hart van die ontluikende kind oopgaan om onstuimig vir hom 'n weg te baan terwyl hy nie kan keur of onderskei tussen goed en kwaad nie. Ons moet om ons kinders bou 'n muur van die Christelike voorbeeld. Ons moet vir hulle soek 'n Christelike lewenstyl.

Moet ons alewig streng en stuurs en uit die hoogte sê: Jy bly tuis — uit en gedaan? Nee — maar deur te sê en te bid: Bewaar hulle, o God, en leer hulle bid: Bewaar my, o Here, deur Christus, vir 'n droewige en verskriklike einde.

Ja, Dina word die prooi van Sigem — haar eer haar ontnome! Ja, die Bybel sê: sy siel verkleef aan Dina — m.a.w. hy was verlief op Dina. Maar is die liefde 'n vry kaartjie om te neem dit wat mens begeer? Dit is die kwaad van die moderne wêreld. In Sigem se oë was sy daad nie verkeerd nie — hy het Dina lief. Dina moet beter geweet het. As ek maar liefhet — dit word die maatstaf en nie die gehoorsaamheid aan God nie.

Die buite-egtelike verkeer neem in ons wêreld skrikbarend toe. Alles geregverdig deur sogenaamde liefde, vrye liefde. As ek maar liefhet, dan is die formaliteite van huwelik en verlowing nie meer nodig nie. Maar die geskiedenis van Dina sê: ongeoorloofde verhouding! Dit sê nog meer: 'n gemengde verhouding mag nie. Ons bedoel: 'n verhouding tussen 'n gelowige en ongelowige mag nie.

Dina is hier nie onskuldig nie. Volgens Oosterse gebruik mog sy nie allenig loop nie! Maar sy was op soek na meer aandag as die van heidense dogters. Gemengde verhouding.

'n Jong gelowige dogter mag nie verlief raak op 'n ongelowige seun nie.

En raak sy tog verlief, dan moet sy nie vra wat sê my liefde nie maar wat sê God.

En tog, Dina was dogter van Jakob, eintlik Israel — 'n verbondsmeisiekind.

Haar Vader in die hemel is ook haar Vader as sy in haar ydelheid deur Sigem se strate wandel. Jesus Christus het saam met sondaars gesit en geëet. En dit is juis in en deur Jesus Christus en sy verdienste dat dit moontlik is dat God nog haar Vader bly. Deur Jesus Christus is God ook die sondare genadig. Dina en u en ek en elke jong dogter en jong seun. Kyk — 'n kort rukkie na hierdie gebeure staan Dina en haar vader en moeder en broers en die hele familie by 'n altaar by Bet-el.

In 'n kort tydjie het baie gebeur as gevolg van Dina se begeerte om vriendinne te gaan soek in Sigem. Sigem se manspersone, toe hulle swak was aan bloedverlies en koors as gevolg van die bloedige besnydenis, is deur die broers vermoor. Hulle wreek hulle eiemagtig op die Sigemiete asof Dina 'n onskuldige blommetjie was.

Nou dreig daar onheil.

En nou gryp God in sy genade in. Hulle moet weg. Bet-el toe. Waar Jakob vroeër die mooi droom gehad het. Maar om soos hulle was na Bet-el toe te gaan — dit kon nie. Daarom roep en beveel Jakob: Weg met die vreemde gode, reinig julle, trek ander klere aan.

'n Donker en sondevolle geselskap wat optrek Bet-el toe. Simeon en Levi wie se hande vol bloed is — hulle het manne en vroue geslag soos beeste; Ruben — die beklimmer van sy vader se bed —; Onan, die onkuise; moeder Ragel, die mooi ligsinnige vrou met haar afgode, en Dina, die gevalle dogter!

En Jakob! So kom hierdie sondevolle groep by Bet-el aan. En daar bou hy vir hierdie sondige huis van hom 'n altaar. Kyk hoe staan hulle biddend rondom die altaar waar Jakob sy huis opnuut aan die Here wy. Daar staan Dina ook met geboë hoof en skuldige binneste en ervaar die vergewende genade en goedheid van God.

Hier rondom die Golgota van die Ou Testament staan hulle belydend en smekend — en kyk: hulle word nie verwerp nie maar vergewe. Hier is in één huis baie sonde saamgebring. Hier word aan één huis baie genade gegee. Die genade het van God uitgegaan.

Jakob het nie gesê: Bou die altaar nie. Maar God sê: Bou vir my 'n altaar. Hy wil hierdie afgedwaalde verbondshuisgesin weer aanneem in sy liefde.

En Hy skep die weg van die aanneming tot kinders.

Dit is ook ons troos te midde van gesinsonde en jeugsondes! God skep die weg waarlangs daar vir ons vergifnis kom.

Jesus Christus! Saligmaker!

Laat ons by hierdie altaar, hierdie Golgota van Jesus Christus wat deur God aan ons geskenk is, pleit om genade en vergifnis. Dit sal ons nie geweier word nie.

Dina, die meisiekind, ontvang genade!

Maar Jakob haar vader bou die altaar.

Elke jong sondaar en sondares moet smeek om genade, maar elke gesinshoof is geroepe om die altaar te bou waar die huisgesin in verootmoediging byeen kan kom. So 'n altaar is elke aand se huisgodsdiens waar die Ragels en Simeons en Rubens en Onans en Dinas vergader saam met die Jakobs om uit sy mond die voorbidding vir hulle sondes te verneem: O Here, wees my en my huis genadig!

Daar by die aandgodsdiens vind ook die vermaning plaas en die onderrigting soos hy die Vader deur God geroep is: Verwyder die vreemde gode onder julle en reinig julle en trek ander klere aan.

En so kom op die rusdag die huisgesin Bet-el toe, na die huis van God. Hulle kom nie sonder hulle sondes nie maar bekommerd oor hulle sondes, wagtend op die genadewoord wat aan hulle verkondig sal word: Jesus Christus reinig ons van al ons sondes.

Geliefde gemeente, maak u huisgodsdiens weer huisgodsdiens waar u seuns en dogters vermaan en bemoedig word, waar daar vir hulle voorbidding gedoen word. En op die rusdag — kom as huisgesin kerk toe, sit as huisgesin saam in die banke, rondom die altaar waartoe God u opgeroep het. Laat die huisgesin se plek nooit leeg wees nie.

Dan verdwyn u kinders nie in die donker strate van die wêreldstad Sigem nie maar kom hulle altyd weer terug bedroef en bekommerd oor hulle sondes, pleitende op die verdienste van Christus.

Meer nog: dan is daar veel meer geleentheid onder die seënende hand van die Here dat Dina, u en my dogter, nie sal verlang om alleen te wandel in die heidense stad, soekende na maats nie.

Amen.

# DIE ANDER MARIA.

**LEES:** MATTH. 28:1-10.

**SING:** PSALMS 16:1; 119:63; 128:2, *3,* 131:1, 2, 3.

**TEKS:** MATTH. 28:1.

---

Dit is tog wonderlik dat God dit so beskik het dat vroue die getuies is van die groot heils- en verlossingsgebeure in die Nuwe Testament.

Hulle — en hulle word uitdruklik vermeld — is die toeskouers van Jesus Christus se sterwe én van sy begrafnis. Hier word hulle weer vermeld as die eerste getuies van sy opstanding. Dié feit sal nie sonder betekenis wees nie. Vader en moeder is saam die verbondsouers. Hulle is die instrumente en die kanaal waardeur die koninkryk van God bevolk word. En ons mag baie maak — en moet ook baie maak — van die feit dat die vader in elke verbondshuisgesin leraar en profeet is — hy het die roeping om die geloofswaarhede en die evangelie uit te stort in die toebereide grond van die kinderharte! Dit is alles pragtig waar!

Maar die moeder, die vrou, is ook lerares en profetes. Deur Christus is sy ook dit gemaak. En in die praktyk werk dit nou daarop uit dat veral die moeder die kind grootmaak in die vrese van die Here. So ontsaglik belangrik dat kinders 'n moeder sal hê wat die Here vrees! En as daar te kiese was: Gee tog liewers aan ons kerk moeders wat die Here vrees as vaders wat die Here vrees. Dat 'n vader die Here vrees, is belangrik. Dat 'n moeder dit doen — oneindig belangriker.

As moeders goddeloos is, gaan die hele volk onder. As net die vaders goddeloos is en die moeders getrou, waaragtig getrou, gaan nét die vaders onder, maar die volgende geslag, vaders én moeders, word gered. Gelowige vroue is getroue bewaarders — innige bewaarders van die liefde tot God en Christus. Dié liefde dra hulle oor op die kinders wat om hulle lewe en aan hulle rokke grootword. In besonder word hulle toeberei vir die oorbrenging van die evangelie van Christus aan hulle kinders. Is die lewe wat die ongebore kind uit die lewe van die moeder ontvang, nie afbeelding van die ewige lewe wat die Here deur die moeder aan die kind wil gee nie? Gee ons vrome

moeders, en die volgende geslag bly bewaar vir die koninkryk van die hemele!

Moeders — hulle was die weeklaers by sy sterwe en begrafnis. Moeders — hulle was die blye getuies van sy opstanding! Deur hulle is die oorwinning van Christus oor die dood die wêreld ingedra. Die apostels moes dit verder dra, die landsgrense uit — die heidendomme in. Maar vroue — getroue moeders — bring vir hulle dié blye verkondiging.

Christus het waarlik opgestaan! Die vaders kan later oorneem. Die evangelie by sy voortgang uitdra. Maar eers moet die moeders dit bring. In die wiegie, deur die waggeljare heen — met gebed en voorbeeld en baie geduld in die kinderkamer. Christus het waarlik opgestaan.

So is dit nie toevallig dat vroue die eerste getuies is van sy opstanding nie. Hier staan dit nie. Maar hulle is gedrywe deur die liefde, want die ander Evangelies praat dat hulle nog speserye bring — liefdesbewyse — ook nog op die derde dag. Die liefdesbewyse van die late Vrydag wou hulle op die eerste dag na die Sabbatdag weer vervat.

Die liefde drywe hulle! Twee Marias!

Daar kom in die Bybel baie vroue voor wat Maria genoem word. Ons ken almal natuurlik die moeder van Jesus wat Maria genoem word. Verder het daar in 'n dorpie waar Christus graag en dikwels kom, twee susters gewoon — een van hulle was Martha genoem, die ander Maria. Bekend is ook Maria Magdalena — 'n vrou wat van die duiwel besete was en deur Jesus Christus van die duiwel verlos is!

En in hierdie opstandings-evangelie soos wat Mattheüs dit aan ons vertel, lees ons dat enkele vroue vroeg in die more op die eerste dag van die week na die graf gaan. Tot hulle verbasing merk hulle dat die graf waarin Jesus neergelê was en waar hulle Hom nog Vrydagaand met speserye bedien het — leeg was. Leeg!

En dan speel daar voor hulle verbaasde oë af die verskyning van die engel in sy skitterende gedaante. Hy is nie hier nie — Hy het opgestaan soos Hy gesê het!

Hulle is weg — kloppende harte wat spontaan laat hardloop — die blydskap, die blydskap laat hulle hardloop. En mag ons dit maar só sê — hulle hardloop hulle teen Hom vas — die opgestane. Hulle gryp sy voete! Hulle aanbid Hom! Hierdie vroue! En dit is een van hierdie deur die liefde aangevuurde vroue wat deur Mattheüs aangedui word as “die ander Maria”. En so goed soos wat ons die ander drie Marias ken, is die aanduiding van die ander Maria baie vaag — selfs onduidelik! Die Evangelieskrywer sê: Dit was nie Maria, die moeder van die Here, nie; dit was ook nie Maria, die suster van Martha, nie — ook nie die alombekende Maria Magdalena nie. Dit was nog ŉ “ander Maria”. Verder kan Mattheüs geen inligting gee nie. Blykbaar was dit dus ŉ vrou wat selde op die voorgrond tree, min gesien is en ŉ vrou van wie daar nou eintlik nie veel te sê was nie. ŉ Doodgewone vrou!

En as ons dit presies wil uitpluis by ander Evangeliste, dan kan ons op sy meeste agterkom dat hierdie “ander Maria” getroud was met ŉ sekere Klopas en dat hulle twee kinders gehad het — twee seuns — een se naam was Joses, die ander s'n Jakobus. Maar ook dié inligting bring ons nie verder nie, want oor hulle word nie weer in die Bybel gepraat nie. Van dié eggenoot en twee kinders hoor ons verder niks nie. Dit is dus ŉ onbekende moeder met ŉ onbekende man en ŉ paar onbekende seuns.

Teruggetrokke mense — hulle lewe in die skaduwee — mense wat verkies om snags te ploeg.

Hierdie ander Maria! Sy is maar ŉ gewone vrou wat nooit iets opvallends doen nie en ook nooit die opmerksaamheid van ander trek nie. Sy gaan maar so stilletjies haar gang en kom haar huishouding na — bedags regstaan met kos, kinders, spinwerk, saans as ander al rus — nog die laaste werkies — en stil soos die dag verbygegaan het, met min ophef — kamer toe en bed toe. Sy het dus maar ŉ heel beskeie plek in hierdie wêreld. Daar word maar één ding van haar vertel — dit naamlik dat sy die lewende Christus, die Verlosser, ontmoet het, dat sy Hom van harte liefhet en dat sy geen groter begeerte gehad het as om Jesus Christus in haar lewe te dien nie.

Eén ding! Maar één ding! Is dit maar ŉ kleinigheid, ŉ alledaagsheid? Nee — dit is die allervernaamste.

Dat dit van haar geskrywe staan! Al was alles van haar geskrywe

en dit nie! Arme, arme Maria!

Maar nou, net maar die een ding, maar daarmee was hierdie eenvoudige, hierdie vrou wat nie te bewonder was nie, heerlik gelukkig — dat Jesus Christus ook aan haar verskyn het in sy heerlike opstandingsliggaam. En die skatte wat sy van Hom ontvang het, die vergewing van sonde en die ewige lewe en die blydskap en die berig om oor te dra en mee te deel. Hy het waarlik opgestaan — dit, dit sou sy nooit wou ruil vir alle roem en skoonheid en kosbaarhede van hierdie wêreld nie!

Daar mag dan geen opsienbarende dinge van haar vertel word nie — dit hoef ook nie! Sy weet — Hy lewe en in Hom lewe sy. Sy is deur Hom toegeroep: Wees gegroet! Een van die eerste is sy wat gegroet word met die groet van die oorwinningskoning, die eerste gegroete in die nuwe koninkryk wat met sy opstanding finaal aangebreek het.

Die ander Maria — die byna ongenoemde, hardwerkende, onopsigtelike, onbekende moeder en vrou — sy die eerste om gegroet te word deur die groot Koning in die voorportaal van sy heerlike koninkryk. En van al hierdie dinge sou haar twee seuns baie, baie voordeel getrek het. Hulle moeder is maar 'n ander Maria, hulle het geen moeder gehad wie se naam op almal se lippe was nie, maar sy het hulle baie en alles van Jesus Christus vertel. Sy het vir hulle gebid. En daarvoor was hulle altyd dankbaar. Geen groter geluk kan 'n mens te beurt val as om 'n vrome en biddende moeder te hê nie.

En ons wil u gelukkig prys as u u wil skaar onder die vaandel van "die ander Maria" — as u van die stilles in die land wil wees, wat maar so sonder opspraak of ophef dissipels en dissipelinne van Jesus Christus wil wees, en Hom wil volg en dien.

Vader — u kan ook "'n ander Maria" wees, getrou in u arbeid, al het u nie baie talente ontvang nie en al ry u onopvallend vanaand in die vuil werkspak huis toe, maar by die huis, as niemand sien en weet nie, skaar u u gesin rondom die huisaltaar en u vertel hulle eenvoudigweg wat u lees en weet uit die Woord van God. Daar rys die psalmgesang omhoog, omdat u die Here van harte liefhet. En môrevroeg nadat u gebid het, u drumpel oor weer werk toe, sweet

toe, son toe — stil, gewoonweg onopvallend! Gelukkig die huis met so 'n ander Maria van 'n Vader.

Moeder — u kan ook 'n ander Maria wees. Eentonige sleurarbeid — was, stryk, stop, kinders grootmaak — altyd maar besig — en in die enkele rustydjies met biddende hart en hande altyddeur omhoog gehef ter wille van man en ontluikende kinders in 'n groot, grote beangstigende wêreld — kinders wat by hulle vrome moeder leer bid het, 'n moeder na wie die kinders altyd terugkom omdat hulle uit haar mond eerste gehoor het die heerlike, heerlike getuienis: Wees gegroet, my kinders — die Here het waarlik opgestaan. Gelukkig dié huis met so 'n ander Maria van 'n moeder!

Nee, ons hoef nie almal uitblinkers te wees nie. Stel u 'n leër voor wat net uit generaals bestaan! Mens sou duiselig word van al die eretekens en sterre en range. 'n Sangkoor bestaan nie net uit soliste nie. Die meeste mense is maar middelmatig; en al het ons nie 'n mooi stem nie — die vraag is of ons maar *wil* saamsing in die groot en deurlugte koor wat die lof van die Here verkondig. Dit klink altyd kostelik op die ore van selfs die engele! Engele is nie baie krities nie. Hulle is lankal bly as iemand net maar sê — al is dit met 'n skorre stem: O, God, wees my arme sondaar genadig.

Geseënd is die groot skare van die ander Marias — die onbekendes, die moeders en die vaders wat sommer so rustig en stilweg voor hulle uit die lof van die Here wil verkondig. Dié wat maar één ding het: dat hulle die Here van harte liefhet. Die Here dien al ken niemand hulle nie en al het hulle geen besondere aansien nie. En elke Sondag op dieselfde plekkie in die kerk. Man, vrou, kinders! Niemand merk hulle meer op nie. Gelukkig is dié kinders wat deur dié ander Marias die hoë poorte van die Godstad binnegelei word dat ook hulle die welkomsgroet van Christus mag hoor: Wees gegroet!

Ek weet hulle bestee baie om monumente op te rig vir die onbekende soldaat! Maar as dit nie in stryd was met die hele gees en gesindheid van die ander Maria nie, sou ek graag sterk propaganda wou maak vir 'n monument vir "die ander Marias". Ons kan nie almal 'n "ander Maria" wees nie, want daar is ook Maria Magdalena en Maria die suster van Lasarus — maar die meeste is tog maar ander Marias!

Gelukkig dié gemeente wat baie van hulle het!

Amen.

# RUS VIR RUT BY HAAR LOSSER

**LEES:** RUT 3.

**SING:** PSALMS 84:6; 119:36; 86:6; 18:1.

**TEKS:** RUT 3:16 en 18.

Vanaf Rut se troue met die seun van Naomi, of, soos ons sê, vandat Rut onder die familie van Naomi ingetrou het, was daar vir haar min vreugde en min rus op die weg.

En vandat sy in die beloofde land gekom het tot nou toe, het sy die volle werklikheid daarvan gesmaak wat dit beteken om arm te wees, om dag vir dag in die warm son en in haar geloof haar brood te verdien. Tog skemer daar by haar geen opstand en bitterheid deur nie. Sy het Naomi gekies en kies dus alles wat met Naomi gebeur.

En hierdie rustelose arbeid van haar skoondogter en die swaar beproewing van Rut, moet vir Naomi moeilike en miskien, verwytende ure besorg het. En saans as Rut moeg terugkom van die garsland van Boas af, het Naomi haar hierdie harde arbeidsdae van Rut verwyt. Sy self is rustig tuis. Sy self het weer die heerlike voorreg om onder die verbondsvolk van God te verkeer. Vir haar afdwaling het sy vergifnis ontvang en verkeer weer in stille rustigheid onder die volk van God. Maar vir Rut! Rut het nog niks gesmaak van die rustigheid om ingelyf te wees in die Verbondsvolk nie. Rut se woorde: U God is my God het vir haar nog niks anders as arbeid en armoede gebring nie.

Rut gaan wel elke more haar drumpel in die geloof oor. By Rut is daar geen opstand nie. Maar die volle vrug van die geloofslewe het Rut nog nie gesmaak nie. Die heerlike rustigheid daarvan nie. En dit is hierdie rus en rustigheid wat Naomi vir haar dogter soek. En daarom haar woorde: My dogter, sal ek nie vir jou ŉ rusplek soek nie? Of soos ons ook kan vertaal: My dogter, sal ek nie vir jou rus soek nie? En op die weg wat Rut moet volg om hierdie rus te ervaar, wil ons graag nou u aandag bepaal.

En hier is twee wette van Moses wat ons moet verstaan. Wette wat Naomi geken het. Sy het daarmee grootgeword. Nie vir die eerste keer in die belydenisklas daarvan gehoor nie. Die lossingswet!

Die wet oor die swaershuwelik.

Die lossingswet praat die taal van liefde, van familie-eenheid. Van familieverantwoordelikheid. Saamgebind in een liggaam. Want as die Israeliet so verarm is, deur omstandighede buite sy beheer, dat hy sy erfgrond moet verkoop, dan moet sy naaste rykere familie die grondjie koop dat dit nie in vreemde hande val nie.

En die swaershuwelik of lossershuwelik praat van 'n kragtige geloof in die nageslag, 'n opbruisende wens om 'n nageslag te hê waaruit die Groot Losser en Verlosser moontlik gebore kon word.

As 'n jong weduwee kinderloos agterbly, dan moet die swaer van die vrou of, as daar geen swaer is nie, die naaste bloedverwant die weduwee tot vrou neem en kinders verwek — en die eersgebore seun sal die nageslag wees van die eerste man.

So sorg die Here op sy wyse vir die weduwee!

Pensioenskema vir sy weduwees.

So sorg die Here vir die voorgeslagte van ons Losser en Verlosser.

Want, sien u, Kanaän was heilige erfgrond. En deur die lossingswet en swaerswet en swaershuwelik sorg die Here dat elke geslag 'n erfdeel en 'n nageslag het in die land van die belofte. Geen heilige geslag mag uitsterf nie. Tydelik kan 'n geslag verdwyn, maar dan, deur die wettige ingrype van die losser, word die geslag gered.

En so maklik is dit om hierdie saak toe te pas op die Nuwe-Testamentiese kerk. God se verbond loop deur die geslagte, en die verbond kan rukke skynbaar nie werk nie, as daar in 'n geslag afvalliges kom wat die Here nie meer ken nie; maar deur die verlossing van ons Losser Jesus Christus, wat na vore kom in sy lyde, slaan die verbond weer uit in die tweede, derde, vierde geslag en lewe in die geslag voort tot in ewigheid.

En gelowig maak Naomi van hierdie Goddelike wette gebruik. Al weke is dit wat Rut are optel en elke aand meer as genoeg huis toe bring. En as Naomi selfsugtig was, sy sou graag sou wou voortgaan, graag die fonteintjie nooit wil laat opdroog nie.

En al is die garsoes nou verby, Rut, die werksame, sou wel weer

werk en lewensonderhoud vir haar, Naomi, vind. Maar so selfsugtig is Naomi nie. Elke dag het die pynlike werklikheid in Naomi gebrand: 'n kinderlose weduwee wat hier in 'n vreemde land voortaan genadebrood moet eet!

En so is die plan volgens wet gebore; en as dié plan slaag, sal vir haarself en vir Rut en vir die geslag van Elimeleg uitkoms kom.

Rut moet weer trou. En Naomi raai nie maar nie. Maar daar op die oesland bedags het die onskuldige Rut saans baie dinge vir haar vertel van Boas se vriendelikheid. Meer as wat Boas gedoen het om sy liefde te toon, mag hy nie doen nie. Was Rut 'n nooi, dan was die saak anders, dan kon hy gaan kuier. Maar nou 'n weduwee, en hier moet die losser optree. En dit weet Boas. Hy is nie die naaste losser nie.

Van hom, die naaste losser, het Naomi vermoedelik geweet. Maar ook geweet dat hy nie belangstel nie. Maar nogtans — meer as wat Boas gedoen het, mag hy nie. Hy mag vriendelik wees — en hy is. Hy mag vrylik are laat val, en hy doen dit. Hy kan Rut se deugde besing — en hy doen dit. En nou — so sê die wet — moet die weduwee optree. Sy moet haar geneentheid kennelik toon. Dit weet Naomi — Rut nie.

En in die stilte van hulle eenvoudige woning sal hulle gepraat het. Naomi wat rus soek vir haar dogter. Die enigste rus wat vir haar in Israel oor is. Die huwelik met die losser. Boas! En Naomi sal die familie vir Rut uitgelê het! En na die welgestelde neef moet Rut haar wend. Vandag nog. Want vandag is die geleentheid om in die geheim haar geneentheid te toon — baie gunstig. Die oesfees! Vandag word al die gars wat gesny en gedors is, op die dorsvloer van Boas gewan.

Vandag het die dae lank se beeste- en eseldrywery om die korrels te trap ten einde geloop. In die koelte van die voornag, met die eerste aandluggie, moet die gars gewan word. Die kaf teen die wind uitgewaai en die vol en ryp korrels aan sy voete. En as die wanwind gaan lê en die arbeid klaar is, sal Boas — so is die gewoonte — op die dorsvloer slaap. En op aanbeveling van Naomi moet Rut bad en haar met welriekende olie oorgiet, haar goed parfumeer, haar mooiste rokkie aantrek.

Nou gaan sy nie as arme are-optelster nie. Maar as 'n kinderlose

weduwee wat die volle reg van die wet aan haar kant het. Sy gaan na haar wettige losser. Geen werkskleed nie maar erekleed, bruilofskleed. En in die nagstilte as Boas gaan rus, en die arbeiders weg is, moet sy uit die donker te voorskyn kom en haar neerlê aan sy voete, onder die punte van sy kombers.

En hierdie raad van Naomi klink vir ons, Westerlinge, vreemd op die ore.

En dit wil vir ons ook stuitend wees om te dink aan ŉ vrou wat ŉ man die hof gaan maak. En dit in die nag!

Onder dieselfde kombers as ŉ vreemde man.

Stuitend — Rut is van alle eer beroof, sou ons sê.

Maar: Rut doen hier ŉ beroep op ŉ deur God ingestelde reg. En as sy in die nag gaan — dit kon nie anders nie. As Boas sou weier en ander sou dit sien, dan sou die eer van Rut in Betlehem groot skade ly. Want, sien u, die losser het die reg om ŉ huwelik te weier as daar ŉ smet aan die vrou kleef. En as Rut openlik in die dag gaan en Boas weier — dan was die naam van Rut in die modder. En die feit dat Rut gedienstig gaan lê aan die voete van Boas — hier spreek die Oosterse gewoontes lieflike taal, heerlike simboliek.

En Boas verstaan dit ook reg. Met hierdie daad van Rut spreek sy duidelike taal. Sy sê: Ek behoort aan u. Ek laat nou my wettige aanspraak op ŉ huwelik met u geld. En die neerlê aan sy voete sê: Ek, Rut, is jou diensmaagd, Boas, my losser! Ek onderwerp my aan jou beslissing in ootmoed en afwagting. Moet my nie beskaamd laat omdraai nie. Gee aan my rus!

So spreek die kinderlike daad van Rut.

Hoe opreg vrees Rut nie die Here nie! Alles wat u sê, sal ek doen, is haar gelowige antwoord. En haar antwoord bevestig sy met dade.

En om so gehoorsaam te wees — hoeveel het dit miskien nie van haar geverg nie. Soveel vreemde dinge. Sy moet na ŉ man gaan wat soveel ouer is as sy. Al die heidense huweliksgewoontes moet sy aflê. Miskien in haar hart nog ander teenstrydighede.

Maar hier word vir haar ŉ weg gewys wat die Here oopmaak. Hier

buig Rut haar hoof en doen alles wat van haar verwag word.

En vir die ouers en kinders van die nuwe bedeling staan hierdie geskiedenis soos 'n heerlike voorbeeld. Hoeveel ouers gryp die voorbeeld aan om tog by die lig van hierdie gedeelte vir hulle kinders, ook wat die huwelikslewe aangaan, die weg te wys. So die weg te wys dat die huwelikslewe vir hulle 'n rusplek word in Jesus Christus. Want as die huwelik geen rus, geen rusplek is nie, mis dit sy doel en word die huwelik nie afskynsel van die heerlike huwelik van Christus met sy kerk nie. En elke huwelik moet in sy rus en rustigheid op hierdie geheiligde verhouding wys wat daar is tussen Christus, die Bruidegom, en die kerk, sy bruid.

Ons het nie meer die wet van lossing en die swaershuwelik nie. Baie dinge betreffende die huwelik het verander. Maar een ding het nie verander nie: die heilige roeping van die ouers om hulle kinders van wyse en godvrugtige raad te dien by die huweliks- of lewenskeuse. En dit is die plig van die ondervindingryke ouers dat die troue 'n verbintenis word van twee wat saam aan Christus behoort en Christus wil dien. Hier moet gelowige ouers hulle kinders voorlig, voorlig met dieselfde geestelike gesindheid waarmee Naomi vir Rut onderrig: Met liefde — wat net die heil en geluk van die kinders soek! Met wysheid — wat rekening hou met baie omstandighede. Bowenal moet hulle voorlig met gelowige godsvrug wat na die wil van die Here vra en wat tot sy eer strek en tot opbou van sy kerk op aarde. As ouers hier hulle roeping verstaan — hoeveel minder verbreekte huwelike!

En die kinders: soos Rut moet hulle hulle aan die wyse en godvrugtige raad van hulle ouers onderwerp. Hulle moet weet en glo hulle ouers soek alleen hulle rus. En basta met die moderne neiging: in huweliksake sal ek en ek alleen beslis. Wat weet ma en pa van al dié dinge — hulle begrippe is totaal verouderd. Hierdie woorde pas 'n kind van die verbond nie. Hulle misken die meerdere wysheid en liefde en diepere insig wat gelowige ouers deur die jare opgebou het.

As ons jong seuns en dogters maar na Rut wou omkyk. Nie maar eie wil en keuse en vleeslike luste nie maar ook gelowig rekening hou met die raad van vrome ouers. Gelukkig hierdie ouers. Gelukkiger hierdie kinders. Hulle sal ook rus ervaar in die huwelik en 'n rusplek verower in die huis van die Here met die baie wonings. Hierdie

ouers en kinders mag ook aansit aan die tafel van die Here om ’n voorsmaak te hê van die heerlike rus wat daar by Christus is, rus in die huwelik van sy volk met Christus, want die nagmaal is die voorbeeld van die ewige Bruilofsmaaltyd van Christus met sy volk.

En dit duur nie lank voor die tevrede Boas slaap nie. Sy garsoes is onder en langs hom. Hy merk in sy rustige arbeidsslaap nie die skone, die Moabitiese nie. Eers middernag. Miskien ’n slaapbeweging van Rut — as sy ooit geslaap het. Hy skrik! Rut praat. Met ontroerde gemoed en min woorde: Ek is Rut, u dienares; brei dan u vleuel oor u dienares uit, want u is die losser.

Rut eis nie maar kom in die gestalte van slavin.

En dan praat Boas, die man wat die Here en sy wet vrees: Geseënd is jy deur die Here, my dogter. Daar is nog ’n losser wat nader staan aan Rut. As hy weier, dan sal Boas met haar trou. So waar as die Here leef! En in hierdie eed tintel die liefde van Boas vir Rut. En soos Naomi later sê: Boas sal nie rus nie tensy hy vandag die saak afgehandel het.

By Boas gespanne daadkrag om sy lossersarbeid te volvoer. In sy liefde sweer hy — hy sal nie rus nie. Ter wille van die rus van Rut word Boas heilig onrustig. Sy liefde wil los. Nou moet sy eers weer slaap — en hier ervaar Rut aan sy voete die voorsmaak van die rus wat haar wag.

Ek dink sy het rustig aan die slaap geraak.

En Boas nie!

Die more is Rut voor die rooidag breek met ’n tjalievol gars huis toe. Rustig, omdat Boas ter wille van haar onrustig is.

En uit hierdie nagtelike romanse spreek vir ons heerlike dinge: Eerstens die reinheid van hulle samesyn in die nag op die dorsvloer. Dit spreek net een heerlike woord: heiligmaking deur die krag en genade van God.

Waar daar in die onwedergebore lewe by die intieme ontmoeting van die twee geslagte dikwels die hartstogte vinnig ontvlam, word hier gevind die heilige selfbedwang in ooreenstemming met die wet van die Here. ’n Heilige selfbedwang wat hulle verhinder om te gryp

na dit wat God verbied het.

Oefen ons, of oefen ons jong mense, oefen ons verloofdes hulle in hierdie heilige selfbedwang? Hier staan mens nie in eie krag nie maar in die krag van Christus wat ons heilig deur sy Gees! En om hierdie heiligende krag moet ons bid.

En tweedens spreek hierdie geheiligde liefdesverhouding tussen Boas en Rut van 'n heerliker liefdesverhouding tussen Christus en sy volk. Soos die gelowige bruid haar rus soek aan die voete van haar gelowige bruidegom, so vind die russoekende kerk, die russoekende gelowige, hierdie rus aan die voete van Jesus Christus — ons Losser. Jesus Christus wat ter wille van ons rus en rustigheid op Hom neem sy heilige onrustigheid. Wat heilig onrustig alles soek vir sy bruid. 'n Onrustigheid wat nie rus voordat die saak nie afgehandel is nie. Al kos dit ook dood en lyde! Die saak van ons sonde en sondeskuld. Ter wille van my was Hy aan die kruis tot die dood toe onrustig.

Nou rus ons aan sy voete en in heerlike wierookgeure styg die gebed van sy kerk omhoog! Ek is u dienares — brei dan u vleuel oor u dienares uit, want U is die Losser.

Amen.

# EEN DING IS NODIG

**LEES:** LUKAS 10:25-42.

**SING:** PSALMS 89:1, 6; 119:1; 16:1, 5; 84:2, 4.

**TEKS:** LUKAS 10:38-42.

Vir skilders en predikers was hierdie rustige huislike tafereel nog altyd 'n besieling.

En dat dit as 'n rustige toneel beskou word, is goed begryplik.

Die Here is die gewaardeerde gas van twee vroue wat sterk aan Hom verbonde was.

En Hy, wat geen plek gehad het om sy hoof rustig neer te lê nie, kon dit hier klaarblyklik doen!

En by alles waarin die twee susters van mekaar verskil, was albei hulle lewens toegespits op Christus.

Dit lyk of hier eindelik en ten minste 'n wêreldjie is wat nie met hulle nood en verdeeldheid en gebrokenheid op Hom afstorm om te red en te help nie.

Dit is of die hele atmosfeer Hom toeroep: Neem aan wat die bereidwillige Martha bied — die hartlike maaltyd waaraan sy reeds in haar gedagtes besig is!

Daar is dié huislike tafereel: Jesus Christus, die flinke Martha, die wagtende Maria!

Maar as dit al is wat ons raakgesien het, dan het ons erg aan die buitekant van dié situasie gebly!

Want dieper as die uiterlike lê daar spanning in die verhoudinge. Daar is disharmonie tussen Martha en Maria.

Ook hier kom die sonde én die nood én gebrokenheid van die wêreld op Christus af!

Ook in hierdie huis kan Christus die rus nie ongestoord geniet nie, maar die sonde versteur die samesyn en roep Hom tot sy taak en

tot arbeid! Hier is daar nie net ŉ verkeerde houding tussen die twee susters nie, maar dit is ŉ verkeerde houding tussen dié twee vanweë Martha se onsuiwere houding teenoor Jesus Christus self!

En daarom is dit nodig vir Christus om te spreek oor die één ding wat nodig is. Hy doen dit deur te waarsku teen die baie waarin dié een ding verlore gaan, en deur ŉ oproep te doen tot dié een ding waarin alles wat nodig is opgesluit lê!

Ja Martha en Maria is twee karaktertipes!

Martha — die aktiewe mens — haar dadedrang oorheers haar hele wese. Haar gedagtes skiet vorentoe, en haar hande en voete volg naarstiglik.

Ook nou!

As sy sy sitplek regskuiwe, word dit enkel planne wat om gaar te maak, wat om voor te sit, hoe om te versorg. Met Christus se koms in die huis het ŉ groot onrus in haar gevaar omdat sy so baie vir Hom wil doen!

Al haar liefde word omgepers in dade!

En in wonderlike teëstelling daarmee sit Maria! Ja, sy sit en sy is nie van haar sitplek af weg te slaan nie!

Hy is die leraar en sy sit aan sy voete!

"Wat het u gesê toe Martha gepraat het, Here!" Geen woord mag haar gretige ore ontsnap nie!

Martha een en al aksie!

Maria een en al oor!

Die teëstelling tussen dié susters tref elkeen — onthou u nog?

Christus het nie gekom toe Hy geroep is nie — nou het die slag geval.

Lasarus, hulle broer is dood!

En die twee susters wag!

Dan vertel iemand: Christus kom aan!

Dan is dit Martha wat opspring — Maria bly sit!

Ondanks haar verdriet is Martha dadelik ene aksie. Maria kan haar so vinnig uit haar verdriet nie loswoel nie!

En as hulle by die graf kom en Christus beveel dat die steen weggerol moet word, is dit Martha wat daadkragtig keer: Weet U, Here, dit is al die vierde dag — die lyk ruik al !

Altyd weer dié teenstelling!

As Christus in Maria se lewe kom, dan sit sy aan sy voete; en as die dood van Lasarus in haar lewe kom, dan sit sy roerloos van aangesig tot aangesig met die wrede dood!

Hierdie instelling laat ons teks lewe!

Ons sê ook graag: Sy is ons dienende Martha en sy weer is ons stille Maria!

Maar ons moenie dink dat ons by die vraag wat hierdie teks ons wil voorhou, by dié karakter-teëstelling kan bly staan en dink dat Christus die Maria-karakter salig spreek en die Martha-karakter afkeur nie.

Ons dink verkeerd as ons dink dat Martha om haar daadkragtigheid en aktiwiteitsgeaardheid bestraf word.

Want wat is Paulus anders as één bol kloppende aktiwiteit! En Christus self: My Vader *werk* tot nou toe en Ek *werk* ook!

Ook hier *werk* Hy. Hy spreek tot Maria woorde van die ewige lewe, en as Martha ontspoor, dan plaas Hy in sy werk Martha terug op haar spoor.

Ons moet tog nie dink dié teks sê: Martha moet Maria word nie. Of dat Christus sê: As jy maar ʼn Maria-natuur het, is jy veilig. Of: Om te mediteer en te peins is beter as om te dien nie.

Broeders en susters, kan iemand wat wil luister na die stem van Christus en sy apostels, ooit dink dat dit goed is as ons ons met ʼn werkelose en dadelose luistery en toehore tevrede stel?

Hoe praat Jakobus nie met klem van *daders* nie!

Moet ons nie ernstig arbeidsaam wees in die koninkryk van ons Christus nie?

Nee, dan maak ons die uitleg van ons teksvers darem te eenvoudig as ons sou sê: As jy wil veilig wees — kies die Maria-natuur en die Maria-weg!

Dit gaan nie om ŉ keuse tussen Maria-geaardheid en Martha-geaardheid nie.

Maar dit gaan daarom naamlik wat Maria en Martha *gedoen* het toe Christus hulle huis binnegekom het.

En dan is Martha se portret die duidelikste!

Met baie vreugde begroet sy Hom, en tog kom die oomblik daarna dat die Here haar met ŉ dubbele: Martha, Martha tot orde moes roep!

Sy het met soveel liefde vir die Here aan die werk gespring, maar toe het sterk verontwaardiging in haar gebroei oor Maria se gedrag en eintlik ook ŉ ergernis teenoor haar Eregas!

Dan kan sy dit nie meer uithou nie! Haar stem is gelaai met ingehoue drifmosie!

Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie?

Sê dan vir haar dat sy my moet help.

'n Heel ander Martha as dié een wat Hom strakkies verwelkom het!

Hoe kan ŉ mens so liggies omslaan?

Hoe maklik kom die sonde op die weg!

Al dienende het haar hart verdwaald geraak van Christus af weg.

Al dienende het sy dit sover gebring dat sy ernstig kwaad is vir haar suster en dat sy Christus, terwyl sy Hom met haar lippe *Here* noem, staan en verwyt!

En dan praat Christus.

Hy stel teenoor mekaar die *baie* waarmee Martha besig was en die *een ding* wat nodig is.

Sy, Martha, is soms ŉ gasvrou wat soveel omstalte[1] maak, dat sy geen oomblik tyd het om haar Gas geselskap te hou nie!

Sy wil Hom baie gee!

Maar met dit alles het die één ding wat vir Martha nodig was, in die gedrang gekom.

Haar hart is besig en is vervuld, is in beslag geneem deur baie dinge, en so is haar hart afgetrek van die één ding wat nodig is.

Sy wil in haar warme geneentheid aan Hom graag die allerbeste gee — maar Hy, Hy het soveel om aan haar te gee, en daarvoor is as gevolg van al haar kloeke diensbaarheid, geen geleentheid nie!

Pragtig — sy wil liefdevol haar sorgsaamheid én daadsaamheid bied.

Maar dat daarmee alle ruimte vir sy gawes weggeneem word — dit is erg én ernstig!

Haar gawe kan desnoods baie soberder wees — maar om van Hom te ontvang — dit is die één ding wat nodig is!

Sien u! Die Here sê nié dat aktiwiteit verkeerd is nie; nog minder dat aktiwiteit wat in sy diens gebeur, te veragte is nie, *maar* dat dit radikaal mis is, verkeerd is, wanneer ŉ mens deur al dié skitterende en opofferende aktiwiteit heen nie die regte plek gee aan die één ding wat nodig is nie!

Toegepas in een kort sin, broeders en susters: dit was ons kwaal en ons kerk se kwaal in 1958.

Dit sal ons siekte wees in 1959 — as ons hierdie preek nie aanhoor met ŉ begerige hart om te *doen* wat ons gehoor het nie.

Nee, ek wil nie praat van ŉ besige wêreld nie — hulle kom nie

---

[1] Die woord *omstalte* kom in geen van die huidige woordeboeke voor nie. Miskien kan dit so vertaal word: "Sy, Martha, is soms as gasvrou met soveel doenighede besig dat sy geen oomblik tyd het om haar Gas geselskap te hou nie".

hier onder die trefhoue van God se woord nie!

Ons praat van die kerk, wat soos Martha Christus liefhet en ter wille van Christus ontsettend besig en georganiseerd raak en dikwels en die meeste kere die een ding wat nodig is, mis. Totaal mis!

En nie net die kerk is Martha nie. U is Martha — ek is Martha! Besig, besig, besig, maar die behoefte na die *één ding* lê in u en my lewe, bewus of onbewus, as ŉ ernstige en dringende behoefte!

Maar die gejaagdheid suig ons vas, sleur ons mee — ons is besig, besig, besig! Ja, besig vir U o Here, maar die verwyt tref ons skuldige hart én ore!

Martha, Martha — één ding is nodig!

Dit is ons kwaal!

En ons genesing?

Dat ons ons stoel nader trek en langs Maria gaan sit — rustig indrinkend elke woord uit die mond van Christus en elke woord uit sy Woord.

Dat ons Martha sal wees, ja, dienend, ywerig in ons daadkragtigheid en terselfdertyd Maria, die luisterende Maria!

Martha-Marias!

Maar ons is nog nie klaar nie.

Weet u wat is die gevare van die aktiewe nature?

Weet u wat is Martha se gevaar?

Martha wil heers oor die lewe van Maria!

As ons nie oppas nie, wil ons ŉ ander mens nie die reg laat om ŉ ander mens te wees nie!

Martha respekteer die eie lewe van Maria nie, en sy respekteer Jesus Christus nie as Here nie!

Sy noem Hom wel so, maar sy wil in sy plek Maria kommandeer!

Sy sê met soveel woorde teenoor Christus: U moet nie langer vreugde daarin vind dat Maria so mooi luister nie. U moet haar laat werk!

As Martha haar sin wou hê, sou Christus pragtig versorg wees in haar huis, maar dan was daar in die huis geen geopende oor en ŉ aandagtige hart te vinde nie en was sy besoek tevergeefs !

Dan het potte en panne gerinkel en geklink in die huis, en dié druising sou die soekende stem van Christus stilmaak!

Één ding is nodig, maar by Martha is dié een ding deur vele verdring en so verlore laat gaan!

Christus het gesê: As jy in My bly en my woorde in jou, dan sal jy vrug dra.

Daarvoor het Martha — en ons, en ons — nie tyd nie!

En eintlik is dit nie ŉ kwessie van tyd hê nie!

Maar: Martha, en u en ek kry ook die gedagte, het gedink dat sy aan Jesus Christus kon gee sonder om van Hom te ontvang.

Om *te ontvang* staan nie voorop as die één ding in ons lewe nie, en daarom loop dit so heeltemal mis!

Broeder en suster, ons gaan besig wees vanjaar — magtig besig!

So besig — die Bybel gaan al kleiner plek kry en die gebed word jaagwerk! Maar ons gaan besig wees met kerkbesoek en huisbesoek en bydraes en vergaderings en kommissies en nog wat en nog wat!

En die een ding wat nodig is, sak weg uit ons lewe!

Ouers, dit is nodig dat u tyd vind om u stoele langs Maria in te skuiwe en *te sit, te sit, te sit* aan die voete van Christus en te midde van u dringende aktiwiteit gedurig op sy heilstem te let.

Kinders, dit is nodig dat u tyd gee te midde van U skoolwerk en sport en Voortrekkers aan die katkisasie, waar u luister, sit, sit, sit en luister na wat die Bybel bring!

Anders word ons kerk én lewe tragies ontdaan van die één ding wat nodig is!

En die gevolg: Ons dink ons léwe met al ons aktiwiteite, én ons is reeds dood!

Nee — nie Martha se aktiwiteit word bestraf nie, ook nie die

Marta-natuur nie — maar ook die Marthas kan dit onder geen omstandighede mis om aan die voete van Jesus Christus te sit nie!

En soos die Marias dikwels verdwyn agter die doenige Marthas, so het hierdie Maria in ons teksverse ook amper verdwyn agter die Martha van ons preek.

Van Maria moet ons ook iets weet!

Nee, Maria word ons nie sittende geteken omdat sy so baie van sit hou nie!

Maar sy sit om te hoor!

Om te luister na die Here was vir haar om te drink uit die bronwel van die lewe!

En daarvan laat sy haar nie ontroof nie, ook nie deur die worstelende en swetende Martha in die kombuis nie.

Maria het geweet wat is die goeie deel: gryp na die geleentheid om Jesus Christus te hoor!

Maria het begryp die misterie van Christus se koms op aarde én in haar huis: Hy het gekom om te gee!

Sy gaan ontvang — om te kan gee!

Maria het verstaan wat Martha en ons moet leer en moet vasgryp: Niemand doen goed of reg as hy nie reg en goed hoor nie!

En aan niks het ons tyd, ons kerk en ons meer behoefte nie as dit: om te hoor en gespanne te luister as God tot ons spreek — hier deur die preke, by die huis deur sy Woord, deur ons kerkblad en deur ander boeke wat God se Woord verklaar!

En as ons reg hoor, kom die regte en heilige aktiwiteite as vanself.

Kyk wat maak Maria in Johannes 12. Nou is sy daderes van die Woord!

Nou weer by sy voete, maar nou salf sy hulle met kosbare mirre!

En nou dring één woord hom ten slotte só sterk aan ons op uit ons teksverse dat ons daaroor moet spreek. Maria het die goeie deel uitgekies!

ŉ Verrassende woord: uitgekies!

Ons sou dié woord nie gebruik nie!

God kies uit — Hy kies van ewigheid uit — hoe kan ’n mens kies!

Lê dié een goeie ding soos ’n artikel op ’n winkeltoonbank — om onder andere uitgekies te word?

Nee!

Maar die bedoeling is so: Christus sê: As u of ek een dag te besig was vir ’n rustige gebed, dan het u gekies!

As u op Sondag die tweede diens laat glip het, het u gekies.

As u met huisbesoek u onttrek het aan ’n gesprek oor die geloofslewe of die huisbesoek laat uitstel het ter wille van ’n besondere werk — dan het u gekies!

As u geen tyd het om te luister na Christus met rustige oorgawe omdat u daelikse werk u al meer opeet en *alle* krag en *alle* aandag van u verg — dan het u gekies!

Christus sê: Ons hele lewe en lewensinrigting is ’n openbaring van óns uitkiesing!

Die vraag is of ons dit sal regkry in hierdie jaar om te midde van die jagende en angstige aktiwiteit ore en harte te hê vir die één ding wat nodig is, waarsonder alle arbeidsaamheid en die mees bruisende energievertoning niks baat nie en vir ons uiteindelik uitloop op ondergang terwyl ons met opregte verbasing vra:

Maar, Here, ek was só besig om u te bedien!

Amen.

# DREUNENDE BEENDERE!

(Voorbereidingspreek en aflegging van belydenis).

**LEES:** ESEG. 37 :1-14.

**SING:** PS. 32:1; 121:3, 4; 18:2; 66:8, *9.*

**TEKS:** ESEG. *37 -.7* en 8.

---

Esegiël het op dieselfde plekke dinge gesien wat sterk van mekaar verskil.

Eenmaal was hy in die gees terugverplaas uit sy ballingskap en het hy die tempel gesien en in die tempel vreeslike dinge: afgodediens, die oudstes met hulle gesigte na die ooste toe en die engele van God wat in die tempel begin met hulle slagting — ja, in die tempel begin doodslaan.

'n Ander keer word Esegiël weer oorgebring na Jerusalem toe, en dan sien hy daar iets soos ′n stad met die tempel in die middel met ′n muur rondom — ′n heerlike gesig — ′n afbeelding in klein proporsies van die Nuwe Jerusalem. En — snaaks — die muur na die westekant het geen poort nie — dié kant vanwaar die son ondergaan, vanwaar die dood kom. Daar sal dus geen dood inkom nie.

In die Nuwe Jerusalem het die dood nie ′n poort nie!

En hier in ons tekshoofstuk staan Esegiël in sy visioen by ′n laagte, ′n groot insinking naby die Kebarrivier.

Dit is nie die eerste maal dat hy by die laagte staan nie — maar die vorige keer, in hoofstuk 3 uitgebeeld, het hy die heerlikheid van God gesien en hy kon nie op sy voete bly nie, hy kon nie bly kyk nie — wie kan, as God se heerlikheid voor hom staan? — en hy het op sy aangesig neergeval. Hier is dit weer die laagte. Maar nie weer die heerlikheid van God nie. Nou was die laagte ′n slagveld. Vers 9 praat eintlik nie van gewone dooies nie maar van doodgemaaktes. ′n Slagveld dus.

Maar ′n ou slagveld. Die vleis is reeds weg — die aasvoëls van die tyd! Net die bene was oor. En dat die liggame ook deur wilde diere opgevreet is, blyk duidelik. Nie een been lê meer by sy eie been nie.

Nie samehangend soos geraamtes nie maar uitmekaargeslaan, verstrooi en verbleek deur die gloeiende son van die Ooste! Nêrens meer 'n vonkie van lewe te bespeur nie. In hierdie laagte hóór mens die stilte van die dood.

En dit is nou die droewige beeld van Israel in die ballingskap. Versmaad en uitmekaargedrywe en weggegooi.

In hulle massagraf is hulle besig om te vergaan. Alle hoop om weer 'n nasie te wees uitgeskakel. Tensy — tensy daar 'n wonder gebeur! Net 'n wonder, en dan 'n Godswonder, kan hierdie verbleikte en verskroeide bene — hoe word dit nie beklemtoon nie — laat lewe! En dié wonder sal gebeur. Esegiël mag nie maar 'n lydelike, niksdoende toeskouer wees nie! Maar hy word aangestel as medearbeider van God.

Hy moet naamlik profeteer, d.w.s. hy moet die Woord van God verkondig — dit spreek. Dié Woord van God wat nie alleen skeppend is nie — ook herskeppend, nuutmakend. Die wedergeboorte van die volk moet 'n feit word. Die wedergeboorte is altyd die werk van God. God die Here bind sy geestesgawes van wedergeboorte en bekering altyd vas aan die verkondiging van sy Woord.

U onthou tog wat die kategismus sê op die vraag waar die geloof dan vandaan kom? — Van die Heilige Gees wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige evangelie! En dié wonder word nou voorberei deur 'n vraag: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En die antwoord van die verslae profeet: Here HERE, U weet dit!

Dit laat so sterk dink aan die antwoord wat die vader van die maansieke kind gee toe Christus hom vra of hy kon glo in die genesing van sy kind: *Ek glo — kom my ongeloof te hulp!* Die profeet mag nie ja sê nie; want wie het ooit so iets gesien; lewe uit songeblakerde bene!

Nee mag hy ook nie sê nie! Sou 'n ding vir God onmoontlik wees? Daarom lê hy die saak in die hand van God: U weet dit! En hoe stry daar nie met mekaar in die antwoord die moontlikheid om te kan glo in die innerlike verlange om te mag glo nie! Maar juis op so 'n worstelende hart-akker kan God se wonder groei — 'n akker wat alles

gelowig aan God oorlaat!

En dié wonder van die lewendmaking voltrek hom nou in twee bedrywe. Eers moet Esegiël net profeteer vir die bene — die dorre bene: Julle dor bene — hoor, ja, hoor, die Woord van die Here! En hoe dwaas en eenvoudig die opdrag ook mag klink — die profeet gehoorsaam! En dit is gewoonlik die krag van profete as hulle onvoorwaardelik gehoorsaam: Toe het ek geprofeteer *soos ek beveel was!* Profete wat glo dat God *alles* kan doen — ook dit wat vir die mens onmoontlik is! Sulke predikante het ons nodig, sulke ouderlinge, sulke gelowiges! Gelowiges is almal profete. Gehoorsaamheid wat onvoorwaardelik gegee word, groei uit tot 'n krag — 'n onkeerbare krag. Só gebeur dan ook hier langs die weg van gehoorsaamheid groot en onbegryplike dinge! Dit word 'n Ou-Testamentiese Pinksterfees soos in Handelinge 1, want hier word ook dinge *gehoor* én *gesien! 'n* Ou-Testamentiese uitstorting van die Gees.

Wat Esegiël hoor, is 'n geluid wat die grafstilte verbreek — eers saggies, maar dan swel en groei dit tot die donder-gerommel van 'n aardbewing! Vanwaar sou die geluid kom? Dan sien die profeet — hoe verbaas is hy nie — sy profesie het dié wonderlike uitwerking: been klap en rammel na been toe — 'n lewende veld van bene, van bene soek én vind — dit word nie beengedrogte nie, maar elke been voeg hom by been tot volmaakte geraamtes! Dit bly nie hierby nie. Die geraamtes word opgevul. Senuwees, vleis, spierstringe, gespan oor skouers, heup, dybeen én vel, vel oor die opgevulde bene! Nou lê daar nie meer wit bene in die laagte nie — maar mense. Maar, dooie mense — dooie mense *in wie die Gees nie was nie — so* val die gordyn tragies oor die eerste bedryf.

Dan die tweede. Nou profeteer Esegiël tot die gees en sê: Kom uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies dat hulle lewendig kan word.

Die skeppingswonder herhaal hom. In hierdie baie gestaltes geformeer uit die stof van die aarde blaas God die asem van die lewe en hulle word tot lewende siele. In die uitwendige vorm word ingestort die innerlike lewenskrag.

Maar die proses van lewendmaking is nie afgeloop nie. *Net* soos by die lewendmaking en bekering van 'n sondaar gaan hier alles trapsgewys. Die heiliges van God is nie in een moment gereed nie.

God volg altyd met sy uitverkorenes die weg van groei, groei, groei! Wedergeboorte en bekering is albei wonders maar nie wonderbome nie. Daarom bly die lyke ook nie lê nie — na hulle lewendmaking gaan hulle staan. En dan meteens sien hy: dit is ’n geweldige groot leër, ’n leërmag, ’n leërskare!

En onthou nou, broeders en susters, dat ons nog altyd by ’n slagveld gestaan het in die gees, dan laat hierdie geweldige groot leër noodwendig dink aan ’n strydbare leër, ’n opgeroepte aktiewe mag wat alarmgereed is. En dan sê ons dit sommer meteens: dit is die einddoel van God se lewewekkende werk met sy kerk op aarde. God wil nie ’n kerk hê van geraamtes waarin alles presies bymekaar pas en sluit nie — elke been by sy been. Net so min wil God en Christus ’n kerk hê vol mense van vleis en bloed en spiere en senuwees — maar daar was geen gees in nie. Net so min wil God ’n kerk hê van lewendgemaakte mense wat bly lê en bly lê en droom of hoogstens op hulle voete gaan staan en dan “op die plek rus” nie. Maar hoor dit — almal, en ook julle jong lidmate — ’n geweldige groot leër! Dit is die bedoeling van sy herskeppende krag teenoor dorre, verstrooide bene van sondare in die laagte van die sonde.

Dit, dit is God se einddoel vir hierdie aarde. ’n Leërmag! Die tweede akte — die tweede bedryf.

Die slotbedryf speel in die hemel af — die triomferende, die oorwinnende kerk. Na die betekenis van hierdie besondere visioen hoef ’n mens nie te gis nie. Die Skrif verklaar homself hier so: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel.

Die ballinge was van gedagte, het gedink dit is verby. Alle hoop op herstel finaal afgesny. Net so min hoop as wat mens kon hê met ’n laagte van doodsbeendere. Hulle het gedink die Here vergeet sy volk net so maklik soos wat hulle Hom vergeet. Nogal baie tipies van die mense om God met menslike maatstawwe te meet. Maar die Here sal sorg vir die nasionale en godsdienstige wedergeboorte van dié volk wat in die ballingskap verstrooi lê. Aan al die ballinge word verkondig: die evangelie van lewe uit die dood, van terugkeer na die beloofde land.

En aan ons word verkondig: lewe uit die dood — lewe uit die

laagte van die sonde! As God verdorde, verbleekte bene met sy wedergeboorte en Gees kan omskep tot ʼn strydende leërmag! Hoe sal Hy ook nie aan my dit kan doen nie. Dan word die belofte aan die ballinge ook aan my vervul. Luister: Daarom, profeteer en sê aan hulle: so spreek die Here HERE. Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit julle grafte laat voortkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel. En julle sal weet dat Ek die Here is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit julle grafte laat voortkom, o my volk! En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in julle land; en julle sal weet dat Ek, die Here, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.

Die Here is die grafoopmaker vir sy volk. Die Here laat sy volk weer gebore word.

Die Here sal sy volk vestig in die beloofde land.

Die vervulling van hierdie profesie het ook twee bedrywe deurloop. Die voorlopige vervulling. Dis eenvoudig. Kyk hoe trek hulle uit — juigend, singend met haastige voetstappe onder Esra, Nehemia, Serubbabel! Maar die volledige vervulling vind plaas by die uitstorting van die Heilige Gees. Die teruggekeerde Jodedom het weer verskrompel en tot ʼn benelaagte verval onder invloed van die Fariseërs.

Gepleisterde grafte vol doodsbeendere!

Maar toe kom die Gees na Christus se hemelvaart, Christus wat met sy graf verbreking die Gees verdien.

Die kerk gereformeer!

Die gees maak van die kerk ʼn lewende, strydende, gloeiende leërmag. Mense wat op hulle voete staan. Op die Pinksterdag begin dit al. Die swakke Petrus omgeskep tot ʼn strydbare held! Saam met hom ʼn geweldige leer! Hulle léwe, ʼn lewende leërmag van Christus. Tot drieduisend op één dag tel hulle verowerings. ʼn Wonder, die Pinksterwonder!

En dié wonder is by onsself gesien — in ons doodsbeendere wil God sy lewendmakende Gees blaas. En dat ons ʼn leërmag is, wat stry en moeg word, daarvan is die nagmaal vanmôre ʼn bewys. Goeie soldate is moeg gestry — hulle het voedsel nodig, versterking. Dit is die erediens, dit is die nagmaal ook. En julle jonge belydende lidmate

— julle sal die vreugde smaak om van nou af die volle wapenrusting op en om julle te voel in die leërmag. Julle sal — mag God dit gee — moeg word van stry en worstel teen die sonde, en julle sal ook kan kom aansit.

'n Soldaat moet rus. ′n Man wat nie kerk toe kom nie, sê daarmee: Ek is nie moeg nie, geen soldaat wil ek in die kerk wees nie. Dit sal aan die tafel wees.

En die eindresultaat van hierdie wonder sal in die hemel gesien word — ′n skare wat niemand kan tel nie — ′n geweldige groot leër.

Maar ons moet sorg om altyd by hierdie blyspel van God in twee bedrywe te bly. Maak ons dit ′n eenbedryf, word dit ′n treurspel. Dit is na twee kante moontlik. Mens kan alle nadruk laat val op die bedryf van die beendere. Beendere wat mooi pas, vleis oor, spiere goed gespan en senuwees daardeur getrek — ′n georganiseerde, welgevormde, geordende geheel. Pragtige liggaam — maar die gees daarin word gemis. Dan word alles vorm sonder lewe. Maar mens kan ook alle nadruk lê op die bedryf van die Gees en die uitwendige vorm van geen belang ag nie. Dan word dit geesdrywery.

Altwee die bedrywe word ewe gevaarlik. ′n Gees sonder ′n liggaam is ′n "spook". ′n Liggaam sonder gees is ′n lyk. God kan nie spoke en lyke gebruik nie maar lewende siele wat strydbare en parate helde wil wees — van ganser harte! Die gevaar wat ons as Gereformeerdes en julle, jong broeders en susters, die meeste omsingel en wurg, is dié van vorm sonder lewe — die veruitwendiging. Ons hou die meeste van die bedryf van die beendere. Ons raak in ekstase hoe die een been by die ander been van ons kerklike lewe pas. Pragtige kerkvorm — die ideale hier op aarde. Ons het die Woord en dit word suiwer verkondig. Ons sakramentbediening in orde! Ons tug werk! Kostelik! Die Gereformeerdes is betreklik hoog in aansien. Kerklik is ons oral bedrywig. Daar is dus die geluid van die beendere. Selfs dreun dit af en toe Sondae en met aflegging van belydenis en met nagmaal. ′n Geruis, ′n beroering!

Maar dit is moontlik — nieteenstaande die been wat been soek by die erediens en die nagmaal en die gedruis in ons kerklike lewe — dat die Heilige Gees oor hierdie gemeente en ons Kerk kan skrywe:

Geen Gees in hulle nie! Geen gees in hierdie aflegging van ons belydenis, in ons kerkgang, ons godsdiens, ons lewe nie — die dinge kan maklik word 'n geraamte wat daarin bestaan dat my gewete getroos word, dat ek ontslae raak van die lastige katkisasie. Geen besinning oor die geloofswaarhede — geen bekommernis of Christus in my al meer gestalte aanneem of nie. Of ek aan Christus behoort. U belydenis — ons almal s'n — moet omgewonder word tot heilige aktiwiteit in die leërmag van Christus.

Hierdie "ja" van ons belydenis is die eed van getrouheid voor God. Die beendere moet lewe deur die Gees van God. En dat ons nagmaal dikwels 'n beendere-gedruis word as ons opstaan en tafel toe kom, is agterna al te dikwels duidelik! Geen ware versterking — geen ware worstel om die kindskap in Jesus Christus nie, en die stryd teen die sonde is hoogstens 'n slagspreuk wat oor geeslose geraamtes dawer en rammel en nêrens rus vir sy voet kry nie.

Bymekaar passende beendere maar sonder Gees.

Dreunende beendere — sonder gees.

Beendere met vleis, vel en hare wat huid en haar verslind word deur ons sonde.

Of die Gees wel in ons is, of ons wel lewend gemaak is, sal vir ons duidelik word as ons met skrik en bewing die dorre en die doodse in ons eie lewe sien en agterkom en ootmoedig, waaragtig ootmoedig bely.

Die Gees van die Here sal ons oor dié dorheid baie bedroef maak maar ook aktief!

Ons sal lewe in Christus! En Christus in ons!

Potgietersrus se Gereformeerde Kerk — 'n aktiewe, worstelende, vegtende afdeling van die onoorsienbare leërskare van Jesus Christus.

Amen.

# SKYNBEKERING

**LEES:** MATTH. 12:38-45.

**SING:** PS. 25:6; 119:34; 37:15, 16, 17; 86:6.

**TEKS:** MATTH. 12:43-45.

Christus is hier met die Fariseërs besig.

Hy het deur die gesaaides geloop, en sy honger dissipels het van die uitgevryfde korrels geëet. Die uitvryf van die koringkorrels — dit was Sabbatskending, en die Fariseërs kla by Hom!

Die vrome Fariseërs!

Toe — óók op die Sabbat — genees Hy 'n man met 'n verdorde hand!

Daarna kom die beskuldiging dat Hy duiwels uitdryf deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels!

Dat hierdie Fariseërs in hulle selfbedrog en skynbekering deur Christus deur en deur gesien en begryp is, het hulle seker nie geweet nie!

En toe hulle nou bowendien van Hom 'n teken vra, neem Hy die geleentheid te baat om hulle te ontmasker!

Miskien het hulle die ontmaskering nie besef nie — in alle geval het hulle dit nie ter harte geneem nie!

Ons teksverse het dan as inhoud hulle huigelary en hulle skynbekering!

En die tekens die diagnose van die skynbekering is so duidelik dat ons ook elkers weer onsself daaraan moet toets! Skynbekering — sy begin, ons wil dit graag eenvoudig verduidelik, sy voortgang en sy einde!

En nou lê dit nie op ons weg om vir u duidelik te maak wat besetenheid beteken nie. Hier word gesê dat 'n onreine gees uit 'n mens uitgegaan het!

Dié mens was dus besete! Deur 'n onreine gees!

Dit is die leuengees — die ou bekende uit die Paradys se dae — wat vanaf die sondeval beslag gelê het op die wil en verstand van die mens!

Van nature is elke mens van die duiwel besete, in dié sin dat die mens self wil wat Satan wil!

Hy wil die bose en die kwade! Sy wil is onbekwaam vir enige goed en geneig tot alle kwaad. Almal wat buite Christus ronddwaal, word nie beheers en geleer deur die Gees van die waarheid nie, maar deur die duiwelse leuengees!

Daarom word die besetene wat besit is deur 'n leuengees, die simbool, die teken, die beeld van die *natuurlike mens* die *onbekeerde sondaar.* Daarom noem die onreine gees die mens in hierdie gelykenis *sy huis.* Sy huis waar hy heer en meester en oppermagtig was.

Hy sê: Ek sal teruggaan na *my* huis, my eiendom!

Maar nou verstaan ons ook wat daar met Israel gebeur het in die dae van Christus en waarom Christus hierdie gelykenis spreek,

Voor die deur van die huis van Israel het die Seun van die mens verskyn, en Hy begeer ingang, toegang!

Hier het Hy verskyn om die vyandskap te stel tussen die magte van die duisternis en die mens!

En as gevolg van die optrede van Christus het daar iets gebeur!

Dit staan in hierdie gelykenis — ons teksverse.

Die onreine gees het uitgegaan, soekende rus!

Hy soek rus!

Dit wil sê: Dit is vir hom onrustig gemaak; hy geniet nie meer in sy huis die rus van vroeër nie!

Christus in sy verskyning is besig om onder Israel te werk!

Hy klop aan die deur, en die rus daar binne-in word versteur!

Die owerste van die hel weet wat dit beteken en raak benoud!

In 'n huis — hierdie huis van Israel — waar klanke gehoor word van sonde en geregtigheid en oordeel, van versoening en vrede met

God — al word hulle deur die inwoners van die huis nie verstaan nie — in daardie huis kan die onreine gees nie rustig bly sit nie!

Hy besluit om te gaan!

Hy gaan uit en soek rus!

En nou moet ons goed verstaan: Hy word nie deur Christus uitgewerp nie! Hy stap self uit wagtende op gunstiger dae!

*En hierdie uitgaan om rus te soek — dit is die begin van die skynbekering!*

En hierdie begin sal ons miskien agterkom by onsself en ook by ons volk!

Op baie maniere staan Christus voor die deur van ons huis en klop, en klop nie net soms nie maar slaan met harde vuiste!

Vanmore weer deur die dood van 'n bekende en ook deur sy lang lyde wat nou verby is! Maar ook streng persoonlik — Christus klop, en binne-in ons word dit onrustig en vir die bose gees word dit 'n oomblik baie benoud en onrustig!

Christus verskyn op baie maniere en tye voor die deur — maak dit onrustig met dood en beproewing en ramp en droogte en siekte — so onrustig dat die onreine gees trap!

Die onrus in hierdie groot land is die kloppende Christus wat onrustig maak! Die droogtes is die groot Christus in sy liefdevolle verskyning — die volk drom saam biddag op biddag en belofte op belofte. Ons kom kerk toe en hoor die Woord — gebruik nagmaal —, en die onreine gees wyk — soek rus!

Maar dan: Hoe bitter die teleurstelling wat daarop volg!

Die indrukke vervaag; en al het die nood ons 'n oomblik leer bid en al het die Naam God wat ons en ons volk weer op die lippe geneem het, die onreine gees onrustig gemaak; maar as die nood verby is — ook die gebed — skynbekering se begin! Ook in ons Kerk — ook in óns Kerk!

Christus klop! Deur sy genademiddels, Woord en Sakrament — deur opvoeding in godsdienstige huise — die bose Gees word geen

rus gegun nie!

Ook in ons Kerk moet vir skynbekering gewaarsku word!

Ook ons in die kringe van God se verbond moet die vraag stel: Het die onreine gees uitgegaan omdat dit vir hom so ’n bietjie onrustig gemaak is?

Ons moet tog nie vergeet hoe ’n diepgaande verskil daar is tussen die *uitgaan* van die bose en die *uitwerping* van die bose deur die krag van Christus nie!

Net die laasgenoemde kan ’n mens red! U weet, mens kan in die kerk gebore word en grootword, en die evangeliewoord kan ’n rimpeling oor die waters van die hart veroorsaak maar ’n mens nie roer en raak en skok tot op die bodem nie!

Ek kan met die gemeente saamleef sonder verandering van hart!

Ek kan by ’n ernstige siekte staan, by ’n sterfbed, deur een of ander plotselinge voorval, deur ’n preek wat my aangryp en roer en tot die besef kom: So kan dit met my nie langer gaan nie!

Dan kan daar gebed wees en besef van sonde en bewing voor die straf — en dan maak ons dit onrustig vir die onreine gees — ons begin rammel en ruk aan sy kettings en met krag ons inspan om ons lewe te verander!

Ons kan teen ons boesemsonde stry, en ons kan hom selfs oorwin; en dan dink ons alle sonde is nou my vyand en ek wandel in ’n nuwe lewe!

Maar pasop!

Dan kan dit skynbekering wees!

Die onreine gees wyk ’n tyd lank. Hy laat ons wen, dit gaan makliker as by ’n waaragtige bekering wanneer hy uitgesmyt word. Dan worstel hy en wil nie weg nie! Maar hier gee hy toe — en ons dink dit gaan met ons goed!

Skynbekering!

En hier word niemand uitgesonder nie — jonk en oud!

Dit gaan om belangrike dinge — saligmakende bekering!

Elkeen van ons kan gerus hieroor onrustig word — dit sal nie kwaad doen nie!

Laat elkeen van ons met die vraag kom: Is dit ek, Here, wat U hier bedoel!

Skep U tog vir my ’n rein hart, o God, en gee U my tog ’n vaste gees!

En nou in die tweede plek sal u miskien vra: Waaraan sal ek die skynbekering dan herken, en hoe sal ek weet of ek die ware bekering deelagtig is?

Die bekering, broeder en suster, word altyd *deur sy voortgang* geken en gekenmerk!

Ons sal dus die skynbekering beter kan herken in sy voortgang as in sy begin!

Christus teken dit duidelik.

Die huis word uitgevee en versier!

'n Tyd lank lyk alles heeltemal anders!

Die hele huis skoongemaak, alles uitgedra en gereinig.

Oral waar die onreine gees se spore lê, vee die besem! Maar hy vee nie net nie — hy versier ook! Dit wil sê hy laat nie net na om die kwaad te doen nie maar versier ook sy lewe met deugde! Hy streef na die goeie en die heilige!

Dit gaan alles makliker as by die waaragtige bekering.

*Laasgenoemde kla,* die *eerste roem!*

Lyk dit egter alles nie mooi nie — wie sal hierdie vee-proses en versiering nie roem nie!

Tog is daar een woordjie wat alles bederf!

As die onreine gees terugkeer, dan vind hy nie slegs die huis gevee en versier nie maar ook *leeg!* Leeg — Christus raak weer die wortel!

Daar woon nie iemand anders nie! Die onreine gees is wel uit,

maar niemand het sy plek gevul nie! Is dit nie so met baie van ons nie!

Christus het nie intrek geneem in hierdie uitgeveede en versierde huis nie! *Leeg! Dolleeg!*

Daaruit blyk: Die vee en versiering was eie werk!

Leeg — die onreine gees uit, maar die Heilige Gees nie in nie!

Leeg — so sê Christus vir Israel!

Gebod op gebod, reël op reël, geen gemeenskap met tollenaars en sondaars nie, was altyd hande voor ete, regsinnige gebede, uitgevee en versier.

Maar geen plek vir Christus nie!

Dit is die voortgang van die skynbekering!

Hier moet ons ons ondersoek!

Dit lyk alles na die ware bekering — dit mislei ander, dit mislei onsself. Uiterlik geen verskil!

Dit lyk selfs of dit makliker gaan as by ander.

Ons hoor die ander kla oor soveel verderf wat nog by ons inwoon en hoe meer heiliging hoe meer kom die onreinheid na vore!

Maar hulle is reeds versier!

Maar die verskil is dit: leeg!

'n Mooi verfraaide huis, maar hy staan leeg!

Goeie mens, goeie dade, alles mooi, hoog aangeskrewe maar leeg!

Dit wil sê die heiliging was nie die werk van die Heilige Gees nie. Agter die versiering en veewerk en reiniging was daar nie die hand van Christus nie!

Niemand woon daar nie — behalwe die *ek* van die mens!

En hoe verder die skynbekering voortgaan, hoe fraaier word die huis — ek *kry al meer en meer reg buite Christus om!*

By die skynbekering — geen plek vir Christus nie!

Geen skuldgevoel nie, geen behoefte aan versoening nie, genade is onnodig! Die voortgang van die skynbekering is dus 'n skoongemaakte huis, ten volle gemeubileer maar leeg — dolleeg!

En nou, broeder en suster, laat ons ons elkeen stel onder die soeklig van Gods Woord!

Ons neem aan dat ons ook besig is om ons huis te reinig en te versier!

Maar nou is die vraag: Wie doen dit, wie se hand sit daaragter? Wie is die bewoner van hierdie huis? Wie is daar besig?

Laat ons die vraag nog anders stel: Van wie verwag u en ek dit by die voortgang?

Laat God tog gee dat ons so kan antwoord: Ek kry dit hoe langer hoe minder uit myself reg — alles onvolkome en met sondes bevlek. Ek sal nooit oorwin nie! Hoe vreeslik is die mag van die sonde!

Al moontlikheid: Ek moet my werp op die genade van God in Christus met sy deurwerkende Heilige Gees in my huis — Hom smeek om tog nie te laat wat Hy begin het nie!

Dan is u huis nie leeg nie!

Die bekering geen skyn nie!

Dan ook nie sonder versiering nie, want dan is die versiering 'n stille en ootmoedige gees wat baie kosbaar is voor God!

Ten slotte wil ons u wys op die einde van die skynbekering!

Die rustige besit van sy huis het die onreine gees verlaat. Hy soek rus op die plek in die waterlose plekke, in die ordelose woestyn!

Hy vind dit nie, want in die waterlose plekke is daar geen mense waarin hy kan woon nie! Hy sal sy huis wat hy verlaat het, weer opsoek!

Sien u, sy uitgang by die skynbekering was net 'n tydperk.

As Christus uitwerp, is die mens *vir goed* van die onreine gees verlos! So is dit hier nie nou nie!

Ek sal terugkom — so sê die onreine gees!

Die onreine gees was net vir die somermaande, toe dit vir hom te warm was, hoëveld, berge toe!

Hy het nog glad nie afgesien van sy eiendomsreg nie!

My huis!

En toe hy terugkom, kry hy sy huis uitgevee en versier — die ou sondes nagelaat en nuwe deugde aangeleer! Die huis rook nie meer nie, die drinkplekke is reggemaak. En bottels opgeruim.

Sal hy skrik en omdraai?

Nee!

Tragiese saak!

Ons werk, hoe goed ook al verhinder hom nie om in te kom nie!

Die huis is leeg — baie plek en oorgetrekte beddens en gewaste vloere lok hom! Niemand gebruik dit nie — waarom sal hy dit nie gebruik nie.

En as hy in is, sal hy sorg dat hy nie weer in sy rus versteur word nie: hy neem sewe maats met hom saam!

Geeste wat hulle werk ken, slegter as hyself!

Hy wil ons hê!

Daar seker van wees.

Met die self opgeknapte woning is dit spoedig gedaan!

Die mens wat deur eie wilskrag alles ŉ ruk lank in stand gehou het, val in die ou ellende terug!

En die laaste van daardie mens word erger as die eerste!

Hierdie gelykenis het vir Israel waaragtig waar geword!

Christus se verskyning en verkondiging het die onreine gees op die vlug laat jaag; maar toe die ware bekering uitbly, Christus nie aangeneem word nie, keer agt sataniese, besielde duiwels terug, neem besit van hulle huis!

En kyk: hulle slaan Hom aan die kruis en in moedswillige en duiwelbesielde waansin roep hulle sy bloed op hulle hoofde én op dié van hulle kinders!

Vreeslike toename in sataniese verharding by die Joodse volk!

Agt duiwels het hulle nou besit in plaas van een!

So kan dit ook met ons volk word; so kan dit ook met ons word. God spreek en klop, en met tye is daar verandering en beterskap, maar die ware aangryping van die verdienste van Christus bly uit — en wee ons as die leë huis van ons volk betrek word, nie deur één nie maar deur agt geeste — die een slegter as die ander!

As droogte of reën en nood en probleme by ons volk niks anders bring as klaagsang na klaagsang en verwyt na verwyt en nou en dan se bidstonde nie — dan sewe onreine geeste by by die eerste. As hierdie dinge en dinge wat wag, geen bekering bring nie, *dan bring dit agteruitgang).* Wee ons as ons volk in daardie dag as agt bose geeste op ′n ry met ereboë en funksies en feeste intog neem in die leë huis van ons volk.

En behalwe met ons volk kan dit so met ons ook gaan! Die einde van sy skynbekering kan ook óns deel wees!

Ek mag bekeerd lyk, kerklik, vroom, gereformeerd, godsdienstig, my huis binne en buite uitgevee en skoon en versier met mooi deugde en goeie werke; maar as my hart nie in waaragtige begeerte uitgaan na Christus nie, dan sal die laaste erger wees as die eerste!

As iemand die Here nie liefhet nie, laat hom ′n vervloeking wees!

Broeder en suster, dit is só ontsettend gevaarlik om Christus nie aan te neem deur die geloof nie!

As my hart Jesus Christus nie soek nie, dan is dit skynbekering, en dit is onbekeerd!

En onbekeerdheid bring verharding! Sewe geeste kom by! Aanval op aanval wat almal slaag!

Ek raak al vaster aan die sonde!

Al minder vatbaar, al stomper!

Die Woord spreek nie meer vir my nie! Die duiwels klim dan by die vensters in!

En die allerlaaste — die allerergste — met ′n leë hart die donker

duisternis in!

Daar word dit waar: die laaste van daardie mens sal erger wees as die eerste!

Wat sal ons nou vir u sê, broeder en suster! Sal ons sê: Breek jou boeie, dan sou ons spot met u en my onmag!

Daarom — geboeide, gevangene van die onreine gees — na Christus toe!

Sê vir Hom hoe u is. Sê vir Hom dat u dood en koud en leeg is! Sê alles vir Hom!

Sê Hom u kan dit nie sê nie! Maar praat en moenie swyg nie! U ken Maria Magdalena — Christus verlos haar nie van een nie maar van sewe!

Sou dit vir u hopeloos wees!

Ken u die besetene tussen die graftes — nie een of sewe nie maar ’n legio uit hom uitgedryf!

Sal daar dan vir u en my nie hoop wees nie!

Pleit om genade! En stry, ja, stry en worstel hard maar nie in u eie krag nie!

U en my krag is geen krag nie — dit is deur die sonde verbreek!

Gee strydende u saak oor in die hande van Christus, sodat Hy dit vir u volbring!

Dan word die sierade van my huis en die pragtige geregtighede van my hart ’n wegwerplike kleed!

Dan is dit goed!

So alleen kom Christus in my huis om daar te kom woon!

Hy reinig dit deur sy Gees en versier my met sy genade!

Dan wandel u in ware bekering ootmoedig voor sy aangesig!

Amen.

# 'N HERVORMINGSDAAD WAT PAS BY ELKE HERVORMING

**LEES:** DEUT: 7:1-11.

**SING:** PS. 92:2; 119 :53; 7:1; 26:1, 2.

**TEKS:** RIGTERS 6:25-32.

---

Gister was die datum 31 Oktober 1959. Vandag gedenk ons dus die Hervorming. Maar onthou u ook die reguit en skerp woord van Jesus Christus uit Mattheüs 23: "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges; en julle sê: As ons in die dae van ons vaders geleef het, sou ons geen deel met hulle gehad het aan die bloed van die profete nie. Julle gee dus teen julleself getuienis dat julle kinders is van die wat die profete vermoor het. Maak die maat van julle vaders vol! Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug!"

Wat Christus bedoel, is duidelik: Hulle bou monumente en verfraai die graftes van die vermoorde profete en sê daarmee: Ons breek die gemeenskap met ons bose vaders totaal af; en intussen — 'n goddelike intussen — staan hulle gereed om Christus, die getroue getuie van God, én sy apostels te vervolg en te vermoor.

Skrille, skrille kontras tussen woord en daad, handeling en gesindheid — vroom gebare en innerlike verrotting.

Vandag en gister bou en verfraai ons ook saam met die ganse Protestantse wêreld die grafte van die profete en die monumente van die regverdiges. Die Hervorming, wat begin het op 31 Oktober 1517, is vir ons nie 'n afgedane saak nie. Van ons word gevra, behalwe die grafteversiering van die Hervorming, of ons bereid is om dieselfde spoor te volg, of verloën ons dié erfenis met woord én daad?

Ons is ook in staat — baie maklik — om soos die Fariseërs te handel oor wie Christus die verskriklike: Wee julle! uitroep. Ons moet ons kerklike lewe en persoonlike lewe gaan toets aan die

beginsels van die Reformasie.

Wat besiel die Hervormers? Waarteen het hulle geprotesteer? Hulle het selfs meer as een keer hulle beroep op ons teksverse om hulle in die geweldige stryd voor God en mens te verdedig. Op die vrae is daar duidelike antwoord in Gideon se hervormingsdaad, wat ŉ voorbeeld is vir elke reformasie.

Wat, sou mens sê, was die toestand van die kerk in die tyd voor Gideon se optrede? Algehele deformasie — totale verval. Gehoorsaamheid aan die wette wat Moses van God ontvang het, is ingeruil vir allerhande afgodiese gebruike. Ja, die ark staan nog in die middel van die land, in Silo! Maar op elke werf is daar altare en afgodsbeelde aan Baäl en Astarte gewy.

Die swerwende volk Israel het hom kom vestig, en hulle word landbouers, en ŉ landbouer van dié tyd kom kwalik los van die Baäldiens. Al die oesfeeste word gewy aan Baäl en sy vrou Astarte, gode wat alleen vrugbaarheid kon gee. Onder die heidene van Kanaän en ook onder die Israeliete later word daar geen bruilof gevier, geen land geoes, geen wynoes getrap nie of daar word geskenke gebring aan Astarte se heilige paal: ŉ Boomstam waarvan die takke afgekap is en naby Baäl se altaar stewig ingeplant. Die ou, sinnelike, en bygelowige natuur van die Israelitiese volk, wat slegs met die *uiterste inspanning* die heilige erediens van Jahweh en wat sonder inspanning die sinnelike en wellustige diens van die afgode soek, hulle het in hierdie donker dae totaal en geheel vir die verleiding in Kanaän beswyk.

Die ark vergete — maar die rook trek op vir die afgode op die hoogtes. Totale verval — algehele deformasie! En daarmee word ook die toestand van die Christelike kerk voor die optrede van die Hervormers geteken.

Die verskriklikste word op sedelike gebied aangetref en selfs gewettig. In die bisdom van Konstanz word daar in opdrag van die biskop deur elke priester vir elke kind ongeveer £2 betaal, en hierdie kerklike belasting bring jaarliks minder as £2,000 op. In 1567 getuig ŉ Roomse priester dat uit 200 priesters slegs 6 ŉ kuise lewe voer.

As die herders van die kudde dit doen, wat doen die arme skape nie. Die geestelike onkunde was ontsettend! In ŉ hele Switserse

klooster is daar net een gevind wat die Nuwe Testament deurgelees het. Calvyn self sê: Die waarheid van God lê onder ontelbare leuens begrawe, sodat al God se instellings deur die allerskandelikste besoedel was. Die mag van Christus het totaal verword en teuellose tirannie van goddelose mense en priesters geword, en in plek van die ware Christendom het ingetree ŉ afskuwelike ontwyding van al wat heilig was. Geen wonder dat die Hervormers dié tyd vergelyk het met die tyd van die Rigters nie.

In die rigtertyd en in die tyd voor die hervorming was daar maar één uitredding, één hoop: *algehele, grondige* reformasie. En dat hierdie reformasie in Gideon se dae gebeur het, was net te danke aan die ingrype van God self.

Eers tugtig die Here sy volk met die Midianiete. Sewe jaar lank. Honger en verdrukking laat hulle roep, maar ŉ onbekende profeet gésel hulle met God se Woord en bied geen uitredding aan nie. Maar toe word Gideon geroep. Neem ŉ bul van jou vader. Breek die altaar wat jou vader vir Baäl gebou het, af! Kap die heilige paal om. Bou dan vir die Here ŉ altaar op die hoogte van dié versteekte plek. Neem die tweede bul, die hout van die paal en offer aan die Here!

Skerp en baie duidelik word in hierdie woord van die Here die fondament ontbloot waarop elke reformasie in die kerk van Christus moet rus. In hierdie naggesig van Gideon word juis daarom sy taak so in besonderhede omskryf, sodat God se woord, God se bevel die enigste reëel en rigsnoer vir sy hervormingsdaad sal wees. Hy mag in sy hervormingswerk nie self die pad en die manier bepaal nie. God se Woord en dié alleen moet hom lei.

En dit was ook die grondslag waarop Luther en Calvyn hulle hervorming van Christus se kerk aangepak en deurgevoer het. Gehoorsaamheid aan God se Woord was die hervormingsmaatstaf. Die Roomse teenstanders het die twee Hervormers verwyt dat hulle met die Roomse Kerk gebreek het ter wille van die sedelike ontaarding en verval in dié Kerk. Dit het die ou profete nooit gedoen nie — ook nie Paulus met Korinthe nie — net om die band deur te sny met die kerk omdat daar allerhande skandale plaasgevind het nie. Nee, dit is nie dit wat Calvyn en Luther tot hervorming dryf nie, maar dit: die lig van die Goddelike waarheid was uitgeblus, die Woord van God

begrawe en die krag van Christus deur diepe vergetelheid en uiterlikhede bedek. En om daarmee vrede te hê was vir hulle niks anders as die verloëning van die waarheid nie.

Hier kon nie meer met lydelikheid en geduld gewerk word nie. Maar wanneer die leuen ingedring het tot in die fort van die godsdiens, dan is die breuk met sulke geestelike leraars en voorgangers nie deserteer, geen vlug of weglopery nie maar die navolging van die banier van Jesus Christus en *dit alleen.* En Luther weerlê die beskuldiging deur te sê: As dit met God se glorie en eer reg is in die Roomse Kerk en die regverdiging deur die geloof alleen al weg is en al weg bly — ook van die Roomse Kerk —, dan wil ons die pous nie net op die hande dra nie maar ook sy voete soen. Maar, omdat die evangelie verduister word, daarom is ons sonder ophou weerbarstig teenoor die Roomse Kerk.

En dit was ook die enigste rede vir ons afskeiding 'n honderd jaar gelede. Gehoorsaamheid aan Gods Woord alleen en die onvoorwaardelike handhawing van Christus se evangelie en die louter genade wat daar in Christus is, het die afskeiding gebring. En ook vandag moet elkeen en almal wat wil reformeer, hierop steun. As God se stem duidelik opklink: Doen só en só, dan het ons geen keuse nie, dan moet ons, al is dit ook soos Gideon, in die middel van die nag opstaan en dit doen wat die Here sê en sy gevraagde offers bring.

Gideon gehoorsaam die bevel van die Here. Hy gaan in die nag omdat hy die manne van die stad vrees. Net hy wat homself nie ken nie, sal hieroor verbaas wees.

God se geloofshelde is net sterk in die geloof, 'n geloof wat aan die Here nie ongehoorsaam wil wees nie. Maar die geloofsheld is ook bang, maar juis held om nogtans te doen in die geloof al is hy bang in homself. Voor die Ryksdag van Worms staan Luther onverskrokke: Hier staan ek, ek kan nie anders nie. Maar sy vriend vertel ons van die voorafgaande dae en nagte! Luther — bewend — op sy knieë om krag af te smeek.

So ook met Gideon. Daar is in hom niks van Goliat, wat sy vyande uitdaag met 'n brute brutaliteit nie.

Maar hy gaan, gaan as almal rustig slaap, en weldra klink die eerste geloofshou van sy byl in die stil nag op. En die heilige paal

val. Die altaarstene sit vas, maar hulle skeur in die nagstilte die blokke los. Hier sal geen geskenk meer gebring word vir die vervloekte Baäl en Astarte nie.

Maar die las wat die Here iemand oplê, is nooit net negatief nie. Alle ware, egte reformasie bly nie net beperk tot afbreek nie maar kom ook daartoe om te bou.

Baäl se altaar is weg — die Here s'n herstel. Hoog op die top dat elkeen uit die vlakte dit kan sien. En dan word die heilige paal se hout — hoor u die heilige ironie van God? — op die altaar van die Here gerangskik en die sewejarige bul as brandoffer toeberei. Heilige offervlamme aan die Here.

Afbreek én bou — die kenmerk van alle ware reformasie. Nie uit begeerte tot revolusie nie maar uit gehoorsaamheid aan die Here word dit volbring.

Wat moes die Hervormers nie alles afbreek nie? Beeldediens, verering van heiliges, aflaathandel, die oorbieg, die misoffer. Maar terselfdertyd bou hulle op. ʼn Eenvoudige erediens waar daar in die midde staan die verkondiging van die volle evangelie van genade — geen tierlantyntjies, geen hulpmiddels nie. Hulle herstel die tug oor leer en lewe. Hulle roep op tot selfverloëning om die sonde te ontvlug, die geregtigheid na te jaag en hulle vlees met hulle werke te kruisig.

En ons? Pas op dat ons nie grafte versier en monumente bou vir die Hervormers en tegelykertyd met ons lewe hulle werke verloën nie. Ook in ons persoonlike lewe word ons opgeroep tot afbreking en opbou, getrou aan die bevel van die Here. Afbreek — dit staan eerste. Nie wild en breed nie maar beskeie en opreg in die nood wat die Woord van God aan ons oplê. Afbreek — ook dié altare waar ons rook laat opgaan vir die gode van ons tyd. Astarte is nog daar, al het sy nou ʼn rok aan en twee prinsesse wat haar bystaan. Baäl is nog daar as mense wat nooit kerk toe kom nie, met biddae om reën die kerkgeboue volstroom. Die altaar van die Here kan ook vandag op ons hoogtes nie gebou word as Baäl se altaar onafgebroke bly staan nie. God en Baäl, Christus en Astarte, waarheid en leuen gaan nooit saam nie.

Die vuur van die hemel val nie op ons altaar as die afgodsaltaar ook in ons lewe bly rook nie. Hy wat sy lewe van selfverheerliking en wêreldgelykheid wil behou, sal dit verloor. 'n Vriend van die wêreld vandag is ook 'n vyand van God.

Net deur strenge en ernstige selfverloëning, alleen deur te breek met die sonde, net as die altare van wat die wêreld bied, weggeneem word, is die toegang tot die ryk van die genade wawyd en barmhartig wyd oop.

Maar daar moet ook gebou word. Van afbreek alleen kan die Christendom nie leef nie. Ons moet die altare bou op die hoogtes van ons lewe waar offervure brand wat God verheerlik. En so moet dit dan ook die ideaal wees van ons Kerk. Geen Baäl-altaar op die heuwel van ons lewe nie. Geen samevoeging van leuen en waarheid op ons kansels nie. Geen heerskappy van mense in ons kerklike vergaderinge naas die koningskap van Christus nie.

Geen saamvoeging van yster en klei in ons Christelike lewenswandel nie. In die vuur, broeders en susters, in die vuur met alle gierigheid en mammonsdiens. Met dubbelhartigheid en hoogmoed. En oral waar dit in kerk en samelewing so ons volle erns is, bly die geseënde uitwerking nie weg nie.

Kyk weer na Gideon se daad. Dit was nog skaars lig, toe Baäldienaars by die afgod die son gaan begroet en inwag. Maar weg is die heilige paal en anders is die altaar wat daar staan. Dansende vlamme op die altaar waar daar aan die Here geoffer is. Toe spring hulle om — die nuus versprei soos veldbrand. Daar word gegis, gevra: Wie het dit gewaag? Gideon, die seun van Joas, se naam word gefluister, toe opstandig uitgeskreeu. En toe voor Joas se huis! Jou seun, Joas, dadelik! Hy moet sterwe! So ver het dit gevorder onder die volk en kerk van die Here. Die dood geëis vir die handhawer van God se eer. Volgens God se wette moes die afgodsdienaars sterf. Maar die kerk wat wêreld geword het, draai dit radikaal om.

Wie aan God getrou bly, moet sterwe.

Kyk hoe skreeu die massa by Gabbata!

Ons het 'n wet en volgens dié wet moet Hy sterwe.

En daarna — Bartholomeüsnag! Die Roomse inkwisisie!

Die tagtigjarige oorlog!

Die tyd sal kom dat elkeen wat julle doodmaak, sal dink dat hy ŉ diens aan God bewys. Maar andersyds word elke keer geopenbaar hoeveel seën God uitstort as sy geroep tot hervorming gehoorsaam word. Gideon se nagtelike daad bring ŉ positiewe en totale ommekeer in die hart van sy vader teweeg. Joas, patriarg van Ofra, was jare lank ŉ weifelende en lafhartige man. As die Here algemeen gedien was, sou hy ook die Here gedien het. Maar nou dat die publieke opinie vir Baäl en Astarte kies, sê hy: Ek maak ook só. Hy durf dit nie teen die stroom in nie en bou self ŉ altaar vir Baäl en rig ŉ paal op vir Astarte. Maar Gideon se hervorming skud sy sluimerende gewete wakker. Hy gooi sy halfhartigheid en weifeling ferm af en kies kloekmoedig vir die Here.

Is dit nie geloofstaal nie?

Wil julle, so roep hy die krysende menigte toe, vir Baäl veg? Wil julle hom dalk help?

Die spot in sy woorde betuig sy finale breuk met die verlede.

Die menigte raak weer opgerui, maar die oue Joas ken geen toegewing nie. As hy ŉ god is, laat hy vir homself veg omdat hy sy altaar omgegooi het.

En toe word dit stil — die skreeuende monde swyg. Die daad van Gideon het ŉ ryke, de uitwerking. Sy vader breek met Baäl en alles wat Baäl is. Maar die seën werk nog verder deur. As dit aand word en geen onheil het Gideon getref nie, verander ook die gesindheid van die volk. Die afgodsverering van Kanaänitiese gode maak plek vir die diens van die Here, die God van Israel. Gideon se hervormingsdaad word ŉ keerpunt vir huis, kerk, staat.

Hoef ons die seëninge van die reformasie breedvoerig uit te beeld? Ken u die verrassende uitwerking van die 95 stellinge wat vasgeslaan word op die deur van die Wittenbergse slotkerk. Binne ŉ week lees en ken die hele Duitsland dit. Enkele maande — sonder radio en pers — praat die hele Christelike wêreld daaroor. Die saak van kerkhervorming wat deur die Here bewerk is in die hart van Luther, word in korte tyd ŉ brandende vlam dwarsdeur die

beskaafde wêreld. Dié seën wat om Gideon sirkel in altyd wyer kringe en om Luther en Calvyn, is ook vir ons weggelê as ons in hulle voetstappe wandel. Waaragtige godvrugtigheid, waar dit ook al bekend raak, bly nooit sonder uitwerking ten goede nie. Dit steek aan die brand! Dit werk deur. Dit laat harte brand en lewe.

Ons moet God bid dat ons elkeen afsonderlik en almal saam sy Goddelike roepstem tot reformasie hoor in sy Woord — 'n reformasie wat inwerk en inywer teen alle dubbelhartigheid, weifeling, valse gerustheid. Laat ons soos Gideon op Gods bevel, God se opdrag in sy goddelike getuienis, die altare van Baäl en die pale van Astarte breek en omkap in ons lewe, in ons gesin, in ons gemeente, in alle kringe waar God ons tot reformasie en tot getuienis roep.

En laat ons terselfdertyd God se altaar bou op 'n duidelike plek, sodat baie vir Christus gewen kan word en sodat elke Baälskneg en Astartediensmaagd weet: Hierdie is 'n gelowige wat voor die afgode van hierdie eeu nie kniel nie!

En dan ondervind my vader, man, vrou, huis, kerk, staat seën en genade van verandering, bekering en reformasie.

Amen.

# “DIE VERLORE SEUN”

**LEES:** HOSEA 6.

**SING:** Ps. 92:1; 119:63; 46:1; 40:2,

**TEKS:** HOSEA 6:1 en 2.

Hy wat nog nooit ŉ verlore seun was of nooit een sal wees nie, is verlore!

Uit die gelykenis in die Nuwe Testament van die verlore seun was dit nie die verlore seun wat verlore, volkome verlore was nie, maar die tuisblyer, die seun wat al die jare na ŉ bokkie verlang het om saam met sy vriende fees te vier!

Hy is die ware verlore seun!

En hier in die Ou Testament het ons ook ŉ verlore seun wat nie tuis gebly het nie!

Sy goed, sy erfporsie geneem, dit vir hoere-arbeid verkwansel het en by die varke tereggekom het!

In ons teksverse staan die verlore seun van die Ou Testament dan voor ons oë!

Sy naam is Efraim!

Die seun van die Nuwe Testament se naam weet ons nie eens nie!

Hier is dit Efraim!

Op hierdie oomblik wat Hosea dié woorde neerskryf, is die seun nog tuis!

Maar met sy versiende oë sien die profeet hom reeds in ŉ vergeleë land in ballingskap en hoor die profeet die seun aan sy medeverlore broers sê: Kom en laat ons terugkeer tot die Here!

Dit is dus presies dieselfde wat Christus die verlore seun laat sê: Ek sal opstaan en na my vader gaan!

En om dit te sê, daartoe kom ŉ verlore seun nie so maklik nie!

In alle waarheid nie!

Hy sal dit selfs eers by die varke probeer, en dan eers as hy heeltemal sag gemaak is, totaal neergeslaan is en alle stutte verbrokkel het — dan eers kom hy tot homself, staan die beeld van sy vaderhuis sterk in sy herinnering op!

Voorlopig soek Efraim nog genesing vir sy krankheid by Assur en by kwaksalwer koning Jareb.

Maar daar sal geen genesing kom nie! Inteendeel, dit word al erger!

Efraim moet die swaar pad Noorde toe in, die ballingskap in!

En dan, as die nood op sy hoogste is, as die hele volksbestaan verbrokkel is, in 'n vreemde land met enkel vreemdes om hulle — dan sal hulle weer aan die Here begin dink!

Eindelik!

Eindelik by die varke!

En Hoséa hoor by voorbaat die skerwe van die gebroke hart uitmekaar val!

Hulle het tot hulleself gekom!

Dit is wel nie mooi en volkome in orde dat hulle dan in die hoë nood eers die Here gaan soek nie!

Dit lyk so of God alleen maar 'n tehuis vir daklose mense is!

Maar dit is beter om tog te kom as om glad nie te kom nie! En die Here is baie barmhartig! Hy wil Hom ontferm oor hulle wat, deur die nood gedrywe, hulle tot Hom om troos begewe! As Hy maar net sy kind terugkry!

En as die teruggekeerde kind maar soveel geleer het dat hy nie weer wegloop nie!

En Efraim is nie van plan om dit weer te doen nie!

Hy beloof plegtig: Ons wil voor sy aangesig lewe!

Dit wil sê naby die huis bly en nie weer onder die oog van die Here uitgaan nie!

Hier staan ons dan by die opregte dankbaarheid waarmee die hele ommekeer van die afgode af en die terugkeer tot die Here afsluit!

Want dit, broeder en suster, is ou feite! Daar is mos drie dinge nodig om getroos te lewe én te sterwe!

Ook hier by Efraim het die kennis van hulle ellende en die verlossing vooropgegaan!

Al drie dié dinge moes Efraim langs ŉ baie smartlike weg leer, en daarin raak ŉ mens nooit volleerd nie!

Die ellende!

Hulle sê mos hulle wil terugkeer tot Hom wat geslaan het! Daarin lê die ootmoedige belydenis opgesluit dat hulle die Here verlaat het en die slae ten volle verdien het.

Dit is of hierdie ŉ vroeë Kategismus is wat deur Hoséa opgestel is.

Eers die uitvlugte na baie kante toe!

Het God hulle nie so verkeerd geskape nie!

Doen God die mens geen onreg aan nie!

En dan kom die bekentenis!

Aangesien ons ewige en tydelike straf verdien het, is daar ŉ weg, ŉ middel waardeur ons kan vrykom van dié straf! Én genade mag ontvang? Hier is dit die verlore seun!

Ek het gesondig!

Die tollenaar: O God wees my, sondaar genadig!

Die moordenaar: Ons ontvang volgens wat ons verdien!

Efraim het in die ballingskap sy ellende leer ken!

Dat dit van ons in alle waarheid gesê kan word!

Dat ek my ellende ken!

Daar is geen vak waarin ons minder kennis het as in hierdie een nie!

En juis 'n vak waarin kennis, goeie kennis, deeglike kennis uiters noodsaaklik is!

Dat ek my sien soos God my sien sonder Christus!

Dit is ellendekennis!

Dié een wat hom so ken, sal en moet Jesus Christus voor hom intrek!

Dat Christus hom bedek!

Dat ek so na moontlik daaraan kom om my te sien soos wat God my sien sonder Christus!

Bly dan onbewoë!

Bly dan regop staan!

Roep dan nie na verlossing nie! Maar vir Efraim is daar ook verlossing!

Dit staan by hom vas!

Dit word 'n lied!

Dit kan ook nie anders nie, want vir 'n waaragtige ellendige vir wie die dagbreek van verlossing deurskemer, dié sing, hy juig!

'n Lied — luister!

Hy het verskeur en sal ons genees! Hy het geslaan en sal ons verbind! God sal vader én moeder wees! Met sagte moederhande die wonde verbind!

Die verlossing!

Efraim peins ook nie soos die verlore seun nie: Maak my tog maar 'n huurling!

Hy weet dat dit 'n belediging vir die vaderhart moet wees! 'n Seun wat bedel om 'n kneg te word!

En om huurling te wees is om deur en deur Fariseër te wees!

Self verdien — self werk!

Deur harde werk goed maak wat verderf en bederf was! Gelukkig het die verlore seun self later ingesien dat dit mis is! Hy het hom wel

voorgeneem om dit te sê maar het dit nie gesê nie!

So wag daar dan vir Efraim verlossing!

Hy gaan selfs sover dat hy die verwagting uitspreek dat die verlossing so gou moontlik moet kom! Hulle sê: Hy sal na twee dae lewend maak en op die derde dag ons laat opstaan! Ons sou sê: na ʼn dag of twee, drie!

Hulle glo dus aan ʼn wonder. Want as ʼn sieke sover heen is dat hy weer lewend gemaak moet word, uit die dood teruggehaal moet word, dan is dit ʼn wonder!

Wonderlik!

Maar nog wonderliker as hulle glo dat die genesing, die lewendmaking in ʼn minimum tyd sal plaasvind!

Gewoonlik gaan dit anders — die siekte kom met ʼn motor maar vertrek te voet!

Was Efraim se verwagting nie baie ligsinnig en stap hy nie maar oor die erns van die sonde heen nie!

Is dit nie verkeerd om te dink dat as hulle tot die Here terugkeer, dit een, twee, drie in orde sal kom nie!

Tog nie!

Vir alles het Efraim en ons en elke ellendige sondaar ʼn belofte. Dit hang — dié beloftes — in die Skrif soos geelryp druiwetrosse.

Jesaja sê byvoorbeeld dat daar ʼn kort tydjie was in sy toorn maar ʼn ewigheid in sy goedgunstigheid.

Vir God se kinders en sy volk raak God se toorn weg soos reëndruppels in ʼn see van water!

Daarom klink die lied van Efraim se geloof geen noot hoër en geen noot laer as dié van God se beloftes nie.

Die geloof mag nie meer vra as God se beloftes nie. Maar ook nie minder nie!

Die Woord soek na woorde om te kan uitdruk hoe barmhartig God wel is.

Hy vergeef van harte!

Hy vergeef menigvuldiglik!

Hy haas Hom om te help!

Die verlore seun kry nie eers 'n proeftydperk — selfs nie van een of twee dae nie. Daar is by die vader nie die minste aarseling of hy die seun wel weer sal aanneem nie.

'n Omhelsing, 'n soen, die beste kleed, geslagte kalf, 'n feesmaal — alles in een asem!

Dadelik!

God is goed — goed vir 'n ellendige.

Vir die verlore seun wat terugkom.

Efraim, jou termyn van een, twee, drie dae is nog baie lank!

So kom die verlossing ook vir ons: by sondebesef, by terugkeer, by berou, by ellendeparsing is God dadelik daar!

My seun — my dogter!

Maar klaar vir die fees — hemele — engele — sterre! 'n Seuns was verlore en is gevind!

Maar vanselfsprekend volg ook die dankbaarheid.

As die wonde verbind is, die skeurplekke liefderyk verpleeg, kan dit nie anders gebeur dat die voorneme van die hart woorde en beloftes word nie. Sodat ons voor sy aangesig kan lewe.

Dit is die taal van die waaragtige bekering én die ware dankbaarheid!

En uit twee dinge blyk Efraim se bekering.

Die lewe voor God se aangesig is 'n lewe in kontak met Hom, en dit is nie moontlik as dié kontak nie eers gesoek is nie. Dit stryk nie om mét God te wandel as mens nie eers na God toe gekom het nie! Tot nou toe het Efraim dit nog nooit gedoen nie!

Nog nooit God se aangesig gesoek en dus nooit probeer en dit gewaag om God in die oë te kyk nie!

Hy het wel gebid, maar dit was niks meer gewees as 'n vou van

die hande en ’n toemaak van die oë nie!

Dit kan nie bid genoem word nie — want bid, bid is ’n soeke van Gods aangesig, ’n nederige naderkruipe in Jesus Christus onder God se kykende en speurende oë in! Bid is ’n opsoek van God se oë!

Maar Efraim bid nie so nie! Hy soek nie God se oë nie, ook nie sy hande nie maar die gawes wat hulle in God se hand bevind!

Dus was vir Efraim én vir ons — ja, waaragtig vir ons — die milde hande van meer betekenis as die vriendelike oë! Gedurig met vlammende oë op wat God aan te bied het — maar vir die res, so dink hulle, kon hulle goed sonder die Here klaarkom!

Soos wat die Here aan Moses gesê het dat Hy ’n engel voor Israel sou uitstuur wat alle vyande sal verdrywe en hom in besit sou stel van die beloofde land — maar God se aangesig self sal nie saamgaan nie!

In ons tyd en Hoséa se tyd sou ons trompop gesê het: Ons gaan!

Die vrugbare wingerd-heuwels en die groen dale en die vol parskuipe en oorvol skure — ons gaan!

Dat God se aangesig nie saamgaan nie — nou ja!

Maar Moses weier!

Hy wil liewer in ’n kale, barre woestyn lewe maar voor God se aangesig, as in die beloofde land sonder sy aangesig! En so het in die Christelike letterkunde die vrome Thomas a Kempis ook gesê: Wat U ook gee, is alles nietig en onvoldoende as dit nie Uself is nie!

Heeltemal terug!

Want hy wat die gawes het sonder die Here en sy aangesig, is doodarm!

En so word dit nou gelukkig ook by Efraim!

Vir hom is die enigste nie meer voorspoed en geluk nie maar God se aangesig!

Hulle wil leef voor sy aangesig.

En dit word dan ook in die tweede plek die bewys van hulle

waaragtige bekering.

Hulle wil voor God se aangesig leef! leef! leef!

Efraim wil tuis bly. Nie meer weg onder die Vaderoog uit nie.

Nie meer die verre en vreemde nie — daar het hy genoeg ellende gesien!

Hy sal ook nie vra vir ŉ bokkie, ŉ slagbokkie om met sy vriende vrolik te wees nie — soos die oudste broer.

En daarmee het dié broer gesê: Die huis, die vaderhuis is nie alles nie! Daar het hy nie alles nie. Hy was dus meer kneg as seun in die huis!

Efraim verstaan dit goed: die dankbaarheid beteken dat ons met ons *ganse lewe* ons dankbaarheid sal bewys vir God se weldade.

Die lewe van bekering is nie om God se aangesig te *soek, te soek* op vasgestelde tye in die kerk en om daarna eie pad te kies en ver van God die weelde te soek nie!

Die soek van God se aangesig is nie ŉ hoogtepunt hier en ŉ bergspits daar in die laagvlakte of leegte van ons lewe nie!

Ons hele lewe word hoogvlakte!

Ons hele lewe tot God opgehef voor sy aangesig!

Die soek van God se aangesig word heerlik so breër en breër dat dit ŉ lewe word voor sy aangesig.

En dié lewe voor God se aangesig beteken nie alleen rus, rus nie, rus onder God se oë wat nooit sluimer nie.

Maar dit beteken ook beheersing — kontrole.

God se aangesig sien my oral — huis, slaapkamer, in my werk — hier in die kerk.

En dit is nie swaar vir die gelowige nie — gedurig voor God se vriendelike oë!

Hy is geen kneg wat skelm word as die heer nie by die huis is nie!

Hy is kind en besig met liefdediens. Die lewe is vir hom dus ŉ lus, ŉ vreugde om voor God se aangesig te lewe.

Dit is ons Godsdiens — om voor God se aangesig te lewe!

Min van ons doen dit!

Soek — dit doen ons nogal!

Maar daar lewe! Nou ja!

In die begeerte om voor God se aangesig te lewe word daar twee dinge onderskei: ware geloof en tydgeloof.

Die tydgelowige wil graag by die Here kom, maar nie daar bly nie.

Hy het seker nie daaraan gedink dat om die Here te volg beteken om sy kruis op te neem nie! Hy wil één myl met sy naaste saamstap.

Twee myl is te veel!

Dit is vir hom nie moontlik om sy oog wat hom skade doen, uit te ruk nie!

Op die lang duur word die eise van God se woord te veel, dit irriteer — dit sit hom in die krop; en kom die tug, kom sy bedanking!

Want om voor God se aangesig te lewe beteken ook: die kaal voete te sit op die gloeiende altaarkole, om lewend verteer te word in die diens van die Here!

En dit is dan die lewe waartoe Efraim opgewek word én ons! En as ons daaraan dink: Hy sal ons na twee dae lewend maak en op die derde dag laat opstaan — dan staan Christus voor ons oë.

Deur Hom alleen is alle opstanding, nuwe lewe moontlik.

Hier is eintlik, met Hoséa se mond, Christus aan die woord — Hy wat geskeur, deur God geslaan was maar na drie dae weer sal opstaan!

En ons twyfel nie daaraan dat Christus die harte van die Emmaüsgangers laat gloei het deur die uitlegging van hierdie teks nie. Alleen deur hierdie opstanding van Christus, die Hoof, was die opstanding van Efraim, die liggaam, moontlik.

Watter nut het Christus se opstanding dan vir ons?

Is ons ook daardeur opgewek tot ŉ nuwe lewe?

*'n* Nuwe lewe voor sy aangesig! Kom u dit by uself agter? Nuwe lewe, nuwe lewe soos kostelike, nuwe fonteine! Nuwe lewe om voor sy aangesig te lewe!

Dié lewe is die ware lewe!

In beginsel die ewige lewe! Waar dit in alle waarheid van aangesig tot aangesig sal wees!

Hoe staan dit met ons?

Lewe ek voor God se aangesig?

Of is ek soos 'n slegte seun uit ons tyd van jeugmisdaad wat saans by die huis wil slaap — by die goeie vaderhuis —, maar bedags is die teerpaaie van ongeregtigheid die bêreplek van sy lewenswandel?

En wat is u godsdiens en myne nou eintlik?

Het ek opgestaan in Christus tot 'n nuwe lewe?

Of soek ek in eie kragte in my benoudheid of uit gewoonte so nou en dan die aangesig van die Here!

Amen.

# 'N BRIEF WAT HARD SLAAN

**LEES:** OPENBARING 3:1-6.

**SING:** PS. 65:2; 119:37; 86:6; 91:1.

**TEKS:** OPENBARING 3:1-6.

---

Nog ŉ brief — die vyfde brief van Christus wat in die hemele woon, nou aan Sardis gerig en aan die Gereformeerde Kerk van Potgietersrus.

Nie ŉ maklike saak om ŉ brief te ontvang waarin prontuit die waarheid vertel word nie!

Ons skryf soms só ŉ brief en pos hom met ŉ valse gevoel van verligting!

Maar Christus skrywe nooit die waarheid in so ŉ gesindheid nie.

Sy bedoeling met ŉ harde woord en striemende brief is om ons op te wek tot bekering en nuwe lewe.

As Hy hard slaan, moet die slae by ons uitwerk die erkenning: Ek dank U, Here, dat U toornig op my gewees het!

Christus slaan wel hard, maar sy hande skenk genesing!

En in die gesindheid val die eerste woorde: Jy het die naam dat jy leef maar jy is dood!

Sardis se kerk was in hoë aansien by die mense.

Puik gemeente!

En alles was rustig!

Van buite af geen verdrukking nie.

Van binne af geen kettery en valse leer nie.

In die ander kerke het Satan die gemeentes gekasty!

Maar Satan laat Sardis skynbaar met rus.

En met die jongste kerkvisitasie was daar ŉ skitterende rapport!

Voorbeeldige, rustige gemeente!

Maar Christus doen op sy eie manier visitasie. Hy kyk verby die rapport van die twee oudste predikante in die klassis. Sy visitasierapport nadat Christus gewandel het in die huise, gesit het aan die eettafels, ingekyk het in die binnekamers van die lidmate, by was by die oggend- en aanddienste van die gemeente: Jy het die naam dat jy lewe, maar jy is dood!

Christus sien ook rus en kalmte in Sardis maar diagnoseer dit as die stilte en rus van die dood!

'n Kerkhof stilte!

En as Satan deur Sardis se strate stap, stap hy met so min lawaai moontlik!

Niks moet wakker maak en die slapendes laat opskrik nie!

Verbasende aanstoot moet Satan geneem het toe die woorde uit Christus se brief soos wakkermaak-basuinstote die stil gemeente se strate deurklink!

Hulle is in jare nie wakker gemaak nie!

Jare lank al — ŉ gedaante van Godsaligheid — maar die krag daarvan is weg!

En as die brief nou aan hierdie kerk geskrywe is — aan ons — hoeveel ernstige rede is daar nie tot self ondersoek nie!

Ek hoop nie ek maak ons skuldig aan selfverheffing nie — ons het ook die naam, die naam dat ons lewe. Gereformeerd beteken eintlik: ons lewe!

Goed om dit te hoor!

Ons lewe, ons kerk lewe — ons is hoog aangeskrewe, ons het die naam dat ons lewe!

Sal ons dit waag om die sin te voltooi!

Weet u wat sal dit in wese beteken: Ek sal dan vir u wat netnou nog kerk toe geloop het, wat vanmore Bybel gelees het, wat nou luister, sê: U is dood!

Wat maak van ŉ mens ŉ dooie? Asem uitblaas; begrafnis hou?

Nee — asem uitblaas kan beteken lewe, lewe tot in ewigheid!

Maar dit maak van ’n lewende ’n dooie — as Christus nie in hom lewe nie. As daar nie volle en groeiende liefde is tot Christus nie. Tewens, Christus skrywe dit ook so: Want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie! ’n Beter vertaling: Jou werke is nie vol voor God nie.

Wat maak werke vol? Oorlopens vol?

Liefde, liefde tot Christus!

Sy skrywe, sy striemende brief self is vol, vol van dit waarmee Sardis se werke vol moes wees — liefde!

Nee, u moet nie verkeerd verstaan nie! Nie dat daar nie werke is nie! Daar is werke, baie werke! Maar hulle is nie vol nie, leeg! Leë kruike! Leë werke!

Leeg is ons aksie, leeg ons geloofslewe, leeg ons belydenis, leeg ons liefdesbetoon! Leeg ons amp! Vorm — maar geen inhoud nie! Soos vanmôre se kerkgang — soos baie mores se kerkgang!

Vorm — om my gewete stil te maak!

Hoeveel maal is gespreek oor swak kerkbesoek — veral saans!

Miskien is daar reaksie die eerste aand — soos dit vanaand hopelik sal wees.

Maar dan, maar weer die sleur, die vorm sonder inhoud — sonder liefde.

Wil u my sê dit is liefde wat my een maal op ’n Sondag al om die derde Sondag laat kerk toe kom?

Is dit Christus se liefde wat dring? Is dit dankbaarheid omdat ek verlos is van niks minder as die ewige dood uit vrye, vrye genade?

Is dit liefde tot Christus wat my laat sirkus toe gaan tussen voorbereiding en nagmaal?

Om nie eers te praat van wegbly van voorbereiding af om ’n toetswedstryd op Johannesburg by te woon nie!

Maak dit nie van my nagmaalsviering ’n leë blik, ’n vorm, ’n werk

wat nie vol is nie!

En wie, ja, wie in hierdie gemeente gaan nie netnou na die diens heerlik in *Dagbreek* en in die *Sunday Times* sit en lees nie!

Wie het die moed om te sê: Ek lees geen Sondagkoerant meer nie. Geen Sondagkoerant oor my drumpel meer nie. Maar nee, daarmee maak ek my Sondag vol, maar leeg aan liefde tot God, wat elke Sondag aan ons skenk as 'n afskaduwing van die rus wat vir ons wag!

Sal u in die hemel en op die nuwe aarde *Dagbreek* lees? Sal koerantlees deel van die ewige rus uitmaak?

Wie maak sy Sondae vol met praat uit die Woord van God, oor preke, oor nuus aangaande die koninkryk van die hemele?

Wie soek hier by die kerkdeure die vreemdelinge op met 'n vriendelike: Dag, broeder; dag, suster! Om nie te praat oor die name wat in die kwartaalblad van nuwe intrekkers verskyn nie! Dit is die predikant se werk! Daarvoor word hy betaal!

Waarin kom tog die eenheid van die liggaam van die Christus tot openbaring — anders as juis daarin dat ons mekaar ken in Christus en nie vreemdes bly nie?

So word elke gemeente 'n afskaduwing van die heerlikheid waar geen vreemdes meer is nie maar ons mekaar almal ken in Jesus Christus!

Het ons nie verder teruggesak as Sardis nie? Hulle het nog die werke gehad, al was dit nie vol voor God nie!

Maar ons het baiekeer nie eens die werke nie, nie eens die vorm om vol te maak nie.

Wie besoek die hospitaal al is daar geen familie daar nie? Om van siekebesoek by huise nie te praat nie!

Dit gebeur amper nie meer nie!

Wie van u was al die afgelope weke met u uitgeruste krag-te en lang slaapvolle nagte voor die deur van die huis waar 'n ou moeder met 'n af been deur twee ander oumense nag en dag versorg moet word met die Christelike liefdesversoek: Kan ek nie vannag help nie? Baie weet tog daarvan!

Watter suster stap in die stilte van die aand as niemand sien nie, met 'n mandjie vol kruideniersware en reggemaakte ou klere na die huise van arm medegelowiges!

Ons is amper halfpad deur, broeder en suster, en u moet nie ongeduld met my hê nie, want ek is bewoë oor my werke wat nie vol is voor God nie en oor die werke van u, u aan my deur die Here toevertrou!

Nie die werke is die toets nie, maar of die werke vol is!

Een terwyl ons dan besig is met ernstige gemeentelike self-ondersoek en terwyl Christus by ons op visitasie is met sy Woord — kom laat ons ons verder toets aan Christus se formule wie dood is en wie lewend is.

En dan moet ons bewaar bly van algemeenhede — ons moet dring tot in die besondere sondes van hierdie gemeente. Wat nog nie genoem is nie, noem. Kom ons weeg ons werke op die skaal van die liefdeseise van God se Woord.

En dan kom wat ons op Sondae doen, maar weer ter sprake. Wie koop nie Sondae brood nie of lekkers vir die kinders nie? Onnodige behoeftetjies wat voor God geen behoeftes is nie, moet Sondag vir Sondag oor die toonbank van die Griekse kafee-eienaar vir harde munt verruil word!

En wie hou die petrolpompe Sondae oop anders as gelowiges!

En wie is anders op die paaie Sondagaande na 'n naweek êrens as gelowiges!

U sê: Ek is vasgevang in die kloue van moderne omstandighede, maar u vrees nie die verskriklike gevangenheid van God se woord: Jou werke is nie vol voor God nie!

Wie se kinders anders as gelowiges s'n loop, slenterloop die strate vol en lê teen winkelvensters op Sondae?

Dit is die Sondae daar buite!

En hier in die kerk!

Weet u dat 10% van die kinders op Sondae hulle katkisasie-

versies vlot ken, ken om te onthou!

Die ander stotter, sê: Ek ken dit nie; mompel 'n verskoning! Verbondskinders, gedoopte kinders wat gebring moet word tot die volheid van die gebruik van die sakramente!

En nie dat daar nie gepraat word nie! Daar word gesoebat!

Maar arme kinders!

Hulle het ontroue ouers wie se werke nie vol voor God bevind word nie!

Katkisasie is 'n werk voor God, maar die katkisasie van hierdie kerk is leeg aan liefde voor God!

En kan u kind nou die liefde hê voor God as die huiskatkisasie die aand-vir-aandse onderrig om die huistafel totaal uitgesterf het!

Wat my kind weet, leer hy op skool of in die katkisasie maar nie by sy huis nie!

Julle is ontroue priesters, vaders van Potgietersrus! Julle is ontroue profetesse, geliefde moeders! Ons katkisasie moet vol word met liefde tot God, liefde tot ons naaste!

En julle, jongmense — hoeveel maal is van hierdie kansel af gesoebat, gevra, herinner: Kom tog Dinsdagaand — kom nou weer eerskomende Dinsdagaand! Kom — die Here roep! Maar hulle kom nie! Verskonings volop! Maar die wese is: julle wil nie kom nie! Julle het nie eens hierdie werk nie — om nie eens te praat van die vol wees voor God nie!

Julle verkeer onder die misverstand dat dit goed gaan, en dit gaan sleg met julle!

Nee, laat ek dit sê soos Christus dit sê: julle het die naam dat julle lewe maar julle is dood! En u wat getroud is, jonk getroud of oud getroud — u sê: Dank die Vader — hy is nou gelukkig 'n slag met die jongmense besig — maar, broeder en suster, Dinsdagaande se studiesamekoms is ook vir u bedoel! Dit is bedoel vir die hele gemeente! Ken u die Skrifte genoegsaam? Weet u alles wat u moet weet? As die liefde tot Christus u volmaak, sou u ook elke geleentheid soek om Hom te dien, u kennis aangaande die wil van God en van God self te vermeerder!

Maar u kom nie — salig in u doodsheid dat u ŉ skuifmeul het: dit is vir die jongmense!

Dit is dan grepe uit die lang lys van u en my sondes.

En u het agtergekom dat hierdie sondes van ons tweërlei van aard is: die werke wat nie vol is nie, en werke wat nie volgemaak kan word nie omdat die werke totaal ontbreek!

Maar, broeder en suster, wat sou die oorsaak wees van hierdie sondes! Hierdie werke wat nie vol is nie! Kan dit dalk Christus se skuld wees?

Maar dat dit nie sy skuld is nie, is duidelik uit die aanhef van sy brief.

Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het!

Sy sorg en versorging van Sardis was net so groot en teer soos vir die ander gemeentes.

Net soos aan die ander ses gemeentes van Klein-Asië was ook aan Sardis ŉ Woordverkondiger gegee. Ook hierdie ster het Jesus Christus in sy hand gehou, beskut en gedryf deur sy krag.

Hy gee aan Sardis die bediening van die Woord, en Hy bewaar die gemeente met die tug van sy woorde.

So is dit ook met hierdie kerk. Hierdie gemeente.

Nee, broeder en suster, Christus gebruik my nie in my krag nie maar in my swakheid!

En as ek vanmôre vir u preek, doen ek dit as ster, in my amp, en tog staan ek as gelowige in u midde en ontvang saam met u die striemende slae uit die hand van God by monde van sy diensdoende amptenaar.

Ek staan as gelowige nie ver bokant u verhewe nie!

U sondes is my sondes!

U skuld is my skuld!

Maar as God my wil gebruik in my allerswakheid as ster om met sy Woord te lig in ons sondeduisternis — mag ek nie, kan ek nie, wil

ek nie weier nie!

Kyk by my verby en sien God se Woord raak!

Sy lewewekkende Woord!

Ook vanmore se Woord!

En bekeer u! Moenie laat hierdie striemende Woord tevergeefs in die gemeente geval het nie!

Laat daar vernuwing kom!

Want as Sy Woord al was wat Hy ons laat toekom, was ook hierdie preek tevergeefs!

Maar Hy het ook sewe Geeste! Hy wil saam met sy Woord aan ons die volheid, die volheid van sy Gees skenk!

Die deurwerking van sy Gees!

En waar sy Woord ruis en sy Gees kragtig werk op ons gedurige gebede, daar kom lewe uit die doodsheid!

Die doodsbeendere word lewende, parate soldate!

Frontsoldate van Jesus Christus, ons Verlosser!

Amen.

# ONVRUGBAARHEID — ‘N ERNSTIGE SONDE!

**LEES:** ESEG. 15.

**SING:** PS. 122:1; 119:2; 99: 1, 4; 32:5.

**TEKS:** ESEG. 15:2, 3 en 4.

---

Waar wingerde die ronding van die heuwels groen maak en waar in die laat somer die geel en blou trosse onder die groen blare blink — daardie land sê ons is vrugbare wêreld!

Grond waar die druiwestok aard, is by ons in hoë aansien, omdat ŉ draende wingerdstok met sy trosserykdom weelde beteken, weelde versinnebeeld!

Is die vrugbare wingerdstok nie die beeld waarmee die Psalmskrywer die jong huisvrou vergelyk nie!

En mens kan in die rypdruiwetyd nie die druiweprieel verbystap sonder om Christus se woorde in die hart na te sê nie: Ek is die wynstok — julle die ranke!

En so word die vrugdraende, die trossedraende wingerdstok die beeld van die ware kerk, die ware gelowiges binne die kerk.

Maar dit is moontlik om wingerdstok te wees sonder om vrugte te dra. Of hy kan, soos Jesaja sê, ŉ wingerdstok wees wat wilde druiwe voortbring.

Jy is geplant op die akker van die verbond, daar word gereeld snoeiwerk verrig, en daar word sorgvuldig mis gegee en vrugte word verwag — maar as die noukeurige landbouer die breë blare oplig — geen vrugte nie!

Dit is al erg!

Maar as dit nog verder gevorder het as dit: twee jaar, drie jaar was daar geen vrugte nie — toe die byl en die vuur — en nou is daar van die edele wynstok net oor: ŉ geskroeide middelstuk met twee verbrande punte!

En hierop, op hierdie ergste toestand van die stuk wingerdhout

moet ons weer terugkom — want daarop loop die preek ten slotte uit!

Maar die toepassing dring hom so aan ons op dat die toepassing eers moet kom en dan die verdere verklaring.

Daar sluip soos ’n nagwolf ’n groot kwaad en ergernis rond in die lewe van die teenswoordige Christendom. ’n Kwaad, wat veels te weinig as sonde erken word en nog minder voor God en mens bely word en waaroor ons ons juis daarom nie alte veel ontstel nie.

Nietemin is dit die grootste sonde wat amper te bedenke is en word dit met groot strawwe deur God bedreig — juis omdat dit sonde op die kerklike erf is — ’n sonde van lidmaat, ouderling, diaken, predikant — en hiervan veral eis God van kerkmense bekering — anders ......!

Dit is die sonde van onvrugbaarheid.

Mens sal dit ook kan noem die sonde van nalatigheid.

En wat hiermee bedoel word, staan duidelik in een van ons formuliergebede dat ons naamlik nie alleen gedoen het wat God ons verbied het nie, maar ook nagelaat het om te doen wat God ons beveel het!

Ons is sterk ingestel op die eerste!

Maar die tweede is die sonde-diagnose van die moderne Christendom en van ons Kerk.

En die rede waarom ons hierdie tweede soort sonde nie so erg ag nie, is dat dit negatief van aard is, dit wil sê: So lank as wat iemand nie ’n uitstaande of kenmerkende verkeerde ding doen nie, verwek hy nie opspraak nie. Dit is geen positiewe oortreding nie. Van growwe en hardnekkige sondes bly hy vry!

Daar is soms nie dit op hom aan te merk nie!

Die oordeel oor hom kan dus uitstekend gunstig bly, al bly die akker in die oesland van sy lewe so skraal en droog soos ’n woestyn! Sy geloofslewe bestaan uit sandduine wat die Sondae is en die dienste wat hy bywoon, maar ’n volle ses dae van dorre sandleegtes tussen die twee duine!

Sy lewensboom het miskien bietjie blare en takke maar geen

enkele vrug van bekering nie!

So werk dit dan: Sondae kerk, luister uit gewoonte, die preek is vir niks anders daar as om die uur om te kry en my gewete stil te maak nie — maar die voldoening aan die eise van God se Woord bly uit: huis toe, ŉ week van werk en brood verdien; maar geen oomblik werk my amp as gelowige nie — niks vir my gelowige hande om te doen nie — dan is dit naweek, ontspanning en Sondag weer kerk!

En ten aansien van positiewe sonde wat bedrywe word, is ons gewoonlik glad nie mild in ons oordeel nie!

Bring iemand giftige vrugte voort — ons wys hom graag met die vinger aan!

Dief, dronkaard, egbreker — sensasioneel skud ons die kop en lees die hele storie!

Maar bring iemand glad nie vrugte voort nie — geen vinger op hom nie, geen verwyt, geen vermaning nie; inteendeel, dit is moontlik dat sulke geen vrugdraendes ereposisies inneem in kerk en staat en maatskappy!

Oordeel God hulle ook soos ons? Brand sy toorn alleen teen die uitgieters van die ongeregtigheid?

Is net hoere en tollenaars ŉ oneer vir Sy naam?

Daarvan is geen sprake nie!

Christus se skyf is juis die onvrugbare Fariseërs wat die swaarste eis van die wet nalaat: die liefde, en minder teen hulle wat die wet swaar oortree.

Ons hoor miskien in ŉ jaar vyftig preke, maar as die oue mens desondanks net so oud en net so sterk bly, is ons die gramskap van die Here dubbel waardig!

In die laaste oordeel word na die onuitblusbare vuur gewys — wie, ja, wie eintlik!

Ons dink dadelik aan moordenaars en kerkloses!

Maar Christus sê: Ek was naak, en jy het my nie geklee nie! Honger en jy het my nie te ete gegee nie; in die gevangenis en my nie

besoek nie.

Kleinigheid, nalatigheid — dinge wat ek nie gedoen het nie — ek moet Christus die rug toekeer oor dinge wat ek nie gedoen het nie!

En hierdie dinge is nie aangenaam vir ons vlees nie!

Dit stel sulke hoë, werkende eise aan ons lewe!

En dit weet u tog: ’n dief is nie net hy wat inbreek en steel nie, maar wat vir homself lewe, homself wikkel in weelde terwyl geloofsgenote honger rondkruip — die gierigaard steel al steel hy nie; en hy wat sy vyand nie lief het nie, is ’n moordenaar!

Wie is die nalatiges?

Wie die onvrugbares?

Ag, broeder en suster, dat u en ek gebring mag word tot meerdere Christelike aktiwiteit!

Nee — nie kommissiewerk en verenigingsaktiwiteit alleen nie, sodat deur daarmee besig te raak — en hoe besig kan ons nie raak nie? — ek my vlei dat ek vrugte dra — maar die werksaamheid van ’n dankbare gelowige, ’n gelowige wat ondersoek en navraag doen na wat God gedoen wil hê en dit doen!

Aanhou doen! Doen wat die Here vra!

Hierdie dinge wil die Ou Testament juis op ons hart bind deur die gelykenis van die onbruikbare wynstok.

Die Here stel aan Esegiël die vraag: Wat is die hout van die wingerdstok meer as ander hout?

Skerp vraag vol ironie!

En die regte antwoord moet immers wees dat wynstokhout ver agter staan by enige ander hout.

Van seder- of eikehout kan mens meubels maak; afgesien van die vrugte het sulke bome waarde ter wille van hulle hout!

Maar die wynstok?

Edele boom; maar as hy nie vrugte dra nie — totaal waardeloos! Beslaan die aarde nutteloos — ondermyn die groei-vermoë van ander plante!

En wynstokhout — maak 'n kapstok daarvan, en hy breek!

Dit gaan by die wingerdstok om die vrug — nie om die hout nie. En diep beskamend word dit as die Here sê: dit is aan die vuur oorgegee om verteer te word.

En dat met hierdie vrugtelose wingerdstok Israel en Jerusalem en ons bedoel word, is duidelik.

En nog duideliker word dit as Esegiël van die Jerusalem van sy dae verklaar dat Jerusalem nie net lyk na die waardelose hout van die wingerdstok nie maar dat die vuur reeds sy twee ente verteer het, en die middelste stuk is geskroei!

Dit is nie 'n toekomstige oordeel nie! Dit het reeds gebeur!

Die twee ente word verteer deur die vuur en die middelste stuk geskroei!

Hoe treffend waar is dit nie!

Die twee ente is die noordelike tienstammeryk en die suidelike tweestammeryk.

Hulle is verteer!

722 voor Christus gaan die Noorderryk onder! 597 verbrand die Suiderryk toe Jerusalem val.

Net 'n klein deeltjie bly in Jerusalem agter!

Die middelste stuk!

Maar geskroei, want Sedekia is 'n goewerneur en regeer by die grasie van Nebukadnesar!

Die ente verteer — die middelste stuk verskroei!

Toppunt van nutteloosheid!

Hulle was wingerdstok, die kerk van God. Wat maak mens met 'n stuk verbrande seder? Wat sal jy dan maak met so 'n stuk verbrande wingerdstok! Daar is net een redelike moontlikheid: roei uit — verbrand totaal!

Maar ons mag by Jerusalem nie bly staan nie.

Ons kan maar net die lyn deurtrek na ons eie onvrugbare lewe waarin so bitter min vrugte ryp word tot verheerliking van God.

Ons is wingerdstok van God uit genade!

Ons behoort diep beskaamd en baie beangs te word.

Is ons inderdaad diep genoeg oortuig van die verskriklike grootte en erns van hierdie sonde?

Die sonde van ʼn ledige en onvrugbare lewe is in die eerste plek so ernstig omdat dit ʼn mislukte lewe is.

U meet tog u lewe, nie waar nie?

Die resultaat mag wees.- Geslaagd!

Maar God se maatstaf is of ons Hom wil dien en hom wil gehoorsaam?

'n Ander rede vir ons bestaan is nie denkbaar nie.

Dit is nie die vraag of ons lewe of kan lewe nie maar of ons vir God lewe!

Heel moontlik het u ʼn goed bestede lewe agter u, en aan u kinders is of word ʼn behoorlike posisie in die maatskappy besorg waarvoor hulle u dankbaar is.

Maar as in dit alles niks vir God was nie, dan was dit vir so ʼn mens beter dat hy nooit gebore was nie!

Hy sal werk, presteer, maar met dit alles is hy aan twee ente reeds verbrand en die middelste stuk geskroei!

Mislukte lewe!

En die sonde van onvrugbare lewe is in die tweede plek so ernstig omdat ons ander in die pad staan!

Net soos die wynstok wat alleen hout is en geen vrugte gee nie, die sappe van die bodem vir homself gebruik, niks wil gee nie en die groei van ander plante bederwe.

Daar is binne die kring van die Christendom genoeg egoïste! Geld en goed wat God hulle gee, bestee hulle net vir hulleself. Hulle begryp nie dat God aan hulle gee om vrugbaar te wees nie. ʼn Wingerdstok se roeping is om van sy vrugte te laat pluk.

En as ons dan daarop uit is om alleen ander te pluk, dan sê die gepluktes: as dit Gereformeerde Christene is, wil ek liewer nie daarby wees nie!

Hulle word dus nie net self ryp vir die oordeel nie, maar verhinder ander ook om binne te gaan!

Hoe staan dit in ons lewe met die vrugte? Die kostelike druiwetrosse?

Is ons nog dieselfde hoogmoedige, egoïstiese, onversoenlike, kwaadsprekende mense van gister en verlede jaar?

Of is daar vrugte van bekering?

Netnou kom die Wingerdeienaar nie om hout te soek nie maar vrugte!

Amen.

# GEE MY JOU HART!

**LEES:** SPR. 23:15-36.

**SING:** PS. 89:1; 119:19; 51:8; 32:4.

**TEKS:** SPR. 23:26a.

Sal ŉ mens vir ŉ vreemde sê: My seun?

Salomo praat nie hier met heidene en buitestaanders nie.

Hy praat met mense wat ingeskakel is in die verbond van God.

God se verbond maak van eertydse vreemdes bloedverwante.

My seun — my kinders!

En bloedverwantskap bring verantwoordelikheid, en seunskap bring verpligting teenoor die vader.

In alle verbonde is daar twee dele!

En daarom spreek die Woord van die Here vanmôre tot ons oor die gawe van u hart.

En dié Woord leer drie dinge.

Ons hart kan en moet en mag gegee word!

Die skrywer rig hom tot ŉ bepaalde groep persone, en in die groep tot elkeen afsonderlik.

'n Brief aan ŉ bepaalde persoon geadresseer.

En dié wat die brief ontvang — vanmôre is dit u en ek —, moet hierdie korrespondensie vanuit die hemel nie weier nie — ook nie na ander deurstuur nie!

Salomo is eerstens die skrywer.

Besig met heilige klasgee!

Die jongeres veral is sy leerlinge.

Hy die meester en hulle die dissipels.

Tog noem hy hulle: seuns.

Die verhouding tussen hulle is nie net ŉ saak van die verstand nie.

Die kontakpunte lê ook in die hart.

Hulle vorm ŉ geestelike geslag.

Heilige bloedverwante — vader en seun, broer en suster!

Soos elke vader en moeder hoop om voort te leef in hulle kinders, so hoop Salomo om met hierdie vak van die vrees van die Here voort te lewe in sy geestelike nageslag — sy seuns, sy dogters!

En dit is nie net Salomo wat hier alleen staan nie!

Ook Paulus het sulke leerlinge.

Mens sou sê Timotheus was sy eie seun — so praat hy van hom as sy seun, sy geliefde!

So Filémon!

So selfs die moeilike gemeente van Galate en Korinthe!

My kinders!

Christus maak familie van mekaar wat nooit familie was nie.

Hulle is almal Paulus se kinders ter wille van wie hy in barensnood is totdat Christus in hulle gestalte gekry het!

En soos Salomo en Paulus praat, praat ook lank na hulle die dienaars van die evangelie!

Ons is van ons gemeentes nie net herder of leraar nie maar ook vader — geestelike vader!

Ons is dit gemaak omdat God ons die geestelike vader maak deur wie se swak preke en arbeid heen u groei tot geestelike mense — uit genade en aan God al die eer is u my seuns en dogters!

Ook u, grysaard!

En u, huppelende jong dogter!

Die kerk is nie alleen vergadering nie maar ook moeder van die gelowiges.

In Christus is u nie alleen onderling bloedverwant nie, maar tussen u en ons is daar onder andere ook 'n vader-seun-verhouding!

Die kerk leef uit die barensweë van sy diensknegte wat deur God geroep is!

Agter ons swakke arbeid lê meer krag en inspanning en gebed as waar die kritiseerders van weet!

Daar word ter wille van u geworstel — veral in die gebed — al is dit dan met baie, baie swakheid!

Heerlike, heerlike genade om vir u almal, almal te kan sê: My seun, my dogter — en dit lê tussen u 'n onverbreekbare band van familie en bloedverwantskap in Christus!

My broer — links van my!

My suster — regs van my!

My seun — my dogter!

God se genade!

En tog is in die diepste sin van die woord nie Salomo hier aan die woord nie maar die Here self!

As die Here sê: My seun, dan verklaar Hy daarmee dat met my klaar 'n wonder gebeur het!

Dat ek alreeds weer gebore is in 'n geestelike nuwe lewe, met nuwe bloedbetrekkinge!

Die lewe is reeds gegee en die hart van steen het hy weggeneem en 'n nuwe hart gegee!

Ontroer dit u nie — raak dit u nie: U God sê: My kind!

Ek wat van nature 'n vyand van God is — voedsel vir die duisternis en verdoemenis!

Hy wil u, wat uself verafsku, desondanks reken as lede van sy hemelse huisgesin!

My seun — dit is die kortste samevatting van die evangelie van versoening!

En saam maak die seuns en dogters die kerk uit, die vergadering

van die uitverkorenes, gewastes in die bloed van Christus en aan wie die Heilige Gees besig is met sy vernuwende werk.

Seuns en dogters!

So moet u almal aangespreek en beskou word.

Maar die oordeel van die kerk is nie onfeilbaar nie.

Ons kyk teen die bors vas — God sien die hart aan!

En elkeen van ons moet dit vir homself as ernstige roeping aanvaar: Is dié naam ook op my toepaslik? Dit moet ons beklem, van harte benoud maak; dit moet vir ons ondraaglik word so lank as wat ons dit nie weet nie, seker weet dat ons uit genade geregtig is op dié naam: seun of dogter van God!

Hy wat nie kind is nie, het geen verlosser van sy hart nie, geen Vader in die hemel en nog minder ŉ Vaderhuis in vooruitsig.

Hy is hoogstens loseerder!

'n Kamertjie tot sy beskikking in die kerk op aarde totdat al die kinders huis toe kom!

En die wat nie kind is nie, wat sy hart van die Here onttrek — wat was die wins?

Het dié dinge wat gedoen is, versadiging gegee, of is dit leeg en armoedig in die binneste?

Daar is maar één weg: opstaan in die vreemde land en terugkom — Hy sal u sy seun noem en weelderige klere van rus en rustigheid oor u sondige skouers hang.

God beveel nie dat ons onsself moet maak wat ons nie is nie.

Hy vra in sy verbond en genade niks anders as wat ons reeds besit nie, besit omdat Hy gegee het!

Hy sê: Ek het u tog reeds ŉ seun en dogter gemaak!

Aanvaar dit ootmoedig, gelowig en dankbaar — en kom terug.

Dit kan — die Here beveel nooit die onmoontlike nie!

U is dit — glo dit — en wees in alle waaragtigheid ŉ eie seun en

eie dogter in die huis van God!

En omdat dit kan, móét dit ook!

En dit is die saak wat God vra: Gee my jou hart!

Hoeveel heerliker as die diens en eise van die afgode!

Molog vra met gloeiende arms: Gee my jou kind!

Mohammed vra met vlammende haat: Gee my jou swaard!

En Boeddha vra: Gee my jou wil!

En Mammon vra: Jou kragte en jou eer!

En die wêreld vra: Jou skoonheid, my dogter, jou frisse jongelingskap, my seun!

Maar God neem nie plek in by u kind of krag of liggaam of besitting of tyd of eer — hoewel hy dit alles óók moet hê nie.

God dring deur tot wat diep lê, diep lê agter alles wat ek is of het.

Hy staan by u hart en dring en pleit: My seun — jou hart vir my!

En Hy weet wat Hy vra!

Reeds my vleeslike hart is ŉ onuitspreeklike wonderorgaan!

In ons borsholte ingeskep, tussen die twee longe.

En daar lê hy as ŉ lewensfontein! ŉ Bron waar daar met elke hartklop die bloed en met die bloed die lewe ingepers word in die fynste netwerk van aar en vesel!

En so, net so, het ons geestelike lewe in ons ŉ sentrum, ŉ fontein, ewig kloppend, nooit rustend nie. Daar ontspring die stroom van gedagtes en begeerte — die setel van die persoonlikheid! Dit is ons hart — die uitgange van ons lewe!

Die hart is die mens in die mens!

Dié hart het God met heilige kunstenaarskap steen vir steen gebou tot ŉ tempel van die Heilige Gees.

'n Heilige woonplek!

Maar dié hart is ook deur Satan verkies as ŉ invalspoort om die skepping van God binne te dring.

Hy slaag met lis en leuen!

En nou is ons hart die loopgrawe en die oorlogsterrein, die operasiegebied in die allerheftigste stryd waar magtige vyande teenoor mekaar staan!

Ons staan nie daarbuite nie!

Ingeskakel!

God gee die harteveldslag nie gewonne nie! Hy veg eienaardig — Hy nooi, Hy roep, sag en vriendelik!

Net deur te spreek wil hy dié stryd by u en my wen!

Hy eis sy oorspronklike eiendom op!

Ongelooflik en waaragtig onbegryplik!

Dit sou al ŉ wonder wees as ons na God toe sou gaan en Hom vra om ons hart in besit te neem!

Maar die saak vind totaal anders plaas!

Nie ons gaan na Hom toe nie; Hy kom na ons toe.

Hy wat niks kort kom en nie ryker kan word nie — Hy stel Homself as ŉ bedroefde Vader en Hy bedel om u hart en liefde te ontvang!

So dringend, ernstig, smekend!

My seun, gee my jou hart!

En juis dit wat God vra, gee ons so moeilik!

En as ons dit gee — met baie voorwaardes!

Veral omdat baie magte buite ons ook ons hart vra — maar nie so ernstig en dringend as God nie.

Die duiwel, die wêreld en my eie vlees vra: Net iets van jou hart, asseblief!

Maar hulle weet: by die Here geld die reël, alles óf niks!

As ek iets aan hulle gee, het die Here niks meer nie.

Maar God verberg nie sy bedoelinge nie.

Sy eis is eerlik soos die oggendstond!

Hy vra nie iets nie!

Hy vra nie baie nie!

Hy vra nie alles nie!

Hy vra die enigste wat ek is!

U hart, geheel, onvoorwaardelik!

Mag Hy dit nie vra nie?

Hy wat die hart geskep het!

Meer nog — gereinig deur Christus aan ons rein teruggegee het!

Hy weet: as Hy my hart het — ook my oog — ek hef my oë bergwaarts heen — my oor, my hand, my voet, my verstand, myself!

My seun, gee my jou hart!

Gee u dit aan hom!

Gee u dit só aan Hom!

Ek wil dit die allerbeste voorstel. U het nooit die kerk bedank nie, u plek was nooit leeg in die kerk en aan die tafel nie.

U help getrou in die onderhouding van die kerkdiens.

Alles uitnemend!

Maar mag ek u nog iets vra:

Het u ook in en by dit alles steeds u hart aan die Here gegee?

Ons aardse owerheid vra uitwendige gehoorsaamheid, en die diktator is nie bekommerd of mens sy wil onwillig of gewillig gehoorsaam nie.

Hy wat die beste en edelste geskenk het, soek by alles wat ons doen, ons brandende geneentheid, ons warme liefde, hartlike bereidwilligheid!

Vind Hy dit by ons?

Was dit altyd waaragtige waarheid in ons binneste: Wie het ek in die hemel, Heer, wie kan ek newens U begeer?

Was ons diens elke sekonde Gódsdiens?

Wie kan dit sê?

Ons hart — soos Petrus s'n!

Ons hart — soos Judas s'n! — Wie lewer God en Christus nie daeliks uit aan die vyand nie!

Ons hart — soos Thomas s'n!

Ons hart — onrein soos Dawid by sy val!

Ons hart — soos Farao s'n! Is ons hart en sy hart nie maar eenderse karperde nie! U wat u eie hart ken — is die verhardheid van Farao se hart nog vir u snaaks?

Was daar nie meer as tien maal met ons gepraat nie!

Ons hart — wee ons! — so leuenagtig soos die duiwel self. Dit redeneer dat waar alles tog maar genade is — ŉ paar sondes meer of minder daar nie sal aan toedoen nie.

En tog — en tog — God laat sy reg nie vaar nie!

Hy bly vra: Vir my u hart, my seun!

En u hart mag gegee word!

Ons het nie rede om trots te wees nie! Hoe langer ons oor ons hart nadink en indink, hoe meer moet ons ons skaam!

Hoe min van hart en lewe aan God toegewy!

Hoe sal ek daarby kom totdat selfs die diepste skuilhoeke van hart en lewe nie meer donker begeertes huisves nie maar ook aan God toegewy word!

Maar God is genadig! Van sy kant hou Hy vol!

Vra, bid, smeek!

Waarom tog?

Wat kan Hy tog hê aan hierdie verdorwe hart van my dat Hy vra en smeek asof Hy dit nie wil mis nie!

Hy wat my hart selfs beter ken as ek en ook die verdorwenheid

beter ken as ek!

Tog vra hy dit — waarom?

Hy vra nie omdat hy die toestand van my hart nie ernstig en skuldig vind nie!

Tog vra Hy my hart — waarom?

Geen antwoord!

Hier kan ons net woorde stamel van: genade, ondeurgrondelike liefde, ewige welbehae!

Ek is stom!

Maar as u so vra waarvoor — vir watter doel — dan kan ons praat!

Hy vra ons hart nie omdat dit is soos dit moet wees nie, maar sodat Hy ons self kan maak soos ons moet wees en soos Hy wil hê dat ons moet wees!

Daarmee ywer Hy vir sy eie eer en reg en tegelyk vir ons saligheid.

God vra u en my hart juis om dit in orde te bring! Reg te maak!

Wil u dit nog terughou? Self lapwerk doen? Eers regmaak en dan aan God aanbied?

Nee!

Maar: Here my hart is boos en skuldig! U weet wat in my binneste woel en werk!

U vra my hart — o my God — ek durf dit nie eers aan myself beken nie, laat staan nog dat U dit voor u heilige oë uitbring!

Wil U my hart hê! Te onrein — te onrein!

Maar op U woord sal ek dit U tog gee; Here neem dit tog uit genade!

Hoe wonderlik is God in hierdie liefdeseis van Hom!

Dit is asof, namate ek 'n groter afkeer van myself kry, ek Hom des te dierbaarder word!

Ons teksverse is 'n lied van God se liefde! Gee antwoord op God

se eis ook vanmôre: My Seun — jou hart! Soos hy is! Soos jy hom ken!

Vir jou hart soos hy is en soos jy hom ken, het Christus gesterwe!

Juis daarvoor! Moenie wag nie! Nou!

Die welaangename uur! Gee Hom jou hart!

Lê dit in sy hande! U durf nie?

U hart veroordeel en vonnis u!

Maar ken u nie die Psalm nie!

> Gebroke hart en gans verslae gees —
>
> dit is u offers, Heer! Geen altaardiere,
>
> geen bloed of vet van kleinvee of van stiere,
>
> kan voor u oog die ware offers wees![2]

Sulke harte het Hy lief!

Van sulke harte is die Here die rots en die erfdeel — vir ewig!

Amen.

[2] Ps. 51:8 – berym.

# DIE EENSAME EN MOEDELOSE GELOWIGE!

(Nagmaalspreek.)

**LEES:** JEREMIA 15.

**SING:** PS. 84:1; 119:19; 46:3; 73:10; 116:7.

**TEKS:** JEREMIA 15:12a.

---

Dit sou goed gewees het as hierdie hoofstuk uit die profesieë van Jeremia so ingedeel was dat die naam van die spreker by elke vers of sin aangebring was.

Soos in 'n drama!

Nou is dit of 'n mens verward raak, en jy is nooit seker wie aan die woord is nie.

Is dit die Here wat met Jeremia praat?

Of is dit Jeremia wat met die Here praat?

Of praat Jeremia met die volk?

In hierdie hoofstuk is daar gedurige afwisseling. Daar is 'n ernstige woordewisseling aan die gang tussen die Here en sy dienskneg Jeremia.

Soos in 'n drama is daar hier spanning — dit is asof Jeremia bewe van spanning! Hy word gedring en gedrywe van alle kante!

Hierdie sombere onheilsprofeet uit Ananot!

Van die Here het hy nog net onheilsboodskap op onheilsboodskap ontvang — die moet hy oordra!

As die volk sy figuur en sy somberheid sien nader kom, dan is daar skrik en veragting en verwarring!

Wat sal hy nou weer te sê hê?

En in sy binneste is daar 'n bruisende vaderlandsliefde wat hierdie volk so graag behoue wil sien!

Die Here wat beveel, die volk wat verag en onheil skreeu, sy eie binneste wat brand van volksliefde!

Dit bring verslaenheid!

'n Doodse moedeloosheid!

Dit is te veel vir vlees en bloed!

Dink aan sy posisie!

Die reg om vir hierdie volk te pleit voor die Here is hom ontsê: duidelik en beslis!

Al sou Moses en Samuel pleit, Ek sal nie luister nie!

Hy mag dus nie vir hulle bid nie; maar die verskriklikste oordele *moet* hy aankondig.

Is dit nie vreeslik nie: Wie vir die pes bestemd is, vir die pes — hongersnood, gevangenisskap, en dit is deurvleg met honger honde en honger voëls wat sal aas op die lyke!

Die volkome ondergang van Jerusalem — sonder medelye sal hy tot niet gaan en die ganse land één wilde chaos!

Hulle sal met die gaffels opgeskep en gewan word teen die wind van God se toorn!

En dit gebeur met die volk wat hy liefhet!

En hy, die gevoelige en fyngesnaarde profeet, praat nie oor die gevallenes op die slagveld nie maar oor die vroue en moeders van Israel wat getref sal word.

Weduwees — soos die sand van die see!

Die moeders van die jong krygsmanne sal hoor: Hulle het geval!

Selfs die moeder wat sewe seuns het — almal sal sneuwel!

Sy het haar laaste asem uitgeblaas, want met die dood van haar seuns het haar hoop vergaan!

Dit is die boodskap wat hy moet bring.

En nou moet u sien hoe hierdie opdrag van God hom dring van twee kante af.

Van die kant van God.

En van die kant van die mense.

Van God se kant word hy gedring omdat hy veel liewer ’n heils-boodskap wil bring as ’n onheilsgerug.

Hy het so pas probeer om as voorbidder op te tree vir sy volk met omhooggehewe hande.

Maar God het sy hande weggeslaan!

Moenie bid nie!

Uit gehoorsaamheid doen Jeremia dit tog, maar dit gaan teen vlees en bloed in!

Nie bid nie, maar slaan hierdie volk wat jy lief het!

God vra baie — en hy voel eensaam.

Sou God nie verstaan nie?

Vra God nie te veel vir menslike kragte nie?

Maar daar is ook nog die eensaamheid van ’n ander kant af.

Die mense begryp niks van alles nie! Dat hy moet praat — God dring hom! Hy mag nie sê: My volk ek het vir julle probeer bid nie.

Hulle sien hom as ’n man wat behae daarin skep om met donder en bliksem onder die volk in te vaar.

Vir die volk is hy ’n lastige, sombere pessimis — één lang verdriet!

Die gevolg is dat Jeremia geen reaksie op sy prediking kry nie — geen bekering nie!

Hulle ontwikkel inteendeel al meer en meer ’n hekel aan die man.

Hy word ’n gehate man!

Hy kan nie na God toe nie — God sê: Moenie nader kom nie!

Sy volk verstaan nie — haat hom!

'n Eensame, moedelose profeet!

Het hy miskien nie sy plig gedoen nie?

Plegtig verklaar hy aan God dat hy nooit iets anders gedoen het as om in volksnood en volksbenoudheid vir die volk te pleit nie, en

dit toe die volk hom vyandig teen hom gedra het.

Dit is nie eienaardig of snaaks dat Jeremia onder alles moedeloos word en lewensmoeg en gespanne dit uitween nie: Wee my, my moeder, dat u my gebaar het!

Hy kla God nie aan nie, maar hy kla by God!

En Jeremia se lot is dikwels ons lot — of behoort ons lot te wees.

My lot — ek moet vermaan, hard slaan — ook hulle wat naby staan, wat ek liefhet.

U en ek moet verkondig, moet uitdra dat God nie net 'n God van genade is nie maar ook van oordeel — dat sy Woord 'n swaard is wat twee kante toe sny.

Ons moet nie net verkondig: God red en bewaar deur Jesus Christus nie — maar ook en veral in ons tyd duidelik en sterk verkondig: Die tyd van genade gaan verby — daar kom 'n tyd waarin elke gelowige bidder die opdrag sal ontvang: Moenie meer vir hulle bid nie! My toornmaat is vol — vir die pes na die pes, vir die honde na die honde, vir die voëls na die voëls!

Dit kan vir 'n hele volk geld, maar dit kan ook vir elke mens in besonder geld dat die tyd van genade en lankmoedigheid verbygaan.

God is lankmoedig en genadig — maar oor die verkragters van sy Woord raak sy geduld ook op.

Hulle wat uitstel met ydel woorde: More is nog 'n dag!

Hulle kan hoor: Pes toe, honde toe, voëls toe!

Dan is dit te laat!

En so het die kind van die Here soms 'n eensame taak. Die taak om God se oordeel oor dié verhardes van hart aan te kondig en om deur die Gees van God die Woord te hoor: Nie meer bid nie maar slaan!

Dit kan my broer geld, my vader, my dierbare naaste!

Dit kan ook ons volk geld — dat die kerk oordeel moet aankondig —, en dan sal die eensaamheid ook ons deel wees — God dring —

en ons moet harde dinge sê vir die volk wat ons liefhet. Nogtans is dit ons roeping.

Maar as God spreek, dan is daar geen ander weg nie!

Dit is dan wanneer ons eensames word, opgelaai met 'n taak wat byna onuitvoerbaar is!

Dan is die kerk gewoonlik baie onpopulêr en word hy verag.

En dit word ook tyd dat daar ook oordeel aangekondig word in hierdie gemeente, dat daar hard geslaan word oor misstande en dat daar gewaarsku word met tug en sensuur: Pas op vir die pes en die honde en die voëls!

Kerkbesoek, ook u wat 'n os gekoop het, 'n vrou getrou, gister nie hier was nie, nalating van die doopbelofte, ondankbaarheid en die drankeuwel! Baie ander!

Al sou die weg van hierdie kerk dan ook die eensame en moedelose weg wees: gehaat by hulle wat getug word, gedring en gedryf deur God, wat sê: Slaan!

Al is dit ook eie vlees en bloed!

Laat ons tog oppas vir die misvatting dat God deur Christus net enkel genade en geduld is.

En as Jeremia nou kla by God oor sy eensaamheid — hy kan die swaar saak nie meer te bowe kom nie — wat antwoord die Here?

Die antwoord is kort en kragtig: Kan 'n mens yster breek?

Snaakse antwoord!

Maar vir Jeremia duidelike taal.

Dit sou hom ook skaam gemaak het!

Het die Here nie by sy roeping tot profeet gesê nie: Ek sal jou maak tot 'n ysterpilaar! 'n Versterkte stad!

Teen dié ysterpilaar sal alle teenstand hom te pletter loop!

Nie die pilaar nie maar hy wat storm, sal beswyk!

Daaraan wil die Here Jeremia herinner: Nie nuwe versekeringe nie, geen nuwe beloftes nie maar 'n eenvoudige vraag: Kan 'n mens

yster breek?

Kan 'n mens met sy blote hande yster vat en breek!

En dit: yster uit die Noorde, uit die omgewing van die Swartsee — die allerbeste ysterkwaliteit!

So is God se beloftes ook soos yster so sterk en van die allerbeste gehalte.

God se beloftes word deur geen mens omvergegooi nie!

Niemand kan dit in sy hand vat en breek nie!

Is jy moedeloos, Jeremia, in jou swaar taak? Antwoord my: Kan 'n mens yster breek?

Op die beloftes van God kan mens altyd terugval — Hy maak nie nuwe beloftes nie, Hy vul nie aan nie — net die belofte alleen — die Woord van God is genoeg!

Dit is vir die vertwyfelde, moedelose, beswykende stryder genoeg!

Kan 'n mens yster breek? Nee!

Kan God sy beloftes breek? Nee!

En ons taak sal altyd eensamer word, want dit sal al meer nodig word om nie net God se genade aan te kondig nie maar ook sy oordeel.

Elkeen van ons sal al meer en meer eensamer word in ons geloofstryd — dit sal al meer en meer geloofskrag vra!

En ook in ons stryd teen die sonde sal ons al eensamer word, want hulle wat teen die sonde stry ten bloede toe, sal al minder word — die uitsonderings!

Al eensamer — die mense sal aanstoot neem, en God sal dring deur sy Gees — stry en worstel!

Hulle wat met die stroom meegaan, al meer en altyd minder eensaam!

En as ons eensaamheid ondraaglik word en ons in moedeloosheid

tot God vlug, sal ons niks meer en niks minder hoor, maar ook meer as voldoende: Kan ŉ mens yster breek?

My beloftes hou stand tot in ewigheid!

Ons moet ons plig doen: Christus verkondig in sy verlossende genade — maar hulle wat onbekeerd en verhard van hart voortgaan, moet ons waarsku: Pas op vir die pes!

En ons sal moeg word, só moeg soos ons nooit gedink het ons kan word nie, van eensaam wees, van stry en worstel teen die sonde en die owerstes van hierdie eeu!

En ons sal versekering nodig hê en rus!

Hier lê dit in baie min maar heerlike woorde: Kan ŉ mens yster breek?

Niks laat God die yster van sy beloftes breek nie!

Selfs nie die liefde vir sy eniggebore Seun nie!

Inteendeel, deur dié Seun gaan sy beloftes in vervulling!

Is ek vanmôre ŉ eensame en moedelose omdat ek God se opdrag uitgevoer het en ek verag word?

Aan die tafel is u plek!

Is u baie moeg gestry teen sonde en ongeregtigheid?

Aan die tafel is u plek!

Is u nie moeg nie en het daar nie veel van die stryd in u lewe na vore gekom nie?

Aan die tafel is u plek, terwyl u bid met waaragtige erns om vergifnis dat u nie moeg is nie en dat die Here my die genade moet gee om moedeloos en eensaam te word in sy diens!

En as ons Christenskap ons waaragtig erns is en was, dan sal daar moeë en moedelose dae gewees het in u lewe, en dan is die nagmaal God se eenvoudige vraag aan ons:

Kan ŉ mens yster breek?

Hierdie brood en wyn wat u sien en proe, is die sigbare bewys dat geen mens of Satan of magte of owerhede die yster van God se genade kan breek nie!

Hy red almal wat Christus deur ’n ware geloof ingelyf is.-Kan ’n mens yster breek!

Amen.

# NOG NIE TEN BLOEDE TOE NIE!

**LEES:** HEBR. 12:1-15.

**SING:** PS. 147:2; 65:1, 2; 138:4.

**TEKS:** HEBR. 12:4.

---

Môre, broeder en suster, sal ons, as die Here wil, nagmaal vier! Ons gaan die dood van Jesus Christus gedenk!

En natuurlik gaan ons almal aansit aan die tafel van die Here — byna sonder uitsondering!

Alle belydende lidmate wat nie siek is of wettig verhinder is nie, sal nader kom as hulle uitgenooi word.

Dit is ook goed, so hoort dit!

Tog is daar mense wat hiermee spot: Almal gaan aansit. Daar word so ʼn bietjie smalend gepraat.

Maar ons is ernstig, ons spot nie! Inteendeel, ons dank die Vader: Almal kom nagmaal toe!

En ons voeg daaraan toe: As u, broeder en suster, nie môre kom aansit nie, dan is daar êrens fout!

Nou sal ons almal tafel toe kom!

Is alles dan altyd in perfekte orde by u?

Dit is goed as almal kom aansit, maar dit is nie ʼn onverskillige saak hoe ek tafel toe kom nie.

En dit is juis die doel van die voorbereidingspreek, nie om terug te hou nie maar om te wys hoe ek moet kom aansit!

En dit spyt my dat ek dit vir u moet sê wat wel nog na ʼn voorbereidingspreek kom luister — maar hierdie preek is vir baie ʼn lastige ergernis, en ek bly liewer weg!

Maar in alle geval, van vanmiddag tot môreoggend het u ʼn gulde geleentheid om u rekenskap te gee van hoe u nagmaal toe moet kom.

En by die voorbereiding staan ons voor die verskriklike werklikheid van die sonde.

Die nagmaal stel ons voor die onomstootbare feit dat ons *sondare* is.

As daar geen sonde was nie, sou daar geen nagmaal wees nie. Sonder die sonde sou die Seun van God nie in die vlees verskyn het nie, sou Hy ook nie gekruisig gewees het nie, sou ons nie sy dood gedenk nie!

Waarom gaan ek dan nagmaal toe?

Ter wille van my sonde — natuurlik!

Waarom bly ek weg van die Nagmaal?

Terwille van my sonde — natuurlik!

Deelnemers en wegblyers is albei sondare!

Maar hy wat aangaan, staan anders teenoor die sonde.

Staan ons almal anders teenoor die sonde as hulle wat wegbly — of staan ek net soos hulle teenoor die sonde en kom tog nagmaal toe!

Van vanaand tot more het u en ek met dié vraag te doen. En môreoggend moet dit 'n uitgemaakte saak wees voor ons kom aansit!

En hulle wat netnou gespot het omdat ons almal nagmaal toe gaan, het u en my daar en daar dinge hoor sê, het my daar en daar gesien — miskien herinner ek my dit nog. My woorde en dade het nie verborge gebly nie!

Ouers weet wat hulle kinders gedoen het, die kinders van hulle ouers!

Die bestuurder van sy werknemers en andersom!

Ek van my buurman en my buurman van my!

My sonde het nie verborge gebly nie!

En dan is daar nog so baie waar niemand van weet nie — net die

man en vrou miskien. Die verborge sondes, gedagtes, begeertes, gevoelens wat net ek weet!

God ken en sien dit alles!

En Christus ook!

En so kom ons nagmaal toe met al ons sondes!

Geen wonder dat daar kritiek kom nie!

Ons kom nagmaal toe nie sonder sondes nie maar met ál ons sondes.

En die oplossing is so eenvoudig! Ek spot nie!

Kyk — ek bely my sondes, ek vra om vergewing al is dit ook net voordat ek die wyn aan my lippe bring — Christus hoor my tog! En nou gaan ek met goeie gemoed nagmaal toe, omdat Christus my wil verseker dat Hy my sondes vergewe deur sy bloed!

Alles afgehandel! Aangename nagmaal — nie waar nie!

Die inhoud van hierdie redenasie is goed: ek het erken dat ek sondaar is. En daar is twee soorte sondare: hulle wat las het, en hulle wat nie las het van hulle sondes nie.

U en ek behoort by die goeie groep: ons het las van ons sondes. Daar is skuldbesef, berou, ek bid, ek vertrou op vergifnis. En ek gaan nagmaal toe!

Eenvoudig, nie waar nie! Baie eenvoudig! So is dit!

Maar dit is eenvoudig in verkeerde sin! Dit bly by ʼn verstandige en verstandelike redenasie! Ek bely en het dus vergifnis, mag dus aansit! Maar dat dit fout is blyk hieruit dat ons lewe nie anders word nie. Geen toeneming in heiligheid van wandel en die vaste sekerheid van die geloof nie. Want die sekerheid hoort by die geloof en is daarvan ʼn onmisbare bestanddeel.

Waar is ons sekerheid — ons blydskap in die Here?

Helaas, ons persoonlike geloofslewe gaan so staan-staan, lê-lê, lui-lui voort!

Weet die wêreld dat ons daar is en lewe, werk en getuig? En weet ek self seker — soos Paulus? Of sê ek: Ek is nie seker nie, ek twyfel,

miskien darem gered! Weet die mense — nie van hoor-sê nie maar van sien — weet hulle dat ek 'n gelowige is? Verneem 'n bestuurder wel dat hy 'n gelowige werknemer het?

Nie? Die oorsaak: omdat ek dit laat by 'n logiese en uitstekende redenasie dat ek bely het, vergewing gevra het — en uit en gedaan!

Dan vind die sonde in my werklik 'n baie maklike opponent, teenstander. Dan bly die sonde die oorwinnaar. En as ek dit besef, dan verstaan ek dadelik ons teksverse: Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie. En as ek in my salige saligheid geleef het dat alles reg is, dan kom hierdie teks soos 'n mokerslag op my neer!

Daarin moet die sekerheid van my geloof blink, daarin moet ek weet dat daar voortgang en heiligmaking is, dat ek in die stryd teen die sonde dit nie laat bly by belydenis en gebede nie maar dat ek die sonde ten bloede toe teëstaan!

Dan verander alles — dan kom daar rimpels op die egalige watervlak, dan begin dit golf van lewe en wenteling!

Dan het die egalige stroom van my lewe gekom in die bergeveld waar ek die dreuning verneem van stortende water in opslaande damp!

Dan word dit alles anders!

Dan kan die wêreld nie maar ongestoord sy gang gaan rondom die kerk van Christus nie; dan kan die omgewing nie verby u lewe sonder om u op te merk nie!

Want dan stuit hulle op mense wat volhou ten bloede toe! Dan kry mens 'n moeilike lewe, 'n ontsettende taak; dan word jy moeg van stryd en worsteling en bloedverlies! Dan soek en smag jy na koel lewenswater en rus!

En dan vind jy die rus en die water in die versterking aan die tafel van die Here!

Dan is my gewete rein teenoor my Verlosser, wat sê: Volg My! En dan kry jy nie meer lidmate wat sê: Ek sal sien of ek kan kom nie. Maar dan kom dit van die lippe van 'n strydende held ten bloede toe:

Ek kom! Mag God my help!

En ons teks is gerig tot u en my, gelowiges,- en die teks sê ons wat ons nog *nié* gedoen het nie: ten bloede toe teenstand gebied het teen die sonde — maar ook wat ons wel gedoen het: gestry teen die sonde! En hierdie beeld: ten bloede toe, kan ons tyd goed verstaan.

Die skrywer het eers gepraat van die wedloop wat ons met volharding moet loop — die wedloop gehou in die stadion, die baan van die Grieke, en in hierdie vers praat hy van nog 'n saak wat plaasvind op die baan, voor die baie toeskouers — die sogenaamde vyfkamp, die stryd wat bestaan uit vyf wedstryde, 'n kombinasie van verspring, wedloop, spiesgooi, diskusgooi en stoei. En stoei was in daardie tyd 'n samesmelting van boks en stoei. En as die mededingers die een die ander gewen het in die eerste vier, moet hy in die vyfde en finale sy teenstander op die grond probeer gooi en hom dan met vuishoue buite geveg stel, hom uitslaan!

Dit is hiervan wat Paulus praat in die brief aan die Korintiërs: Ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie!

En hier in vers vier het die skrywer dit ook oor hierdie finale geveg, hierdie stoei-en-bokstoernooi. Hier is die mededingers die gelowiges en die sonde. En die sonde is 'n swaargewig, 'n rekordhouer met 'n reguit linker en 'n regterhaakhou en voetwerk soos min!

En al die grepe van die stoeikryt tot sy beskikking! En as ek bely en vergifnis smeek en dan nagmaal toe kom, hou ek op voordat ek by die vyfde en finale kom — die geveg ten bloede toe! Ek kan ook op verskillende maniere veg.

Op bevel, uit plig maar ook met al die ywer van my wese, met verbitterde moed, met vyandskap teen die vyand, met felle haat!

En hoe staan dit met my stryd teen die sonde?

Is dit maar so 'n goeie sportmanspel, of is dit 'n stryd met verbittering gestry teen die grootste en allergevaarlikste vyand — die sonde? En haat ek die teenstander werklik met 'n diepgewortelde haat!

Dit is die enigste geval waar ons mag haat, ja, waar ons *moet* haat! Die vyand moet teen die grond gegooi word, en met

gekneusde en bloeiende kneukels moet ek hom verneder!

En as ek dikwels verloor, moet dit nie hier in die begin al wees nie, maar dit moet deur my bloed en deur sy bloed heen wees!

Of gaan ons maar so gemaklik, maklik met ’n *aag* tot die sonde oor?

So gaan dit dikwels in die stryd teen ons sondige natuur, teen sondige gewoontes, teen sondige dinge in ons handel en wandel en spreke.

Ons weet dit moet anders gaan, maar om dit anders te doen — daar kom niks van nie. Die voorneme is daar!

Maar die inspanning is nie genoeg nie! Stryd — maar gou verlore! Geen teenstand ten bloede toe, met die inspanning van al ons kragte volgehou nie! Ons veg nie so dat dit ons iets kos nie!

En hier praat ons nie van vervolging en verdrukking nie. Daar vloei ook bloed, maar dit is nie hierdie stryd teen die sonde nie. En hy wat nie teenstand teen die sonde bied ten bloede toe nie, hoef nooit te vrees vir vervolging nie. Lank voor die vervolging kom, het hy al oorgegee!

Maar kan ek in hierdie stryd die oorwinning behaal? Kan ek die sonde in die laaste van die wedstryde neerslaan en uitslaan en met omhooggerigte vuis met my voet op sy bors staan?

Ons teks sê dit nie, eis dit ook nie!

Daar is net Een wat die sonde oorwin. Christus self! Maar ons teks eis teenstand ten bloede toe. Dit is die eienskap van hulle wat in die oorwinning van Jesus Christus, die Oorwinnaar, deel het.

Daarom — hoe bied u teenstand, broeder en susters? Het u dit ten bloede gedoen? Met alle kragte? En is die sonde u vyand? Elke dag, nie net Sondag my vyand en snags en weeksdae my ou maat nie?

En elkeen ken homself en sy gewoonte, sonde en sy boesem-sonde.

Hoogmoed? Wellus? Gierigheid? Selfingenomenheid,

baatsugtigheid, leuenagtigheid, haatdraendheid? Verset u u daarteen met alles wat in u is? Bied teenstand ten bloede toe!

Dit moes Christus doen in sy stryd in Getsemané! Hy het die oorwinning behaal. Daarom is daar vir ons verlossing. Daarom vier ons die nagmaal tot Sy gedagtenis.

Self kan ons die oorwinning nie behaal nie. Maar om te deel in sy oorwinning is nie moontlik as dit nie ook ten bloede toe kom nie.

Bely en smeek en bid en stry ten bloede toe in die krag van Christus!

Dan sal ek kan saamstem met die Nagmaalsformulier wat ek dikwels so slaperig aanhoor: dat geen sonde of swakheid wat nog teen ons wil in ons oorgebly het, ons kan verhinder dat God ons uit genade sou aanneem.

Dan kom ons Nagmaal toe as sondige mense met sondes wat nog in ons oorgebly het.

Maar het dit waarlik teen ons wil in ons oorgebly? Of berus ons maar daarin en maak ons die sondes toe met die kombers van 'n slegte gewete en kom dan doodluiters nagmaal toe gestap?

Maar het dit teen ons wil — werklik teen ons wil — in ons oorgebly, dan word ons hele lewe anders, vuriger, heftiger, warmer!

Dan is dit gedaan met die laksheid en die traagheid!

Dan sing ons van die krag en genade van God!

En u gaan nou die kerk uit en kom more nagmaal toe!

Hierdie woord is op u hakke: Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied nie! En u gaan nou ten bloede toe stry!

Selfbeproewing is nie 'n saak wat na een of ander kant kan uitval nie. Ek kom of ek kom nie nagmaal toe nie.

Selfbeproewing is geloofswerk en eindig altyd deur Christus te volg, te gehoorsaam ook in die verkondiging van sy dood.

En ons eindig waarmee ons begin het: Ons gaan almal nagmaal toe!

Nie uit gewoonte, sonder kennis van ons sonde nie, maar omdat

ek nou die regte verhouding teenoor die sonde ingeneem het: haat en stryd en worsteling ten bloede toe!

As ons ons nog altyd maklik gewonne gegee het, dan het ons nog ook nooit die volle sterkte en krag van die vyand gesien nie.

As ons die sonde ten bloede toe weerstaan, dan staan hy ook op in sy volle krag! En dan voel ons ook eers werklik hoeveel ons Christus nodig het. Werklik nodig!

En hoe heerlik is die rus dan nie aan die Nagmaalstafel nie, waar ons Gasheer ons voed en laaf! Moeg van die weerstand ten bloede toe, moeg van bloedverlies rus ons hier!

Heerlike rus vir moeë stryders, wat met al dié inspanning tog nie kon wen nie!

En hier hoor hulle soos musiek op die ore val: Christus het oorwin! Christus het oorwin — vir my!

Christus Oorwinnaar!

En ons kan die Oorwinnaar wat ten bloede toe gestry en oorwin het, nie volg as ons nie stryders is nie!

Vurige liefde vir Christus!

Vurige haat teen die sonde!

Christus en ek moet dieselfde vyand hê! Dan weet ek dat ek aan Christus behoort!

Gaan ek vanaand en al die dae na hierdie nagmaal ten bloede stry teen die sonde? Of gaan ek sonde doen, my sonde bely, vergifnis vra van sonde doen, my sonde bely en vergifnis vra — en met nagmaal rustig aanstap tafel toe — en die verwyt in my ore.- Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie!

Amen.

# TEVERGEEFS GELUISTER!

**LEES:** HANDELINGE 24.

**SING:** PS. 45:1, 5, 6; 119:7; 146:2, 3; 131:1, 2, 3 (wysie Ps. 100).

**TEKS:** HANDELINGE 24:24-27.

---

In die dae van die omwandeling van Christus op aarde en in die tyd van sy apostels en hulle evangelieverkondiging was dit die Romeinse ryk wat algehele oppermag besit het.

Die bekende Romeinse uniform was te sien in elke stad, langs alle paaie, in elke landstreek!

Skynbaar toevallig dat Christus se verskyning en die Romeinse heerskappy saamval.

Tog nie toevallig nie, maar pragtig volgens God se Raadsplan!

Nasionale grense uitgewis; verkeer tussen land en land ’n natuurlike gemaklikheid; veilige hoofweë, uitgeplavei vir die vinnige leërs van die Romeinse generaals om doeltreffend beheer te kan uitoefen op alle fronte. Alles ter wille van die heerskappy van Rome!

Maar Rome is ’n kneg van die Allerhoogste en die nederige dienskneg van Christus!

Die nasionale grense wat hy opgehef het, help mee tot die snelle uitbreiding van die evangelie!

En langs die hoofpaaie wandel die Romeinse burger Paulus met veiligheid van stad tot stad — prekende, verkondigende die evangelie van Jesus Christus. Geen toevallige saak nie maar deur God bepaal.

En kragtens die Romeinse burgerskap van Paulus mag hy aanspraak maak dat reg geskied teenoor hom en mag hy verhoring vind in elke regsaal, voor elke hoë plaasbekleder, selfs voor die keiser!

En hier in Palestina was daar ’n stadhouer Felix.

Voor hom, soos later voor Festus en Agrippa en miskien ook voor die keiser, weerklink die evangelie van Christus!

Hy skroom nie, hy is nie bang nie — hy praat en getuig ook voor hulle voor wie ander enkel kruip.

'n Mooi naam — Felix: dit beteken die gelukkige. Tog het hy nooit gelukkig geword nie!

Hy sou gelukkig geword het — volkome, as hy na die evangelie geluister het wat eenmaal in sy lewe aan hom verkondig is deur die apostel Paulus!

Dan was hy Felix, die gelukkige, tot in alle ewigheid! Die evangelie van Jesus Christus is al wat mense werklik gelukkig maak.

Jammer dat Felix die uitgestrekte hand terugslaan!

En weet u hoedat hierdie heiden in aanraking gekom het met die evangelie? Eintlik maar heel gewoonweg.

God kruis in sy genade meestal ons pad deur ons daelikse besigheidjies en sakies heen!

Die taak van ’n stadhouer was veral om regsake te behandel.

Die Jode het ’n hele lys beskuldigings ingebring teen die apostel Paulus, en dit moes Felix nader ondersoek. En so in ’n gewone, alledaagse regsondersoek ontmoet Paulus en Felix mekaar.

Maar vanaf die heel eerste moment dat Felix Paulus ontmoet het, is hy deur die gevangene in sy boeie geboei!

Dit kon hy dadelik sien: hierdie is geen misdadiger nie!

So geïnteresseerd, so geïmponeer deur hierdie verloste deur Christus dat hy nader kennis wil maak en graag meer wil weet van hierdie Jesus wat deur Paulus verkondig word.

So word Paulus deur Felix ontbied. Nie in die regsaal nie maar by Felix aan huis. Heel waarskynlik gesellig in die weelderige voorkamer. Drusilla, Felix se vrou kom ook by!

En vir hulle twee moet Paulus sommer maar van Jesus Christus vertel.

En dié twee — ’n aaklige prentjie as jy onder die ampsgewade kon insien — die hart kon aansien!

Felix het gekom tot hierdie vername posisie deurdat hy eers al sy mededingers uit die weg geruim het!

Sy pad loop oor lyke! Hy was verder bereid om alles te doen vir geld. As Paulus met 'n klompie silwerstukke in sy kleed gegrammel en geklink het, het Felix hom vrygespreek en losgelaat!

En die mooi vrou langs hom, Drusilla, was 'n berugte en sedelose tipe en in die strengste sin van die woord nie sy vrou nie. Kwalik twintig en nou reeds 'n vrou met 'n verlede!

En as Paulus sy oë opslaan, dan kyk hy in die wrede oë van 'n magswellusteling en in die mooi gelaat van 'n vrou wat reeds die eerste tekens toon van haar oorspelige lewe.

Maar moenie dink Paulus sê aan hulle: Rakkers — vir julle het ek niks te sê nie!

Christus het ook gesterf vir magswellustelinge en oorspelige vroue!

En dié Christus het Paulus om te verkondig! Hoe sou hy teenoor hulle swyg? Het hyself nie nog groter misdade op sy gewete nie! Het hyself nie die gemeente van Christus vervolg nie! Hy herinner hom die sterwende diaken!

En is daar aan hom geen barmhartigheid bewys nie!

Hy kan met die mees opregte oortuiging van sy siel vir hierdie skuim van 'n korrupte maatskappy sê: Die brug van genade, wat my die grootste van alle sondare kon dra, sal onder julle sondige voete en lewens ook nie inmekaar sak nie!

As ook julle glo en bely en voor die eenvoudige kruis kniel, word die hope vuil van julle sondige lewe julle nie toegereken nie. Jesus Christus het behae in sondaars wat hulle bekeer. Kom!

En, broeder en suster, Paulus sou die volle evangelie nie verkondig het nie as hy nie ook gesê het dat hulle wat vergewing wil ervaar, hulle sondes moet bely en laat staan nie.

Dit is onmoontlik om Christus lief te hê én die sonde.

En omdat Paulus hierdie twee sedelike booswigte ter wille van Jesus Christus liefgehad het, het hy hulle nie gespaar nie!

Hy het dinge by die naam genoem en hulle verwittig dat hulle met hulle lewe van korrupsie, onreg, onsedelikheid en ontug nie moes deurgaan nie!

Ons teksverse is duidelik: “hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel”.

En dit was ’n preek van Paulus waarop Drusilla en Felix nie anders kon nie as om te sê: Die preek is net vir my bedoel, Dominee!

Gaan hulle egter tog voort, dan sou hulle die aangebode genade verspil en die Regter van hemel en aarde in die sterke arms loop — en nie ’n genadige Vader nie.

Vir ewig sou hulle omkom!

So was by Felix hulle nog nooit tevore huisbesoek gedoen nie! So ’n treffende eerste huisbesoek dat Felix bang geword het!

Vir een enkele oomblik sien hy sy verwronge lewe in die ontdekkende soeklig van God se heiligheid!

Die skerp soekligte uit die mond van Paulus skyn met onontwykbare helderheid op al die vuil plekke van sy hart en lewe!

So skyn God se Woord altyd in ’n mens se lewe.

En Felix voel God spreek met hom!

En die Woord van God laat hom nie onbewoë nie! Hy word onrustig!

Dit is ’n kritieke uur: Daar in die sitkamer van die stadhouer, én ’n kritieke oomblik in die hemel en in die hel!

Die hemel wag om dit uit te jubel: ’n Sondaar gesoek en gevind!

En die hel wag om dit uit te skater: Behoue vir die duisternis!

'n Kritieke uur! ’n Uur van beslissing!

Die vrees wat Felix oorval, is soos ’n plotselinge hewige pyn in my liggaam!

Ek dink: Wat makeer my? — en ek soek dringend ’n geneesheer. Hier staan die geneesheer — gereed en wagtende, Jesus Christus!

Wat sal Felix doen?

Tragiese antiklimaks! Hy staan van sy stoel af op en sê vir Paulus: Dit spyt my, ampswerk roep my weg — tot 'n volgende keer!

Tot 'n volgende keer, dan praat ons weer!

Hoef ek dit te sê? — Dit skater in die hel!

Felix het genoeg tyd. Maar Felix wil nie!

Die hemel was dit nie vir hom werd om sy sondige lewe daarvoor in te boet nie!

Die hemel is ver, en die sonde is hier koesterend en genotvol byderhand!

Felix, wat baas bly oor homself. Hy beteuel sy humeur, en daaroor was die duiwel besonders in sy skik!

As Felix hom vererg het en sy humeur verloor het toe Paulus hulle so onomwonde die waarheid vertel het, dan het Satan 'n ronde verloor! Maar Felix bly gentleman en sê: Dit spyt my, Paulus, daar is nou nie meer tyd nie.

Nou kan hy 'n fatsoenlike mens bly, goeie maats met hierdie predikant van 'n Paulus en terselfdertyd die evangelie afwys en die hand van verlossing wegstoot!

Felix sou met hierdie diplomatieke optrede van hom perfek gepas het in ons tyd!

Ek bly met die evangelie op goeie voet maar gevoel my nooit om die eis van die evangelie na te kom nie — breek met die sonde en bely die sonde en ontvang vergifnis vir die sonde!

'n Godsdienstige gentleman!

Die preek van Paulus het Felix en sy vrou geboei! Dit was 'n mooi preek — 'n preek wat bang gemaak het, en by die kerkdeur word daar gesê: Wat 'n boeiende preek het dié man tog weer gehad!

Geboeide kerkgangers is volop! Geboei na twee kante toe — geboei deur die mooi preek en geboei aan hulle sonde!

Terwyl die boeiende preek van Paulus en alle ware preke vra: Breek die boeie van jou sonde! Elke preek is 'n kritieke uur!

Ter wille van een of twee of meer sondaars wag die hemele én die hel!

U en my ganse lewe is 'n kritieke uur! Die hemele en die hel wag!

Felix het drie ernstige foute gemaak. In die eerste plek sê hy: Gaan vir hierdie keer heen, dit wil sê: tot 'n volgende keer, Paulus! Miskien tot volgende week — maar wie sê vir jou Felix dat jy volgende week of volgende jaar nog leef?

In die tweede plek sê Felix: Ek sal jou weer laat roep. Hy besef nie dat hy nou deur God geroep is nie!

Ons beskik nie oor die genade of die tyd daarvan nie, maar God en God se tyd is altyd: nou!

En in die derde plek het Felix nie daaraan gedink dat die sonde altyd groei nie — die sonde grawe hom altyd dieper in, gaan altyd vaster sit! 'n Geroeste spyker in 'n paal wat altyd moeiliker uittrek!

U wil tog graag bewaar bly vir hierdie drie fatale foute van Felix!

Vandag, as u Sy stem hoor, luister, en moenie u verhard nie!

Dan sal u waarlik wees Felix, die gelukkige — nou en tot in ewigheid!

Amen.

# HOORDERS EN DADERS

**LEES:** JAK. 1:19-27.

**SING:** PS. 89:6; 119:1; 3:2; 138:1.

**TEKS:** JAK. 1:22-25.

---

Agter die naam van ’n predikant staan daar dikwels die letters: V.D.M. In Afrikaans beteken dit: Bedienaar van die Goddelike Woord. Dit is dus die worsteling én die werk van ’n bedienaar van die Woord, nl. om die Woord by die mense en die mense by die Woord te bring.

En daaroor wil ons nou met u spreek. Soos Jakobus daaroor spreek. ’n Praktiese man dié Jakobus. Hy het sy vinger op die vinnige pols van die lewe. Ook op die lewe van die jong Jerusalemse gemeente. Hy weet wat daar aangaan, en op grond van sy praktiese waarnemings het hy ’n paar opmerkings te make. Dit doen hy goed.

So werklik en lewendig is die soort mense wat hy in ons teksverse voor ons neersit dat mens jou met agterdog afvra: Het Jakobus my nie dalk geken nie!

En die twee mense wat Jakobus hier in die kalklig bring, is albei kerkmense — hulle is *hoorders van die Woord!*

Die Goddelike Woord hoor jy in die kerk: aan die kerk het Christus die bediening van die Woord toevertrou. As u die Woord wil hoor, moet u kerk toe gaan. Dit het die eerste man dan ook gedoen. Dit wil ek tog in hom admireer. Al was hy ’n vergeetagtige hoorder — tog ’n *hoorder,* ’n kerkganger.

En dit kan mens seker nie van alle mense in Potgietersrus sê nie. Hoeveel van ons verslaap en verknoei nie hulle kostelike Sondag met nikswerd en leë dinge en staan ver agter by dié kerkganger nie!

Die man van ons teksvers gaan egter Sondae, soos dit hoort, met sy vrou en kinders kerk toe. En dit maak ons taak as keurige en getroue kerkgangers nie gemaklik nie. As Jakobus hier ’n teenstelling gemaak het tussen kerkse en onkerkse mense, dan was ons veilig.

Dan kon u nou onder die preek veilig die voete uitstoot, die bors

ook: die dominee is nou nog eers met hulle daarbuite besig. Dan het al die skote oor u heen getrek, die venster uit en geval in die huise van hulle wat nooit in die kerk kom nie.

Maar dit is nie so nie — die man kom naby ons.

Die teks ontplof nie onder hulle wat nie kerk toe kom nie! Kyk — die skote val in die kerkbanke. Die granate ontplof tussen die getroue kerkgangers. Eintlik is dit ′n baie diplomatiese teks. Dit laat jou eers fatsoenlik en netjies die diens in kom, en dan gaan hy die vromes binne in die kerk te lyf. Die teks maak brutaal onderskeid tussen kerkganger én kerkganger.

Hy wil u en my op die skouer tik: U is ′n kerkganger, vriend? Pragtig! Maar watter soort is u?

Dit vra hierdie teks vir ons ook — en ons sal móét antwoord. Gelukkig, dié man met wie ons besig is, hoef nie beskaamd te staan nie. Hy gaan kerk toe. Hy is nie deur sy vrou saamgetrek nie. Dit is ook nie so ′n bullebak van ′n kêrel wat met ′n rusie deur sy pa die bed uitgejaag is nie. Nou sit hy met ′n verveelde gesig op die galery: As die arme dominee tog net wil amen sê. Ons hoorder is ′n aktiewe, daadwerklike hoorder. Hy is met die gepredikte Woord besig.

Jakobus gebruik ′n treffende beeld om dit duidelik te maak. Soos ′n man wat sy natuurlike gesig in ′n spieël sien. Dié woord is by hom nie meer water op ′n eend se rug nie. Hy neem dit ter harte. Hy gebruik die Woord as ′n spieël. Hy spieël hom dus nie aan sy medekerkgangers nie. Maar in die Woord van God. Daar spieël hy hom — en dan nie maar ewe vlugtig nie. Eintlik staan daar hy beskou homself — hy bekyk homself grondig! Bestudeer homself in die Woord van God. Ek sou sê: ′n Voorbeeld! ′n Prag van ′n kerkganger!

Nou ja, buite die kerk loop dit effens mis met die man, maar in die kerk — wel, ek sou graag wou gehad het dat u almal altyd so onder ′n preek sit soos hierdie man.

Waarmee is u nou eintlik in die kerk besig? Met die gehoorde Woord, of met die week wat Maandag wag, die transaksie van Dinsdag of met mevrou Jansen se nuwe hoed?

En hier kom nog iets in die guns van dié kerkganger. Terwyl hy

in die spieël kyk, sien hy homself. Hy is in die kerk nie net besig met die Woord nie maar ook met homself. Jakobus sê duidelik: sy natuurlike gesig, sy aangebore gesig. Dit wil sê sy natuurlike gesig sonder opsmuk en verf. Hy kry 'n blik op sy eie, onopgesmukte gesig. Dit is altyd 'n swaar saak! Daarvan hou 'n mens nie. Hy sit nie gemaklik in die bank nie. Hy weet waar wil die dominee heen. Sy gewete sê hom onder die preek: Kêrel, dit was raak.

Hy sien voor sy oë die natuurlike gesig van sy huwelik, van sy gesin, van sy werke, van homself. Dit skuif soos 'n rolprent voor hom verby: sy lewe waarvan die sterk Woord van God al die vernis en politoer afgetrek het.

Hy kyk in die donker dieptes van sy lewe. Hy skrik. Die sweet breek hom uit. Hy sien die swart holte van sy lewe. Hier was dit mis teenoor sy naaste — daar was dit mis teenoor God.

Ek wens maar één ding, dat u en ek só 'n kerkganger was. Dat u hier die preke so sit en verwerk. So verwerk dat u ook u natuurlike gesig sonder die vermomming sien — met ander woorde, u self sien in al die aakligheid van u lewe soos God dit sien. En vir my! Dan sien ons soos hierdie man ons lewe in die spieël van God.

Pragtig; en tog — daar kom by hierdie man min daarvan tereg. Daar staan: hy gaan weg. Dominee het amen gesê — die kerk stroom leeg. Vol van die preek, vol van sy eie aaklige natuurlike gesig gaan dié man nou huis toe. En so hoort dit — ons gaan kerk toe om weer weg te gaan. Te gaan na ons moeilike gesin, ons jarelange siek vrou, na ons lastige bure, na Maandag met sy taak en roeping, na die volle groot lewe met sy wel en wee.

Ons moet weer teruggaan. Teruggaan en *vrug dra!*

Daar waar ons heen gaan, moet ons die gehoorde Woord in dade omsit.

Daar — dader van die Woord word. So gaan hy weg. Sy lamp vol olie. — Hy weet hoe hy lyk — hoe hy vir God lyk. Hy het gehoor van Christus; want elke preek verkondig Christus. Hy weet Christus vergewe en God vergewe deur Christus. Hy weet hy moet nie weer nie. Hy weet die Here sal krag gee. Sy lamp brand hoog! Wat sal met hom gebeur buite die kerkmure. Maar — daar kom nie dade nie. En dat daar nie dade kom nie, kan oorsaak hê. Miskien 'n goeie vriend

buite die kerkdeur: Dié dominee het vanmôre darem weer drooggemaak. En weg is die portret wat ek van myself verkry het onder die Woord van God.

En so sonder dat ek dit agterkom, word die afsigtelike self-portret versier, verfraai, gekamoefleer! Kom, kom so erg soos die dominee dit maak, is dit darem nie. Jakobus is maar ŉ pessimis. Daar is mos Paulus ook nog. Paulus leer: Mens moet van genade lewe. Dit is veel makliker as hierdie spieël-kykery van Jakobus. En behalwe dit — ek glo ook nie ek gaan vanaand kerk toe nie. Dit sal tog maar weer net die ou-ou Kategismus wees. Só, so word die goeie kerkganger dan bedrieg. Die preek — ŉ druppel water op ŉ gloeiende plaat. Hy gaan weg, staan daar, en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.

Dit is ons — vergeters!

Ons wil vergeet, vergeet hoe ons lyk. Ons wil vergeet — wie wil graag ŉ aaklige gesig onthou.

Hoe is dit waaragtig moontlik! Ons gaan dokter toe en word ondersoek. Die dokter sê met ŉ ernstige gesig: Mevrou, ek mag dit nie vir u wegsteek nie! Baie ernstig! U loop — u waggel die spreekkamer uit.

Huis toe — dit klop net een ding in die gedagtes — die dodelike kwaal. Sou u *dit* vergeet! En hier — hier — u was onder die X-strale van die Groot Geneesheer. Die foto geneem. Hy het u die foto laat sien! Die donker plekke het u self gesien! U is doodsiek — siek aan ŉ ernstiger kwaal as kanker of trombose — sonde, sonde, sonde! ŉ Dodelike abses, en — en u vergeet dit! En behalwe die kwaal vergeet u dat daar ŉ geneser is en sy voorskrifte.

En u was ŉ goeie hoorder, vandag weer, ŉ uitstekende kerkganger — u het u gesien in die duidelike spieël van God se Woord! En u gaan vir ewig verlore. Dis moontlik. En as dit met die groen hout gebeur — kerkgangers is groen hout — wat dink u sal gebeur met die droë hout, die slapende en duttende kerkganger — of ook met hom wat nie kom om te hoor nie.

Maar daar is nog ŉ ander kerkganger — die dader van die Woord, noem Jakobus hom. Hulle was altwee onder dieselfde preek. Maar

die een was anders as die ander daar. Altwee ernstige spieëlkykers — maar tog met die lewensbelangrike: Die een sien hom in die spieël — en gaan weg. Die ander nie. Hy sien diep in die spieël soos 'n man oor 'n mikroskoop — ernstig verdiep in die beeld in dié spieël. As dit aaklik is, wil hy dit juis goed sien. Hy staar daarin met al die erns van sy siel en wese. Dat ek só kan lyk. Dat God my elke dag só moet sien. Hy staar, en trane van verlorenheid en sondaarskap verdof die starende oë — en, kyk, agter sy eie beeld kom 'n ander beeld al sterker na vore. So sterk dat dit totaal sy verwronge, aaklige, eie beeld oorheers. Christus in sy lyde, kruislyde — die kroon van dorings — bloeiende slape. Dan word dit vir hom anders. Die eis van God se Woord en wet wat homself so aaklig gemaak het, is vervul! Vervul! Hy haal weer asem! Toe hy in die diepte gekyk het en sy eie lewe met al die donker vlekke gesien het — donker vlekke, enkel donker — gesien het, het Christus in sy versoening voor dié beeld ingeskuiwe, en kyk hoe anders word dit! En nou kan hy heengaan en dader word van die Woord! Hy kan ook — want sy sonde is vergewe.

En die Woord van Hom wat soveel vergewe het, word uitgevoer, dit word gesmee in harde, tasbare dade! En dié tasbare dade word vir uself en vir ander die bewys dat u deur Christus verlos is. En dit moet dan met ons gebeur: daders van die Woord langs ons hele lewenslinie. Doen dit wat teen eie vlees en bloed ingaan. Skryf dié brief — breek met die verhouding. Gee die hand wat u jare lank nie gegee het nie. Los die wrok wat soos 'n dreigende ondier in die hart lê. Waarom dink u is ons geestelike lewe so dood en dor! Is dit nie omdat ons hoorders is maar selde daders word nie. Ons bly met ons getroue kerkgang en baie gehoorde preke presies dieselfde, lelike mense. Dieselfde laspos, dieselfde geldwolf, dieselfde kruidjie-roer-my-nie, dieselfde rokjagter, dieselfde trotse pou.

Gelowiges in Jesus Christus — doen tog die kostelike woord van Christus — nie uitstel nie. Se liewers hier buite vir 'n vriend of vir my: Moenie my kwalik neem nie, dominee, ek moet dadelik huis toe — daar ry die broeder met wie ek jare lank nie meer langs dieselfde vuur sit nie — ek wil na hom toe — regmaak. Dit kan nie wag nie.

Reg — reg — doen dit! Moenie daaroor slaap nie. Nou! Skep direk en radikaal God se Woord in dade om. Die effek sal geweldig wees. Dié dader sal gelukkig wees in wat hy doen. So is dit! Die seëninge

van 'n geseënde Sondag en werk wat gedoen is, dring deur na die verborge kamers van ons hart en lewe. Ons word dan eers diep gelukkige en ernstige mense. Dit word 'n heerlike week!

En wat dink u word van Potgietersrus as almal wat Sondae in die kerk is, daders van die Woord word en daarom gelukkige mense word. Potgietersrus word omgekeer. Dan word bekering nie praatjies nie maar daad!

My liewe broeder en suster — u gaan nou al soveel jare kerk toe, u is soveel jare lank al hoorders van die Woord — word nou ook daders van die werk.

En u sal dit agterkom: Gelukkig in wat u doen.

Amen.

# GOD SE SKOONHEIDSKONINGIN.

**LEES:** ESEG. 16:1-14.

**SING:** PS. 45:1, 7, 9, 12; 119:50; 65:2; 23:1; 128:2, 3, 4.

**TEKS:** ESEG. 16:14.

Deesdae is daar skoonheidskoninginne in menigte. Daar is ʼn Mej. Suid-Afrika; Mejuffrou Europa en daaruit voortkomende ʼn Mejuffrou Wêreld. Sy sou dan die mooiste meisie in die ganse wêreld wees — die mooiste ten minste vir hulle wat meedoen aan hierdie ontaarde spel om die skepsel bokant die Skepper te verheerlik. Kan daar woorde gevind word wat skerp en doeltreffend genoeg is om hierdie toenemende praktyk te veroordeel! Is jong dames dan koeie? Koeie op ʼn tentoonstelling! Is hulle geteel deur hulle ouers wat gebruik gemaak het van doeltreffende teelmetodes om beter en mooier kinders te verwek! Het ouers met mekaar getrou en mekaar uitgesoek met die oog daarop?

Kan so ʼn jong dogter vir haar al die eer inoes van haar skoonheid? Of het God haar ouers geskep, laat trou, die skoonheid gegee! Mag ek in myself roem en vir myself eer inoes vir dinge wat ek ontvang het?

Selfs ʼn koei eer haar baas! Maar die jong dogter vergeet haar Skepper.

Skoonheidskompetisies! Dit stoot die verkope van nuusblaaie op. ʼn Afrikaanse koerant se oorwinnares pas aangekondig en die kroningsplegtigheid van hierdie wufte afgodery waaragtig waargeneem deur ʼn kabinetsminister en dit op ʼn magtige grote dansparty! En die maatstaf — uiterlike skoonheid!

Dat ʼn beeldskone meisie ʼn baie lelike binneste kan hê, daaroor bekommer die mense hulle minder. Die innerlike skoonheid het in die wêreld nie veel aansien nie. Daarvan word min verstaan. Die innerlike en sedelike skoonheid verteenwoordig die ware skoonheid. En ware skoonheid is altyd verborge. Ook in dié sin verborge dat dit hom nie self aanbied aan tydskrifte en dagblaaie om só openbaar te word nie. Die ware skoonheid paradeer nie op die mode- en skoonheidsparades nie. Dit sóék nie bewondering nie. Dit blom in die stilte.

Self weet dit nie dat dit mooi is nie. In die onherbergsame klowe, waar min mense kom maar waar die Here sien én weet, groei die mooiste blomme! Die rykste goud lê verborge in die diep-diep riwwe! En dit is hierdie diepere, ryke, geestelike én sedelike skoonheid wat Esegiël bedoel in ons teksvers en waarmee die volk van die Here — óók ʼn vrou, ʼn jong vrou, ʼn bruid — in hoe mate begiftig was!

Israel bring geen noemenswaardige kultuurskatte voort nie. Die skone kunste het Israel nie beoefen nie.

In die Volkebond of V.V.O. van dié dae speel hulle geen rol nie. Daarin mag hulle geen rol speel nie. Dié volk, dié bruid staan onder die heerlikheid wat van die Here afstraal! Hulle word deur die Goddelike oog gekoester en begiftig; en omdat God gee, kon hulle met skoonheid vorendag kom — maar ʼn skoonheid van geheel ander soort. Israel was die volk wat godsdienstig aan die spits staan van alle nasies. Baie wat nie bevredig kon word deur die veelgodedom van die heidense volke nie, het kom rus soek by die godsdiens en die skoonheid wat van Israel uitstraal. Baie het verlang om ingeskakel te wees onder die skoonheid van die Israelitiese bruid en sodoende te val onder die sterke vleuels van die ewige God. Wie het ʼn man, ʼn eggenoot soos die God van Israel? Wie is deur soveel skoonheid deur haar man beklee as juis Israel!

Om al hierdie redes het reeds van die oudste tye af die naam van Israel uitgegaan onder die volke vanweë haar skoonheid. Want Israel was volmaak deur die versiersels wat die Here op haar aangebring het. In geestelike opsig was Israel dus die Mejuffrou Wêreld van die ou-ou tyd. Haar skoonheid het sy nie te danke aan eie voortreflikheid of skoonheidskuur óf pomades nie maar uitsluitlik aan die guns van die Here! Aan sy verbondsgenade!

Tewens — alle skoonheid — ook uiterlike skoonheid — is ʼn begunstiging van die Here. Soos die skepping van ʼn kunswerk in sy skoonheid die kunstenaar eer aandoen, doen die skoonheid van God se skepping Hom eer aan! God maak skoonheid — skoonheid tot sy eer!

Te meer maak Hy jong dogters mooi en gee Hy aan hulle skoonheid dat hulle die skoonheid van sy volk, sy Israel sal afbeeld.

'n Hoë roeping van die wat die Here skoonheid gegee het! En dit wil die gedeelte van Esegiël wat ons gelees het, duidelik na vore bring.

Sy bruid se skoonheid is te danke aan sy begunstiging! Israel moet hulle niks verbeel nie. Alles wat hulle het en is, het hulle alleen aan God te danke! As niets tot iets kom, dan loop dinge dikwels verkeerd! En daarom moet hulle maar eers begin om aan hulleself hulle afkoms te herinner. *En* hulle geboorte!

En dan sê Esegiël 'n raaiselagtige saak: eienaardige beeldspraak! Jou vader, Israel was 'n Amoriet, jou moeder Hetitiese! Dit wil sê — die agtergrond en omgewing waaruit Israel in Kanaän voortgekom het, was pure heidens.

Het julle die heidense stamme uitgeroei? — Nee! Julle het by Jerigo en Ai opgehou! En julle grondslag in hierdie beloofde land was vermenging en verbastering. Uit dié verbastering is julle gebore. Die liggaamlike verbastering — maar veel meer die geestelike vermenging — dit is julle wieg en geboorte, Israel. En hierdie geestelike ouers, die Amoriet en Hetiet, het hulle om die kind nie baie bekommer nie.

Dit is mos maar 'n meisietjie! Selfs vandag nog geld in Egipte die geboorte van 'n dogtertjie nie en word die meisietjie nie gereken onder die kinders nie. Die ou Arabiere het hulle dikwels lewendig begrawe! So min het die Hetiete en Amoriete ook van hierdie meisietjie gedink. As hulle vier seuns en twee dogters het, sê hulle hulle het vier kinders! Só is daar met Israel gehandel deur sy eie ouers. Die naelstring word nie afgesny nie — die kind is die lewe nie werd nie. Na die geboorte word die kind nie gewas nie en daarna ook nie met sout ingevryf om die kind van duiwelse invloede te vrywaar nie. Alles is nie die moeite werd nie.

Daarom word dit nie in doeke toegedraai nie maar naak in die veld weggegooi. Israel 'n woestynvondeling! Wie sou hom ontferm?

Toe kom God verby! Hy sien die kindjie spartel in sy bloed. Hier was God se "sien" om te gedenk, barmhartig te wees, te ontferm. Dit beteken om te red uit die nood.

In teenstelling met die ouers wat sê: Sterf! sê die Here: Leef! So het die Here die vondeling aangeneem en aan die jeugdige kind sorg

bestee! Die kind word 'n jong meisie, 'n maagd, en groei en bloei en floreer soos die veldblomme. En toe sy troubaar word, gaan God 'n tweede maal by haar verby. En brei sy vleuels oor haar uit. Eintlik staan daar: Ek gooi my bokleed oor haar oop. 'n Daad wat elke jongman by die huweliksluiting verrig as simbool van die huwelikseenheid.

So sweer die Here aan haar sy verbondsgetrouheid.

En dan, ja dan, kragtens die verbondsluiting, ontvang sy die allerkostelikste gawes wat die verbondsluiting begelei. Wat gee Hy nie alles nie! Pragtig aangetrek met klere wat die bruidegom gee. Gewoonlik gee haar ouers dit, maar hierdie was 'n vondelingdogtertjie. Sy word deur haar bruidsmeisies begelei. Veelkleurige kleed, daarmee word sy, die skone, na haar vors gelei, 'n stoet van maagde agteraan wat met haar na die koning gaan. Sy word só skitterend die egtelike woning binnegelei.

En almal wat haar sien, praat daarvan — 'n skoonheid van die Here.

Israel — skoonheidskoningin! Die mooiste onder die mooistes. Omdat die Here haar mooi gemaak en versier het met sy kostelike huweliksgawes. Eers veelkleurige klere. Dan kostelike huwelikskoene van robbevel — robbevel waarvan ook een van die bedekkings van die tabernakel gemaak is.

Dan nog 'n kopdoek wat vanaf die hoof oor die hele liggaam gedrapeer is; die stof — 'n fyn, fyn linne — 'n priesterlike stof! Die sluier van deursigtige sy! Sy kom niks kort nie. Sy het alles ontvang saam met haar heerlike bruidegom. Nog nie goed genoeg nie — al was dit 'n allerkostelikste uitrusting. Armbande, halssierade, 'n neusring deur die regter neusvleuel. Oorringe! 'n Kroon wat die hare, die hare bedwing. Dan die spyse! Die spyse dat die bruid tot volle wasdom kan kom!

Dat Israel, die bruid, hierdie heerlikheid aan God te danke het, word deur Esegiël so kras moontlik gestel. As vondeling aangeneem, met sierade versier — kortom, van begin tot einde is dit nie Israel nie maar die Here wat handelend en seënend optree. Hy maak die verbond. Die Here is die handelende en die geseënde Bruidegom. Hy

gee alles, alles.

Israel kon maar net haar gegewe skoonheid tentoonstel, laat skyn en skitter tot eer van die hemelse Bruidegom. Dit is ook die taak van die Nuwe-Testamentiese kerk. Die kerk — moenie skrik nie — is die skoonheidskoningin van die aarde.

Die kerk is Mejuffrou Wêreld!

Al neem haar lede nie aan skoonheidswedstryde deel nie. Al is daar nie baie rykes en edeles onder hulle nie, en al is die meeste rekrute wat bykom, swerwers en sukkelaars en sondaars, eenvoudiges, kreupeles, blindes, ellendiges in eie oë. In hulleself besit hulle dus nie die minste skoonheid nie.

Daar is uit hulleself niks om mee te spog nie. Al doen ons dit baiekeer. Dikwels spog ons met die suiwerheid van kerk en kerklike organisasie, met ons aksie op baie fronte. Ons sê daar is niks van onsself by nie maar ons bedoel daar baie min van.

Spog, spog, spog — met die deur die Here gegewe vere. Ja, daar moet en mag wel 'n naam van ons uitgaan onder alle mense vanweë ons skoonheid — maar nie soos ons bedoel en soos ons doen nie. Die bedoeling is ons moet ons gelowige en Christelike skoonheid tentoonstel soos 'n blom, sonder dat die blom bewus is van die geur óf van die skoonheid! Dit gebeur sonder opskik en bohaai. Wie poeier die lelies en gebruik lipstiffie vir die bergrose!

Skoonheidskoningin moet die kerk wees. Sy is begiftig met God se verbondsgawes en rykdomme en skoonheid. Haar skoonheid moet straal. Sy moet aan die duistere wêreld vertoon die ligglanse van die genade wat God deur Christus in haar gelê het. Dit beteken elkeen die ander uitnemender ag as hyself — dat ons gesindheid die gesindheid word wat in Jesus Christus was.

Dat die liefde in beoefening gebring word wat nie pronk en praal nie maar alle dinge bedek. Wat gee sonder om beloning te verwag. Of moet ons die pragtige 1 Korinthiërs 13 verander: Die liefde publiseer alles, die liefde kritiseer alles!

Hoe bevoorreg is ons nie. Ons is ook bruid. Ons het 'n uitnemende Bruidegom: Jesus Christus!

Watter moeite is daar nie met ons gedoen nie. Daar was iets van

Goddelike spot in die benaming van die ouers van Israel, as synde Amoriet en Hetiet! Wesenlik was dit nie die geval nie. Maar ons! Ons, die Nuwe-Testamentiese bruid! Met ons is dit wesenlik so. Waar lê ons voorsate en ons wieg? Geus, Hugenoot! Nee! Terug, terug! Ons kom by minder en slegter uit as Amoriet en Hetiet, Ons het as vondeling gesmoor in ons bloed. As die Here nie by ons verbygegaan het en ons gesien het nie! Gesien het in Christus! Wat sou ons wees!

En hoe versigtig is ons nie grootgemaak, vir Christus toeberei nie. Bruidskatte omhang ons. Ek spot nie: Ons is Mej. Wêreld! Want ons is dit wat sal lewe op die nuwe wêreld en in die nuwe hemel. Veelkleurige klere. Robbevelskoene. Kopdoek van priesterlike linne. Sluiers van ragfyn sy. Sierade! Ons!

Ons, saam met ons Bruidegom Christus! Skoonheidskoningin tot in ewigheid. Ewig — ja, ewig! Ons het alles ontvang. Die Bruidegom het alles gegee! Homself!

Sal ons ons nie teruggee, oorgee aan die Bruidegom nie? Sal ons ons skoonheid wat ons van Hom ontvang het, nie weer teruggee tot sy eer en uit die volle dankbaarheid van ons lewe nie? En sal ons — trouendes en getroudes — nie weer onthou dat ons huwelik hoëre dinge afbeeld nie. Elke bruid en elke vrou wat die Here vrees, is in wese Mejuffrou Wêreld, wat die bruid van Christus afbeeld. Sal die bruid nie weer haar man gaan sien as die beeld van die geseënde Bruidegom Christus nie.

Weet u wat maak die vrou eers werklik mooi? As sy bruid is. As die Bruidegom sy liefde betuig en gee en haar omhang met die fyn kleed van die ware huwelikstrou en huweliksvreugde. Dan word sy mooi. Dan beeld elke gelowige bruid en vrou die kerk af. Sy gee haar skoonheid net aan haar Bruidegom, omdat Hy haar alles gee. En so word die Bruidegom die beeld van Christus in sy onbegryplike liefde wat Hy daarin openbaar dat Hy sy lewe aflê vir sy Bruid! Sy kerk! Die Bruidegom gee sy skatte. Die vrou ontvang en gee haar skoonheid aan haar man. Só en so alleen word die kerk van die Nuwe-Testamentiese Mej. Wêreld, sprei sy haar skoonheid ten toon en gaan haar naam onder die volke in vanweë haar skoonheid. Tot eer van haar beminde Bruidegom!

En só word elke gelowige huwelik 'n beeld, 'n baie gebrekkige beeld wat roep en bid en worstel om die groot en heerlike werklikheid van die huweliksdag van Christus en Sy bruid.

Kom, Here Jesus, kom gou!

Amen.

# EIENAARDIGE VREUGDE.

**LEES:** JAKOBUS 1:1-10.

**SING:** PS. 23:2; 119:13; 6:1, 3, 4; 128:3, 4.

**TEKS:** JAKOBUS 1:1-4.

Die brief van Jakobus, die broer van die Here, het net een doel voor oë, en dit is om die goud van die geloof voort te bring uit die rots, die erts van elke gelowige! Ons ken in ons land mynhope, afvalstof waaruit die goud afgeskei is. Om elke krieseltjie goud sit daar baie waardelose stof, en die waardelose stof moet van die goud geskei word. ’n Lang en moeilike proses, en die mynmagnaat ag geen moeite te veel om die goud te bekom nie. Dus moet daar by die gelowige geen steen onaangeroerd bly om die goud van die geloof af te skei van die waardelose stof nie.

Die goud wat die mynmagnaat het, het waarde vir hierdie koninkryk. Maar die goud van die geloof is die betaalmiddel in die hemelse koninkryk! En as die Here dan met ons besig is — en dit wil Jakobus ons leer — dan gaan dit by Hom om die geloofsgoud wat ewigheidswaarde het!

Die geloof sonder die onsuiwere bestanddele!

En om hierdie brief goed te verstaan moet ons eers weet wie is hulle aan wie die brief gerig is, die geadresseerdes; en as ons iets van die Skrywer af weet, word die brief nog duideliker! Die geadresseerdes is die verstrooides. Die skrywer: Jakobus.

Jakobus, ’n kind van Maria en dus ’n broer van Jesus Christus, noem homself nie broer van die Verlosser en Saligmaker nie maar beskeie en sonder doekies noem hy homself: Dienskneg, slaaf van Christus! Slaaf van God in die Here Jesus Christus! En toe hy die voorganger was van die gemeente van Christus in Jerusalem, het hy dit beleef dat ’n deel van hierdie gemeente deur vervolging verjaag is!

En aan hulle wat deur hierdie vervolging verstrooi en verjaag is, skrywe hierdie slaaf van Christus sy brief! Hulle is Christene uit die

Jodedom, en hulle woon verspreid oor Palestina, Fenisië en Sirië. En dit gaan met hulle alles behalwe goed! Dit blyk uit hierdie hele brief.

Ons sien en merk op dat hulle as enkelinge of as klein groepies deur hulle ryk Jodegenote in die vreemde verdruk word en gespot word as afvalliges van die wet van Moses. Dat hulle die gekruisigde Nasarener aanhang en aanbid, was voldoende om hulle as voëlvry-verklaardes te behandel!

As Jakobus dan praat van baie versoekinge, dan bedoel hy eintlik hierdie geworstel om onder al die dinge nog te lewe! Dag vir dag in lewensgevaar, dag vir dag werk vir 'n hongerloon om darem brood te hê, dag vir dag berigte van vermoorde en gestenigde medegelowiges! En vir hierdie vervolgdes in die verstrooiing sê hierdie slaaf Jakobus: Ag dit louter vreugde! En dit nogal 'n vreugde van 'n baie hoë gehalte — die vreugde in Christus, 'n loutere vreugde. Is dit nou nie snaaks om 'n brief aan sulke mense so te begin nie!

Sou hulle Jakobus nie antwoord met die woorde van Ps. 137 nie: Aan die wilgerbome het ons ons siters opgehang!

Tog sê Jakobus dit vir hulle en hy sê nog meer. Al julle lyde, al julle ellende kan en moet vir julle 'n oorsaak van groot vreugde wees!

Van vreugde?

Is dit nie 'n moeilik verteerbare saak nie?

En ons eerste vermoede is seker dit: Jakobus staan ver buite die praktyk van hulle lewe — wit handjies en 'n stywe boordjie! Hy is seker onbekend met die harde werklikheid van 'n lewe wat aanhoudend met moeite en ellende en vervolging belaai is!

As hy dit alles self moet deurmaak, sal hy 'n ander taal praat! Hy sal van alles praat behalwe van louter vreugde! Is Jakobus soos 'n dominee wat in sy preek baie te sê het oor armoede en ellende, siekte en dood, terwyl hy self van al die dinge en die stryd en worsteling niks weet nie!

Hoe kan mens anders vir mense wat voor die voet swaarkry, sê: Ag dit louter vreugde!

Dink aan hulle! Die vastigheid van hulle eie woning is hulle ontneem! Hulle verdienste is daarmee heen! Hulle bloeiende kerklike lewe — 'n herinnering!

Klippe hulle kos en wonde hulle brood! Dag vir dag swoegende vir ’n hongerporsie! Veragtes in die maatskappy!

Maar al die dinge — daarmee is Jakobus nie onbekend nie!

Ook sy lewe loop langs gevaarlike rotslyste!

Ook van hom geld dit — ’n dissipel is nie meer as sy Heer nie! Hulle het My gehaat — hulle sal julle ook haat!

Hierdie man het die steniging van Stefanus siende deurgemaak. Hy het sy kudde gesien toe hulle uitmekaar gejaag en gemoker is voor sy oë! Self — gevloekte en veragte!

En dan word dit nog eienaardiger — hierdie woorde oor louter vreugde!

Dit is alles behalwe vanselfsprekend dat die verstrooides en Jakobus hulle sou verheug. Is dit dan ’n vreemde soort vreugde?

Oor die feit dat dit met ’n mens sleg gaan, behoort geen mens hom te verbly nie! Dit sou selfs groot sonde wees!

Oor lyde op sigself, mag ons ons daaroor verheug, bly wees?

Nee — ons mag nie!

Maar al die dinge, ook die lyde, staan nooit op sigself nie, staan nooit los en alleen nie!

Die geloof mag die lyde ook dan nie los en alleen en afgesonderd sien nie!

So sien die wêreld die dinge — los, staande op eie bene, onafhanklik en los van God!

Die ongeloof sien geen ding suiwer nie!

Ook die lyde word deur die wêreld nie verstaan nie?

Die bevel van Jakobus is vir hulle dwaasheid!

En sodra as die gelowige die lyde wat hy moet dra, los sien van God, in God se plan met sy lewe, word hy ’n wêreldling.

Die gelowige ly, maar hy ly nie soos ’n blinde nie! Hy weet dat daar agter die lyde Iemand staan! Die lyde is nie maar ’n soort

noodlot wat hom tref nie! In die lyde is daar 'n hand. 'n Vaderhand wat die stuur het!

Deur hierdie versoekinge, hierdie beproewinge werk die Here aan hulle lewe!

Die Here, die Werkmeester, die groot kunstenaar van die geloof staan agter al die ellende en beproewinge van ons lewe soos 'n goudsmid, 'n goudsmelter, en in die vuur van die beproewinge beproef en toets hy ons geloof — dan alleen kom die suiwer goud van die ware geloof te voorskyn!

Alles wat nie by die geloof hoort nie (die erts en die afvalstowwe) en tog in die geloof gevind word, moet daaruit weggeneem word!

Dit verhinder die geloof om te werk soos dit moet! En vir hierdie suiweringsproses gebruik die Here alle soorte lyde en leed.

In die geloof van baie is die persentasie van die afvalstowwe baie hoog. Die geloof is dan onaktief, dit versprei min welriekende geur rondom hom, min mense word jaloers oor die geloof van die gelowige. Die Here ontvang baie min eer!

Waaruit sou hierdie afvalstowwe dan bestaan? Dit hoef nie allerhande lelike en vuil sondes te wees nie. Dit hoef nie opvallende gruweldade te wees nie. Dit kan ook gevind word by gelowiges wat, as hulle sou vertrek uit die gemeente, 'n goeie attestasie of getuigskrif kry! Want sien u, broeder en suster, alles wat daar in die geloof nog van onsself is, is erts, dit is onsuiwer, dit is afval! Dit moet alles uitgesuiwer word.

En hierdie dinge moet die vlam van die lyde uitsmelt en laat bo drywe, sodat dit afgeskep kan word!

Die Here sê dan ook baie duidelik met watter bedoeling Hy die gelowige in allerlei beproewinge bring.

Dit gebeur nie tot hulle ondergang nie maar tot hulle beswil, tot hulle voordeel!

Ons kan die seën van milde reëns nie ervaar as die son aanhou skyn nie! Selfs die Arabiere het 'n spreekwoord wat sê: Sonskyn alleen maak die woestyn!

Die slaaf van Christus, Jakobus, sê daarom: Ag dit louter vreugde

wanneer die reënwolke van God se genade saampak bokant die akker van jou lewe! Laat ons dit hier goed verstaan: Jakobus sê nie ellende is heerlik en verdriet is vreugde nie.

Dan sou ons die ellende moes najaag en die vreugde moes vermy!

Hy sê duidelik: As jy in allerhande ellende kom, dan moet jy weet dat God in besonder met jou besig is en wil wees!

Dit moet my vreugde verskaf omdat ek mag weet wat God deur die ellende in my lewe wil uitwerk!

Dit en dit alleen word ons vertroosting in die druk en ellende van hierdie lewe! Sonder hierdie kennis is daar net een moontlikheid: ek sal deur die leed en lyde ten ondergaan.

Maar deur beproewinge is daar vordering — my geloof word gesuiwer.

Veral een eienskap van die geloof gaan al helderder skyn: Die lydsaamheid.

En as ons aan lydsaamheid dink, moet ons nie verstaan dat dit 'n soort lydelikheid of gedweeheid is, 'n gees van om alles maar gelate te dra nie!

Dit is nie 'n Bybelse gedagte nie!

As dit die lewenshouding van die Christen moet wees, dan kan dit nie anders as dat daar weersin gewek word by die wêreld nie!

Om soos 'n dier maar gedwee en geduldig die juk te dra — daarmee spot die wêreld! Maar die ware Christelike geloof se natuurlike vrugte is nie 'n soort slapheid en spanningloosheid nie wat sê: Trap maar! Trap my maar dood ook! Die geloof laat ons nie in 'n bedompige, swakverligte huis met toe vensters woon nie! Ek laat gelate alles maar oor my gaan met die gedagte: Dit kan nou eenmaal nie anders nie!

Die heidendom sê ook hulle moet hulle buig onder die aanslae van die noodlot: Dit kan nie anders nie, wees maar tevrede!

Sou Jakobus, dink u, van so 'n lydsaamheid spreek! Nee — beslis nie! Inteendeel, hy wek juis op tot volharding onder die lyde — want

lydsaamheid beteken eintlik volharding! Hou vol my broeders! Hou goeie moed!

Hou die kop en die ken hoog!

Wees heilig aktief onder die lyde!

Om die lyde so deur te maak soos wat Jakobus vra, vra al die inspanning van ons sielskragte!

Deur die geloof moet daar in die lyde vol vertroue vasgegryp word aan die beloftes van God. Ek het ŉ doel met julle. Julle lyde is nie doelloos en sinloos nie. Julle geloof sal deur die lyde heen nie swakker word nie maar sterker. Dit word geoefen, gestaal, geharnas, dit ontwikkel weerstandsvermoë! Julle geloof word ryker, voller, kragtiger!

Dit is die lydsaamheid van die heiliges! Iets heeltemal anders as gelate berusting!

God is besig om ons sterk te maak. God wil die goud van die geloof afsonder van die afvalstowwe!

Dan eers word ons ook in ons lyde en ellende verkondigers van die evangelie van verlossing!

Dit is God se doel met ons. Ons sien die saak egter dikwels baie anders! Ons het wel geglo dat daar agter ons moeilikhede en lyde die hand van God skuil wat met ons besig is!

Maar — so sê of dink ons na ŉ bepaalde tyd — kan die louteringsvlam nie nou maar ŉ bietjie laer brand nie? Kan die vuur tog nie maar heeltemal doodgemaak word nie? Sal die siekte en dood in my huis nie maar kan ophou of die aanhoudende teenslae minder word nie? Kan die doring in die vlees nie nou maar weggeneem word nie? — dit duur tog nou al lank genoeg.

Ek erken wel dat my geloof deur die kastydinge diepte en inhoud verkry het. Dit is gelouter en gesterk.

My vertroue op my hemelse vader is kinderliker, my hoop standvastiger!

Werklikwaar, ek kan nie meer insien waarom die lydensvlam nog so hoog moet brand nie!

Ja, ons is gewoonlik voor God klaar met die louteringsaksie! As ons dink: Nou is dit die einde, dan is God meeste kere nog nie klaar nie! God se werksplan met ons is dikwels 'n baie breedvoeriger plan as die wat ons vir onsself uitgewerk het!

Ons moet nie aan God wil voorskryf nie!

Die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat daar by ons geen gebrek gevind sal word nie! As God die lyde nog nie laat ophou nie, omdat sy plan met ons nog nie voltooi is nie, dan sal ons moet glo dat God nog meer en meer goeie dinge deur die lyde aan ons wil gee!

Ons moet God nie probeer verhinder in sy werk met ons nie! Hy wil ons 'n suiwere geloof gee!

Hy ontslaan ons nie, los ons nie voordat ons nie sonder gebrek is nie!

Hy laat ons nie uit sy lydenskool gaan voordat ons nie die laaste eksamen met goeie gevolg afgelê het nie! Hy reik geen sertifikaat uit voordat die geloof nie suiwer is nie. Die geloof moet niks kortkom nie.

Hy wil ons 'n geloof gee wat stand hou en kan stand hou!

So is dit dan die eerste en eenvoudigste eis van die geloofslewe om dit louter vreugde te ag as God ons baie beproewinge laat toekom. Die geloofsbeproewing werk lydsaamheid, uithoudingsvermoë!

Die goud, suiwer goud van die geloof moet geskei word van die vuil erts!

Dan gooi God op sy tyd die suiwer goud af vir sy hemelse skatkamers.

Amen.

# BESLUITLOOS.

**LEES:** LUKAS 9:51-62.

**SING:** PS. 99:4, 5; 119:4; 94:4, 5; 46:6.

**TEKS:** LUKAS 9:61, 62.

Blykens die Evangelie volgens Matthéüs is Jesus Christus hier op die strand van die see van Galilea. As Hy met die mense klaar gepraat het, vaar Hy weg, saam met sy dissipels, na die oorkant toe.

En net voor Hy in die skuit klim, praat drie manne met Hom. Of liewer: Twee praat eerste met Hom, en aan die derde gee Christus ŉ bevel.

Die eerste spreker is ŉ oormoedige kêrel. Hy moet Christus baie hoor preek het, en onder baie van die buitelugdienste van Christus moet hy teenwoordig gewees het. Altyd ywerig luisterend, met sy gevoel vatbaar vir die mooi woorde van hierdie besondere Leraar!

En terwyl hy luister, het die besluit by hom opgeborrel! Hy sien vir alles kans. En toe die geleentheid kom, sê hy wat hy voel: Here, ek sal U volg, waar U ook mag gaan!

Ek wonder as hy ŉ rukkie later moes saamwees op die see in die storm, of hy dié woorde nog so ywerig sou sê. Nee — hierdie man onderskat die moeilikheid om Christus te volg. Nou brand sy ywer hoog, maar as hy saam met Christus geen plek vind om sy hoof neer te lê nie — en dit weet Christus —, dan kom die verslapping en miskien ook die verlating. En van die drie is die tweede man die bevoorregte! Hy hoor die genadige roepe van Jesus Christus: Volg my! En waar Christus roep, gee Hy krag om te volg.

Maar hierdie man het nog ŉ begrafnis om te reël. Of miskien — en dis ook moontlik — is sy vader nog nie dood nie, moet hy sy vader nog versorg en na die dood eers kom. Wat hy nie begryp nie, is dat die heerlikste genade hom in die skoot gelê word, wat selfs die bande met die dierbare ouers minder belangrik maak!

In alle geval, hy wil eers begrafnis hou en dan kom! Hy word geroep maar wil die saak uitstel. En miskien is hierdie man sommer naby my — my buurman, my seun, miskien ekself.

Christus roep nou ook: Volg my!

En ek hou begrafnis. Ek is besig met dooies, lyke wat geen lewe het of gee nie. En die bevel wat my die lewe gee, stel ek uit!

Volg my, sê Christus!

Ek hou begrafnis, sê ek.

En nou is daar nog een van hierdie driemanskap wat met Christus wil praat.

Ek weet nie of ek sy woorde reg lees nie. Maar ek dink hy sê dit so: Here, ék sal u volg, maar . . . Miskien het die ander twee omgedraai na Christus se woorde. En nou kom hy soos 'n goeie skoolseun: Maar *ek* sal!

Maar die derde van hierdie driemanskap skort ook iets: hy wil en kan nie breek met wat agter hom is nie. Daar is ook 'n ander naam voor: Besluiteloosheid!

En besluitloosheid kom by baie mense voor.

Twee magte wat in die binneste woel en mekaar wil neerhaal. Enersyds is dit 'n sterk verlange om 'n bepaalde saak te doen; andersyds is daar vrees en skuheid, en hierdie vrees belemmer die uitvoering van die verlange.

En in die gewone en klein gebeurtenisse in die lewe worstel min mense met die probleem van besluitloosheid. Net hier en daar mense wat sukkel om elke saak goed te oorweeg — hoe klein ook al. Maar byna elke mens, as hy geplaas word voor die feit dat hy 'n besluit moet neem, en dan 'n besluit wat betrekking het op die ganse lewe, hy word gevang in argument en teenargument!

En uit dié besluitloosheid wikkel hy hom moeilik los. En daar is *drie* terreine van die lewe waar die besluitloosheid soos 'n onkeerbare veldbrand kan woed — jy keer hom hier, en dan lek die vlamtonge daar, al weer die droë gras in! Drie sodanige terreine. Die eerste is dié van die liefde! Sterk en karaktervolle jongmense worstel met die besluitloosheid wat die liefde bring. En in ons tyd word die besliste daad van besluit neem dikwels vervang met vreemde en verkeerde oplossings.

En die tweede terrein is die van roepingskeuse: Wat moet ek word?

Die dae en nagte en maande gaan verby, en ek kom dit nie agter nie. En dan woeker dikwels teen mekaar wat my vader sê en wat my talente en begeertes wys.

En waar God hier nie genade gee nie, word wat roeping moet wees, so dikwels ŉ "job".

Maar die grootste lewensdaad waar die besluitloosheid gedurig soos ŉ kanker brand, dit staan op die terrein van die geloof en bekering in diens van Jesus Christus.

Hier gaan ek vanaand slaap met die heerlike rustigheid wat die geloof in die harte lê, en môre as ek wakker word, is my eerste daad die sonde.

Ek wil die Here dien in reg en waarheid.

Ek wil Hom volg met heel my binneste.

Maar daar is die dinge wat ek jare doen en aan gewoond geword het — daarmee breek ek nie, en daar kan ek nie van loskom nie.

En met hierdie derde kêrel het ek miskien alle simpatie.

Hierdie besluitloosheid om te volg of nie te volg nie brand hoog en hewig in hom. En skynbaar is die wens van dié man billik en redelik. Maar die antwoord van Christus wys dat agter hierdie sogenaamde billike wens ŉ wêreld van weifeling en besluitloosheid verborge is. So openbaar Christus altyd elke valse motief wat in ons aanbidding skuil.

Hierdie man, soos sy eerste vriend, kom self na Jesus toe.

Vrywillig stap hy na die Here toe.

En oor hierdie saak, moet ons aanneem, het hy lank gewik en geweeg. ŉ Stem in sy hart: Volg Jesus! Hy het die oortuiging dat die woorde wat hy hoor, die waarheid is. En nou wil hy, voel hy om een te word van hierdie dissipels wat van stad tot stad saam met hierdie Man gaan en lewe. Maar as hy daaraan dink, dan kom die besware op: om sy vader en moeder, huis en kinders, sy erfgrond miskien, te verlaat en dinge wat hy liefhet. Soms dink hy: Kan ek God en Christus nie ewe goed tuis dien nie? Maar dan kom die verlange

weer, brand dit hom om Christus te volg — vir goed! Om Jesus te volg — dit is per slot van rekening alles, die hoogste. Elke dag by Hom: Sy woorde soos altydse musiek in sy ore. Sy wonderdade!

Los van alle sorge oor geld en kos en klere. Dit sal wel armoede meebring en baie nagte koud slaap — maar wat maak moeite en ontbering nou eintlik saak as mens dit gevind het waarvoor jy kan lewe en sterwe! Die daelikse lewe is wel mooi, maar om Jesus te dien is heerlik.

En so worstel hierdie man!

Die liefde vir sy alledaagse lewe by die huis trek — maar ook die liefde om Jesus te volg — nog sterker!

En dit is nie onmoontlik dat hierdie vriend nog groter ideale sien as hy Christus volg nie.

Christus doen soveel wonders, Hy word deur duisende geëer. En iets van hierdie werk straal ook af op die dissipels. Die getal van Jesus se vriende sal altyd meer en groter word. Is daar nie miskien ŉ kroon wat hierdie profeet wag nie! Sal Christus Hom nie bekend maak as die Messias en Israel in één moment uit sy vernedering los maak nie? Dan kom die heerlike vrederyk waarvan die profete praat. En in daardie dag sal sy dissipels, sy getroues, in sy glorie en majesteit deel.

So loop sy gedagtes — en dan sy besluit: Ja, ek sal dit doen!

En dan, terwyl hy loop langs die pad, miskien spelende kinders, ŉ gesellige huis — en die gedagte aan sy huis en haard dring hulle weer op!

Maar op hierdie dag breek dit deur. Hy het Jesus weer ontmoet. Sy woorde gehoor!

Nou moet dit gebeur. Sy ywer dring hom na Jesus toe. Hy druk deur die mense. Nou dat hy darem besluit het — nou niks langer wag nie.

Met kloppende hart, nadat die ander twee afgewys is. Here, ek sal u volg, maar laat my eers toe om afskeid te neem van dié wat in my huis is.

Nou is dit uit! Die aarseling verby! Ek het gesê!

Maar jammer om te sê: Sy beslissing is ŉ skynbeslissing! Hy wil Jesus volg, maar hy wil eers huis toe. Hy bly so tussen die boom en die bas. Albei partye is bevredig.

Hy volg Jesus, en hy gaan nog ŉ slag huis toe.

Maar dit bly ŉ halwe beslissing. Want gaan hy huis toe om afskeid te neem, is dit maklik moontlik dat iets voorval wat hom daar hou. Dan weer onder die betowering van Jesus uit. Die preek het goed ingeslaan, maar by die huis gekom kry hy swaar om afskeid te neem — te swaar!

Dan kom die wêrelddinge weer sterker na vore en met meer dwingende mag. Miskien is sy vader siek. Miskien eers gou die koring sny en dors. En daar is honderd-en-een dinge wat vashou. Sy familie en vriende sal nie min probeer om hom oor te haal nie. En hulle sal goeie argumente gebruik. ŉ Halwe beslissing.

'n Beslissing met voorwaardes! Dit was vir hom moontlik om die beslissing te neem, omdat diep in sy binneste tog ŉ hoop oorgebly het dat besondere omstandighede hom by die huis sou hou! Dan is sy belofte en sy ywerige woorde mos nie meer van krag nie. Hierdie gedagtes — daarvan het hy self miskien nie eers geweet nie. Maar Christus het! Hy sou so iets ook heftig ontken! Hy sou sê: Net een keer nog by die huis en dan vir goed by Christus. U ken miskien hierdie woorde: Een keer nog die sonde en dan by Christus. Maar hy het nie gevoel dat "die een keer by die huis" juis die groot gevaar is nie. Daardeur kom van sy "vir goed" by Jesus niks nie!

Veral hy, die besluitlose, mag hom nie blootstel aan die gevaar van die versoeking om weer by die huis te wees nie. Die party in sy gemoed wat skynbaar die swakste was, maak ŉ groot toegewing: Jy kan Jesus volg — alte seker! En die party wat skynbaar die sterkste is, ook ŉ toegewing: Reg — eers bietjie huis toe om afskeid te neem! Maar die skynbaar swakste party, die verlange huis toe, maak oënskynlik die grootste toegewing maar in werklikheid die kleinste. Hy hou die hede — eers huis toe — vir homself en gee die toekoms — Jesus volg — aan die ander party. So besluit die dronkaard! Van môre af drink ek niks meer nie. Die toekoms is vir die niks drink nie!

Die hede nog vir die baie drink! Presies dieselfde. Mens koop

makliker as jy môre moet betaal.

Dit is dus 'n mislukte besluit waartoe hierdie man gekom het.

Eintlik is dit geen besluit nie! Dit is die besluit van die besluitlose. Maar die beslissing is geen keuse van die een teen die ander nie — dit is 'n keuse vir albei, en daarom ook geen keuse, geen beslissing nie. Hy kies Jesus én sy ou lewetjie! Hy kamoefleer sy onwilligheid om 'n kragtige en manlike daad te gaan doen. Net na sy huis toe gaan! En die ontsettende hiervan is: die man weet dit nie. Hy dink hy het besluit!

En as Jesus hom antwoord, spreek hy nie hierdie man regstreeks aan nie... Hy gee 'n spreekwoord.

Miskien was daar meer mense — soos die ander twee van flus — wat ook op twee gedagtes hink. Miskien wil Christus 'n hele paar mense tegelyk antwoord. 'n Woord van groot erns en diepte! Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie! En Christus praat hier van 'n eenvoorploeg, waar mens die stert moet hou.

Christus het hierdie man nie geroep nie, geen bevel gegee om Hom te volg nie! Hy kan rustig by die huis bly as hy wil. Maar as jy innerlik geroepe voel om Christus te volg, dan moet jy nie wegkruipertjie speel nie maar dit absoluut doen! Moenie meer opneem as wat God jou oplê nie. Maar as God jou iets oplê, doen dit met 'n volkome hart.

Wat het die Meester aan 'n dissipel wat altyd met heimwee terugdink aan sy huis, omdat hy nooit soos 'n man kan besluit nie. Sulke mense is onbekwaam om soldaat te wees. Te meer soldaat te wees van Jesus Christus! Hulle hou meer teë as wat hulle help.

En as daar moeilikheid kom, dan is dit hulle wat deserteer — diensverlaters! Ongeskik vir diens!

Die werwingskantoor van die leër van Jesus Christus keur hierdie man af en vir my wat soos hy handel.

Christus se kommentaar op sy volg-ywer is enkel en alleen: Ongeskik vir diens!

En al word dit ons nie vertel nie, tog kan ons vermoed dat hy in ander opsigte van sy lewe hierdie vloek van besluitloosheid ondervind het. En as hy 'n boer was, sou sy ploegland een bank op die ander gehad het. Want hy wat besluitloos is om 'n goeie dissipel te wees, is ook te besluitloos om 'n goeie Christen te wees!

Hy sal die sonde in homself sien en die sonde graag wil afsweer, maar hy sal dit so doen dat die sonde op 'n sagte manier tog sy loop het. Hy sal elke keer opnuut, as God hom na 'n beslissing dryf, so 'n tussenweg soek en dit so doen dat aan God skynbaar volle reg toekom maar dat die duiwel ook genoegsaam bevredig word. Hy sal baie tekste in die Bybel ken en soek om homself te regverdig, en hy sal alles doen om homself te spaar. En as mens oor sy geestelike ploeggrond kyk, lê daar bank op bank waar hy die ploegstert gelos het om terug te kyk. En die vreeslike is dat die man wat só met God se eise en bevele speel, altyd besig is om homself te bedrieg. God 'n bietjie en die duiwel 'n bietjie. En in God se boeke staan dan geskrywe: Alles vir die duiwel!

In werklikheid kry die duiwel alles en God kry alleen die vrome uiterlike gebaar.

Maar so kan 'n mens met groot sake nie handel nie!

Laat ons nooit speel met die dinge van die koninkryk van Jesus Christus nie. Hy wat sy hand aan die ploeg slaan, d.w.s. wie eenmaal *ja* gesê het hier, die sal die *ja* deur die genade in Jesus Christus tot in ewigheid moet handhaaf. Die sal sy: "Ja ek volg!" moet uitdra bokant alle versoekinge van hierdie wêreld en dit eenmaal neerlê aan die voete van die Seun van God.

Maar dan moet sy ja 'n ja wees sonder om eers huis toe te gaan, sonder om die ou sloerende lewetjie eers te gaan groet! 'n Ja sonder reserwe en sonder enige toegewing aan die teëparty! En vir elke besluitlose sê Christus hierdie woorde: Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie!

Amen.

# 'N BRIEF VAN CHRISTUS.

**LEES:** 2 COR. 2:14; 3:1-6.

**SING:** PS. 100:1, 2; 32:1; 146:3, 4.

**TEKS:** 2 COR. 3:2(b) en 3.

Paulus staan weer op die verdediging. Daar is aantygings gemaak teen hom en teen die evangelie wat hy verkondig.

Ook in Korinthe het die Judaïste binnegedring.

Hulle is sogenaamde Christene uit die Jode maar meer Joods as Christelik. Hierdie mense wil die vryheid en die heerlikheid van die evangelie inruil vir die diensbaarheid van die wet!

In elke gemeente volg hulle op Paulus se hakke. 'n Veldtog van skinderpraatjies en verdagmakery. Hulle belaster die arbeid van Paulus. En om dit te kan doen, daarvoor was hierdie manne goed toegerus. Hulle dra in hulle sakke wat vers 1 noem briewe van aanbeveling. Getuigskrifte. En dié wys hulle vir die ouderlinge in die gemeentes. Getuigskrifte met die gemeente van Jerusalem se stempel daarop. En dan vra hulle: Waar is hierdie Paulus se aanbevelingsbriewe, sy getuigskrifte.

En dit is op hierdie vrae wat Paulus in ons teksverse antwoord: Julle is ons brief. Julle is ons brief — geken en gelees deur alle mense omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei. Julle is ons getuigskrif. Hoe vry is Paulus se gewete nie as hy sy eie gemeente mag bring en aanhaal as bewys vir sy goddelike sending en roeping nie. Julle is ons brief! En nou vra ons:

1. Waarop skryf Christus hierdie brief?
2. Waarmee skryf Christus hierdie brief?
3. Waaraan skryf Christus hierdie brief?

En nou moet dit eers vir ons duidelik wees: Christus skryf hierdie brief. Dit is die spil waarom alles draai. En dit is juis hierdie saak wat die brief van Paulus van soveel waarde maak.

hy het die brief nie self geskryf of dit van mense ontvang nie. Christus is die skrywer. Dit staan daar duidelik.

Julle is 'n brief van Christus. Is dit nie 'n heerlike gedagte nie: die verhoogde Christus aan die regterhand van sy Vader skryf 'n brief aan die wêreld. Christus korrespondeer met alle mense. En dit word nog wonderliker: *die* brief wat Christus aan die wêreld skryf is: julle! Julle, gemeente van Korinthe in die eerste plek. Maar ook julle, gemeente van Potgietersrus.

Ja, hierdie teks het ook 100% met u en my te doen van hierdie gemeente. Julle is die brief. Julle is die materiaal waarop Christus hierdie brief aan ale mense skrywe. Honderde jare gelede was Korinthe se gemeente die materiaal. Nou is dit hierdie gemeente. En op hierdie nagmaalsdag het die tekens en die seëls van sy kruisoffer opnuut weer ons gestempel, getjap as sy skryfpapier. Die gemeente is die skryfmateriaal waarop Christus sy brief skrywe. En hierdie materiaal word nog nader omskrywe!

Nie op kliptafels skryf Christus nie maar op die vleestafels van die hart. Die kliptafels wys na die Ou Testament. Toe het God ook sy brief geskrywe — op kliptafels. Israel het die brief nog nie saamgedra soos dit in hulle harte geskryf is nie.

Maar hoeveel heerliker hierdie brief van die nuwe tyd.

In hierdie nuwe tyd gaan die woorde van Jeremia in vervulling: Ek sal my wet in hulle binneste gee, en ek sal dit in hulle harte skrywe. Dan is God se volk nie net meer 'n posdraer wat die brief by hom dra nie. Nou word die gemeente self die brief.

Die brief van Christus staan nie buite ons hart en lewe geskrywe nie — dit laat ons nie innerlik koud en ongeroerd nie! Christus se brief is 'n saak van die hart. Die ink wat Christus gebruik, dring deur tot by die innigste, diepste, verborge kern van ons bestaan. Christus annekseer vir sy brief die beste en die diepste wat ons het: ons hart, die uitgange van ons lewe. En as Christus begin skryf vra Hy: My Seun, my dogter, gee my jou hart,

Niks minder nie!

En as u wil weet wat genade is, onbegryplike genade, dan is dit hierdie: dat Christus op ons hart wil skrywe. Ons as skryfmateriaal

wil gebruik. Elkeen sal verbaas staan, elke kind van God, hierdie vuil flenter papier van sy lewe, waarop Satan soveel lelike dinge diep ingekrap en ingekras het, nog wil gebruik en daarop wil skrywe. Dit is genade! Ons is met skuld oorvlek, misvorm deur duisende sondes — en tog word ons as skryfpapier gebruik. Christus het nooit gesê: So 'n mooi, skoon stuk papier nie. Ek sal goed daarop kan skrywe. Was Paulus so 'n skoon blaadjie? Of Dawid 'n skoon lei? Dit is nie waar nie. Ons gaan sit aan die Nagmaalstafel, ons kom kerk toe — ons laat ons kinders doop, omdat ons lewenspapier swart en bekrap en verkreukel is deur die sonde. En vir sulke mense sê Christus hier: Julle is 'n brief van Christus. En dit is juis die heerlike van die Nagmaalsviering wat Paulus hier wil verkondig.

Die bloed van Christus kan vuil menselewens, waarin die sondes én ongeregtigheid diep ingevreet het, spierwit en heerlik rein was. Die bloed kan omskep tot glansende wit skryfpapier vir die brief van Jesus Christus. En hierdie genade om 'n brief van Christus te wees bring vir die gemeente hierdie verpligting: selfverloëning! Volkome selfverloëning! Want sien u, as mens 'n brief skryf, is die papier nie die belangrikste nie! Wat daar geskrywe is, is van belang. Die papier dien net. Hoe belangriker die woorde wat geskrywe is, hoe minder sien mens die papier raak.

En as ek dan skryfpapier van Christus is, weet dit: Die papier is niks. Die woorde en die Skrywer is alles. In hierdie briefwisseling tussen Christus en die wêreld is die gemeente niks — Christus alles. En as die wêreld die brief lees, moet hulle nie die papier bewonder nie. Sekerlik moet die papier goed wees, skoon, sodat die ink en woorde duidelik wys! Dit wil sê as die mense die brief lees, dan moet hulle nie vir u en my lees nie, maar hulle moet Christus lees. Die mense moet nie sê as hulle lees: Hoe groot Christen is hy, hoe 'n goeie Gereformeerde nie. Maar: Hoe heerlik en groot is Christus! Nie my naam en eer moet met die brief groot gemaak word nie, nie die goeie kwaliteit van die papier nie, nl. die beginselvastheid, getrouheid, ywer vir die Here, offervaardigheid, moet geroem word nie. Maar Christus moet uit die brief skitter en skyn. As dit so is, as ons so skryfpapier van Christus wil wees, dan kom dit nie daarop aan watter soort papier ons is nie, watter posisie of eienskappe ons het nie.

Die een groot saak is dit: of Christus op ons lewe skrywe. En Christus kan die eenvoudigste stukkie papier, wat die wêreld in die snippermandjie gooi, vir sy brief gebruik. Die stil moeder by die huis, wat niemand sien en hoor nie. Die sieke in die krankesaal. Dit is alles goeie skryfpapier waarop Christus aan die wêreld sy brief skrywe.

*En nou die tweede vraag: Waarmee skryf Christus hierdie brief?*

En ons teks antwoord: Deur ons diens berei.

Christus skryf hierdie brief op die hartepapier van die gemeente: deur ons diens. Deur Paulus se diens. Soos ons die pen opneem, so neem Christus op die weg na Damaskus Paulus op. Paulus met al sy gawes en kragte. Maar in die woorde: Deur ons diens, sit ook Paulus se medearbeiders. Dit is Timotheus en Silvanus en Titus! Maar ook alle predikante en ouderlinge en diakens.

Maar ook die amp van die gelowiges. Elkeen van ons is papier en pen tegelyk. Christus beskryf ons, Christus skryf op ons, maar Hy skryf ook met ons!

So skryf Christus met die ouers op die kinders, die onderwyser op sy klas, die man by die vrou en omgekeerd! Vriend by vriend. Ons beskryf mekaar se lewe. En daarmee staan ons in diens van Christus. En as Christus dan die dominee, ouderling en diaken opneem en gebruik om die hartepapier van die gemeente te beskrywe, dan kom die eer hulle nie toe nie. Die ampsdraers moet toesien dat daar met hulle duidelik geskrywe kan word.

En daarvoor moet die pen, ons lewe, in orde wees. Daar mag aan hierdie pen geen vuil sit nie. Die vulpen van ons lewe moet nie verstop word nie. Die ink van die Heilige Gees waarmee ons lewe vervul moet wees, moet vrylik vloei. Ons pen, ons lewe moet volkome in die skrywende hand van Christus wees. En as elke ampsdraer en elke gelowige so 'n goeie pen is in die hand van Christus, dan hoef hulle oor die brief nie bekommerd te wees nie. Ons hoef nie te skrywe nie: Christus doen dit. Die vraag is net: Is my lewenswandel en my lewe pen in die hand van Christus of in die hand van die groot teëstander van Christus. Niks heerliker om as skryfinstrument diensbaar te wees in die hande van Christus. Maar niks vreesliker as om

kleurpotlood te wees in die hande van Satan wat met my gedagtes, hande en voete op die dansbaan van die sonde, die lopende skrif van my eie ondergang skrywe nie.

Maar die pen in die hand van Christus het ink nodig, en daarom sê Paulus: nie met ink nie maar met die Gees van die lewende God. Christus doop dus sy pen, sy gelowiges waarmee Hy skrywe, in die Gees van die lewende God. Christus skryf nie met die ink van menslike eie krag nie, nie met die verbleikende ink van menslike ywer en entoesiasme, ontroering of emosies nie. Hierdie ink dring nie in nie, kom nie by die hart nie. As die beproewing en die harde dae kom, verbleik hierdie ink tot onsigbaarheid. Maar Christus skryf op die hart van sy gemeente met die Gees van die Lewende God. Die enigste ink wat diep genoeg indring.

Wat die harde hart sag maak, die geslote hart open. Die dooie hart lewendig maak. En nou maak dit nie saak of die pen van swakke kwaliteit is, of ons maar min gawes en talente het nie! As Christus ons uit genade in die hand neem en in sy Heilige Gees indoop — wie sal dan keer, wie sal dan stand hou? En dan gebeur daar deur swak gelowiges en swak ouderlinge en diakens en deur swakker predikante groot en heerlike dinge. Dan word die gemeente op die hart geskrywe — ŉ brief van Christus bekend en gelees deur alle mense.

*En nou die laaste vraag: Waaraan skryf Christus hierdie brief?*

Dan staan hier duidelik: Geken en gelees deur alle mense.

Christus skrywe hierdie brief nie vir Homself, ook nie vir die gemeente nie. Maar Christus skryf die brief om Hom te openbaar. Hierdie brief is wat ons noem ŉ ope brief. Soveel moontlik moet dit lees — as dit moontlik is, moet alle mense dit onder die oë kry. Want om brief te wees van Jesus Christus hou in en beteken: om gelees te word deur alle mense. As daar niks van Christus in u gelees word nie, word dit tyd om u af te vra of daar iets van Christus in my te lees is! Of Christus wel ooit ŉ letter met die ink van sy Heilige Gees in my geskrywe het. As niemand iets van Christus in my kan lees nie, dan is daar tog eintlik niks van Christus in my geskrywe nie. As ek ŉ brief van Christus is — ŉ lewende brief —, dan kan dit nie anders nie: ek moet geken en gelees word deur alle mense. En dit

behoort die vraag te wees wat vandag teen my gewete hamer!

O ja, die mense lees baie dinge op my lewensbrief — baie dinge: blink karre, groot tabakoes, bioskoop en dansadvertensies, “cocktail parties”, koöperasies en boereverenigings en party- en landsake, en al hierdie dinge staan in groot letters op my geskrywe — dit sien en lees almal.

Maar ken en lees almal ook by u: Christus, ons Verlosser! En dit moet geken en gelees word deur alle mense — nie deur ŉ klompie Gereformeerdes as hulle intiem bymekaar is in die binnekamer of taamlik vertroulik in die motor op ŉ lang pad nie. Alle mense — en dit sluit niemand uit nie! Ook die vloeker en die suiper en die danser en die egbreker — almal, van watter soort ook al — moet Christus in u lees. Alle mense met wie jy daeliks in aanraking kom. Hulle van wie jy koop of aan wie jy verkoop, met wie jy skerts en gesels, die kaffer wat vir jou ploeë — dié almal moet weet dat jy ŉ ope brief van Christus is.

Jy is ŉ ope brief en bo-aan staan nie: Liewe Vrou, liewe Seun, liewe Vader nie. Maar bo-aan staan: Geagte alle mense! Die brief is op u hart geskrywe met die doel om deur alle mense gelees te word — tot hulle redding of tot hulle oordeel.

En u kan Christus nie die oneer aandoen om hierdie brief wat aan alle mense geskrywe is, net aan een of twee intiemes te wil aflewer nie.

En nou kom die vraag: Hoe kan ŉ brief wat in die verborgenheid van die hart geskrywe is, deur alle mense geken en gelees word? Hierop antwoord die mooi nagmaalsformulier treffend: Daarom sal my mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid.

Dit is die saak. Die hart wat deur die ink van die Heilige Gees deur Christus beskryf is, verkondig — verkondig!

Nee, ons hoef nie vir ander mense die verborge ervarings van ons innerlikste geestelike lewe bloot te lê nie. Daarmee bring mens hulle nie verder nie. Die hart wat deur Christus as brief gebruik is, verkondig nie homself nie maar Christus. En sy verlossing en deugde. Dit kan ook nie anders nie. Die letters brand soos vuur. Uit die oorvloed van die hart spreek die mond. Christus was vir ons goed Dit

bars uit soos nuwe wyn, soos lewende fonteine: Christus en hoe Hy verlos.

Ja, met my mond sal ek die Christus verkondig. Maar, ook en veral, met my lewe!

Die praktyk van ons lewe moet 'n leesbare brief van Christus word. Die harte-brief van Christus moet ten slotte openbaar word deur 'n lewe wat aan Christus toegewy is.

As Christus in ons hart geskrywe is, kan dit ook nie anders nie, want die hart is die uitgange van die lewe.

Dan spreek ons gesinslewe, ons huwelik, ons arbeid, ons handel en wandel.

In die fabriek, op die land, in die kantoor, in die huis — Christus dring my! En oral moet die brief oopval en leesbaar wees vir alle mense. Die vrede wat ons hart vervul, die krag wat ons het om ons kruis te dra, die blydskap wat uit ons oë tintel, ons vaste vertroue — dit moet alles duidelik spreek.

Dit moet alles letters wees wat die duidelike woord: CHRISTUS spel.

Is elkeen van ons 'n brief van Christus wat geken en gelees word deur alle mense?

Amen.

# DIE SOUT VAN DIE AARDE.

**LEES:** MATTHEÜS 5:1-16

**SING:** Ps. 92:1, 6; 119:28; 147:4; 131:1, 2, 3.

**TEKS:** MATTHEÜS 5:13.

---

Jesus Christus is in hierdie hoofstuk as 't ware besig met sy intreerede! Hierdie bekende saligsprekinge lui sy arbeid van verkondiging van die verlossing deur die Verlosser van die wêreld in.

En dit sal nie sonder betekenis wees nie dat byna die eerste woord wat daar val uit die mond van Jesus Christus, die woord is wat sy hele optrede deurvloei: Salig!

Immers, dit gaan by Christus wel in die eerste plek om die eer en geregtigheid van sy Vader, dit gaan by Hom om die herstelling van die mens in sy doel voor die Almagtige — om weer die beeld van God te toon! Maar in hierdie herstellings-arbeid van Christus staan daar voorop die saligheid van hulle wat deur die Vader aan Hom gegee is!

Met nege swaar klokkeslae van salig — salig — salig lui Christus sy verlossingsarbeid in!

En in die ore van hulle wat geluister het, moet dit heerlike klanke gewees het — veral hulle wat hulle kon skaar onder een van die saligsprekinge, hy wat homself gevind het in hierdie saligsprekinge!

En ons is in ons meerdere wysheid so dikwels geneig om elkeen van hierdie nege verse toe te pas op hulle van wie in die eerste vers gepraat word.

Met 'n vroom en soort simpatieke stembuiging verwys ons na 'n medegelowige en verhef ons ons bokant hom deur te sê: Salig is die wat arm van gees is!

Hierdie hoofstuk sou dan net bedoel wees vir die armes van gees — ons saligheid en troos moet ons op ander plekke in die hoofstuk soek. Maar as dit ons uitgangspunt is, dan is ons juis onsalig!

Want hierdie nege saligsprekinge ruis soos musiek oor elkeen wat begrepe is in die geledere van die kerk van Christus.

Maak ek my los van hierdie saligheidsverse, dan maak ek my ook los van die kerk van Christus, want in hierdie woorde staan die ware kerk van Christus afgebeeld, nie net in sy heerlikheid en vreugde wat die toppunt bereik in die saligheid om die eer van God te sing tot in ewigheid nie, maar ook in sy lydensgeskiedenis, in sy stryderváringe op hierdie aarde.

En aan hierdie verse kan die kerk van Christus, die ware kerk van Christus van elke eeu, hom toets!

Met hierdie woorde sê Christus: Dit is die kerk — so sal hulle lewe, so sal dit met hulle gaan!

'n Mens kan kwalik 'n korter en diepsinniger en heerliker beskrywing van die kerk van Christus vind as hierdie eerste verse uit die bergpredikasie.

En as Christus die woord *julle* gebruik, dan praat Hy in die eerste plek met sy kerk wat toe voor Hom aan die voet van die berg gestaan het!

Met julle bedoel Hy hulle onder sy toehoorders op wie hierdie saligsprekinge van toepassing is, hulle wie se name geskrywe staan in die boek van die lewe.

Maar met *julle* bedoel hy ook julle, u en ons wat vandag die kerk, die strydende kerk van Christus hier op aarde uitmaak!

En as Hy dan klaar is om sy kerk aan te spreek met hierdie salig, salig, salig, gaan hy oor tot 'n ander gedagte wat met sy kerk te doen het: Julle is die sout van die aarde. Hierdie *julle* is nog sy kerk. Dit is ú en ek.

Christus spreek dus met hierdie kort en kernagtige vergelyking sy kerk op aarde toe. En hiermee gee hy ook 'n roeping, 'n werk aan sy kerk wat deur hulle uitgevoer moet word.

Met hierdie woorde bemoedig hy ook die strydende en worstelende gelowiges in 'n woeste en wankelende wêreld. Hy bepaal dus ons roeping. En bly ons met die woorde bemoedig!

As Christus nou hierdie woorde gebruik in sy openingsrede, in sy intreepreek voor 'n verwagtende wêreld, wil Hy sê: Hierdie woorde

van my is van die allergewigtigste betekenis; daarom kom dit uit de staanspoor tot julle! Hierop moet julle let, hierdie woorde moet die rigsnoer word vir julle lewe en roeping!

En omdat die kerk deur die loop van die jare en eeue die diepe erns van hierdie Godswoord besef het, is daar ook met waaragtige erns gepoog om hierdie diepsinnige eerste woorde van Christus te verstaan en as dit dan verstaan is, toe te pas in die praktyk van die lewe!

Sou Christus bedoel het die sout van die aarde in dié sin dat die sout gesien word as geneesmiddel, as medisyne waardeur daar genesing sal kom vir die volke en bevolking soos hulle vasgeval is in hulle sondes en ongeregtigheid?

Sou dit beteken dat die mensdom deur sy afval en sonde smaakloos geword het in die mond van die Almagtige en dat die gelowiges as die sout hierdie smaakloosheid moes wegneem sodat die ganse aarde nie uit die mond van God uitgespuug word nie?

Hoe het die kerk nie geworstel om die sin van hierdie heerlike waarheid te begryp nie!

Totdat daar tog lig gekom het!

En ons beskeie mening is dat dit ook die regte lig is.

Wat is die vernaamste werk van sout?

Wat doen sout?

Dit neem smaakloosheid weg — dit gee smaak aan die voedsel.

Maar hierdie werk van sout is baie beskeie — die groot saak kom hier nie tot sy reg nie.

Maar bokant alles gebruik mens sout — en in die tyd van Christus meer as nou — as ŉ middel om die bederf, die ontbinding, te weer, dit te keer!

Sout is in die eerste plek bederfwerend.

Die vleis waar dit inkom — die bederf bly weg!

Julle is die sout van die aarde!

En hoe dikwels was dit nie die strewe van gelowiges elkeen

afsonderlik en in die kerk as sodanig om hierdie wêreld waarin ons lewe, te hervorm tot ’n wêreld wat God dien en God aanbid in gees en in waarheid nie!

Hoeveel martelare het met hierdie doel voor oë nie die martelaarskap ontvang nie!

Hierdie wêreld met sy sonde en ongeregtigheid moet hervorm en geneig word tot ware aanbidding van God. Vorste en konings het daarvoor en daarom geworstel.

Maar Christus sê met ons teksverse: heiliging van die aarde is nie moontlik nie! Die blote feit dat die aarde sout nodig het, bewys dat daar ’n ontbindingsproses aan die gang is, en dan moet ons *aarde* sien as bestaande uit mense en volke en nasies en koninkryke en organisasies!

Hulle het sout nodig: wat lewend is, word nie gesout nie; wat doodgemaak is, word wel gesout om die ontbindingsproses te stuit!

Die dood het oor die mense van die aarde toegesak: daar is agteruitgang, al fluit daar meer en meer fabrieksfluite; daar is dood, al skitter die neonligte van die stede die hemel in!

En tog word daar sout gesprinkel te midde van die ontbindingsproses van die aarde!

Hoekom?

Hierdie aarde is nog die voedingsbron van die kerk van Christus! Hierdie aarde moet die voedsel voorsien vir die kerk van Christus!

Dit moet van totale bederf gevrywaar word totdat die kerk in sy volkomenheid gevestig is, totdat die koninkryk van die hemele sy volmaakte staat binnegaan!

Nee, broeder en suster! Heiliging van hierdie wêreld — dit is nie moontlik nie. ’n Wêreld van volkome en ewigdurende vrede is buite die vermoë van grotes of volke of nasies. Ontwikkeling van die mensdom tot volmaaktheid waar die dood nie meer is nie en die sonde nie meer is nie — dit kan nie!

Al sou dit ook nog wees die doelstelling van volke-organisasies en wetenskaplikes en kultuurmense!

Hierdie ganse wêreld hou die kiem van ondergang, van volkome verderf in sy boesem!

Hier red niemand en niks meer nie!

Maar daar is een genade wat nog aan die wêreld bewys word — dat God hulle wil gebruik vir die afronding en voltooiing van sy kerk op aarde.

En om hulle te gebruik moet die verderfskieme geweer word tot op die stadium dat Christus sê: Gaan uit hulle uit, my volk! En die bederf word geweer deur die gelowiges: Julle is die sout van die aarde!

Julle moet die wêreld van bederf bewaar tot tyd en wyl die wêreld nie meer nodig is nie!

Die gelowiges kan selfs nie hervorm nie — hulle kan nie hierdie wêreld soos ’n wilde dier mak maak, in diens van die Here stel nie!

Hulle moet tevrede wees met ’n nederige maar tog heerlike roeping!

Die gelowiges sout die aarde! Soos vleis gesout word! Niks meer, niks minder is ons roeping nie! Om sout te wees — die bederf te weer!

En waar die soutkorrel lê, daar bly die bederf weg, die omgewing bly ’n bruikbare omgewing in diens van die Vader wat in die hemele is! Sout moet u en ek wees wat die verderf weer!

Ons sal die grote en breë wêreld nie regkry nie, ons sal oorloë en ellende en vervolginge nie keer nie, maar ons sal die verderf keer met alles wat in ons is op die plek waar ons vertoef!

Ek is in my huis ’n soutkorrel: met my woorde en vermaning bewaar ek my huis van verderf!

My huis is ’n soutkorrel in ’n maatskappy wat tot die ongeregtigheid neig en keer!

My wandel is ’n soutkorrel te midde van ’n stofverankerde samelewing!

En so kan ons in al breër kring die soutwerking deurtrek — verderfwerend, die verderf kerend met alle soutgehalte wat tot ons

beskikking is!

En is ons dan die sout van die aarde — hoeveel is die aarde nie aan Christus en God deur ons as sy soutinstrumente verskuldig nie! Hulle lewe, hulle bestaan, hulle in- en uitgaan, hulle reën en oeste, hulle sit en opstaan te danke aan die sout wat in hulle midde gesprinkel word deur die verdienste van Christus!

Hulle lewe by die grasie van die gelowiges! Die feit dat hulle nie tot die ewige verderf weggeruk word nie, is te danke aan die gelowiges, die soutkorrels in die midde.

Was dit nie vir die soutkorrels nie — wie sou bly bestaan? Godloënaar en kommunis en ateïs en vloeker en drinker — hulle bestaan en lewe word gedank aan die gelowiges!

Hulle weet dit nie — tog is dit so — die aarde is daar ter wille van en ten behoewe van die gelowiges! Word die gelowiges teruggeroep — en die tyd sal kom dat die sout teruggeroep word tot by die spelonke en bosse en geheime plekke deur vervolging en haat — weinig weet die aarde dit dan, dan is die sout nie meer onder hulle nie! Dan kom die verderf met rasse skrede!

Niks wat meer keer nie! Dan tref onheil op onheil hulle, dan gaan dit van kwaad tot erger!

Die sout weg- en teruggetrek! Dan is die oordeel van ewige verderf op hulle!

Maar, broeder en suster, soutlose sout word uit die wêreld nie weggehaal nie — dit word deur die mense vertrap, dit verdwyn onder die verderf wat dit moes weer!

Die soutkarakter van die sout moet bly — anders kan dit sy roeping nie vervul nie! Die verderf neem dan sienderoë toe!

Die soutgehalte bly alleen op volle sterkte en op volle krag in die verdienste van Christus!

Sonder Christus — geen soutgehalte! Met Christus — sout wat verderfwerend sy roeping vervul!

Christus is dit wat my lewe omskep tot sout — sonder Christus bly ek nog 'n rukkie van die finale verderf bewaar ter wille van ander

soutkorrels!

Maar vroeër of later wag daar dan op my soutloosheid — die ewige verderf! Julle is die sout van die aarde! Is u en ek dit waaragtig — elkeen in sy huis en buurt en dorp en werkkring — sout wat soutgemaak is deur die dankbaarheid ter wille van die verdienste van Christus!

Sout gee smaak af as dit werk en as daar nie nuwe sout bykom nie, bly een uiteinde wag: soutloosheid!

Alleen Christus in sy heerlike verdienste hou die sout sout!

Amen.

# HEILIGE MEDEDINGING.

**LEES:** MATTHEÜS 18:1-14.

**SING:** Ps. 66:*7,9;* 119:10; 86:8; 121:1, 2.

**TEKS:** MATTHEÜS 18:1-4.

Ons teksverse begin met 'n tydsaankondiging!

In daardie uur!

In watter uur speel ons teksverse af?

En dan is dit duidelik: in dié uur waarin die dinge in die vorige hoofstuk gebeur, gebeur ook dié dinge in ons teksverse!

En in die vorige hoofstuk is daar gespreek deur Christus oor sy dood en oor sy lyde onder die Fariseërs en Skrifgeleerdes.

Terwyl Jesus Christus dus op pad is na Golgota en reeds besig is om vir alle mense en van alle mense die minste te wees, is die dissipels besig om uit te maak, om uit te maak — wie die grootste is!

Hulle is nogal diplomaties en stel die vraag baie algemeen: Wie? Maar eintlik bedoel hulle: Wie van ons?

Want daaroor het hulle langs die pad rusie gehad. Die bekende stryd om die voorrang. Wie mag voor loop! Wie mag vóór sit!

Hulle het die ministersetels in die komende koninkryk van God reeds verdeel!

Maar hulle kon nie ooreenkom nie — hulle wil almal eerste ministers wees! Petrus en Johannes en Jakobus is oortuig dat hulle wel in aanmerking kon kom.

Maar Judas — hy hou die beurs! Hy was miskien die belangrikste!

En so kom hulle met hulle groot probleem by Hom.

Here, wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?

Ja, dit is: mededinging — kompetisie! Hulle ding mee teen mekaar! Hulle wedywer! Hulle kyk nie, soos atlete op die baan, net

na die eindpaal nie! Hulle kyk na mekaar! Met skewe oë, met skeel oë, met jaloerse oë na mekaar!

Hulle wil nie net slegs in dié koninkryk wees nie! Hulle is nie tevrede as hulle in die koninkryk van die hemele iets behoorliks, iets nuttigs mag wees nie!

Nie net tevrede om by die Here te wees nie! Hulle wil daar die eerste, die grootste, die beste, die vernaamste wees!

Wie van ons is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?

Moet ons die dissipels hard veroordeel? Ons is ook maar so! Dit begin by die kindertjies!

My vader is sterker as jou vader! Ek kan dit beter doen as jy! Die eerste plek in die klas, die hoogste totaal is die vernaamste dryfveer in die klas!

En elke groot mens staan graag eerste!

'n Gedurige ywer om by die ander verby te kom!

Waar daar energie is, daar is daar kompetisie! En dit is ook goed — dit bring die wêreld vooruit — die medaljes en die erepennings en die Nobelpryse!

Maar die vraag is hier: Kan dit ook gebeur in die koninkryk van die hemele? Is daar kompetisie in die heilige dinge?

*Die koninkryk van die hemele,* dit is die ryk die terrein waar God seggenskap het! Dit eindig eenmaal in die hemele, maar die koninkryk begin reeds op die aarde. En dié koninkryk omspan ons binneste, ons hart, ons gedagtes, ons gesprekke, ons dade. Die koninkryk is die ganse kerk, en sy grense loop breed en dele is kwalik te bepaal!

Onder die gesag van dié koninkryk val ons huwelik, ons gesin, ons politiek, ons besigheid en besigheidslewe.

Kan daar in dié dinge mededinging wees, kompetisie wees?

Mag ons nou vra: Wat is die beste kerk? Wie is die beste dominee? Wie bid die beste gebed? Wie is die ootmoedigste, die geduldigste, die offervaardigste?

Wie het die grootste geloof, die vurigste ywer, die innigste liefde?

Wie is die meeste in die koninkryk van die hemele?

Hierop wil ons voorlopig geen ander antwoord gee as net dit nie: In alle geval is daar van gelykheid en eenvormigheid in die koninkryk van die hemele geen sprake nie!

Alles wat God gemaak is, is ongelyk!

Gelykheid is 'n gedagte wat in die brein van Satan uitgebroei het! Daarmee vergiftig hy reeds vir Eva in die paradys!

Jy sal soos God wees!

In die koninkryk van God is daar seker een wat meer is en een wat minder is!

Paulus sê: Die heerlikheid van die een ster verskil in heerlikheid van die ander ster. En so sal dit ook in die opstanding van die dode wees.

Van Johannes die Doper sê die Here: Die minste in die koninkryk van die hemele is meer as hy! Die koninkryk van God is sekerlik geen slapende, eentonige gemeenskap nie.

Daar bruis in dié mense 'n magtige opbruising, 'n heilige drang!

Hulle bemoedig mekaar, ook deur hulle voorbeeld, en hulle spoor mekaar aan in die liefde en in die goeie werke.

Werklik — Christus wys nêrens en ook hier nie die kompetisie in die heilige dinge, in die koninkryk van die hemele af nie! Christus aanvaar die vraag: Wie is die meeste in die koninkryk van die hemele? — en gee 'n antwoord daarop.

So wys Jesus Christus dan nie die vraag van die hand of daar wél kompetisie is in die heilige dinge is nie.

Maar voordat Hy aan die dissipels vertel wie die oorwinnaars van die kompetisie is, sê Hy eers iets oor die deelnemers aan dié mede-dinging en aan watter voorwaarde dié mededingers moet voldoen.

Die voorwaarde lê uitgedruk in die een woord: Bekering. Om mee te kan en mee te mag ding in hierdie kompetisie in die heilige dinge moet jy jou bekeer. Want wat beteken *verander* anders as bekeer!

En nou moet ons let op die skerp teregwysing wat in dié woord opgesluit lê — in die woord *verander* of *bekeer.*

Die dissipels stry ernstig onder mekaar oor wie die oorwinnaar is in hierdie langafstandwedloop van die koninkryk van die hemele!

Maar Christus roep hulle tot stilstand! Wag eers, my dissipels! Voor julle stry oor die vraag: Wie wen? — moet julle julle eers vergewis of julle wel saam wedywer — of julle deelnemers is!

Soos mense wat rusie het oor ʼn erfporsie en dan van die eksekuteur hoor: Julle moet julle eers vergewis of julle name wel in die testament voorkom!

Onveranderde, onbekeerde mense ding hier nie mee nie!

Is glad nie op die baan nie!

Wat beteken verandering of bekering in hierdie verband dan! En dan moet u toelaat dat hierdie woord se hele gewig u op die hart gaan lê! U moet aan die eerste eis van die bekering gaan voldoen en daarna elke dag die bekering herhaal in sy voortgang!

En dit is dit: Ons moet in ons self, in ons eie krag en prestasie, in ons eie hoë aansien gebreek word!

Elke dag daarna gebreek word en gebreek bly! En hieraan is daar gebonde die feit van my deelname aan die heilige mededinging of nie!

Dit is dan tog wel ʼn wonderlike groep mense wat meedoen aan hierdie wedstryd! By alle ander wedstryde dink die deelnemers dat hulle ʼn goeie kans het — daarom laat hulle hulle inskrywe! Sterk geboude atlete! Maar by hierdie kompetisie is nodig: ʼn gebroke hart, ʼn verslae gees, iemand wat die ander beter ag as hyself, een wat net van één sondaar weet, en dis hyself!

So ʼn man was die tollenaar wat wegkruip agter die tempelpilaar en roep: Genade, vir my dié sondaar!

So was die verlore seun, Maria Magdalena, Petrus wat buitentoe hardloop en bitterlik ween!

Sulke mense is swak en nederig en gebroke genoeg om mee te doen in die kompetisie na die meeste in die koninkryk van die hemele.

Hier word dus veranderde mense toegelaat. Nie in hulleself hoogstaande, liewe, gawe, kerklike mense nie! Hier word gevra: in hulle eie trots en ek in deug en heiligheid totaal gebroke mense! Sulkes maak dit ′n heilige kompetisie!

Dit is ′n heerlike maar ook ′n moeilike voorwaarde!

Heerlik, want nou het die gebrokenes en die verlore seuns soos u en ek nog ′n kans!

Moeilik, want as ek wil meedoen, vra dit niks minder as ons verandering, die totale offer van onsself nie!

En nou dat ons die voorwaarde ken vir die deelname, kan ons ook spreek oor die oorwinnaar.

Daarom gaan dit mos!

Dit word spannend!

Wie van die gebrokenes en swakkes gaan eerste kom!

Wie is die meeste in die koninkryk van die hemele!

Wie sal dit tog wees?

En dan sien mens die hele Christelike kerk — daarbo en hieronder! Mens sien met die geloofsoog staan voor die troon van die Lam: ′n skare wat ontelbaar is!

Daar is die grotes in die koninkryk van God! Manne en vroue by wie ons nie ′n gedeelte van ′n kans het nie! Abraham, Moses, Samuel, Dawid, Jesaja, Daniël en Petrus en Paulus en Timotheüs, en om ′n paar heilige vroue nie verby te gaan nie: Sara, Hanna en Rut, Maria, Elisabet en Dorkas!

Dan die kerkgeskiedenis deur Policarpus, Athanasius, Augustinus, Calvyn, Luther en hier vlak by ons vader Postma — en óns vrome vaders en moeders!

Geweldige kompetisie! Geweldige figure! Groot hoekpilare! Wie sou onder hulle die meeste wees?

Wie is daar — en wie is hier, hier onder ons — die meeste in die koninkryk van die hemele?

En ek wil dit tog met nadruk sê: Jesus Christus gee hierop werklik antwoord — geen ongepaste kompetisie nie!

Daar is ŉ meeste in hierdie mededinging.

Één is die meeste!

Maar Christus gee die antwoord nie in breë betoog nie. Geen lang verklaring nie. Maar duidelike aanskoulike onderwys. Hy sê eintlik niks! Hy staan op en roep ŉ kind nader om tussen hulle te kom staan. Sommer een van die spelende kinders in die strate van Kapérnaüm. Geen uitgesoekte kind nie. Die eerste die beste!

“Seuntjie, kom bietjie hier!”

Natuurlik kom hy. As Christus so ŉ kind roep, dan kom hy!

Hy *laat,* Hy laat hom in hulle midde staan — dit wil sê neem sy hand, lei hom, hou hom vas: Bly hier staan, my seun! En dan kyk Hy oor die kind heen na die kompeterende dissipels.

Dan sê Hy nie: Dié kind is die meeste nie.

Maar: Die meeste in die koninkryk van die hemele is *soos* dié kind! As jy soos dié kind is, dan is jy die meeste in die koninkryk van die hemele!

In watter opsig moet ons nou soos dié kind wees? Wat is so kenmerkend van dié kind wat ook nodig is om die kompetisie te wen van wie die meeste is?

Christus sê in die vierde vers: Elkeen wat homself verneder soos hierdie kind!

Let wel, *hierdie* kind!

Daar is ook kinders wat hulleself nie verneder, veral as hulle te veel aandag van groot mense kry nie.

Gewoonlik die skuld van die ouers wat wil spog.

Maar hierdie kind was blykbaar anders. Die kind was verleë — verleë toe hy plotseling tussen die grootmense staan met hulle verbaasde oë! Verdwaasd, weet nie wat aangaan nie! Hy is in hierdie middelpunt van belangstelling glad nie tuis nie! So gou as Christus hom loslaat, vleg hy bly en skaam tussen sy matertjies in!

Kyk, sê Christus, hy wat só is, wat hom nie na vore dring en homself as die meeste in die middelpunt plaas nie maar hom só gering ag — hy is die meeste, die meeste!

Hy wat verleë staan, totaal verleë staan oor wat hy is, oor die feit dat Christus hom nader roep, die hande oplê, wat totaal verleë is omdat Christus met hom bemoeienis maak en ter wille van hom wil sterwe!

Hy is soos dié kindjie van Kapérnaüm se strate!

Hy wat verwonderd is, waaragtig verwonderd is dat God deur Christus hom nader roep en vry wil maak en uit wil red, hom, hom, hom wat so sleg lyk, soos hy lyk! Hy is die meeste!

So word die kompetisie om die meeste te wees, die kompetisie om die minste te wees!

Snaaks hoedat God somme maak!

Heerlik is dit om gelowiges te ontmoet wat waarlik groot is in woord en daad, in offer, diens, naasteliefde en tog dit bly: gebroke, verleë, verwonderde kinders van God!

Van sulkes het God baie in sy koninkryk! Van sulkes is daar baie! Baie? Nee! Eintlik maar net Één! Hy was op daardie uur by die dissipels! Hy kon sê: Ek is die meeste! Hy wou die allerminste wees!

Hy is die meeste in die koninkryk van die hemele!

En ons wat so swaar die minste is maar wat dit weet en daarom worstel en bid en stry om die minste te wees, word tog die meeste omdat Hy die meeste was!

En verwonderd en verleë soos die Kapérnaüm se kind is ons uit genade tog onder die skare wat niemand kan tel nie!

Omdat Hy vir ons die minste was!

Amen.

# DIE WOORD VAN GOD IN ONS LEWE.

(Tussen Paasfees en Hemelvaart)

**LEES:** LUKAS 24:36-49.

**SING:** Ps. 75:1, 2; 119:7; 119:33; 9:5, 7, 15.

**TEKS:** LUKAS 24:44-46.

---

Ons Bybel is nooit volledig in die beskrywing van God se groot dade nie!

Die Bybel maak net hier en daar 'n greep uit die grootheid en heerlikheid van die drie-enige God.

In Job word aan ons magtige beskrywinge gegee van God se dade in natuur en geskiedenis — seker die mooiste en duidelikste beskrywing in die hele Bybel, en tog word daar, heeltemal tereg, in dieselfde boek verklaar: Kyk, dit is maar die uitlopers van sy weë, en wat 'n fluisterwoord hoor ons maar van Hom! Wie sou dan die donder van sy magtige dade verstaan!

Dieselfde geld dan ook van die werke van God in die herskepping. Alles, alles wat ons nodig het om te weet, is aan ons geopenbaar.

Wanneer die groot en belangrike vrae in die siel brand: Wat het ek nodig om salig te word? Hoe kan ek vrede bekom met God? Hoe kry ek vergewing van al my sondes? Hoe kan ek my met aardse lewe tot sy eer wandel? — dan vind ek daarop in die Bybel 'n volledige en duidelike antwoord.

Tog word daar op baie vrae nie antwoord gegee nie, en baie openbaringe van God in die heilsgeskiedenis word nie vir ons beskryf nie. Dit bly maar brokstukkies en ligflitse.

Hoe kom ons dit nie agter nie as ons in hierdie dae tussen Paasfees en Hemelvaart noukeurig oplet wat ons alles meegedeel word van die veertig dae na sy opstanding!

Hoe graag sou ons meer wou hoor van sy gesprekke, sy gesprekke waarin hy praat van die verborgenhede van God se koninkryk.

Wat sou mens wou gee vir ŉ bandopname van sy omslagtige gesprek met die Emmaüsgangers!

Tog kan ons alles wat opgeteken is, in ŉ kwartier lees!

Baie vrae bly onbeantwoord!

Maar ook hier is niks verswyg van wat ons op ons pelgrimsreis nodig het nie.

Maar as ons in ons lewe die vraag stel hoe die gemeenskap met God en sy ere gesoek en gevind moet word, dan word dit met die beskrywing van die veertig dae duidelik.

Dit blyk baie oortuigend uit ons teks. Hier word vir elke gelowige en vir sy gemeente gesê wat ons gedurende die wagtyd op sy wederkoms rotsvas en seker moet weet en wat ons ganse bestaan en lewensverhoudinge moet beheers. Want die teks praat van die betekenis van die Heilige Skrif vir God se kinders.

En daaronder is daar drie dinge wat vir ons moet duidelik word: die vervulling, die verstaan, die gesag van die Skrif.

Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.

Waar die woorde gesê is, weet ons nie, maar ons weet dat die Here vir die gelowiges van alle tye daarmee sê: *Die Skrif word altyd vervul.*

Die woord van God sal hom altyd en onder alle omstandighede as *getrou* en *waaragtig bewys!*

Soos by die Emmaüsgangers wys Hy sy apostels op die profetiese en simboliese taal van die Ou Testament.

Sieners, sangers, digters en denkers het gedurende baie eeue van die Ou Testament sy beeld geteken!

In baie gebeurtenisse en handelinge is daar gedurig op sy persoon en werk gewys.

Op die bladsye van die Ou Testament staan sy naam — soms voluit, soms vaag aangeteken.

So word die misterie van die vereniging van die goddelike en die menslike natuur in hierdie Immanuel duidelik geteken.

Miga praat van sy oorsprong uit die dae van die ewigheid.

Jesaja jubel van die *kind* wat tog ook sterke God is.

Sy mensheid word beklemtoon dat Hy uit ŉ maagd sal gebore word in Betlehem.

Die drievoudige amp — profeet, priester, koning staan op die oue en heilige bladsy van die Bybel duidelik aangegee!

Selfs klein besonderhede ontbreek nie in die beeld van die Ou Testament nie.

Van die verraad vir dertig muntstukke, die intog op ŉ eselsvul, die dorstigheid aan die kruis, die Godverlatenheid, die verdeling van sy klere, die begrafnis in die graf van ŉ ryk man — al hierdie besonderhede staan van Hom eeue vantevore geskrywe!

So was daar dan die gedurig wisselende getuienis van die Skrif en voortdurend was die onderwys van Christus op hierdie woorde van God gegrond.

Hoe baiekeer het Hy nie gewys op die vervulling van die Skrifte nie! Geseling, bespotting, kruisiging en herrysenis uit die graf *staan aangeteken,* en daarom moes dit plaasvind.

En kyk — nou is dit volbring!

Niks van die voorspelde lyde is Hom gespaar gebly nie — tot in alle besonderhede vervul! Ook niks van die voorspelde heerlikheid het agterweë gebly nie!

Hy het die dood en graf en hulle mag oorwin!

Die fynste besonderhede wat in Gods Woord van die Ou Testament geskrywe is, word vervul!

En nou wil Christus juis vir sy dissipels dit op die hart bind om dit in die komende tyd nooit te vergeet nie: *Die Skrifte word altyd vervul!*

Dit is die inhoud van sy preke oor die veertig dae.

Onder alle omstandighede moet daar in hulle gemoed so vas soos

berge staan die oortuiging: *Wat ook wankel en bewe, die Heilige Skrif verander nie en niks gaan verlore nie!*

En hierdie feit moet nog onder ons as ’n *onveranderde waarheid* geld. Tussen ons en die apostels lê daar baie eeue!

Die uitwendige gedaante van die wêreld is deur ontdekkings en tierlantyne baie gewysig.

Maar Christus, die Here van alle tye en Koning van gewese konings en komende konings, roep sy strydende kerk toe: Dit is makliker, werklik makliker dat die aarde en die hemel kan verbygaan as dat een jotatjie of puntjie op die i van die wet kan omtuimel en val!

Die moderne mens doen baie veranderings, en gevestigde teorieë val — maar wat is hierdie wisselinge in vergelyking met die verbygang van hemel en aarde!

En tog — al vou die sterre hulle glans op en bêre die son sy skitterende mantel — selfs onder *die* geweldige verandering, sal nie eens die kleinste strepies in die Bybel ’n enkele wysiging wys nie! Alles, alles word vervul wat in die wonderlike Skrif staan! Elke dreiging, elke aansegging van God se toorn oor die wat hulle nie bekeer nie en elke proklamasie van allerhoogste gehalte! Dit bly!

Hoe het die mense eeue gelede gelag vir Noag! Voorspeller van die ondergang van die wêreld in die wêreldvloed!

Op hulle verbaasde vraag hoe hy van hierdie vreeslike oordeel weet, was sy enigste antwoord dat die Woord van God na hom toe gekom het. Honderd-en-twintig jaar preek hy — honderd-en-twintig jaar lag hulle!

Maar God se Woord word vervul; en hulle laggende mond sluk water ten dood toe!

Hoe het die heiden gespot met die Jodevolk en hulle eienaardige verwagting van ’n komende Vredevors en vrederyk! As hulle gevra word na die geloofsbriewe vir hierdie vreemde verwagting, kon die ou verbondsvolk net wys na ’n klompie vergeelde en verouderde perkamente waarop sieners in vervloë eeue die woorde wat hulle van God ontvang het, geskryf het.

Hoe het die apostels nie hulle hoofde geskud oor Christus, wat van lyde, dood, ondergang en opstanding praat!

Totdat Hy vir hulle sê: Hoe kan die Skrifte vervul word wat sê dat dit so moet geskied? Hulle wil dit nie glo nie, totdat die opgestane Heiland in hulle midde verskyn en getuig: Dit *is die woorde* wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was.

Hoe lag die wêreld van vandag vir ons omdat ons hoop op die vernuwing van hemel en aarde, op ŉ totale ondergang en herstel van alle dinge, op die koms van Christus en sy geregtigheidsryk!

Hulle skud meewarig die hoof as ons hulle op die ou-ou Bybel wys as *enigste* bewys van ons geloof — die Bybel wat eeue gelede en in ŉ totaal ander situasie geskrywe is!

Maar soos altyd tevore sal ons geloof *bewys word* deur die komende feite wanneer die vasstaande en onverganklike Woord van God vervul word en Christus kom, soos Hy gesê het!

En nou wil ons graag van mekaar weet: is dit ook ons vaste geloofsoortuiging wat ons in ons lewe sterk en staal? Sien u ook die Bybel so? Is dit ook u en my houding in al die lewensvrae wat ons ontsettend verwar?

Almal van ons ken heel waarskynlik God se Woord van ons jeug af. Dreigings, beloftes, Bybelse figure ken ons miskien uit ons kop — selfs is dit moontlik om die mooi en ewige Woord van God as ŉ skone tradisie te aanvaar, terwyl dit nog altyd vir ons ŉ *geslote* boek bly.

Die apostels het van kindsbeen af die Woord gehoor — selfs na die grootste Profeet, Koning en Hoëpriester *self* geluister, en tog bewys hulle houding in die donker dae van kruis en graf dat hulle die sentrale boodskap van die Woord nie verstaan nie.

Hulle bly onverstandig en traag van hart.

Ja, by die opening of oopmaking van die Skrifte moet daar altyd bykom die oopmaking van die verstand!

Die Heilige Gees moet ons verlig sodat ons die wonders van God se wet aanskou! Want juis dit is met opset in ons teks geskrywe: Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. Dan sien hulle alles in die regte lig.

Die vreeslike, onverstaanbare kruis word ’n sakrament van heil en versoening!

Graf, die nuwe graf, word oorwinning en triomf!

*Christus se opstanding is vervulling!*

Soos die wind môrewolke oor die landskap opraap en laat verdwyn en die landskap in sy kleur- en deiningskakering duidelik word, so neem Christus deur sy Gees alle hindernisse weg en God se Woord word duidelik.

Alleen as ons geloofsoortuiging die werk van die Gees van Christus is, staan dit onwankelbaar vas. Dan kan dit nie geskud en omgeruk word nie.

Dus: ’n Geopende verstand by ’n geopende Woord — dit is wat God ons metterdaad op ons ootmoedige gebed verleen!

'n Geopende Woord het ons reeds! Maar het ons ook ’n geopende verstand?

Miskien vra u ’n wedervraag: Waarom en hoe kan ek dit weet? Die antwoord is nie moeilik nie.

As ons verstand geopen is, hoor ons die stem van ons hemelse Vader in sy goddelike getuienis. Allerhande bekende, selfs afgesaagde woorde en klanke begin dan vir ons te lewe. Dan praat ons nie meer in die algemeen oor sonde en genade, oordeel en vryspraak, verlorenheid en behoud, sonder dat dit ons neerslaan en bevry, droewig en bly maak nie, maar dit word ons eie ervaring, ons hartlike en persoonlike aanvaarding!

Hoe baie Sondae gaan ons huis toe — onbeïndruk — die Woord raak ons nie, bevry ons nie — dan het die geopende Woord *nie ’n geopende verstand* gevind nie!

Maar daar is ook oomblikke waarin die verkondigde Woord ons persoonlik tref en sy vermaning, waarskuwing en troos ons nie los laat nie.

Ons begin al meer verstaan. Die evangelie word ’n blye aankondiging vir ons.

Ons omhels die belofte wat in Christus ja en amen is.

Baie van die veertig dae is ons nie meegedeel nie, maar die min is vir ons almal genoegsaam!

Neem byvoorbeeld die paar woorde van ons teksverse. Aan die apostels en in hulle gee Christus allereers die vaste versekering dat die Skrif altyd vervul word. Sy bewys en borg is sy eie opstanding. Dit was eeue vantevore voorsê!

En vanuit die volkome vervulling kan Hy nou sê: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was. Terselfdertyd laat Hy dit vir ons duidelik blyk dat by die opening van die Skrifte die opening van die verstand moet bykom.

Hier lê die grens van ons vermoë en begrip.

Alleen op die knieë word sy getuienis verstaan!

Maar ten slotte wys Christus hulle en ons op die goddelike gesag van die Heilige Skrif.

Aan hierdie gesag moet die hele lewe en al sy uitinge onderwerp word.

*So is dit geskrywe* en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan!

*So is dit geskrywe!*

Siedaar kort en kragtig die beginsel aangewys wat ons Christelike lewe van die eerste begin tot aan die laaste einde moet lei en regeer!

So het die Here Christus sy hele doen en late daaraan voortdurend op die aarde onderwerp.

As Hy versoek word in die woestyn, sê Hy: Daar is geskrywe!

Die swaard van die Skrif is sy enigste wapen. As Hy haas moet kruis toe en dood toe en die dissipels dit wil verhinder, dan is dit ŉ volkome onderwerping aan die Woord wat Hom laat praat: Hoe sal die Skrif te vervul word wat sê dat dit so moet gebeur?

Al is die pad donker, Hy onderwerp Hom en hoor in die goddelike Woord die stem van sy eie Vader!

Ook hier word die Woord onder die aandag van die apostels

geplaas. Hier in ons teksverse: So is dit geskrywe en so moes die Christus ly.

Vir Christus het die Bybel ’n *absolute gesag wat Hy volledig* eerbiedig!

Elke voorval in sy lewe, elke nuwe stryd en versoeking, elke beproewing en pyn word vanuit *die Woord* gesien en aanvaar!

Hy doen dit nie hard en gevoelloos nie, maar dit was die groot kompas, die aanstuwende beginsel wat Hom orals en in bange nood en stryd lei en ondersteun!

Steeds is dit die Skrif wat Hom van stap tot stap voorgaan in sy ganse lewensprogram!

So, net so, moet die Skrif ook in ons lewe sy *gesaghebbende plek* inneem.

So is dit geskrywe — dit moet ons groot kompas en ons koersbepaler wees!

Ons verstand, wil, hart, planne, ideale, verwagtinge en strewe moet deur die beginsel beheers word!

So is die geskrywe!

In die binnekamer, winkel, skool, fabriek, plaas, gesin, samelewing moet dit ons bewuste bedoeling wees om deur die beginsel beheers te word!

Dit was nog altyd juis die eer van die Gereformeerde belydenis: dat die Heilige Skrif nie alleen gesien word as ’n boek wat ons die weg hemel toe wys nie *maar die beginsels en ordinansies vir die ganse lewe in al sy skakerings en verhoudinge bevat!*

Daarom moet die Woord so deeglik ondersoek word.

En as ons die Woord ken, moet daar volstrekte gehoorsaamheid wees.

Ons strewe, biddende strewe moet wees om in ons lewenspraktyk en onderlinge verhouding al meer en meer die beeld van Christus te vertoon. Alle aksie van ons kant moet die duidelike stempel dra van God se Woord.

Ons het gehoor: *So is dit geskrywe,* en ons gehoorsaam dit as die *beslissende en bepalende* stem van ons ganse lewe!

In alle gevare en verleidinge van ons moderne tyd moet in hierdie beginsel die enigste rede lê waarom sekere verhoudinge, vriendskappe ens. verbreek of gehou moet word!

Hierdie beginsel laat ons alle neutrale organisasies vermy en laat ons die eer van God ook in die politieke en sosiale lewe bewustelik soek.

Die Woord van God moet steeds meer ons huis-, dag- en lewensboek word!

*So is dit geskrywe!*

Dit word die einde van alle teëspraak, ook die teëspraak van my eie vlees en eie ek!

Dit moet alle twyfel uitban!

Dit moet ons in hierdie vreemde lewe waarin ons dikwels verbysterd staan, reguit aanvoorvore laat trek!

Hierdie gehoorsaamheid aan die Woord sal nie vir ons die maklikste nie maar altyd die veiligste weg wys waarop ons nie verdwaal nie!

Dan mag ons weg 'n weg van selfverloëning en lyde wees, maar dan sal die einde daarvan wees dat ons in God se nuwe hemel en nuwe aarde met dankbaarheid en verwondering by die aanskouing sal getuig: Dit wat ons nou sien, is dit wat u Woord ons in die land van ons vreemdelingskap beloof het!

*Al* U beloftes is *volkome* vervul!

Ja die vreugde en vrede in die Vaderhuis sal so groot wees dat ek in dankbare blydskap sal sê: Baie min van wat ek nou sien, is aan my gesê!

Amen.

# DIE WA VAN DIE HERE STAAN VOOR DIE DEUR.

**LEES:** ESEGIËL 10.

**SING:** Ps. 46:1; 119:13; 46:5, 6; 32:3.

**TEKS:** ESEGIËL 10:18.

---

Esegiël is ′n boek wat nie baie gelees word nie. En die onbewuste rede hiervoor lê heel waarskynlik in die feit dat ons dink Esegiël staan buite ons lewe, het vir ons nie baie te sê nie!

Esegiël se boeteprediking dreun in ons ore — maar dit is ′n veraf, onverstaanbare geruis. Tog is dié boek ook vir ons geskrywe.

Daarom moet ons ook nou ons rug leen vir die striemende woorde van God wat eeue gelede gespreek is. Valse rus is altyd gevaarlik.

Miskien ken u die verband waarin ons teksverse voorkom. In die agste hoofstuk word ′n opsomming gegee van die gruwelike afgodery wat alles in Jerusalem plaasvind. Alles wat daar gebeur, sien Esegiël in ′n visioen, en in die visioen word hy as 't ware by die hand geneem en van gruwelplek tot gruweldaad gelei. Die profeet huiwer maar hoor elkers die ontsettende refrein: Daar wag nog meer!

Moet en mag die Here dit só laat bly?

In hoofstuk 9 volg noodwendig die visioen van die man wat met linne bekleed was. Hy het ′n skryfkoker aan sy sy. Hy is die merker met sy pen en ink van die enkeles wat aan dié gruwels nie deelneem nie en wat die Here liefhet. Die ander, die ander — verskriklike lot — word neergeslaan deur die ses oordeelsengele — grysaard, hoe sink hy neer; suigling — hoe rol hy om!

Dan kom die tiende hoofstuk! Nog dieselfde visioen!

En hier is twee dinge sommer duidelik. Die man in linne gekleed moet met sy hande vuur opraap en dit uitstrooi oor Jerusalem!

Vuur op Jerusalem!

Wat kan ons hierdie verskrikking noem anders as God se lugaanval, God se bombardement!

Verder hoor ons van die man in linne gekleed niks — maar 'n voorstelling is nie moeilik nie. Vuur is reiniger; vuur wis uit; in vuur, daar is God met sy gerig en sy toorn. As God vuur gebruik, dan kreun die aarde; en as God sy toornvuur uitwerp, word alles voor Hom uit verteer. En tog, die man wat vuur in sy hande het om dit uit te gooi op die aarde, is nie die ergste nie!

Luister na ons teksverse: "En die heerlikheid van die Here het van die drumpel van die huis van die Here af weggetrek en bo die gérubs gaan staan".

Dit is die ergste!

Wil u ons teksverse hoor in sy eenvoudigste uitdrukking: God gaan weg! God gaan weg!

As my vader kwaad is vir my, as Hy my slaan en tug en as ek inmekaar krimp onder sy houe — dit is erg, baie erg. Maar as dit sover kom dat Hy niks meer sê nie en maar net sy swaar vaderverdriet wys en weggaan en jou verlaat en nie meer terugkom nie — wat kan erger wees as dit!

As jou Vader jou aarde toe stuur, en die spot en haat van die hele Joodse volk konsentreer op jou en 'n doringkroon verwond jou slape en spykers hou jou aan 'n kruishout vas — dit is erg, baie erg — maar as jou Vader terwyl jy aan die kruis hang, wegloop, van jou af wegloop — jou verlaat! Wat kan erger wees as hierdie Godverlatenheid!

Esegiël bevind hom in die visioen by die ingang van die tempel.

Voor die tempel staan 'n wa! Wonderlike wiele met wiele binne-in — 'n rat in 'n rat! Bokant die wiele sien die profeet vier gérubs, vier wesens, vier diere! En bo-op die gérubs is die troon, waarop God plek inneem. Dit is 'n koningskoets. Wagtende op sy Heilige passasier. God woon in die tempel; Hy woon by sy volk.

Dit is louter genade! Dit is genade dat God die Heilige Gees *in* ons woon, dat Hy hier *in* die kerk by ons wil wees. Dat Hy ons nimmermeer wil verlaat nie.

Dit was ook die belofte aan God se verbondsvolk. Maar omdat

elke verbond twee partye en twee dele het, het die verbondsvolk ook groot verantwoordelikheid!

En as dié volk doen wat Esegiël gesien het in hoofstuk 8 en selfs 9 — as hulle die belofte vertrap en die verbondsooreenkoms verbreek, wat staan God dan te doen? Dan staan die koningskoets voor die deur. En dit is die spiespunt van hierdie preek: God se wa staan voor die deur.

In hoofstuk 9 het God al opgestaan van die gérubs waarop Hy rus, en beweeg na die drumpel van die tempel. Hy staan al op die tempeldrumpel. Hy staan op vaart — sy koningswa wag! En die gérubs is soos vurige perde: Kom Here, kom en verlaat u tempel! Laat ons gaan, weggaan van dié volk af met sy ondankbaarheid en verbondsbreuk!

Esegiël is van alles wel toeskouer, maar dit gaan hom ernstig aan: Dit is sy volk. En ons — ook toeskouers en tog daarin betrek met die meeste erns.

Miskien dink baie van ons hier in die kerk: God gaan nie weg nie, dit lyk maar so! Aan die einde van die preek sal dit weer in orde wees, want 'n Gereformeerde preek het 'n voorspoedige einde!

God dreig om sy volk te verlaat — so sê ons; en dit is waar; en ons het dit ook verdien as Hy sou weggaan. Maar Christus is ook deur God verlaat sodat ons nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie!

Maar as God sy eie volk verlaat en die tempel leeg agterlaat, dan is dit nou ook moontlik. God kan nou weggaan — ons kan die tempel hê en al die uiterlike vorm van bediening maar God is daaruit weg! Gerus mag ons nie wees nie. En die Man in linne gekleed is nog daar — Christus —, en Hy hou nog vuur in sy hande. Vuur vir elke kerk wat gruwels doen en witgepleisterde grafte word. Moet tog nie toeskouer wees nie. Moet nie sê: Ek sit daarbuite nie!

Pas ook hierdie verskrikking toe op u eie lewe, want dit is realisties moontlik. God op die drumpel, sy koets voor my lewensdeur. Christus met hande vol vuur oor elkeen wat hom nie van harte bekeer nie. God het diepkykende oë! Sy oproep was en is: Gee My jou

hart, my seun, my dogter.

Hoe staan dit met ons hart? Is daar werklik begeerte om Gods Woord te ontvang én te verteer! Is daar opregte liefde vir God en vir ons naaste? Doen ons, doen ons wat ons hier hoor en stry ons teen die sonde ten bloede toe?

En as dit só sleg met ons gesteld is — uiterlik alles in orde maar innerlik verrot — dan skryf Christus vir ons 'n brief: Julle het die naam dat julle lewe, maar julle is dood; en dan staan God se wa voor die deur! En die gérubs pleit: Verlaat hom tog met u bemoeienis, beproewing, u Woord. Verlaat hom met sy selfgenoegsaamheid, sy skynvroomheid, haar liefdeloosheid, hulle onderlinge jaloesie! Met hulle fooitjie in die kollektesakkie!

Hoe staan dit met ons en met ons kerk en ons gesin! Doen u in die huis wat die Here verwag, met 'n goeie en liefdevolle gewete? Is daar by u en u kinders geloofsblydskap! Is daar liefdevolle opoffering aangaande die kerk van Christus! Of sal dit vir baie van ons nog 'n jaar word van por en por en por om tog te doen wat die Here sê! As dit anders met ons gesteld is en ons lewe is enkel Godsdienstige skyn — verbaas dit u as dit nou aan u verkondig word — ouderling, predikant, diaken, lidmaat — God is op die drumpel. Sy koets wag vir Hom. Hy gaan weg uit die lewe! Weg!

Dan bly daar oor die skone tempel, die vrome Christelike norme en standpunte en lewenswyse — maar God is daaruit weg. God se heerlikheid het dan van die drumpel weggetrek! Weg! Sou u wou sien dat dit gebeur? Sou u en ek sonder God wou lewe?

Nee?

Maar hoekom is daar dan soveel dae in ons lewe dat ons kwalik aan God dink! Waarom vertrou ons dan soveel op onsself in plaas van op God. Waarom aanvaar ons so baie seëninge sonder om sy Vaderhand daarin te sien? Waarom dwaal ons rond met ons sorge, met ons verdriet en selfs met ons blydskap sonder om dit voor Hom uit te stort!

Waarom leef ons so dikwels sonder God!

Weet u wat is Goddelike wet: God verlaat 'n volk en 'n mens wat Hom reeds lankal verlaat het! Dink daaraan: In die liefde is God die

eerste; in die verlating is ons die eerste.

En as Esegiël die Here sien wegry, wat kon hy anders dink! Hier het hulle God nie meer nodig nie — hier is God, die Heilige, oorbodig.

In hierdie tyd van ons is daar miljoene mense wat God oorbodig vind! Miskien sê hulle dit nog nie reguit nie, veral nie in Suid-Afrika nie, maar só lewe hulle: God is oorbodig, God is oud, God is dood, God is vir ouetehuise en begraafplase, vir die museum. God is ŉ ou, verbleikte familiefoto teen die muur!

Maar ons — gelowiges — wat het ons in alle waarheid aan God in ons daaglikse lewe, in die winkel, op die plaas, in die skool — wat het ons aan God in die probleme van ons huwelikslewe!

Hierop moet ons antwoord, want hieruit weet ons of God se wa voor ons deur staan.

Sal ons God mis as Hy vertrek?

Maar elkeen wat Hom oorbodig maak, maak *homself* daarmee oorbodig, want by hulle doen die man in linne sy werk met die vuur.

Ons moet opnuut gaan besef dat die ou klanke van heil en genade vir ons bedoel is.

Hy wat werklik en absoluut deur God verlaat was — so verlate dat Hy dit uithyg — Hy moet in alle waarheid ons Verlosser wees! Hy verlate sodat ons nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie.

Maar dan moet Hy ook vir ons méér wees as alle ander dinge. Dan moet ons begeerte liewer wees om in die smeltkroes van God gelouter te wees as om die "vryheid" van ŉ eiewillige soort godsdiens te soek.

As ons in die krisis, in elke sondekrisis, in die benoudheid, in elke tartende lewensomstandigheid ons uitstrek na God se Vaderhand in Jesus Christus — dan, ja, dan gebeur die wonder — dan is God daar!

Al het sy koninklike koets al voor die deur gestaan, voor die deur van ons verknoeide lewe, voor die deur van ons bankrotte, leë lewe — dan is God daar! Dan vertrek Hy nie, dan draai Hy van die drumpel af om — al is dit op die opregte enkele geroep: Ag, Here, HERE!

In ons tyd word dit ’n dringende vraag — vir elke mens, vir elke kerk!

Ja, die Here sal nooit van sy kerk wyk nie. Voor sy ware kerk staan daar nie sy koets nie — maar voor ons kerk kan die koets staan, soos hy gestaan het voor die kerk van Israel.

En dit is die gewetensvraag: Is daar plek vir God in hierdie kerk, hierdie lewe, hierdie hart! Die Seun van God het na hierdie aarde gekom, en daar was vir Hom geen plek nie! Hy was in die wêreld, en die wêreld het Hom nie geken nie. God wil plek hê in ons kerk, hart, lewe! O, ja — God is die almagtige — Hy kan plek maak, maak ook plek in sy ewige uitverkiesende genade! Hy maak plek in die weerbarstige hart! Maar mag ek, mag ek — verskriklike gedagte — sê: Ek hou my hart weerbarstig tot God dit oopbreek! Ek hou ’n dop, ’n granietdop om my lewe totdat God met sy genadekoevoet en -dinamiet dit wegbreek.

Nee, dit mag oor my lippe nie kom nie.

Nou, as julle sy woord hoor, bekeer julle! Hy wil die Enigste wees, die Eerste van ons lewe. Dink daaraan: as ons God oorbodig vind, vind Hy ons ook oorbodig. Al dink ek: ek is ’n uitverkorene, ek kan maar só op die ou pad volhou — eendag sal God my aan die kraag gryp!

Pas op! God se koets staan voor die deur met engele wat hyg van haas. Ag, broeder en suster, dat God gaan — dit is geen wonder nie. Maar dat God bly — dit is die grote wonder van genade wat daar in Christus is.

Ken u uself, ken u u sonde, staan u daeliks voor die spieël van God se Woord, het u u skuld ontdek en het u genadiglik uitgevind: Ek is in sy kerk, maar ek leef sonder God — Hy was vir myself in die kerk oorbodig. Weet u, besef u dit, dan vertoef God nog ’n oomblik op die drumpel, wagtende, wagtende in sy onverstaanbare barmhartigheid! Wagtende vir wat?

Dat u Hom moet terugbid, terugroep, terugsmeek!

Na die terneergeslane bidder luister Hy!

Ter wille van Christus, Christus wat wel vuur dra in sy hande, maar Hy dra die vuur in sy *deurboorde* hande! Vir diegene gee hy

nie sy vuur nie, maar na hulle strek Hy sy deurboorde hande uit. Broeder, suster — God staan miskien op die drumpel van u en my lewe. Sy wa gereed!

Gérubs, wagtende met wapperende vlerke!

Maar God vertoef nog op die drumpel — daar is nog genadetyd.

Gryp God aan in Christus. O, God bly by ons — ons *sondare.*

Amen.

# GENADE OP GENADE!

(Voorbereidingspreek.)

**LEES:** JOH. 1:1-18.

**SING:** PS. 51:1 (ou wysie); 68:12; 121:3, 4; 105:5; 125:1, 2, 3. (2e wysie).

**TEKS:** JOH. 1:16.

More is dit nagmaal!

Wat sal ons by die tafel van die Here kom doen?

Sal ons *ons vroomheid* kom uitstal! Sal ons kom roem in wat ons reggekry het? Sal ons as sondeloses aan die tafel kom sit?

*Luister tog:* ons kom nie na hierdie nagmaal om daarmee te getuig dat ons in onsself volkome en regverdig is nie!

Nee — hier sal ons nie kom om iets van onsself as offer neer te lê voor God se voete nie — en vir u wat die eerste maal kom — dit is nie 'n *beloning* op jarelange katkisasie nie! Maar aan die nagmaal-stafel roem ons in Christus!

Ons verkondig die heil en die goeie dinge wat Christus *vir ons* verwerf het! Daarom pas by die nagmaaltyd die gejubel van ons teksvers: *En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade!*

Dit is maar nog 'n psalmvers van lof en gejubel uit hierdie jubelpsalm van die Nuwe Testament.

Ja, vers 15 moes eintlik tussen hakies gestaan het — dit is 'n getuienis van Johannes die Doper. Maar met ons teksvers sit die skrywer die lied van vers 14 voort!

Jesus Christus — vol van genade en waarheid!

Ja daarmee is Hy vol — vol van *genade en waarheid.*

En uit die volheid het ons ontvang, ja, *genade op genade!*

En by die tafel van die Here behoort ons te sing van hierdie genade uit Christus se volheid!

By die tafel en by die vooruitsig op die nagmaal kan ons eers sing

as ons verstaan wat *die volheid* is waaruit ons genade ontvang, *en* wat *die genade* is wat ons uit die volheid ontvang!

Ons het dit mos al gesê: Dié vers is verbonde aan wat Johannes openbaar in vers 14. Daar het hy dit uitgejubel: en ons het sy heerlikheid aanskou . . . vol van genade en waarheid!

Christus se volheid, sy volwees, sy volheid — tot oorlopens toe — is ’n *volheid van genade!*

Hy wat Christus wil verstaan, sy glorie wil sien, moet bowenal by sy genade uitkom!

Wat is dié *genade* van Christus?

Ons kan ook vra wat is die genade *van Christus* ?

En die Bybel antwoord: Dié genade is die *saligmakende werk van Christus!*

Dié genade is die samevatting van alle, alle weldade wat Jesus Christus vir sondare verwerf het!

Dink u dit is nodig dat ons hulle almal moet noem?

Dit sal u mos nie as ou nuus aanhoor nie — vir die gelowige word dit nooit ou nuus nie, maar dit bly *nuut,* en my verwondering word my elkers ontpers: Skuld betaal, gekoop uit die diktatuur van Satan, sonde vergewe, vryspraak as ek voor God verskriklik aangeklaag word, van dié dood en *ons* dood verlos, redding, saligheid, by die Here, vreugde, vrede .... Sal ons nog aanhou?

Johannes, geïnspireerde Johannes deursien dit alles, *konsentreer dit in sy gedagtes* tot een begrip, en hy sê die een begrip in één woord: *genade*!

Ja, hy voeg daarby ’n woord, nl. *waarheid,* maar dit omdat die genade waaragtig is.

Nie *onvervulde* genade nie — dit het waar geword!

En hierdie *genade in waarheid* staan geskrywe bokant die nagmaal van die Here!

Maar..........ons is nog nie klaar met die heerlikheid van Christus

nie!

Johannes gebruik twee heerlike woorde — *vol* en *volheid.*

Vol van genade en waarheid!

Uit sy volheid het ons ontvang!

Vol — as iets vol is — dit ken ons!

Volheid — ja, Johannes sien in sy geïnspireerde oorsig Christus in *al* sy weldade en — nee, hy gaan hulle nie opsom nie: dan kry hy nooit klaar nie, en daarvoor is die genade van Christus te groot. Maar dit alles het sy binneste oorweldig en hy vat dit saam in een woord — *volheid.*

*Geen leegte hoegenaamd nie* — volheid! Volheid — want God het die volle stroom van sy liefde in Christus uitgestort! Volheid — want *al* die rykdomme van sy barmhartigheid gaan in Christus oop soos paleisdeure!

Volheid — hy vervul die wet en verdryf *alle* skaduwees!

Volheid — want in Christus is die rivier van God vol water — in Hom is rykdom, 'n onuitputlike bron van salighede, en dié volle rykdomme deel Hy uit — nie karig, min, bekrompe, gering nie maar mild en oorvloedig!

Vol van genade.

*Uit sy volheid!*

Ag, was ons oë maar meer geopen vir die oorvloed uit die volheid van Christus, hoe *bly* sou ons ons weg gaan — om van ons sprankelende dankbaarheid nie te praat nie!

En as ons die Nagmaal sien as afbeelding, 'n bewys van sy volheid — hoe bly sal ons nie wees met Nagmaal nie!

Bo die Nagmaalstafel staan daar: vol van genade — uit sy volheid!

En hierdie volheid van Christus — Hy hou dit nie vir homself nie!

Ek het gekom dat julle lewe en *oorvloed* sal hê!

Oorvloed stroom uit sy volheid! Ja, uit sy volheid het ons almal ontvang! Ontvang — ja!

Ontvang is die *teenoorgestelde* van verdien. Ontvang staan teenoor *aanspraak maak.*

Aanspraak maak betuig dat ons die genade verdien of moet verdien. En as ons genade moet *verdien,* dan bly Christus se volheid vir altyd gesluit!

Maar, Goddank, ons besit Christus, wat vir ons verdien het, en Hy laat ons ontvang!

Uit sy oorvloed ontvang ons, want sy volheid is ook 'n volheid van liefde en die liefde leef van gee! Sy liefde bowenal!

Hou leë hande vir Christus oop — en, kyk, u ontvang! Open julle mond — en Hy laat stroom uit oopgemaakte sluise uit die dam van sy volheid! En moenie dink: Eendag ontvang ons; ons *sal* ontvang nie!

Hier staan — het ons almal ontvang! Dit getuig die brood en wyn van die Nagmaal duidelik. Ja — ons het *almal* ontvang! Almal! Almal van tóé en nou, wat in Christus se naam glo. Almal, en hierdie almal stem ooreen met die oorvloed en volheid van Christus!

Vir *almal* is daar *baie!*

Maar moenie u misgis nie! Almal beteken nie: mens vir mens nie!

Nee, daar *is* geen algemene verlossing nie.

Dié almal sluit God se verkiesing en ons geloof nie uit nie! Maar almal wat wandel *in die eie gebied van God* — vir hulle staan die deure wyd oop! Almal — sondare en tollenare!

Almal — ook Nicodemus wat in die nag opdaag!

Almal — ook die Samaritaanse vrou.

Almal — ook Saggeus en die man langs Christus aan die kruis!

En Paulus én Petrus en Johannes! Almal — sonder onderskeid: die grotes en die broer en suster wat die minste is!

Die dieps gesonkene, die vroomste van wandel!

Kind en die oue wat die hemele sien wink!

Almal, almal én ons *het* uit genade ontvang uit sy volheid! Maar dan moet ons almal ook van genade wil leef! Dan moet ons *ontvangers wil wees!* En hy wat nie *ontvanger* wil wees nie, ontvang nie en gaan verlore!

Ja, dit is moontlik!

Dié volheid — en tog verlore! Almal — en tog nie hy of ek nie! Dit is die ontsettende omgekeerde prentjie! En daarom moet dié vraag in ons midde insny! Almal — maar is ek daarby?

En juis aan die tafel van die Here mag ek luister na die verkondiging van dié een woord: Almal!

Almal — nee, die Nagmaal is nie die voorreg van ’n groep geestelike elite nie; dit is nie die maaltyd van ’n klein klompie versekerde gelowiges nie, maar almal mag kom wat *honger* — hoor u? — en *dors* — hoor u? — na die volheid van Christus!

Almal — ook u wat skugter wegkruip in die hoek; ook u wat swaar worstel om die daelikse brood en die sorge daarvan; ook u wat dink die tafel is nie vir my, arme sondaar nie.

Almal — vir almal is daar ’n volheid uit sy volheid — nie druppels en druppels genade nie maar strome daarvan; nie ’n enkele beker nie, maar die riviere van God is vol water!

Dit wil sê: mits u wil kom! As u wil ontvang!

Mits dit gaan om sy genade alleen! Mits u kan bely: Moeg en arm en naak kom ek by God wat salig maak!

Mits u wil koop sonder geld en sonder prys wyn en melk, juis omdat Christus vir ons betaal *het*, en nou mag ons uit God se hand ontvang *genade* op *genade!*

*Wat wil dit tog sê:* genade op genade!

Hier word sterk en baie duidelik verkondig die leerstelling: deur genade alleen!

En dan so: genade teenoor elke eiegeregtigheid, teenoor elke selfredding, selfverdienste!

Ons ontvang die genade nie in die plek van ons verdienste of ons werke nie, maar ons ontvang genade in die plek van d.w.s. ter wille

van God se genade en dit verniet!

Ons ontvang genade ter wille van God se genade! Die een genade bring die ander genade voort! God gee sy Seun uit loutere genade en onpeilbare liefde. En uit dié genade ontvang ons genade wat uitstroom uit die volheid van Christus!

En as ons sê: Genade op genade, beteken eintlik genade ter wille van genade, beteken dit ook dat die een genade die ander genade moontlik maak of vir die ander genade die weg berei.

By God is daar volheid van genade en uit die volheid stroom die genade wat ons ontvang, na ons toe!

Aan een ding is daar nooit 'n tekort vir die gelowige nie — *genade!*

Sy kinders drink uit die beker van sy liefde *nie net een keer en een enkele teug nie maar telkens weer!*

Elke dag en in besonder elke Sondag!

En as hulle dit nie doen nie — genade drink uit God se genadevolheid nie —, sak hulle geloof ineen, word hulle hulpbehoewende mense wat hulle geesteskragte opgebruik het sonder vernuwingsmoontlikheid!

Elke dag het ons nuwe guns van die Here nodig, en dié word ons geskenk uit die volheid van Christus: genade op genade! So word die geloofsgebou gebou — genade op genade gestapel tot 'n muur van heiligmaking!

En elke dag het die ellendige sondaar, die bedroefde oor sy sonde weer genadestene om die muur van genade te bou!

So is dit ook met die Nagmaal. Die Nagmaal is God se genade uitgestal in sigbare tekens en seëls! En elke keer as dit Nagmaal is, kom Christus tot ons met sy vertroosting. Ons het Christus en sy genade altyd nodig — telkens weer.

Telkens weer — en so is dit goed! Want in Jesus Christus is 'n volheid van genade, maar dit ontvang hulle wat in Hom begenadig is, *nie tegelyk nie!*

Ons kry nie *die volle genade* op een moment nie! Jesus Christus

rus u nie op een moment met soveel kragte toe dat u verder uself kan red nie, want dit sou u nie kon dra óf verdra nie en soveel skatte sou u nie kon hanteer of bewaar nie.

As dit só moes wees — ons praat menslikerwys — sou daar seëninge en geestelike kragte verlore gaan! Ons hande sou oorloop! Ons harte sou oorloop! Kyk hoe mors dit! U hart sou die rykdom nie kon verwerk nie!

Maar daar is in ons lewe groei volgens die heilige orde van God — eers die saadkorrel, dan die halm en daarna die aar en dan die volle koring in die aar.

Só gee God sy genade dag vir dag — genade op genade — en so wil Hy die werk wat Hy begin het, voltooi en niks aan ons kragte oorlaat nie.

Hy sorg daarvoor dat Hy klaarkry! En dit wil Christus ook in die Nagmaal aan ons verseker.

Drie maande gelede, nou weer oor drie maande. Genade op genade! Hy hou met sy versterkende genadegawes nooit op nie! U het hierdie woord van die volheid van Christus gehoor. Van genade op genade!

Wat sou u antwoord wees?

Veral u — jonge broeders en susters! U kan log nie maak of u nie gehoor het nie!

Want u is geroep — u word geroep na die tafel. Geroep om u te bekeer van u sonde. Geroep om alle onverskilligheid en uitwendigheid van u af te gooi en te leef uit genade alleen!

U het gehoor van Christus se volwees, sy volheid, sy oorvloed, van lokkende oop poorte, van almal wat ontvang en van genade op genade. Hoe reageer u daarop?

U kan tog nie sê: Die preek raak my nie! Want aan u is verkondig, *vanmiddag,* God se oneindige ontferming, en aan u is die vraag gestel of u kan meejubel: *Ons* het ontvang! Ja — *ek ook* — *ek ook* — tot my eie verbasing — genade ter wille van genade, genade vir genade, genade op genade!

Dit kan wees dat u op so 'n grote saligheid geen ag gee en geen

*behoefte* ken aan die versoening met God deur die bloed van Jesus Christus nie. Dan — ja, dan — moet ons met ontroering aan u verkondig dat daar — nieteenstaande die oorlopende volheid — *indien u u nie bekeer nie* — vir u oorbly 'n verlorenheid ver buite Christus in die ewige duisternis! Net hulle wat jubel — gedurig jubel: Ons het ontvang — net hulle mag tafel toe kom! Want aan hulle wat het, sal gegee word!

Hy wat genade ontvang het, kry nog meer! Vir hom word dit 'n goue ketting van Gods weldade: genade op genade, maar ook: versoen, geregverdig, behou, netnou verheerlik! Geroep, wedergebore, geheilig, gesaligd!

Ons word verleë onder die weldade!

Deur sy genade eerste gegryp en nou daeliks deur sy genade onderhou!

Eers deur sy liefde gegryp en nou telkens weer deur dieselfde liefde gesterk en gevoed!

Genadige God — te veel! Ons het dit nie verdien nie!

Genade op genade!

Maar ons wil dit 'n dankbare lewenslied maak: En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade!

Amen.

# DIE GEDAANTEVERWISSELING VAN DIE KERK.

(Sendingpreek, Pretoria, 24 Mei 1958).

**LEES:** MATTH. 24:1-14 HANDELINGE 2:1-13.

**SING:** PS. 45:9, 12, 13, 14; 68:15; 18:9; 98:4.

**TEKS:** HANDELINGE 2:1-4.

Stel u ŉ bruid voor wat alles in haar vermoë doen dat haar bruidegom nie moet kom nie. Eintlik is sy dan geen bruid meer nie. Ons Kerk het gedwing om so ŉ verwagtinglose bruid te word. Kom Christus — goed! Kom Hy nie — ook goed!

Die spanning is uit ons Bruidegomsverwagting weg. Hierdie navolgende tafereel gryp ons nie meer nie — hierdie vooruitsig dwing en dring nie meer tot heilige aksie nie: die alles oorheersende, alles in die niet laat verdwynende, die onbeskryflik heerlike, die majestueuse tafereel: Christus op die wolke, die engele, die lig wat van Hom afstraal — sy koms!

ŉ Kerk by wie hierdie geloofsvérgesig soos ŉ volmaakte skildery aan die mure van hart en lewe hang, is ŉ kerk wat opbruis van aksie en daadvermoë nie alleen nie, maar is bowenal Pinksterkerk.

Pinkster wil die tyd kort maak tussen Pinkster en die wederkoms van Christus. Die uitgestorte Gees van God se werk is om hemelvaart te laat volg deur die finale koms van Christus. Sy inwoning in die kerk werk uit die deurlugtige dag van Christus. En die werk van die Gees word sigbaar in die aksie van die kerk, die ware kerk van Christus.

En soos daar by Kersfees ŉ kernpunt is waarvandaan ons aandag nie weggetrek mag word deur die singende herders of engele nie, nl. die vleeswording van die Seun van God; en soos daar by Paasfees ŉ alles oorheersende feit staan waarvandaan ons aandag nie weggetrek mag word deur die lamgeslaande soldate of die verbaasde dissipels nie, nl. oorwinning oor dood en graf, só — só is daar by Pinksterfees ŉ sentrale verkondiging wat alle aandag baie skerp laat konsentreer: Pinksterfees is die fees van die gedaanteverwisseling, wat bring tot by ŉ onstuitbare aksie, ŉ aksie wat met luide stem roep én laat doen: Kom, Here Jesus, kom gou! En dan is dit nodig dat ons eers moet let op die kerk voor die koms van die Heilige Gees

en daarna op die kerk na die koms van die Heilige Gees.

Op die Pinksterdag is die gemeente, die kerk van Christus, bymekaar. Lukas sê: Almal is eendragtig bymekaar. Wat is mooier as dit.

Die jong kerk ontroer ons én maak ons jaloers.

Kyk — hier is hulle almal. Almal! Die kerk van Christus, almal! Nie net die bekende en weer volledige twaalf nie maar alle dissipels en dissipelinne!

Vermoedelik bymekaar in een van die galerye van die tempel. En nou kan mens maar die grote Jerusalem en die hele wêreld deursoek, en nêrens sal jy ′n tweede gemeente of kerk ontdek nie. Kyk bietjie daarna as gelowige van ons tyd! Ons is hier daar só gewoond aan — hier ′n paar dissipels van Christus bymekaar en ′n paar strate of myle verder nog ′n groepie en daar verder aan nog ′n paar. En die een wil van die ander niks weet nie.

Hier in Jerusalem is dit egter soos dit moes wees: almal eendragtig saam! Dit is iets om oor jaloers te wees. Maar behalwe dit: indrukwekkend is ook dié gemeente se gehoorsaamheid! Hulle het op die Olyfberg gehoor én geluister.

Hy het gesê hulle moet bly wag op die belofte van die Vader. En dit doen hulle — almal!

Sou daar vandag ′n gemeente gevind word so volmaak één in die gehoorsaamheid aan Christus!

Die een dag — ook die een nag na die ander gaan verby, maar elke dag dieselfde gehoorsaamheid! Hier lê niemand by die huis nie. Hier het niemand ′n verskoning nie. En hulle dae en nagte — waarmee maak hulle dit vol?

Die antwoord duidelik — onomwonde: die gebed!

Ook dit is treffend en maak skaam! Bring in ons tyd ′n honderd of wat Christene bymekaar! Diskussies, redenasies, ligsinnige praatjies! Maar saam bid en dank — dit ken ons nie meer nie! En as ons alles só saamvat: die eenheid, gehoorsaamheid, gebedsvolharding, dan sê ons: ′n Prageksemplaar van ′n gemeente! ′n Gemeente om jaloers op te wees! Ideale kerk.

Tog moet ons versigtig wees. Dit maak nie ŉ ideale kerk nie. En dit was die Gereformeerde Kerk ook nogal. ŉ Eensgesinde, gehoorsame, gebedsvolhardende kerk.

Maar dit maak geen ideale kerk nie. Weet u waaraan laat die dissipels mens dink — ons kan amper sê ook die Gereformeerde Kerk? Aan ŉ klomp mense in ŉ bomskuiling — aan ŉ klomp opmekaargejaagde skape in ŉ hoek. Vreesbevange — paniekerig. Dan maak niemand rusie nie. Daarbuite woed die stryd, maar hulle kruip weg in die skuilkelder. Dit is presies die situasie van die Jerusalemse kerk. Die broeders en susters sit bymekaar en bid en is eendragtig saam en wag op ŉ bevel van Christus. Pragtig — indrukwekkend!

En tog — ook armsalig! Weet u, buite was dit vir die Jode Pinkster. Vandag word die eerste brode, gemaal en gebak uit die eerstelinge van die oes, aan die Here aangebied. Die groot Joodse dankdag vir die oes! Honderde, duisende Jode in Jerusalem. Van binne — amper so donker soos ons naturelle van buite én binne! Van ver en naby. Uit binne- en buiteland. Saamdromming oral in die tempelomgewing.

Pragtige geleentheid vir Christus se dissipels. Julle daar op die galery, dissipels — praat, praat, met die donkerhartige menigte. Kyk hoe wit is die oes! Praat van Christus, julle Verlosser. Maar hulle sit waar hulle sit. Nie één wat die geleentheid aangryp nie. Tog moet ons hulle dit nie ernstig verwyt nie. Óns is wel te verwyte. Hulle kon nie anders nie. Onmagtig soos ongewapende burgers onder ŉ bombardement. Kyk hulle bietjie deur! Daar sit Simon Petrus, die breedborstige! Daar — Thomas, die twyfelaar! En daar — Jakobus, die swaarmoedige. Elk met sy eie swakheid! Swakkelinge in dié gevaarlike omgewing waar hulle Meester ŉ paar weke gelede vermoor is. Hulle sit maar bymekaar en swyg. Tog was hulle daar diep ernstig oortuig van die feit dat hulle nie één woord in die wêreld kon sê sonder die krag van die Heilige Gees nie! Die oortuiging is nie altyd by ons nie! Ons kan baie doen en ontsettend baie besig wees, en tog kan alles, alles waardeloos wees as ons eie krag daarin is en nie die krag van die Heilige Gees nie. En dit weet die dissipels — so lank as wat die Gees nog nie daar is nie, swyg hulle liewer!

Maar hierdie swygende, aksielose kerk staan nie alleen en sonder verband nie. Hulle is die laaste uitloper van die ou bedeling. En in

die ou bedeling was die getuienis van die kerk byna altyd karig en swygsaam. Nie dat dit geheel en al ontbreek het nie. Want in ′n Siriese paleis getuig ′n klein Joodse slavinnetjie van die God van Israel teenoor ′n hele heidense paleishuishouding.

Daniël in die hof van Babel!

Maar dit was uitsonderinge. As geheel was die kerk van Israel ′n swygende kerk. Só het die dissipels in die tempel-galery ′n woord vir die wêreld — en voor en om hulle heen beweeg die mense wat die Woord moet hoor. Maar hulle swyg. Hulle wag op die Gees. Hulle is soos 'n kerkorrel! Klaar gebou — ingebou op die galery — al die pype in ′n ry — die registers in orde. Maar dit gee geen geluid nie. Die motor wat die wind deur die spreekpype moet stuur, ontbreek. En só wag hulle vir die klankgewende en kraggewende kragsentrale van hulle lewe. Hulle wag, bid, swyg — maar daar is spanning. Die spanning van die gedurige gebid! Kom tog, o Gees van God. Dan gebeur dit!

Dan kom Hy!

Geluid soos ′n geweldige rukwind! Tonge soos van vuur. Alle gebede hou op. Almal besef: Die belofte is vervul. Christus het woord gehou. Eers is die teken hoorbaar; dan volg die werklikheid wat die teken aandui, onmiddellik. En hulle is almal vervul, vervul met die Heilige Gees. Soos ′n windvlaag ′n huis binneswiep en elke hoek deurwaai, só val God se Gees onverwags die harte van die dissipels binne. Én vervul hulle! Die nadruk op *vervul.*

Moenie dink dat die Gees vóór die tyd nie daar was nie! Selfs die eerste Bybelbladsye praat van Hom. Maar die Ou Testament sê ook dat die Heilige Gees Hom nie leen vir die sonde nie — sodra ′n mens sondig, wyk die Gees van hom! ′n Tydlank lyk dit of die Gees Hom terugtrek van die volkere-wêreld, maar Hy bly werksaam in Israel. In almal wat God soek! Die Psalms is daarvan vol. Maar daar is in die Psalms ook besorgdheid dat die Gees weer sal weggaan. En wat kon hulle wat deur God geroepe was, nie alles doen nie — doen deur Sy Gees! En tog wys hierdie figure ons juis die gebrekkige van die ou bedeling.

Simson — geen mens so sterk soos Hy as God se Gees hom

beheers nie. Maar ook: geen man so swak as die Gees van God van hom gewyk het nie! So kom en gaan die Gees daar!

En so wag die hele Ou Testament op Christus! En dan kom Hy! En Hy gaan die land deur en versamel 'n klein gemeente van dissipels om Hom! Met Paasfees bring sy dood versoening. Hy staan op en kondig die versoening van die sonde aan. Nou is daar 'n kring. Kyk na hulle — sondaars maar geregverdig — 'n kring waarin die Heilige Gees Hom kan gaan vestig. Dan wórd dit ook Pinkster!

En hulle is almal vervul met die Heilige Gees. Almal — die manne én vroue. Almal — die grotes en kleintjies! Almal vervul, tot die rand toe volgemaak — met die Heilige Gees. Die kerk van Christus ondergaan sy groot gedaanteverwisseling. Niemand kan sê wat die dissipels op dié oomblik ervaar het nie. Ons probeer maar sê en sê: 'n onuitspreeklike vreugde het hulle deurstroom én sekerheid — heilsekerheid.

Die Gees van God betrek hulle en dra Christus en al sy skatte hulle harte binne. Eerste brode God aangebied uit die oes van Christus se arbeid.

Dit word nuwe Pinksterfees!

Die nuwe oesfees!

In die drie jaar wat verby is, soveel onsekerheid, soveel ongeloof! Nou word dit anders! Hulle weet: Wat Christus gedoen het, was vir hulle.

Vergewing van sonde én vrede met God én die ewige lewe.

Blydskap — oorstromende blydskap! Ware sekerheid!

Hulle is almal vervul met die Heilige Gees. En nou kan ons nie sommer sê: Dit moet geweldig gewees het en dan maar hinkendepinkende voortgaan nie. Dit is beslis waar: Pinkster was lank gelede en dit was iets wat eenmaal gebeur het en hom nie weer herhaal nie! Pinkster kan hom nie herhaal nie, omdat die Heilige Gees gekom het om altyd te bly. Hy leef van toe af in die gemeentes en in almal wat glo. Dit beteken: die sekerheid en die blydskap aangaande Christus kan ook óns deel wees!

Sonder die Heilige Gees staan ons vreemd teenoor alles van Christus.

Teenoor krip én kruis én sterwe én opstanding én hemelvaart. Maar waar die Gees in menseharte woon, daar ruis die blye lied van sekerheid: Ek behoort aan Christus!

Ek behoort aan Christus!

Is dit werklikheid by ons?

Uit dié geloofsekerheid groei soos uit vrugbare teelaarde die intense verlange na die koms van Christus, na sy volmaakte koningskap. En daarom groei daar uit dieselfde vrugbare akker die daadkrag en ywer om die burgertal van die koninkryk van Christus vol te maak. Ek behoort by Christus — ek is burger uit genade, en dit word 'n soeke uit geloofsbesieling na hulle wat op die uitverkiesingslyste van God staan en nog nie bygebring is nie.

Maar ons maak so dikwels 'n ander fout.

Trae, trae geloofsgang; en waar daar effense gang is, die tragiese hoop: Ek hoop maar vir die beste. Maar omdat die blydskap en die geloofsekerheid ontbreek — ook die noodwendige vrugte daarvan.

Ja, die geloof het wel sy tye van hoog- en laagwater, vloed en eb. Maar die laagwatertye het meestal verband met die sonde in ons lewe — ook die sonde van laat Gods water maar oor Gods akker loop. Ontrou, verlating van die eerste liefde, die toegehoue Bybel, biddeloosheid of halfhartige bidde — swak kerkbesoek, halfhartige meelewe met die gemeente. Ons staan die Gees se deurwerking op so baie maniere teë. En hierdie halfhartigheid is nooit grond vir besieling na buite toe nie. Aan God se Woord maak die Gees sy werk vas — ons moet self die bediening van die Woord van God soek. Ons moet teer en innig en opreg lewe voor God.

Dan werk die Gees met altyd meerwordende daadkragtigheid. Dan kom die Pinkstervreugde. Dan kom die lied: Ek is verlos — aan my het die Here goed gedoen.

En kyk — ek word 'n wandelende preek, 'n lewende evangelieverkondiging, en die donkerte onder die heidendom wyk voor die evangelieverkondiging wat uit my ganse lewe straal.

En ek trek met sterkgemaakte hande die wolkewa van Christus nader, nader.

Maar by Pinkster was nog 'n tweede teken: tonge soos van vuur. Dit versprei oor die hoofde van die teenwoordiges. En dié teken beteken 'n werklikheid. Hulle begin praat!

Húlle — hulle wat netnou nie kon nie!

In dieselfde lewensgevaarlike omgewing Onder die donkerharige Jode! Die meeste aktiwiteit wat die Heilige Gees bring, is dat hulle praat.

Die swyende orrelpype lewer klank. En help dit? Die melodie van die evangelie bewe Jerusalem binne!

Dié paar tussen die duisende! Hulle kruip die bomskuilplek van die tempel uit. Help dit!

Vra u dit nog?

Dié aand is die oes getel — drieduisend siele toegebring. Só bring die Heilige Gees die wêreld aan die voete van Jesus Christus. Maar in sy veldtog skakel Hy mense in. Hulle moet die wêreld in met die wapen van God se Woord. Sprekende, doende, verkondigende Christene.

Is óns dit? Ja, ek weet — daar is verskil in Geestesgawes — nie elkeen is geskik vir sendeling nie maar die Heilige Gees is altyd gekoppel aan die getuienis, die spreke vir en van Jesus Christus. Miskien is u arbeidsveld uiters beperk. Dalk net die paar arbeiders in u huis. Maar dit moet tog gebeur dat die Heilige Gees deur my getuienis heen sy oorwinninge kan aanteken. Hoeveel staan op ons kerfstok? Hoeveel het deur ons swakke toedoen bygekom?

Armsalige armoede wat ons veroweringe openbaar. Hoekom so armoedig? Dit kan tog nie as rede hê dat ons geen Pinksterkerk meer is en die inwoning van die Heilige Gees moet mis nie. Ons glo tog die Gees van God lewe en werk in sy kerk.

Maar wat doen ek persoonlik? In my amp as gelowige?

Ja, ons Kerk doen nogal wat. Ons Kerk in sy ampte en organisasie skyn deel te hê aan die gedaanteverwisseling — aan heilige aktivering tot uitbreiding van God se koninkryk.

Daar word sending gedoen. Die kerk spreek.

Maar spreek u en ek? Is ons vervul, vervul, so vervul dat dit

oorloop! Of toon ons weer al die tekens van die óú bedeling — swygende, en as dit maar al was — ook jaloerse gelowiges. Net óns moet dit wees. Net ons sit die tempel se galerye vol — die kerke se banke blink! Ons sit veilig op die wal en kyk meewaardig die donker, donker rivierstroom wat by ons voete verbybruis, agterna. Arme drommels. Maar ék is veilig!

Maar wat is die donker stroom rondom ons anders as die wit, wit ryp oes. Kyk hoe steek hulle die bleek-swart hande uit die stroom omhoog: Kom oor en help ons!

Het God ons tevergeefs geplaas aan die voorpunt van die oopgaande donker breedtes van Afrika — hier geplaas met die rykdom van die verlossingsevangelie soos ŉ vrugdraende boom in ons midde. En ons is Pinksterkerk met die Gees van God inwonende in ons. Die Gees wat alle dinge moet dwing na die einde toe. U wil Christus op die wolke tog so gou moontlik sien. Dis tog u en my verlange.

Die einde wat kom ook langs die weg van die vermeerdering van die kerk van Christus. Die volmaak van die getal.

En soos vir geen ander deel van die Christendom nie lê die sendingvelde voor ons deur — dring hulle aan ons op.

Hoeveel uitverkorenes skuil onder die donker massas van Afrika! Hulle moet bykom, voor Christus kom!

Swart bekeerlinge wat bykom, is saam met die geboorte van verbondskinders die minute op God se groot horlosie wat voorttik na die einde toe! En die middel tot hierdie bekering, die instrument in die hand van die Heilige Gees is die Woord van God, die evangelie van Christus. So word die evangelie die middel om die getal van die uitverkorenes vol te maak. En as die bruid van Christus, deur die sending heen, die getik-tak van God se horlosie hoor, dan gaan haar hart van vreugde aan die klop. Die kringloop van die evangelie word altyd wyer. Al meer volke — totdat alle, alle volke dit gehoor het. En juis daarom wag daar soveel werk! U en ek het baie werk. In Asië is daar hoogstens 5-miljoen Christene uit ŉ totaal van 1300-miljoen. In Afrika — ons Afrika — 3-miljoen Christene uit ŉ totaal van 200-miljoen. Groot, groot happe uit Sjina en Indië lê nog onverteerd.

En tog lê daar in ons tyd groot moontlikhede vir die vinnige verbreiding van die evangelie. Ons lewe in 'n dinamiese, beweeglike tyd. Afgeleë, afgesonderde terreine is daar bykans nie meer nie. In alle tale klink die stemme oor die eter.

En al hierdie dinamiese dinge in diens gestel van die koninkryk van God, maak dit moontlik — as die besieling van die geloofsekerheid deur die Heilige Gees ons deel is — dat daar in een jaar kan gebeur waarvoor vroeër baie jare nodig was.

Ons leef in 'n tyd met ontsaglike moontlikhede ook vir die sending — die nog aangename tyd dat ons kan verkondig en mag vertel. Want gesien die onstuimige vaart van alle dinge is dit moontlik dat sending spoediger aan die einde van sy taak sal kom as wat baie vermoed. En as ons sê aan die einde van sy taak, dan lê daarin opgesluit dat die prediking en verkondiging van die evangelie nie sal duur tot by die dag van Christus se wederkoms nie. Tydens die skrikbewind van die Antichris sal daar van 'n sendingaksie moontlik geen sprake wees nie. Die kerk sal hokgeslaan wees in die grotte en gate en onherbergsame veld! Hulle sal kwalik kan bestaan — wat sê nog vermeerder. Die kerk sal daar wees tot die einde, die voleinding van die eeue, maar min sal oorbly van organisasie, samekomste, huisbesoek, sending, evangelisasie. Dan sal die Satan deur die Antichris as middel doen wat hy graag aan die begin van die Nuwe Testament wou doen — die heidendom loslaat op die Christendom. En sou u sê dit bly nog uit, dit is nog baie ver! Sien u nie ook die geweldige opkoms van die heidense magte nie!

Kolonel Nasser op besoek in Rusland! Die sterk politieke blok in die Midde-Ooste. Die sterke rooi insypeling onder die swartes in Afrika. Die Rooi draak sluip vanuit die noorde die donker massas binne! Hier vanaf die suide moes vanuit die boesem van óns wat Pinksterchristene is, stutwalle opgegooi gewees het — ons moes die swart massas vir Christus verower! Christusregiment op Christusregiment moes buitegeboue, lokasies, trustgebiede, naturellestate binnemarsjeer onder die vaandel van Christus. Óns moes die vlag van Christus vanuit die suide dra en plant op noorderstrande. En — o God — *hulle* storm op óns af! Dit word 'n benouenis!

Maar dit geld nog! Teen dié Rooi rewolusie, die donker, nuwe draak van Afrika — die evangelie van Christus. Die smeulende vuur

van die vleesgeworde duiwel het nog nie uitgeslaan in volle vlamme nie. Nou is daar nog tyd vir die Bruid, die Gees inwonende kerk, om die galery af te stap en die strate van Afrika in te loop. Nou is daar nog tyd vir die bruid om met bruidsverlange en besieling haar getalle aan te vul. Nou is dit nog sendingtyd. Nie net die kerk nie — maar elkeen. Die regering nie genoeg nie — elke gelowige.

Tog snaaks — ons wek u op, ons verkondig dit, ons besiel mekaar: die getal van die uitverkorenes moet vol!

Maar hoe voller die getal, hoe hagliker sal ons posisie word. Ons skynbare ondergang — daarvoor doen ons sending. En tog — in ons skynbare ondergang sal ons lewe.

As die kerk gedaan lyk, totaal ontdaan van krag en sterkte en wapenloos soos weerlose skape op 'n klomp gedrywe, wetende: nie meer ons nie maar God en Christus en die Heilige Gees — dan is die verlossing byderhand. Daar is Christus met sy ontelbare leërskare.

Ag, broeder en suster, as sending maar meer is as 'n woord by ons. Ja — ons wil dit maar sê — as ons maar die geboortes van moontlike uitverkorenes wat ons agterweë hou, aanvul met 'n besielende en brandende ywer en vuur om heidene en volke die evangelie te laat hoor — ons geboortelose tyd én kerk sou dan desnoods te verskone wees. Maar by ons is dit veels te veel geen geboortes, geen sending, geen evangelisasie. Met geeslose hande wat bleek en wit uitsteek uit swart kerkklere, hou ons die koms van Christus teë. Ons mond bely: Kom, Here Jesus, kom gou — ons hart bons teësinnig teë: Nie nou al nie — nie nou al nie! o Bruidegom!

Broeders en susters, ons moet seker maak dat ons Pinkstergelowiges is. Pinkstergelowige is oesgelowige! Hy haal die oes in met juigende hande vir die lande-eienaar Jesus Christus. Here van die Here! Moet ons ons Kerk deurkyk en konstateer: Ou-Testamentiese gelowiges, swygsaam in hulle geesloosheid. Is ons 'n swygende Nuwe-Testamentiese kerk, wat tewens onmoontlik is, of is ons 'n Pinksterkerk, met Pinksterlidmate wat elkeen 'n goeie, 'n voorste, goeie frontsoldaat van God en Jesus Christus is.

Fabriek, kantoor, het sportterrein, de straat,
Zijn 't slagveld, waar de zware buien waaien,
En wie daar moedig durft het vaandel zwaaien,
En het verdedigen, is Gods frontsoldaat!

Die wit oeslande lê voor ons! Ons moet hierdie akker van God — Afrika — binneval, met die sekel onder die kantelende koringhalms in. Deur die oesarbeid heen Christus tegemoet!

Met oestende hande trek ons die wolkewa van Christus nader — ek kan dit amper nie glo nie.

Kom, Here Jesus, kom gou!

Amen.

# EK SKAAM MY NIE VIR DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS NIE.

**LEES:** ROM. 1:1-17.

**SING:** PS. 86:5; 119:36; 107:1, 21; 33:11.

**TEKS:** ROM. 1:16.

Ons leef in ʼn tyd, broeders en susters, waar skaamte al meer en meer uit die mode raak.

Die natuurlike skaamte het iets van die verlede geword, omdat dié dinge geleidelik weggebreek word wat God daar gestel het om die skaamte op te wek — met name die publieke opinie, die Christelike opvoeding, die Woord van God.

Ek toets myself en my optrede nie meer aan die suiwere Woord van die Here nie; my Christelike opvoeding en agtergrond spreek nie meer tot my nie. Die publieke opinie wat die bloed na my wange gestoot het, is net nie meer daar nie.

Die natuurlike skaamte raak weg. En nou kom Paulus werklikwaar en konstateer aan ons: Ek skaam my nie. Paulus is dus óf baie modern óf daar is tog sake waarvoor hy hom nie mag skaam nie. Of kan skaam nie. By Paulus is hierdie laaste die geval. Gelukkig is daar terreine waar die gelowige dus nie skaam mag wees nie, waar hy nie skaam moet wees nie. Paulus het hom soveel keer voorberei en reggemaak om na die groot wêreldstad af te reis en daar die evangelie te gaan verkondig. Hy bly in die eerste plek verkondiger van die evangelie aan die heidene. Rome — dit sou dan ook later die sentrale stad word vanwaar die evangelie in altyd wyer kringe sou uitdein oor die hele wêreld. En ons hoor dat Paulus op baie plekke die gemeentes van Christus stig en bearbei.

Maar die voorreg om in Rome te kom en die breë strate wild en wakker te preek met die evangelie, om daar ʼn gemeente te stig — dit word aan Paulus onthou: die voorreg is nie syne nie.

Die weë van die Here is tog wonderlik — Rome, die heidense middelpunt, die heidense kragpunt, word nie verower deur Paulus, die kragfiguur onder die apostels vir die heidene nie. Dit sou ons

verwag. Miskien om dieselfde rede waarom die kinders van Israel nie geweet het waar die graf van Moses was nie, weet ons ook nie wie die stigter van die kerk in Rome is nie, weet ons dat dit nié Paulus is nie.

Sou Paulus nie miskien vir ons soos Christus geword het as hy die gemeente van Rome gestig het nie? Maar nou — as ons maar hoor, dan is daar ŉ gemeente en dan skryf Paulus aan die gemeente. Maar hy wil graag gaan. En die feit dat hy nog nie daar was toe hulle sy brief ontvang het nie — dit moet hulle tog nie onder verkeerde indruk bring nie. Dit is nie uit vrees of skaamte dat hy nog nie in hierdie wêreldhoofstad verskyn het nie. Immers, hy hoef hom ook nie te skaam of te vrees vir wat hy het om te bring nie.

By die Romeinse gelowiges sou miskien dus die vraag kon ontstaan: Paulus kom nie terwyl hy tog gesê het dat hy sal kom — sou Paulus miskien daarteen opsien om die evangelie te verkondig in die stad van die Caesars? Sou hy heimlik bevrees wees om in hierdie brandpunt van kuns en wetenskap uit te kom vir die Gekruiste — bang om teenoor ander godsdienste wat hier in die stad geil groei, sy evangelie te stel? Bang om hier waar die keiser soos ŉ god aanbid en vereer word, van Iemand te kom vertel wat hoër staan as alle gode en die alleenreg het op goddelike eer?

Nee, waaragtig nie, sê Paulus! Ek skaam my nie vir die evangelie van Christus nie. Hy bly nie hieroor weg nie. Wat hom betref, hy sou kom en vóór elkeen en ieder sou hy die boodskap van verlossing uitsaai: Jesus Christus! Geen ander godsdiens, geen keiserverering, niks sou keer nie. Maar hy is wettig verhinder. Hy kon nie kom nie. God het dit nog nie die tyd geag nie. Dit is die rede. Nie dat hy skaam is nie!

En wat sou by hierdie apostel nou die dryfveer wees sodat hy geen skaamte vir die evangelie ken nie? Wat besiel hom so dat hy nie soos ons voor die wêreld uit skaamte van God en Christus praat as oubaas of voorsienigheid of die hemele? Wat het Paulus wat ons nie het nie, wat weet Paulus wat ons nie weet nie, dat hy so rondborstig hierdie misverstand uit die weg ruim met sy reguit woorde: Ek skaam my nie vir die evangelie van Jesus Christus nie?

Hier is die eerste rede: Die gedagte was dat hy bevrees en skaam sou wees om voor die grootstes van hierdie wêreld te kom met sy

verlossingsevangelie.

Maar luister. Hy is nie skaam nie: Paulus sien Romeinse heerser én Romeinse burger, Romeinse veldheer én Romeinse bedelaar, Romeinse vryman én Romeinse slaaf in een baie belangrike en vername opsig as gelykes — hy sien hulle soos wanneer al die titels en sosiale en militêre prestasies weggeval het, van hulle afgeruk is soos 'n kleed dat hulle in hul volle naaktheid staan. Paulus sien hulle en homself soos God alle mense sien sonder hulle poses en ampte en huigelary en voordoenery en medaljes en blink strydwaens. Die verligting van die Gees van God gee dat Paulus elke Romein sien soos hy is — sondaar voor God. Sondaar wat lewensbehoefte het en ellendig arm is al dink hulle hulle is ryk. Paulus sien hulle as drenkelinge van wie die water *tot hy* die mond gekom het — wat moet gered word. Die hoë trappies waar mense onder mekaar staan in Rome het voor sy oë verdwyn, en hy sien die groot Romeinse burgers in 'n patetiese ry staan, gekleed in die enkele en skamele kleed van die sonde. Gelykes — en elkeen van hierdie gelykes het één ding meer nodig as alle ander dinge — redding, verlossing, evangelie!

En Paulus weet nog meer. Hier red geen mens nie — die verknorsing wat die sonde bring, is so groot, so diep, so vreeslik dat niks hulle kan red nie, geen eie krag nie, geen posisiekrag nie — geen sterk en magtige leer nie. Niks red hier nie behalwe die krag van God. Die groot en sterk arm van God is nodig om hulle te vat en op en uit te lig en hulle te plaas in 'n posisie waarin hulle ongenaakbaar veilig is. En dit is die evangelie waarmee hy kom. Hy kom nie alleen nie — nie in sy eie krag nie —, maar die evangelie wat hy bring is 'n krag van God tot saligheid.

Sal ek my dus skaam as ek kom met krag wat elkeen en almal nodig het? Dit sou laf en verspot wees om skaam te wees. Daarom — ek skaam my nie vir die evangelie van Christus nie.

Paulus staan teenoor gelykes en nie teenoor meerderes nie. Teenoor meerderes is mens skaam, sku, teruggetrokke — dit is die natuurlike weg.

Paulus weet — hy, hierdie skamelgeklede, sandaalgeskoeide,

bruingebrande Christusverkondiger staan in presies dieselfde behoeftes as die ryk keiser met al sy prag en praal en heerserskap. Albei sondaars — albei kan hulle self nie red nie — albei het die krag van God nodig. Hy sal hom dus nie skaam nie — waaragtig nie skaam nie. Hy kom en sal kom en as hy gekom het — hy kom met die evangelie van Christus, en dit is die krag van God.

Kan u nou verstaan? Hy — en u en ek, as ons waaragtig in Christus glo — is die enigste brengers van die enigste en waaragtige verlossingsboodskap ter wêreld. Hier, op hierdie terrein is daar baie kwaksalwers wat salfies en smeergoedjies aanbeveel vir beterskap en redding — maar niemand behalwe die deur Christus verloste ken die geheim, nie van ŉ geneesmiddel nie — want die wêreld het meer as ŉ geneesmiddel nodig — maar van die krag wat redding bring.

Die evangelie van Christus.

Ons is dus in twee opsigte saam met Paulus uit genade heerlik bevoorreg. Ons ken óns kwaal én die kwaal van die wêreld, nl. sonde en sondaarskap. En meer nog — uit genade weet ons ook wat dit is wat red van hierdie dodelike kwaal — die evangelie van Christus, die krag van saligheid en redding.

In ŉ reddinglose wêreld, ŉ verpeste wêreld, staan Paulus en langs hom almal wat sy evangelie aangeneem het as bevoorregtes in hierdie wêreld. Ons ken die kwaal én die middel.

Sien *u* nou hoe verspot en hoe eenvoudig dit sou wees as ons ons sou skaam vir die evangelie van Christus?

Hoe tragies as Paulus hom in ŉ heidenwêreld sou skaam. Nee, nie om ons kop weg te trek nie — nie om skaam te wees nie is ons roeping, maar om hierdie reddingsmiddel te verkondig en te verbrei skaamteloos, onophoudelik. Dit moet weerklink uit ons binnekamers, uit ons huise en skole, in kantore en werkplekke voor die grotes van hierdie wêreld — ministers en administrateurs en wie ook al. Die evangelie van Christus is ŉ krag van God tot saligheid en redding. Dit wil Paulus ons leer en dit moet deur ons geleer word. Die verlorenheid van die mens is so vreeslik, so volkome dat niks anders kan red nie as net: Die ewige krag van God!

En, weet u, die wêreld wil dit nie weet nie — nie weet dat hulle so verlore is dat hulle self niks daaraan kan doen nie.

Tog is dit so — net die krag van God red.

Die evangelie van Christus. Dit is die krag van God.

Ag, broeders en susters, moenie skaam wees nie.

Uit genade is ook u en ek die houer, die besitter van die reddingsgeheim uit die tot niet gaan deur die sonde. Laat dit geen geheim meer wees kragtens my skaamheid nie maar ʼn openbare belydenis in my nederigheid, omdat ek weet: My krag was dit nie — die krag van God red, ook my, volgens sy ewige Raadsplan!

Ons het met gelykes te doen — elkeen van ons naaste is sondaar voor God.

Gaan u nog skaam wees, broeder en suster?

Maar daar is nog ʼn ander rede waarom Paulus hom nie skaam vir die evangelie nie. Paulus is koningsboodskapper! Sou die boodskapper van die koning hom skaam om die bevel van die koning in wie se diens hy staan, te proklameer in die koninkryk? Hierdie wêreld is die gebied van God dié Vader wat deur Christus herwin is — die koninkryk van Christus. Hy hoef dus nie te vrees of hom te skaam vir wat hy te bring het nie. Hy kom immers met ʼn koninklike proklamasie — meer nog: met ʼn koninklike krag: Bekeer julle, bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het tot hier gekom. En hierdie koningsproklamasie wat die herout bring, is ʼn krag van God wat ook werk, wat vreeslik, werkend aktief is. As hierdie woord, hierdie evangelie, die lippe van die herout verlaat, dan doen dit iets, dit werk: dit slaan dood of dit maak lewendig. Die woord is ʼn werkende krag. En dit is u en ek gemaak deur Christus uit genade: koninklike boodskappers. Ons het ʼn koninklike opdrag, ʼn koninklike woord — die evangeliewoord, wat ʼn krag is wat lewend maak of doodmaak! En sou ek my nou skaam — dan is dit ʼn kennelike bewys dat ek geen koningsbode is nie, ek staan nie in koningsdiens nie. Dan het ek ook geen deel aan die konings-onderdaan se voorregte nie. En sou ʼn koningsboodskapper wat op ʼn koningsending uitgaan, met ʼn koningsbevel — sou hy hom skaam? Maar ek is nie net bode nie — ek is ook krygsman. En my wapen is hierdie evangeliewoord — die krag van God.

Skaam die sterk krygsman hom wat met so 'n dodelike en akkurate wapen gewapen is? Sou mens dié wapen in 'n vyandige wêreld nie gebruik nie, dan word net een benaming my deel: lafaard! Meer nog: onwaardige dienskneg. Hy wat hom skaam vir die evangelie van Christus, is soos 'n krygsman in 'n situasie waar die dood dreig, waar die vyande met gevelde bajonette storm uit die vyandelike loopgrawe — en ek staan met die gevreesde wapen in die hand en gebruik dit nie. Sien u waarom skaam Paulus hom nie vir die evangelie van Christus nie? Heerlike skaamteloosheid!

Want dié evangelie is 'n krag van God tot saligheid vir elkeen wat glo. Vir elkeen wat glo!

Ons het in die begin aan u gesê: Ons leef in 'n skaamtelose wêreld. Dit is nie heeltemal waar nie. Ons moet eintlik sê: Die wêreld het vreemd omgeslaan. Ek skaam my vir die goeie, meer nog vir die evangelie, wat 'n krag is van God tot saligheid; maar die skaamte vir die slegte dinge is weg, skoon weg. Verwronge tyd, verwronge lewe.

Ons moet skaam wees vir amper alles in ons tyd behalwe vir die evangelie van Christus. Veral oor een saak moet ek so skaam wees dat ek my oë nie kan ophef nie — dat ek wil wegkruip voor God se oë, in die donkerte van my binnekamer. Ek moet voor God skaam wees vir my sonde. Geen valse skaamte nie, want God sien die harte, maar 'n skaamte wat myself klein en kleiner maak voor God se heilige aangesig. Word ek so skaam ter wille van my sonde — wonder bo wonder — kyk hoe anders word dit. Die genade dat God my sondeskande waarvoor ek so skaam is, in Christus nie wil toereken nie, dit neem die skaamte oor die evangelie van Christus weg. Ek kan nie anders nie as om die heerlike krag van God wat uit genade my deel geword het, te besing voor elkeen en 'n ieder — te besing veral met my dankbare dade.

Hy wat werklik skaam was oor sy sonde, kan nie skaam wees oor die evangelie van Christus nie. Maar hy wat skaam is oor die evangelie van Christus — vreeslik word dit aan die einde! Christus skaam Hom om dié een se naam te noem voor sy Vader in sy pleitrede. En die een wie se naam in Christus se pleitrede nie genoem word nie — wee hom, wee hom. Daar sal vir hom niemand wees om op terug te val nie. Behalwe op Satan, wat hom met sy skaamtelose lag die helse voordeur innooi.

Sal ons nog skaam wees — ons wat koningsboodskappers gemaak is uit genade?

Wie van ons is skaam oor sy rykdom, sy aardse besittings? Hier is ons besitting: die evangelie van Christus. ’n Heerlike rykdom, en die rente op hierdie belegging, hierdie rykdom is: die krag van God tot saligheid. Elkeen het die Christusproklamasie nodig. Elk en ’n ieder is sondaar en elk en ’n ieder het die krag van God nodig om gered te word. Ons mag nie skaam wees nie.

En dan hoor ons ook eendag die woorde van Christus:

Kom in — jy het jou oor my nie geskaam nie!

Amen.

# TEMPELMATERIAAL.

**LEES:** I KONINGS 6:1-7. I KOR. 3:9-17; OPENB. 21:9-27.

**SING:** PS. 122:1; 119:26; 73:11; 48:5.

**TEKS:** I KONINGS 6*:7.*

Die bou van die tempel van die Here was die werk van meer as een geslag! Die vrome Dawid het sy siel gekwel, te midde van al sy welvaart en voordeel en koninklike welsyn, oor ʼn woonplek vir die Here.

Sy eie huis was gebou van goeie sederhout, die kosbaarste hout tot vandag toe.

En te midde van sy koninklike gemaklikheid terwyl die stewige sederhoute en -balke bokant sy hoof blink, het Dawid hom gekwel oor die eenvoudige tentverblyf van die Here, die troue Verbondsgod, wat al hierdie goeie dinge hom laat toekom het!

Ek in ʼn sederhouthuis! En God in ʼn tentdoek! Die teëstelling tussen die grote God, wat hom van agter die veetroppe weggeroep het, en hom, die begenadigde, te groot! Te groot!

Vir die Here wil hy ʼn huis bou met beter materiaal as tentdoek, met beter materiaal as sederbalke!

Die woonplek van sy Here moet goudblinkend in die môreson staan op die hoogtes van Jerusalem op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet. Die beste materiaal vir die huis van die Here!

Goud en goue paneelwerk, en koperpilare en marmervloere!

Die beste wat Palestina vir bouwerk kan lewer!

Daar sal die Here woon, die ark van die Here vernag!

En in sy hoog opgevlamde bouywer laat hy Natan roep.

En Natan dink dit ook goed.

Maar vir Dawid was hierdie voorreg nie gegee nie! Skatte om dit te doen mag hy wel vergader, en hy doen dit!

Maar die wyse Salomo moet bou!

Hy is nie die man van oorloë en van bloed wat Dawid is nie! In sy regeringsdae is die geruis en gekletter van krygstuig nie gehoor nie. Daar was vrede en die beloofde koningskap van Salomo bevestig.

Stilte en vrede as die tempel van die Here op sy fondamente verrys!

En die laaste woorde van Dawid spreek van geloofsekerheid: Kyk nou, die Here het jou verkies om ʼn huis vir ʼn heiligdom te bou — wees sterk en voer dit uit.

En op die tweede dag van die tweede maand in die vierde jaar van sy regering het hy begin bou.

En vooraf was daar die breë organisasie om die boumateriaal byeen te bring. En in die kronieke het Salomo die tekening en die planne gevind!

Die Argitek was die Here self, en die planne van die tempel het hy geteken op die kaart van sy welbehae!

Salomo, die begenadigde kontrakteur en bouaannemer, nie deur tender nie maar deur Goddelike bevel!

En die materiaal — die goud en silwer en koper en yster — ons weet nie waarvandaan dit alles gekom het nie!

Deur die kollekte wat Dawid gehou het, ja!

Maar daar kom ook goud uit Ofir en goud uit Parwáim waarmee die houtwerk van die tempel oorgetrek is.

Uit die verste heidendom — goud vir die tempel! Goud en silwer uit die heidendom! Soos daar goud en silwer sal wees vir Christus later!

Miskien yster en koper ook!

En vir die mure en vir die balkwerk van die tempel — daarvoor is die hulp nodig van Hiram, koning van Tirus. Want het die kruine van die Libanon nie die beste seders en die hoogste sipresse nie: En kom uit sy ghwarries nie die beste graniet en sandsteen en marmer nie!

En die vrede tussen Hiram en Salomo groei uit tot ʼn handelsooreenkoms, en die een is so ywerig soos die ander om te help aan die

bouwerk van die tempel.

Wie het nog sulke boomkappers soos Hiram en wie kan die klipbeitels en die koubeitels so goed hanteer soos die Sidoniërs!

En duisende werkers val weg in die aanhoudende arbeidsdae op die kruinhoogtes van die Libanon!

Sewentigduisend draers en tagtigduisend klipkappers.

En vir baie maande het die berghange gelewe van duisende haastige werkers!

Die bylhoue teen die sederreuse het onophoudelik geklink en weerklink!

Die gekraak van eeue-oue sipresse wat neerstort! Die stemme van die drywers oor die dwangarbeiders, soos 'n valse refrein altyd tussendeur!

En in die ghwarries — die aanhoudende hamer- en beitel-geklank teen die klipwande, rotsstortings van gebreekte klip, kruitdamp en arbeidergeskreeu — een warboel van klanke en geraas en geskreeu asof daar geen orde is nie.

En aan die kante van die granietgate die sagter en versigtige kaphoue van die klipkunstenaars, waar hulle met winkelhaak en passer elke ruwe klip omskep tot pas- en voegbreedte en -lengte vir sy besondere plek in die tempelmuur!

Hier uit die gate en werkplekke gaan geen klip Jerusalem toe wat nie volmaak toeberei is en pas nie!

Fondamentsteen en hoeksteen. Lateistene en kosynklippies. Marmerplate vir die dak. Granietblokke vir die vloer. Daar in die ghwarries van die Sidoniërs klaar gekap!

Daar lawaai — oorverdowend en skynbaar een groot wanorde! Maar daar word tempelstene reggemaak! Daar word die seders en sipresse reggekap met dissel en beitel vir die dakwerk van die tempel! Elkeen op sy maat!

Sy breedte en lengte en dikte! In Jerusalem moet net die bouwerk gedoen word!

Daar in Jerusalem geen skaafwerk en koubeitelwerk en breek-

werk nie! Net bouwerk aan die tempel van die Here! Soos hier ook.

En daarom sê ons teksvers ook: En toe die huis gebou is, is dit opgetrek met klippe, kant en klaar uit die breekplek: hamers en koubeitels, enige ystergereedskap, is nie gehoor by die huis toe dit gebou is nie.

Op die berg Libanon — daar was geraas, en drywer-gevloek, kapklanke en meet- en paswerk. Daar is al die ruwe granietpunte weggekap met veel moeite en baie geraas. Daar is klip teen klip gemaal om die gepolyste oppervlakte te bekom!

Hier op die berg Moria, waar die tempelfondamente gelê word, hier is net die stil bouwerk, met klippe en balke wat pas!

Hier kry die klaargehoue granietstene hulle plek in die mure van die tempel van God!

Fondamentklippe wat niemand sien nie maar sy werk verrig, hoekstene, sigbaar en onmisbaar, wat elkeen sien! Sirkelvormige lateiklippe wat die mure bokant die swaar deure dra! ŉ Eervolle plek! En bo die marmerdak — stukke wat niemand sien nie!

En aan die binnekant van die tempel die steenwerk met houtpanele beklee, waarop beeldhouwerk met die mes deur die kunstenaar uitgesny is — afbeeldinge van gerubs, palmbome, kolokwinte en ontluikende blomkelke!

En hierdie houtsneewerk — onmisbaar — en toegedek met dun uitgeslane goud sodat die hele binnemure van die tempel met goud geblink het!

Die plafon van goed bewerkte sederhout!

Die vloer van kosbare sipressehout! Daarna met fyn goud oorgetrek!

Dubbele deure van olienhout by elke ingang wat op eie skarniere draai, met dik gebeeldhoude paneelwerk van palmbome en engele en blomme!

En voor die swaar koperpilare — Boas en Jagin!

Alles, elk vir sy plek daarbuite reggemaak!

Stilte by die bou van die tempel soos daar in die koninkryk van Salomo stilte was by die oprigting van hierdie heilige bouwerk!

So word die tempel gebou — eenvoudig, vierkantig, amper 'n kubus — 'n ruim en vaste woning van die Here, 'n stewige gebou om die draagbare tente te vervang!

Hier woon God onder sy volk in die allerheiligste.

En nou in die Nuwe Testament word op nog twee plekke gepraat van bouwerke waar God die Argitek en Boubeplanner is.

Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? vra Paulus vir die Korinthiërs!

Daar 'n tempel met granietstene en marmerblokke en sederblokke!

Hier 'n bouwerk waar die stene mense is!

Hier 'n bouwerk waar die sederbalke geheiligdes is in Jesus Christus!

Hier is 'n heilige woonplek vir die Gees van God wat deur Christus verdien is, wat uitgroei tot 'n tempel van God!

En hierdie tempel van God is Christus!

Elke gelowige lid van die liggaam van Christus!

En in hierdie Bouwerk, hierdie tempel Christus pas geen ongekapte klippe nie, geen ongeskaafde en ongepoleerde balke en marmer nie!

Hier pas geen boumateriaal wat nie onder die beitels en hamer en ystergereedskap van God se genade deurgegaan het nie. Hier word geen stene ingemessel wat nie blinkend en heilig gepoleer is deur die verdienste van Jesus Christus nie.

Hoe sal die Gees van God 'n woning betrek waar die stene nie pas en die fondament nie stewig is nie?

En in hierdie bouwerk was Jesus Christus die kunstenaar! En elke bousteen is met sy heilige en genadige kunstenaarshande omgeskep van 'n ruwe, verwronge, gekoekte, uitgebreekte ghwarrie-klip tot 'n volmaak gemaakte reggekapte bousteen.

Voor God tree Hy in om as vrywillige dienskneg en in dienskneggestalte in die ghwarriegate van die sonde die klippe weg te breek van die rotswande van die dood en om te skep met sy soenverdienste tot boumateriaal — waardig om ingemessel te word in die heilige tempel van God!

En dit is ons — dooie rotswande in die klipgroewe van die dood!

Uit die rotswande kom geen klip vanself los nie! Hier baat geen eie krag nie!

Hier breek net die verkiesende genade van God in Christus die klippe weg! En die gebreekte klippe word alleen, uitsluitlik alleen omgeskep tot hoekstene, fondamentstene, lateistene deur die liefde wat daar in Jesus Christus is!

En vir hierdie gebou word u en ek nie alleen reggekap nie, maar ons word vir ’n besondere plek reggekap — diepliggende fondamentsteen, sigbare muurstene of kosbare sederhoutpaneelwerk of die oortreksel van fyn goud. Maar elkeen onmisbaar en elkeen met ewe veel genade beklee, klip of hout of goud of silwer of yster!

Die vernaamste en heerlikste en onweerlegbare feit is net: om bouwerk te mag wees van die tempel van God!

En tot bouwerk verkies en omgeskep deur die liefde wat daar in Jesus Christus is!

En as lewende boustene van die liggaam van Christus mag u môre aansit aan die tafel van die Here in hierdie gebou wat u gebou het — ook simbool van die liggaam van Christus. U en ek wat uit die rotswande van die dood weggebreek is en omgeskep is deur sy genade tot lewende stene!

En daar is nog ’n derde bouwerk waar God die Almagtige die Argitek en Bouer is.

Die hemelse Jerusalem!

Die heilige Jerusalem wat uit die hemel van God neerdaal!

En waar sal ons die heerlikheid vind om hierdie stad te beskrywe in sy glans en blinkende heerlikheid! ’n Heerlikheid wat skitter en weerkaats by die verligtende lig van die majesteit van God!

En hierdie stad is die bruid, die bruid van die Lam.

Dit is die liggaam van Christus in sy volle heerlike ontplooiing.

Twaalf poorte en twaalf fondamente! Die twaalf stamme en die twaalf apostels! En in die mure van jaspis wat duisend-vyfhonderd myl ver strek, daar was die name op geskrywe van elkeen wat in Christus gered is, elkeen wat deur sy genade lewe tot in ewigheid!

Dit is die heiligste en heerlikste van alle bouwerke! Die mure van jaspis! Stene van jaspis waarmee die muur gebou is! En wat jaspis is in hierdie geheiligde stad, was op die aarde ruwe rotse in die steengroewe, ongehoue en dooie graniet wat geen vorm het nie!

Maar vir die jaspismure van die Hemelse Jerusalem is die rotse gebreek in die ghwarries van die tyd van die sonde van hierdie eeu en van hierdie wêreld!

En hier te midde van die sondelawaai en die ruisende rumoer van die skepping word die boustene vir die hemelse gebou reggekap!

En die beitels van God en die hamerhoue van die Vader is nie alleen my vader en my moeder en my broers en my naaste nie; nie alleen die vloekende wêreldling wat my pad kruis nie; nie alleen my gewete nie maar ook die beproewing, die siekte, die armoede, die rykdom, die pyn en geestelike benouenis!

Alles instrumente wat die ruwe graniet omhamer en ombeitel en omskuur te midde van die geraas in die ghwarriegate, tot stene wat moet inpas in die plan van die Hemelse Jerusalem!

En daar by die bouwerk van God is daar stilte!

Hier die geraas van die kaphoue en die breekslae en die skaaf klanke!

Daar die hemelse geheiligde stilte waar God die Groot Bouheer is!

Hier elkeen en almal of hy wil of nie of onbewuste klipkapper en kunstenaar om God se boustene reg te maak. Te midde van baie geraas. Ook hy wat nie in God glo nie!

En watter kapwerk is nie pynigend nie!

En hier hou die kapwerk nie op voordat die steen volmaak toeberei is nie!

Hier hou die kapwerk nie op voordat die steen pas in die mure van hierdie Jerusalem nie!

En na meer of minder jare is die muursteen reg — sestig, sewentig of tagtig jaar. Maar ook vyf of sestien of twintig jaar!

Dan is die vorm reg! Net maar die vorm! Deur die genade van God!

Die kwaliteit van die steen nog nie verander nie!

En dan roep God!

Dan word ons ingedra en ingebou in die heerlike muur!

En nou is dit jaspis. Blinkende jaspis! Van vormlose ruwe graniet tot gevormde stene! Van gevormde graniet tot blinkende jaspisstene! ŉ Omskepping deur die genade en verdienste van Christus!

Deur sy verdienste en sterwe word my lyde en pyn en worsteling beproewing tot heiligmaking!

Die beitelhoue nou nie om te vernietig nie! Die beitelhoue om te red!

Deur sy opstanding en hemelvaart word in my heiligmaking, heerlikheid!

Onwaardige graniet word skitterende jaspis!

Ek was dood in die rotswande van die sonde, en kyk, ek word ingemessel in die jaspismure van die heilige Jerusalem! Die bruid van die Lam!

En voel ek nou die kaphoue en beitelhoue van my sonde?

Voel ek hoe dit brand tot in die diepste van my wese?

Kom dan so môre na die tafel van die Here en glo en weet dat u genade gevind het in die oë van die Here!

Kom en weet dat u boustene gemaak word vir die hemelse Jerusalem!

Kom en terwyl u kom, dank en loof God wat u in sy genade wil omskep tot jaspismure van hierdie heilige stad.

Amen.

# JESUS CHRISTUS TEENOOR TWEE SOORTE MENSE.

(Lydenspreek).

**LEES:** LUKAS 23:33-49.

**SING:** Ps. 9:1, 2; 119:22; 89:7; 20:1, 3, 4.

**TEKS:** LUKAS 23:39-45.

As mens met sterk hande ons groot wêreld kon saamvat tot die grootte van 'n heuwel — dan was dié heuwel Golgotha!

In twee van die persone wat daar hang, is die hele wêreld afgebeeld.

In die uitgangspunt of wese is daar nie verskil tussen die twee nie. Altwee moordenaars soos alle mense ook is!

Want hoe leer die Kategismus: Deur doodslag te verbied leer God ons dat Hy die wortel van die doodslag soos nyd, haat, toorn en wraakgierigheid haat en dit alles vir doodslag hou.

Volgens hierdie formule is alle mense in alle waarheid moordenaars!

En volgens hierdie formule word ons, fatsoenlike kerkmense, uit die regsaal gehaal en in die beskuldigingsbank gesit!

As ons van die daad, die moorddaad bewaar is, dan is dit nie as gevolg van ons goeie aard, ons edele karakter nie!

Nee, veel meer kan ons saam met Calvyn sê: Afgesien van God se genade weet ek van geen enkele rede waarom sommige mense galg toe gaan en ek nie! So is dit!

As ons daarvan bewaar is dat die sondesaad groei en vrugte dra, dan is dit God se genade!

Maar die wortel, die saad van moord en doodslag lê in ons hart! En daarom: Wat hom op Golgotha afspeel tussen Jesus Christus en die twee moordenaars, herhaal hom elke dag!

Aan die beginpunt is ons almal gelyk — almal moordenaars, maar in die eindpunt is daar 'n afstand soos tussen hel en hemel!

Daar is maar twee weë!

Niemand kan sê: Ek bly neutraal nie.

Daar is nie ŉ derde kruis rondom die kruis van Christus geplant nie. Dat daar vir doodslaners en moordenaars genade is, al is dit ŉ minuut voor twaalf, *en* dat moordenaars teenaan Jesus Christus vir ewig verlore gaan!

Kyk gerus en luister.

Een van die misdadigers smaad Hom.

Mattheüs en Markus praat van rowers of bandiete — dieselfde woord wat Lukas gebruik in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan oor die man wat roof en plunder.

Hulle wat hier hang, leef van roof en plunder! Het gesteel!

Die tradisie sê: Die man wat links gehang het, het Christus gesmaad. Hoe dit ook al is, ook vir hom was dit so dat die Romeine onder luide gille en gekerm die spykers deur hande en voete geslaan het.

Sy koors klop in sy wonde en slape!

Hy is haas kranksinnig van pyn!

Hy sterf byna ŉ moordenaarsdood en tog . . . . dit sny uit sy benoude longe: Is U miskien die Christus — verlos Uself én ons!

Die man het net met homself te doen. Sy eie *ek* staan bo-aan in sy lewe.

Hy begeer ook ŉ paradys — maar dit moet hier wees! Daarvoor steel hy, daarvoor slaan hy mense dood!

Hy behoort tot hulle wat ŉ heilstaat op aarde verwag — geld, vryheid, wyn, vroue — die trappe na die gelukstoring!

God bestaan nie; dood is dood!

Hier staan hy voor die poort van dood en ewigheid — sy laaste snikke lê in die volgende ure —, en tog verander hy nie!

Die duiwel is by hom in sy sterfkamer en sê: Vloek God en sterf,

man! En hy doen dit!

En hy sterf en maak sy oë teen al sy verwagtings in, oop . . . waar?

Hang links van Christus net doodslaners en rowers?

Nee!

Daar onder is ook netjiese en fatsoenlike mense. Mense wat gedoop is, Christelik opgevoed is, hulle belydeniskaart hang in die kamer teen die muur. Maar alles sonder godsdiens!

Daar is selfs mense by wat kerk toe gaan, maar alleen ter wille van die vorm.

Tradisie- en gewoonte-Christene!

Dwase, onverstandige maagde sonder olie!

Liggame sonder gees, sonder die Heilige Gees!

Hierdie man was ook 'n Jood, besny, 'n Israeliet.

Sy vader en moeder — vrome mense — miskien in die hemel.

Maar dit weet u tog teen dié tyd: die doop en die kerkgang sonder meer red ons nie!

Christus sal eenmaal nie net aan bandiete nie maar ook aan Here-Here-skreeuers sê: Ek ken julle nie!

Ons kan omkom in ons materialisme, ons en ons lieflingsonde kan verlore gaan!

Ons kan *in* die kerk die slagoffer word van die drank, gemengde huwelike, vrye liefde, sondige ontspanning wat mens Sondae langs die viswaters laat lê, die wêreldgelykvormigheidsdrang en wat in ons dorp en tyd nie onmoontlik is nie — liefde tussen man en man!

Ons kan vlak by die Here en teenaan die kerk verlore gaan — dit is die aangrypende en verskriklike portret van die man links van die kruis!

Christus antwoord die man nie.

Maar nou spreek Christus nog.

Nou!

Hy sê vir alle huigelaars en elkeen wat hom nie waaragtig en van harte tot God bekeer nie, dat die toorn van God op hom lê, dat hy ryp word, in hierdie lewe en son van God, vir God se oordeel!

Elke erediens is drie kruise op Golgota!

Dalk hang sommige van ons links — nee, moenie sê ek moet dit nie sê nie! Die verskriklikheid is juis dat dit ernstig waar kan wees!

U hoor mos sy stem: Vandag as julle my stem hoor!

Kom, ons leef in die goeie tyd van bekeringsmoontlikheid! God roep! Die groot horlosie van God beweeg twaalfuur toe!

En .... die liefde van Christus is ongelooflik sterk en sy genade onmeetlik groot!

Die regterkantse kruiseling is hiervan treffende bewys.

Drie keer sê hierdie man *ons!*

Geen oomblik verhef hy hom bokant sy kameraad nie!

*Ons,* ons is nie werd dat ons lewe nie!

Hy vra ook nie om van die kruis verlos te word nie.

God se oordeel oor hom en hulle twee — regverdig — volkome. Vir hom is God enkel lig!

Hyself enkel duisternis!

Ons ontvang straf waardig aan wat ons gedoen het.

Hierdie man het skuldbesef, sondekennis, Christelike en opregte ellendebewustheid!

En hy *sê* dit: Ons ontvang die verdiende loon vir ons dade.

Sy lewe was enkel mislukking voor die mense en voor God.

Dit is ʼn wonder — hierdie belydenis van skuld!

U en ek weet van misdade in ons tyd wat met onbetwisbare bewyse bewys word en tot voor die galg en voor die vuurpeloton — geen skuldbesef, geen ellendebelewenis nie!

Dit is die geestelike nood van die mens van ons tyd: Voor God

veral wil hulle geen skuldige wees nie!

Om iemand te oortuig van sonde en oordeel kan ’n mens nie regkry nie. Ook nie met ’n lys van miljoene gefolterdes nie!

Dit het die Rus met sy Siberiese moordkampe bewys.

Daarvoor is Goddelike krag nodig. Dit kry net die Heilige Gees reg.

En wat Hy doen, doen Hy deeglik!

Kyk na die regterkantse moordenaar. Dit is ’n *wonder*, ’n genadewonder as iemand hom skuldig weet voor God.

As die Gees in ons werk, dan gaan ons saam met Calvyn langs hierdie moordenaar staan en sê: Afgesien van God se genade weet ek van geen enkele rede waarom hy daar hang en ek nie!

Hy wat sy broer haat, is ’n moordenaar — en ek? Buite sal die honde en die doodslaners wees — en ék!

Waar sal ek heengaan?

En .... die regterkantse moordenaar draai sy vermoeide hoof links: Hierheen, broeder en suster, want Hy het niks verkeerds gedoen nie!

Wonderlik dat hierdie man van Christus se onskuld moes getuig toe vyande spot, dissipels stilbly en die klippe swyg!

Hy gaan teen die ganse openbare mening in!

Die man het ’n geloof wat te beny is!

Hy glo: Dit sal vir Hom wat hier in die middel hang, nie verby wees met sy kruis en dood nie!

Hy sien niks van ’n koninkryk nie!

Inteendeel, hy sien die teenoorgestelde. Tog glo hy, hou hy vol: Sy ryk kom!

In ons tyd is daar baie — selfs onder gelowiges, wat van die koninkryk van die hemel en veral van sy burgers nie meer veel verwag nie.

Die kerk sou dan geen toekoms meer hê nie.

Maar waar is die geloof in die Koning en in sy Ryk?

Soos die geloof van hierdie man!

Geloof beteken om dwars in teen wat ons sien, vas te hou aan sy Ryk en sy Woord! Glo dat Christus en God werk — al bly die hemel van koper, en al lyk dit of daar geen Here is nie!

Soos hierdie man!

Hierdie man sanik nie, kla nie, kla nie dat Christus hom nie help nie, vra nie eens om vermindering van die lyde nie.

Ja, as God met ons moes handel na ons sonde, dan moes ons ook daar hang! Alles wat ons meer as dit kry, is genade!

Is ons — u en ek — sover gevorder op die pad van selfkennis en in Godskennis dat ons dankbaar is vir alles wat ons *meer* het as hierdie man aan die kruis?

Afgesien van God se genade weet ek van geen enkele rede waarom ek nog ʼn stoel, ʼn bed, nog water en nog brood het nie, nog soveel ontelbaar baie natuurlike en geestelike gawes ontvang het!

So kan ons altyd dankbaar wees!

So kan ons glo dat Hy ook regeer selfs as ons daar niks van sien nie!

Glo dat sy ryk kom — kom, ook in en met hierdie onsigbaarheid van sy regering!

En bid — bid vir ʼn plek in die koninkryk!

Bid soos hierdie biddende bandiet!

Hy sê: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.

Hy sê vir Christus *Here* as daar geen Here-sêer oorbly nie.

Christus het ʼn koninkryk, glo die man.

En hy vra nie ʼn vername plek nie, selfs nie om ʼn geringe plek nie — hy vra maar net ʼn gedagte!

As dit nie Christelike ootmoed is nie, wat is dit dan!

Maar die bidder het ook nie behoefte aan baie woorde nie.

God ook nie.

God is in die hemel en jy op die aarde, daarom — laat jou woorde min wees!

En die diepe skuldbesef leer ook om diep te buig en innig te bid!

Selfs vir doodslaners, hoere, tollenaars en verlore seuns is daar genade as hulle in waarheid bid!

En ons kan die gebedsweg versper deur ʼn lewe in die sonde, sonder berou en sonder bekering. Dan kan ons ook nie bid nie.

As jy haatdraend bly, nie wil vergewe, ʼn hart omdra vol haatgevoelens — kan mens nie bid nie.

Jy kan hande vou maar nie bid nie!

Hierdie man leer aan die kruis so bid. Bid soos die Here die gebed wil hê!

Moet dit so met ons word dat die Here ons deur swaar kruis en harde slae leer bid!

En nou? Wat is die antwoord van Christus aan ʼn misdadiger met so ʼn Christelike ellendekennis, so ʼn skuldbelydenis, so ʼn geloofsvertroue, so ʼn gebed?

Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees. Voortreflike antwoord!

Nie: Ek sal aan jou dink, of: Ek sal vir jou bid nie.

Nee: *vandag,* met My in die paradys.

As hulle netnou sy bene sal breek en hy op die skotskar na Jerusalem se ashoop in die Hinnomdal gevoer word, sal hy al by Christus wees!

Dat so ʼn gemene skurk sommer so hemel toe gaan — dit lyk tog nie moontlik nie!

En tog — Christus sweer: voorwaar — vandag, met My in die paradys!

Ek sal daar wees — jy ook!

Baie wat laaste is, sal eerste wees! Nooit was dit meer waar as hier nie!

Broeders en susters, die lengte, hoogte, diepte van die liefde van Christus en die onmeetlike genade van God!

Gee my die tale wat die engele praat, en ek sou hierdie genade nog nie genoegsaam kon roem nie!

Met My in die paradys!

ŉ Moordenaar by Christus! Ongelooflike evangelie!

Moordenaars in God se oë — kyk, ek verkondig aan u ŉ groot blydskap! God regverdig en red goddelose!

U vra: Hoe kan dit?

Die regterhandse moordenaar vra dit nie eers nie! Moenie vra hoe dit moontlik is en hoe dit kan nie. Maar as u dit tog wil weet: Ter wille van die kruislyde van Christus! Ter wille van sy ewige welbehae!

Waarvoor? Om ewig by hom te wees in die paradys! Christus sê nie koninkryk nie. Maar paradys. Dan staan die tuin van Eden in ons gedagtes op! Onbeskryflike vreugde en weelde!

Geweldig die teenstelling met die lot van die kruiseling nou!

Christus wil hom troos met die heerlike toekoms en ook daarmee die lot van nou ligter maak.

En dit is ook die blye vooruitsig van ons, geredde oortreders van die sesde gebod. Dit is ons troos by ons begrafnisse — dit is ons troos in ons eie sterfte. Met My in die paradys!

Die toppunt van hemelvreugde sal nie die alles wees wat die nuwe hemel en die nuwe aarde ons aan te bied sal hê nie. Ook nie dat ons weer verenig sal wees met ons dierbares nie — nee, die hoogtepunt daar is dit: Daar sal ons altyd by die Here wees!

Wat vir ŉ bruilof as daar bruilofsgaste is en bruidspresente, maar die bruidegom ontbreek!

Met My, met My — so juig ons siel, nou én dan. Laat hierdie hoop

ons krag wees en ons leed versag! Maar sover is dit nou nog nie! Ook nie vir die moordenaar nie! Sy geloof sal nog beproef word!

Dit word skielik donker! Ure kruip letterlik verby — drie ure! Die spotters swyg! Die stemme en pynlike sugte alleen dring die duisternis in! En dan: Eloi, Eloi, lama sabagtani! Dit weerklink! Vanwaar die stem! Christus vlak langs hom! Verlate — van God verlate!

Ja — brul en hoon die duiwel. Waar is Hy nou op Wie jy vertrou?

Sal hy bly glo — al sien hy niks en Hy wat hom moet red, self verlate? Hoe sou Satan dié man gekasty het! En as dit lig word, sterf Jesus! Nog erger! Moet hy glo in ’n dooie Jesus!

Ken u ook die ure waarin dit lyk of Christus dood is? Moeilike ure! Maar bly tog glo! Hy leef, al sê al die feite rondom ons: Hy is dood! Maar vir die moordenaar en vir ons geld: Ek het vir julle gebid dat julle geloof nie moet ophou nie.

Wat weet ons van dinge wat wag? Drie uur duisternis?

Ek weet uit die Skrif van ’n tyd, tye is ’n halwe tyd.

Duisternis is die triomfantelike opkoms van die Antichris!

En ons insonderheid hier in Afrika! Sal die donker golf donker oor ons toeslaan? Ek weet nie — maar een ding weet ek: In die vuur is Christus by ons, by ons, ook in die vuur van die eindtyd!

Ja, nou-nou kom die beuls, en sy bene word aan splinters geslaan, syne en die ander een s'n. En hy sterwe! Nee — sy sterwe is geen sterwe meer nie! Hy gaan onmiddellik paradys toe! Een minuut voor twaalf gered!

U sê: Ek is jonk — veel tyd om voort te fladder op die sondeweg — tot ’n minuut voor twaalf is daar tyd. Moontlik! Maar daar is net één voorbeeld hiervan in die Bybel!

Diep in ons hart sit die drang om die breuk met die sonde uit te stel. Hopende op die redding een minuut voor twaalf! Maar vir die ander misdadiger het dit ook ’n minuut voor twaalf geword en twaalf uur — ongered!

Vandag as julle sy stem hoor!

Amen.

# CHRISTUS GAAN JERUSALEM UIT.

**LEES:** JOHANNES 19:1-18.

**SING:** PS. 48:5; 119:7; 130:1, 2; 92:5, 6.

**TEKS:** JOHANNES 19 -. 17.

ʼn Groot deel van die smart van Christus op sy lydensweg was reeds agter die rug — stadig het dit na ʼn hoogtepunt geloop! Vanaf die minder sware moeite van ʼn slapelose nag het nie alleen die tempo van die lydenskoors gestyg nie maar ook die heftigheid daarvan.

Johannes sê kernagtig in die 16e vers: Hulle het Hom weggelei, en hy begin die 17e vers eenvoudig met die woorde: En Hy het sy kruis gedra en uitgegaan.

Maar tussen hierdie twee aankondigings van weggelei en uitgegaan lê ʼn wêreld van smarte — nie die hoogtepunt van sy lyde nie maar ʼn sware klimming daarheen!

Want toe was Hy die prooi, die oorgelewerde van die Romeinse soldate en hulle spot en geseling het voortgeduur — want was hierdie Jesus nie die moontlike Verlosser van die Jode nie, is Hy nie die man wat die heersersjuk wou afgooi nie — hulle kan dit kwalik glo van hierdie moedige Man, maar, nogtans, die geharde Romeinse soldate het nie simpatie met die deemoedige nie — hulle skoppe en slae duur voort!

En behalwe dit was daar ʼn klimming in sy smarte!

Die drukkende doringkroon se dorings was nog steeds daar, vasgeswel in sy vlees, en die honderde houe van die Romeinse gesel vanaf sy kop tot sy tone het met kloppende boosaardigheid sy liggaam gefolter en die pyn laat toeneem met elke voetstap!

Alles werk na ʼn hoogtepunt toe — die hoogtepunt van die brandende en verterende toorn van God!

Ja, dit is reeds die toorn van God wat brand teen hom maar nog nie die toorn van God in sy vreeslike, losgelate heftigheid nie.

Maar nie net in die liggaamlike lê sy smarte nie — ook in die

geestelike; en hierdie geestelike lyde lê in sy uitgang uit Jerusalem.

Daar staan, soos ons in die begin gesê het, eenvoudig: En Hy het sy kruis gedra en uitgegaan!

Maar die kern van hierdie sin is: *Hy het uitgegaan.* In dié uitgang lê wel ook liggaamlike pyn opgesluit, want die hoek van die swaar kruis haak oor sy gekneusde skouers, en die punt van die lang lengte hout ruk oor die hobbelrige geplaveide pad. Dit was geen teerpad nie, maar duisende voete oor baie, baie jare het dit 'n rukkerige sinkplaatpad gemaak hier deur die Noorderpoort!

Maar meer as hierdie was daar die diepe sielspyn van die lydende Christus.

Hy het uitgegaan — so sê die Skrif van ons Here Jesus Christus.

En hierin lê daar baie pyn vir Hom opgesluit!

Hierop — op hierdie pyn en lyde — wil ons wys.

En dan moet ons vooraf daaraan dink: Hulle het Hom wel oorgelewer, Hy is wel weggelei, Hy bied geen teenstand in sy oorlewering nie, maar in hierdie oorlewering staan Jerusalem, hierdie Godstad, veroordeel!

Sy woorde het hier op dowe ore geval; en omdat die woorde wat ook Christus spreek, nooit leeg terugkom nie maar altyd werk, sal hulle ook in Jerusalem werk!

Sy woorde sal hierdie hoë stad se ondergang werk, elkeen van sy woorde wat in hierdie stad gespreek is, is 'n handgranaat, 'n liddietbom, 'n landmyn!

Hulle het Hom oorgelewer in plaas van Hom te aanbid!

Hulle het Hom weggelei in plaas van Hom te verheerlik!

Jerusalem staan veroordeel!

En om hulle oordeel te regverdig staan daar: Hulle het Hom oorgegee om gekruisig te word.

Maar na hierdie oorgawe doen Christus tog 'n vrywillige daad.

Hulle het Hom nie geneem en uit die stad geforseer nie, geen ketting was daar aan sy hande waarmee Hy die stad uitgeruk is nie

— maar sy uitgaan uit die stad is 'n daad van Homself! Uit vrye wil stap Hy die Noorderpoort uit, terwyl Golgota, sy pynigingsheuwel, in die gesig kom!

Hy het uitgegaan!

Hy onderwerp Hom nie aan 'n noodlot wat oor Hom toesak nie, nog minder is Hy ongevoelig oor wat Hom wag — maar welbewus gaan Hy uit, elke tree op die pad was 'n oorwinning!

Vorentoe — en toe Golgota nader kom en Hy die heuwel sien, kon Hy 'n oomblikkie nie verder nie en het Hy onder die vloekhout inmekaar gesak!

En tog — Hy gaan, Hy hou aan met gaan, Hy die Here van die engele, Hy God uit God, Hy wat met één woord en één gebaar alles rondom Hom kon verdelg!

Hy hou net rekening met die wil van die Vader, en na die Raad van sy wil word die Seun hier oorgegee in die hand van die sondare!

En met hierdie geskenk deur die Vader van die Seun, daarmee stem die Seun van harte saam!

Hy en die Vader is van één liefde, één begeerte, van één verlange om die saligheid uit te werk van die verlore mensewêreld!

En daarom lees ons die swaar woorde: En Hy het sy kruis gedra en uitgegaan! Hy het uitgegaan!

As Hy nie wou nie — wie sou sê: Hy moes? Wie sou Hom kon dryf — Seun van God, self God en die Almagtige?

Is alles nie deur Hom geskape nie?

Wat was hierdie Romeinse soldaatjies en die klompie Joodjies in sy hand?

En so blink daar hier bokant die kruispad, die heerlike lig van die algehele vrywilligheid van die Lam van God!

Sy volkome bereidheid om te verlos!

Daar lê die Hoofskedelplek waar Christus moes sterwe om die geregtigheid van God vir ons saligheid te voldoen!

Nou ja, Hy is gereed!

En so word elke tree ’n belydenis! Kyk, Ek kom! Ek kom! Vrywillig — heerlik vrywillig! Maar nie sonder smarte nie! Hy het uitgegaan! Waarvandaan het Jesus uitgegaan!

Ons weet dit — uit Jerusalem! Jerusalem bo-op die berge van Sion, Jerusalem, wat beteken woning van die vrede!

Soos ’n arendsnes op die berge deur geen mens gestig nie, nie ontstaan deur natuurlike of industriële noodwendigheid nie — maar deur God gebou, die bouheer van die berge!

Sy woonplek het Hy vir Homself uitgesoek! En uit hierdie stad gaan Christus uit. Die stad wat Hy liefhet — en daarvan getuig die trane wat Hy om die stad gestort het — dinkende aan sy ondergang. Die stad wat Hy wou red en wie se inwoners Hy wil vergader. Dié stad verwerp Hom en roep om sy bloed en sy kruisiging soos hongerige diere!

Christus gaan die stad uit as ’n verworpene, en in sy uitgaan brand daar in hom die smart van die miskende liefde.

Hy kom *ter wille* van die stad, omdat Hy liefhet, en hulle verwerp die liefde! Miskende liefde! Vreeslik is die smart wat kom om die miskende liefde, by Hom wat volmaak liefhet!

As ons liefde misken word — dit is al baie, maar ons liefde is die onvolmaakte. Syne — volmaak, volkome volmaak — en dit word verwerp!

Hoe volmaakter die liefde, hoe inniger die smart! En nog feller word dit — ’n klimmende felheid!

Jerusalem, die stad van God, is in dié tyd en vir dié tyd die kerk van die Here!

Daar woon Hy in innige gemeenskap met sy volk. En uit hierdie stad, uit die kerk gaan Jesus uit! Onreine, as ’n vervloekte mag Hy in die kerk van God nie woon nie, onder hulle nie getel word nie, uitgeban uit die gemeente van die lewende God!

Christus die sondelose, die onskuldige, op Hom word die sensuur van die kerk eenparig toegepas — hier is nie eens sprake van stille sensuur nie, nie eens sprake van die eerste of tweede trap van die

tug nie — maar finale afsnyding!

Christus verlaat die kerk! Die stad! 'n Verskriklike werklikheid!

Met ons skuld belaai, as ons Borg, as die grootste van alle sondare, word Hy deur die toorn en reg van God uitgeban uit die gemeenskap van die kerk, uitgeban uit die gemeenskap van die heiliges!

Dit was die smart van sy uitgang uit Jerusalem!

En so groei die liggaamspyn en die sielspyn van Christus uit tot 'n hemelhoë berg van smarte waarmee Hy vir ons betaal.

So gaan Hy skuldbelaai die pyniging in, sodat daar 'n kerk sal bestaan, 'n stad sal gestig word, gewas in sy bloed, gereinig deur sy Gees!

En as u Hom sien waar Hy die stadspoort uitswoeg en uitstruikel, dan moet u weet Hy dra my sondevrag weg, Hy dra die sondestapels van sy geheiligde kerk die stadspoort uit.

Dan is dit die tyd van waaragtige hosannas — dan die tyd om te sing: Geseënd is Hy wat uitgaan uit die stad uit!

Daar gaan Hy — gewillig en in liefde, Hy gaan uit uit die poort van die heilige stad, sodat die poort van die kerk van die Here wyd, wyd oopstaan vir elke sondaar wat deur die bloed van Christus versoening en gemeenskap met God soek.

Elkeen wat homself klein en skuldig en onwaardig ag en leer ken voor die heilige aangesig van God, elkeen wat dink, van harte, dat hy weens sy sonde nie in die stad van God tuis hoort nie, wat dink dat God onmoontlik in hom 'n welgevalle kan hê weens sy verskriklike sonde — vir hom is die pad na die heilige kerk van Christus oopgemaak.

Die pad na die poort van die geheiligde kerk loop nie langs die weg van die lustelose aanwaggel kerk toe of die gewoonlike aansit aan die tafel of die geruste Christenskap nie! Hulle sal die poort waar Christus uitgekom het, nie ingaan nie — hulle drentel buitekant die stadsmure rond, so naby dat hulle die woorde hoor en die liedere, maar hulle harte luister of sing nie saam nie.

Hulle dink om poort toe, hek toe te vlug as die basuin blaas: Hy kom!

Maar die poorte sal gegrendel wees, en hulle sal hulle vuiste bloed-uit slaan teen die poortpanele en maar net van binne af hoor: Ek ken julle nie!

Die pad die stad in loop deur die verbryselde hart van die roepende sondaar: Ag, Here, help; ek kan nie! Maar hy loop ook deur gewillige en ongedwonge diens en die dienende liefde.

Vir sulkes is die heilige stad geopen. Toe Christus uitgegaan het, het hulle ingegaan! Hier vind die heerlike plekverwisseling plaas! Die kruisweg, waarlangs Christus uitgaan, word die heilsweg waarlangs ons kan ingaan in die heilige Jerusalem.

En kyk, broeder en suster, die bloed van sy géselwonde en gekneusde voetsole en die skuurgeluid van die kruis oor die klippe, dit verander die pad agter die lydende Christus wat uitgaan buitentoe!

Dit word geler totdat die glans van goud daaruit straal en verder, soos die pad die poort inkronkel, pure goud — en die bouvallige stene en die los kleilappe op die vestingtorings rondom die Noorderpoorte verwissel van gedaante — die dofheid van die verweerde stene begin skitter altyd helderder — die Noorderpoort word een blinkende pêrel en die bouvallige mure van die ou Jerusalem links en regs van die poort — jaspis, rooi jaspis, honderd-vier-en-veertig el hoë jaspismure. Die bleek vernielde stene nou edelgesteentes opmekaargestapel — twaalf fondamente van elke denkbare kleur. Één skittering!

Geen Romeinse soldate by die poort nie maar engele en op die poort die naam geskrywe van een van die stamme van Israel!

En die tempel met sy baie bloedmerke van duisende kleinvee, verdwyn — geheel en al. Die Here God sy tempel en die Lam!

En die glans wat oor die stad skyn — dit is nie meer dié van die son nie maar van die heerlikheid van God en die lamp van die Lam!

Die hemelse Jerusalem!

Hy het uitgegaan! Uit die Jerusalem op die berg Sion — Jerusalem die bouvallige!

En nou? Die goue pad die poort in is vol — vol juigende, singende, jubelende menigtes, verlostes in Christus!

Eertydse vergifnissprekers, sondebelyders; eertydse swakkes en kreupeles en siekes en lydendes en verminktes — kyk, hulle huppel, en hosannas ruis oor hulle lippe!

Loof die Here van nou af tot in ewigheid!

Omdat Hy uitgegaan het!

Amen.

# DIE KERK IS SY LAASTE ARBEID.

(Voorbereidingspreek)

**LEES:** SAG. 4.

**SING:** PS. 48:4; 46:3; *75:*5, 6.

**TEKS:** OPENB. 11:1-6.

As die volkerewêreld soos 'n vulkaan rook en magtige nasies wys vir mekaar grommend die tande — dan is dit of mens met meerdere opgewondenheid na die boek Openbaring gryp en die bladsye naarstiglik deurblaai.

Dit is nie eienaardig nie — want ons lewe daeliks in die midde van die vervulling van die boek Openbaring.

Moeilik is dit om presies vas te stel by watter hoofstuk ons nou haas is, maar hoe dit ook al sy — die wysers van God se horlosie skuiwe meedoënloos die laaste kwart van sy groot wyserplaat in: tien voor twaalf — vyf voor twaalf.

Die wêreld van Openbaring 9 en 10 — ons wens ons kan dit ook aan u voorlees — dit is die ondergaande wêreld. Die wêreld van Openbaring 9 en 10 word deur 'n vreeslike oorlog geteister — immers, toe die sesde engel op die basuin blaas, kom daar miljoene oorlogsmonsters in beweging, en die gevolg daarvan is dat 'n derde van die mense van die aarde doodgemaak word.

Die oorlog van Openbaring 9 — dit was seker nie die afgelope oorlog nie, want toe was daar maar honderdmiljoen mense gedood — kwalik een twintigste!

Maar 'n derde — huiweringwekkende leed in byna elke gesin! En dan nog die by komende tragiek — die wat oorbly, bekeer hulle nie!

Een uit elke drie doodgemaak — en nog geen bekering nie! Of sal die moderne mens hom selfs by die dood aanpas! Aan die dood gewoond word!

En dan is dit duidelik dat die wêreld na sy einde spoed! Maar in hierdie laaste paar minute op God se horlosie moet die kerk nog sy laaste taak verrig — moet vir die laaste keer die evangelie in hierdie wêreld gehoor word en moet daar vir die laaste keer getuienis gegee

word aan volke, tale, nasies.

En dit is van hierdie laaste arbeid wat Openbaring 11 spreek. Johannes het op bevel van die engel die boekie opgeëet wat in die hand van die engel was.

Hy ervaar dit presies soos die engel gesê het: so lank as die boekie in sy mond was — soet, heerlik soet; maar toe hy dit weggesluk het — krampe, koliek, bitterheid. En daarna die bevel — profeteer weer!

Hy eet die boekie — heerlik is dit om die getuienis van Christus te verkondig — soet — smaaklik! Bitter die uitwerking: die evangelie bring nood en vervolging.

En dit word in die hoofstuk uitgewerk. Want kyk wat gebeur as hy hom klaarmaak om die opdrag uit te voer.

Ook dit word hier beskrywe in simboliese taal. ’n Riet word in sy hand gegee. ’n Stewige riet was die meetstok vir die timmerman, en so ’n rietmaatstok word hom in die hand gedruk. Dit is duidelik: Johannes moet die maat neem! Waarvan? Die engel sê dit: Staan op en meet die tempel, die altaar en hulle wat daarin aanbid, maar laat die voorhof uit wat buite die tempel is.

Johannes moet ’n terrein in Jerusalem uitmeet en afbaken, en daar word presies gesê hoe ver hy moet gaan. Nie die stad meet nie. Die Tempelvoorhof ook nie. Net die tempelgebou, die altaar daarbinne en die aanbidders!

Die stad self en die voorhof is aan die heidene gegee om dit te vertrap vir die lange twee-en-veertig maande! Die altaar en die tempel uitgesonder! Daar sit hulle geen voet nie! Hiervoor is daar baie verklarings. Eintlik maar net een wat bevredig.

U weet hoe Jerusalem ingedeel was. Daar was die eintlike stad waar die Jode woon, hulle huise met hulle gesinne. Daar was hulle winkeltjies in die nou straatjies. Dit was die plek van die kleurryke en besige lewe van die Jode.

Daar is sake gedoen, sosiale verhoudinge onderhou — die plek van die politiek en die handel en die geldwese! Maar êrens binne hierdie krioelende stad was daar ’n bepaalde terrein afgesonder vir

die godsdiens. Die tempel en die altydrokende altaar.

Maar die tempelterrein bestaan weer uit twee afdelinge — die binneste deel, die heilige, was alleen toeganklik vir Israeliete en ook net as hulle rein is.

Maar om die heilige was 'n voorhof. Daar kon elkeen kom wat nie lid was van die volk van die Here nie maar wat tog belangstel in die Joodse godsdiens. Hulle wat kontak soek met die God van Israel, sy heil en genade begeer.

Al was hulle dan nie in die heilige nie, maar hulle is ook nie daarbuite nie en het tog verbinding met die heilige! Dit was die plek waar heiden en Israeliet kontak kry.

En nou wil Johannes sê: Hy moet meet en afbaken die eintlike tempelgebou, die altaar en die mense wat daar kniel, maar die res van Jerusalem word nie afgebaken nie. Stad en voorhof lê oop!

Heidene kan stad en voorhof binnekom en vertrap! En dit is 'n verskriklike woord! Vroeër was dit anders. Toe was Jerusalem in sy geheel heilig — die heilige stad! Onder die besondere beskerming van die Here God! Oninneembaar!

God self was die muur om die stad. En agter die muur het die lewe van gesin, bedryf, handel, lewe en verkeer gefloreer. Die lewe was onaantasbaar vir die geweld van die heidene! En wat die tempel betref — geen heiden in die heilige nie! Ja die voorhof, wel, maar hy staan onder 'n bepaalde wet.

Hulle moes hulle daar eerbiedig gedra. Hulle was geen gelowiges nie maar ook nie onverskilliges nie. Hulle aanbid nog nie maar laster ook darem nie. Hulle toon nog belangstelling en eerbied. Stad en voorhof was gewyde grond waar God die heidene halt roep as hulle daaraan sou dink om stad of voorhof of tempel te ontheilig!

Alles in die stad, voorhof en tempel het sy heiligheid, en alles staan in verbinding met God!

Maar in die allerlaaste periode skuiwe God die afsluitings-grens terug.

Die grens skuif benouend terug!

O ja, daar bly nog iets van oor — die eintlike tempel, die altaar,

die aanbiddende menigte. Hulle is nog agter die grens — daar kom die vyand nog nie by nie. Maar vir die res word alles vertrap! Jerusalem en die voorhof!

Het u miskien die donkerte verstaan van hierdie woord? Kyk, ons het nou nog ons kerklike lewe; ons het die kerk — 'n woonplek van God in die Gees. Ons het ons kerk en eredienste, en ons altare rook van lof en dank. Maar buite ons kerklike het ons ook nog baie. Elkeen daar buite die kerk is ons nie vyandig nie.

Ook buite die kerk het ons nog 'n groot aantal godsdienstige mense — nou nie juis gelowig nie maar ook nie vyandig nie! Hulle het eerbied vir ons godsdienstige opvatting! Hulle spot nie!

Ons het die voorhof waar daar kontak is tussen kerk en wêreld -— iets soos evangelisasie is nog moontlik. Ons het ook nog die heilige stad! Die hele bonte lewe daarbuite word nog deur die geloof beïnvloed.

Noem dit wat mens wil — 'n Christelike beskawing, Christelike invloed, 'n Christelike pers, Christelike vakbonde, 'n Christelike politieke party — watter vergaderings word nie almal deur gebed geopen of gesluit nie!

Dit is ons heilige stad — ons Christelike lewe! God beskerm dit ook — die vyand mag dit nie maar sommer vertrap nie!

Maar Openbaring sê: Dit hou op!

Na die laaste verskriklike oorlog wanneer die kerk opnuut uitgaan om te profeteer — dan loop die vyand alles omver! God gee dit oor aan hulle!

Dan kom daar 'n tyd sonder Christelike of kerklike aksie, sonder Christelike pers of radio of politiek, sonder Christelike invloed in die maatskappy!

Dan is daar nie meer buite die kerk 'n publiek wat nog welwillend teenoor die kerk staan nie — alles wat buite die kerk is, is heftig teen die kerk gekant en teen Christus en sy evangelie!

Geen sending, geen evangelisasie! Ons hou niks oor as ons kerk en ons gebed nie, en die kerkmense word wel nog geduld. Maar

verder — daarbuite — niks. Geen agting, geen belangstelling vir die Evangelie nie — inteendeel!

Dit is dan die dae van die Antichris — geen gentleman's neutraliteit meer nie. Elkeen buite die kerk sal ʼn vyand wees en hom ook so openbaar!

Hier en daar is daar al die eerste tekens van dié vyandigheid. In Duitsland, Rusland, Hongarye word die kerk nog geduld en toegestaan, maar daar is nie meer iets soos kerklike opbou moontlik nie. En in ons eie land — die tekens is daar — die eerste onchristelike voete trap en vertrap reeds die eertydse heilige Jerusalem en die voorhof!

Netnou sal ons niks meer oorhou as net ons kerklike lewe nie. Ons mag bid en ons godsdiens hê — maar alle ander word weggeneem!

Die kerk word dus gedrywe in ʼn uiterste afsondering, isolement. Netnou geen agting en simpatie meer nie! Nêrens sal ons Christelike invloed meer geld nie! Hulle sal stad en voorhof vertrap twee-en-veertig maande lank!

Buite die kerk alleen maar vyandskap! Dit word ʼn bewuste en stelselmatige ontkerstening van die hele lewe. Dit duur twee-en-veertig maande!

U moet dit nie letterlik neem nie! Dit is ses maal sewe maande — ʼn volle werksweek waarvan elke dag uit ʼn maand bestaan. Dit wil sê die Antichris kry sy volle kans! Hy kan ongestoord werk en die Christendom uit die lewe verdring!

Geen Christelike volksraadslid het dan ʼn kans nie; geen ereposisies, geen groot manne meer nie — oral uitgedruk en uitgestoot in volkome afsondering, isolement!

Dit, broeder en suster, is die posisie waarin die kerk sy laaste profesie tot die wêreld moet spreek. Dit lyk verskriklik — tog vertroostend!

Juis in hierdie uiterste ballingskap en afsondering kom die profetiese woord en verkondiging tot sy hoogste glans. Want wat doen die Here?

Ek sal aan my twee getuies mag gee, met sakke gekleed, dat

hulle duisend-twee-honderd-en-sestig dae lank sal profeteer. Hulle is die twee olyfbome en die kandelaars wat voor die God van die aarde staan.

As die wêreld die kerk hokslaan binne die ballingskap — hoe kan hy nou sy werk in die wêreld doen! Hoe kan hulle nog getuig as elke platform in die wêreld hulle ontsê word!

Maar juis nou gee God mag aan sy twee getuies. Dit wil natuurlik nie sê dat dit net twee is nie. Uit wat volg, is dit duidelik: dit sal alle diensknegte wees van Christus uit die laaste tyd!

Hier word net ’n tweetal genoem, want die Ou Testament ken die groot getuies Moses en Elia — Moses, wat die kerk uit die wêreld trek, en Elia, wat die wêreld in die kerk bestry en uitwerp.

So sal die knegte van Christus in die laaste tyd werk in die gees van Moses en Elia. Soos Elia sal hulle donder teen die wêreld wat sy kop in die kerk uitsteek — met tug, vermaning — die wêreld die kerk uitwerp — hulle sal soos Moses die kerk uitlei uit die slawehuis!

So sal hulle getuig! Hulle sal dit volhou teen elkeen! Hulle staan in sakke, loop in rougewaad omdat die wêreld hom nie bekeer nie en ten gronde gaan.

So staan hulle duisend-twee-honderd-en-sestig dae, die hele tyd van twee-en-veertig maande waarin die kerk uit die publieke lewe uitgedruk is. Dag in, dag uit gee hulle getuienis — hulle verkondig die oordeel!

Is hulle magteloos omdat alles hulle ontneem is? Nee, God gee mag, en hulle kan dag in en dag uit getuig! Want die wonder van Sagaria se naggesig gebeur met hulle! Hierdie getuies is kandelaar en olyfboom tegelyk. Hulle brand soos ligte in die duisternis — hierdie getuies — en omdat hulle kandelare is, gebruik hulle olie. Maar hulle is tegelyk ook olyfbome — hulle produseer ook olie.

Hulle raak nie uitgeput nie! Dit ken die wêreld nie — lampe wat hulleself brandende hou! Hulle preek en raak nie leeg gepreek nie. Daarna soek die wêreld — die lamp wat vanself brand!

Wat die wêreld nie ken nie, sal die kerk besit! God doen die wonder as die wêreld dink: Nou kwyn die kerk hom dood!

As alle bronne en voedingskanale van die kerk afgesny is, dan teer die kerk op eie bronne, want hulle staan teenaan die God van die aarde.

En God raak nooit leeg nie, daarom raak hulle nie leeg nie!

En besiel uit die bron van die God van die aarde, kry die Antichris die kerk nie onder nie! So lank as wat die Antichris die stad en die voorhof in sy greep hou — so lank hou die kerk aan met werk — kragtiger as ooit tevore! Dan lê daar ŉ definitiewe skeidslyn tussen kerk en wêreld! Al die halfhartiges, die halfslagtiges, die skynbekeerdes word dan ingedryf onder die Antichris in!

Dan is dit nie meer moontlik om op twee stoele te sit nie! Dan is daar alleen een van twee weë: onder die twee getuies naby die God van die aarde of onder die Antichris, wat niemand meer toelaat om oor te loop kerk toe nie!

Hierdie Woord van die Here is die rooilig — as dit gebeur dat ons sal weet en dat ons nou reeds ons verraad van Christus stopsit — dat Christus en sy kerk vir ons die één en die al word — nou reeds!

Na dié oorlog wat ons heel waarskynlik sal beleef, is dit dalk te laat!

Nou reeds sien ons dit aankom. Ons invloed as kerk van Christus word minder — die stroom teen die kerk en sy diensknegte sterker — lees u die jongste *Huisgenote?* — dit is nou reeds om van benoud te word!

Maar dié wat die geloof behou wat met die Here worstel om die kragtige deurwerking van sy Heilige Gees in sy lewe — hulle sal in die tyd agterkom die kragte, hemelse kragte, en die bronne wat nie leeg word nie; en in die dikker duisternis waar die Antichris heers oor stad en voorhof, sal die getuienis heerliker as ooit tevore ingestuur word!

Soos nog nooit tevore nie sal die volle en ware evangelie dan verkondig word — met vuur en krag en sonder huiwering! Maar onwillekeurig kom die vraag: Sal daar niemand wees wat hierdie getuies haat nie? Sal niemand hulle uit die kerk, die afgebakende gebied, wil verdryf nie?

O ja, hulle sal wil — hulle probeer dit ook — die wolwe van die

Antichris!

Maar in die duisend-twee-honderd-en-sestig dae kan niemand hulle skade doen nie! Op hulle is die gees en krag van Elia — vuur gaan uit hulle mond en verteer hulle vyande!

Soos Elia sal hulle mag hê om die hemel te sluit — geen reën, geen dou nie! Honger kan hulle bring, die lewe ontwrig!

Hulle staan daar in die gees en krag van Moses, en hulle verander water in bloed — en hulle bring die tien plae — soos hulle wil.

Niemand kan hulle mond snoer nie. Ons sal dus in daardie tyd nie veel oorkom nie. Maar ons sal nooit suiwerder die lig van die wêreld wees as dan nie — die olie in die kandelare raak nie op nie, raak nooit op nie.

Maar wat dan van nou? Moet ons maar sê dit is so deur die Here se wil dat ons monde toe is en dat dit lyk of daar nie olie is nie? Ons sal ons moet verantwoord vir hierdie onbesielde tyd van ons gelowigeskap — waarin niks ons kan roer tot verandering en besieling en bekering nie!

Ja, ons neem die boekie in die mond, ons sê dit is soet, maar ons sluk dit nie weg nie! Ons spuug dit uit! Is ons bang vir die koliek en die krampe? Weet ons nie dat al bring dit krampe en koliek dat dit al manier is waarop dit kan verteer en deel van ons word nie? Ons moet dit sluk — dit moet in die maag kom! Al bring dit die krampe en bitterheid van veragting by die wêreld!

Bang vir die pyn wat red? Hoe sal die brood en wyn môre vir u smaak — die tekens van die vleesgeworde Woord sal dit soet wees?

Sal u dit egter ook sluk? Al bring dit die pyn en bitterheid dat ons onsself moet verloën en die oue mens moet kruisig?

Dan neem Christus gestalte aan in u en my lewe; dan groei ons, dan groei ons genadiglik na die brandende kandelare met hulle altydvloeiende olie! Dan word ons nou en na daardie oorlog ligtende ligte wat die donkerte van stad en voorhof inskyn!

Eet, proe hoe soet dit is — sluk dit weg!

Amen.

# DIE DOOD VAN DIE TWEE GETUIES

(Nagmaalspreek)

**LEES:** OPENB. 11:1-14.

**SING:** PS. 81:1, 12; 119:42; 92:6; 51:1 (ou wysie); 100:1, 4.

**TEKS:** OPENB. 11:7-14.

Gister het ons gehoor hoedat die kerk in die naoorlogse wêreld, die oorlog van Openbaring 9, teruggepers word net op die eng en noue kerklike terrein. Die kerk word geïsoleer, afgesonder!

Maar in hierdie volstrekte alleenheid en afsondering vervul die kerk sy roeping heerliker as ooit tevore! Die kerk is kandelaar en olyfboom tegelyk — altyd maar voorsien die olyfboom die kandelaar van olie, en dit brand sterk in sy getuienis — en niemand kan die getuienis keer nie!

Dit sal soet wees in die mond van die kerk. Dan sal die boekie met vreugde verslind word.

Maar die einde is verskriklik: die boekie is bitter in die maag, dit wek ondraaglike krampe!

Dit kan immers nie anders nie: ons is met Christus gesalf om sy naam te bely, Hom te verkondig!

Maar ons kry dan ook te doen met sy verdrukking. Hulle het Hom gehaat ter wille van die Woord wat Hy gespreek het — hulle sal ons ook so haat!

Die boekie is soet in die mond — maar bitter in die maag! Die boekie — die evangelie — is ons lewe; dit word ook ons dood! En dat dit ook ons dood word — die bitterheid in die maag — daaroor wil ons vanmore spreek.

Gister was dit miskien heerlik om in die kerk te sit en te hoor van die bloeitydperk van die kerk — al is dit wanneer die kerk teruggedruk is op sy terrein! Ons het gehoor — niemand sal ons skade kan doen nie! Die twee getuies sal mag hê oor die elemente!

Maar vanmôre kan dit dalk donker word in die kerk! Want Johannes sê dat die dag eenmaal sal kom waarop ons getuienis 'n einde sal hê! Dan word die kandelaar geblus en die olyfbome met hulle

immervloeiende oliekanale sal uitgetrek word!

Immers daar staan: En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak!

Die dier wat uit die afgrond opkom! Die dier is ’n mens — die Antichris — die mens is ’n dier! Hier word hy ’n dier, 'n “bees” genoem, want dit is sy aard — dit is sy bestaan!

In hom word die mens tot ’n verskriklike dier! En hy *kom op* uit die afgrond! Kom op — met ’n swaar beuring teen die steiltes van sy afgrond! Hy verhef hom uit die helse dieptes!

Hierdie Antichris is in sy bestaan nie meer aards nie, hy is nie maar ’n mens met klein sondetjies en tipies menslike gebreke nie!

Hy is ’n mens wat volkome duiwel geword het! Die duiwel in die vlees! Sy oorspronge lê in die huiweringwekkende afgronde! En nou kan ons sê — miskien duur dit nog lank. Ons sal dit in alle geval nie beleef nie.

Maar Johannes is nugter! Die dier is opkomend! Hy kom — hy beur hoër en hoër op!

Net soos hy praat van die nuwe Jerusalem neerdalend uit die hemel — die kerk, die hemelse bruid, die nuwe Jerusalem!

Dit gebeur ook nie later nie! Dit gebeur reeds! Die bruidskerk tooi haar reeds in hierdie wêreld! Net so — net so staan dit hier van die Antichris — die dier uit die afgrond, gedrywe deur benede-menslike, helse drifte — hy is reeds aan kom! Soos die Nuwe Jerusalem reeds neerdaal — so kom hy reeds op!

En net soos u met die geloofsoog die kerk van die toekoms vandag al sien — soos u hom gister gesien het — so ontdek ons ook die dier!

Die hemel kom aarde toe — die kragte van die toekomende eeu daal reeds neer — maar die hel kom ook op — die kragte uit die afgrond gis reeds in hierdie wêreld!

Johannes sus ons nie; hy sê nie dit kan nog ’n tyd duur nie. Moenie senuagtig word nie! Nee — Johannes sit ’n breekyster onder ons

swaar ongeloofsooglede — kyk tog — kyk — waak en bid — die Antichris kom — is besig om te kom in hierdie wêreld!

Natuurlik — hy kan hom nog nie vandag en dadelik ontplooi nie. Daar is nog remme, sterk toue wat hom vashou! Hy kan die kerk nog nie vernietig nie!

Vandag word nog nie openbaar die stryd tussen die neerdalende hemel en die opkomende hel en sy skerpte nie! Die botsing tussen die volkome hemelse en die volstrekte helse nie!

Die Antichris kan die stryd nog nie ontketen nie — die prediking moet nog voortgaan — daar moet nog bygebring word by die neerdalende bruid!

Maar moet nooit sê dat dit miskien nog lank sal duur en daarom gerus word nie — die dier was vasgeketting in die afgrond maar hy kom op — sy tralies breek, hy buig hulle oop! Daar is nóg enkele tralies wat hou — maar ook dit sal padgee. Die boonste gedeelte begin hy al vertoon soos hy uitbeur uit die afgrond en tussen die gebuigde tralies deur. Vandag sit u nog in die kerk, netnou vier ons Nagmaal — hier staan nog 'n dominee in die preekstoel! Maar op 'n bepaalde dag slaan daar 'n klok, en dan is dit verby, dan is hulle getuienis afgehandel.

Dan is die laaste woord oor Jesus Christus tot die wêreld gespreek. Dan is die laaste misverstand opgehelder en die laaste onkunde weggeneem. Hy wat dan sondig, doen dit met oop oë! Hy weet wat hy doen!

Christus het eenmaal gebid: Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. Hulle het toe nog 'n verskoning gehad vir die sonde! Maar toe kom die prediking en veral die laaste twee getuies, en uiteindelik weet hulle alles onder dié kragtige getuienis!

Dan is daar net twee dinge: die mens is dan bewustelik hemels of bewustelik hels! Dan word hy geregeer volkome, óf deur die Gees óf deur die Bees!

Daarom slaan die klok sy sware klanke, en die gordyn word oopgetrek voor die laaste bedryf!

Niks meer te getuig nie! Die Gees klaar met sy werk! Met prediking en sakramente! Nou kan die Antichris kom! En dan kom hy

dadelik! Die laaste tralies weg, en hy bars uit die afgrond uit, hy val aan op die twee getuies, oorwin hulle, verbrysel hulle!

Dan is dit verby met die onoorwinbaarheid van die twee getuies — hulle kan geen vuur meer spuug nie — geen mag oor die reën nie.

Dit kan u tog verstaan dat dit baie erg is — die getuies van Christus wat volkome magteloos geword het — geen enkele verweer of verdediging meer nie!

En teenoor hulle die losgelate bees uit die afgrond! Nou sal hulle sterf! Nou gaan ook die prediking roemloos onder! Maar weet u wat is die ernstigste by dit alles? Dit het my benoud gehad — en mens kom daar nie van los nie. Dit is nie die ergste dat die getuies doodgemaak word nie, maar die plek waar hulle doodgemaak word.

Hulle dooie liggame sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is!

Sodom — die naam ken u — die vrolike stad maar wat ten slotte ontaard en verdierlik tot teennatuurlike skandes! Sodom die stad van die volle dierlikheid! Verlep en leeg!

En Egipte — die land waar Israel sug van diensbaarheid en die land waar die kinders verdrink in die Nyl.

So sal die stad dan lyk waar ons ons laaste getuienis sal gee en as meteen staan teen die dier!

Die stad van die ontaarde sonde, waar dit leeg en arm en bankrot is aan geestelike waardes en waar die vyand hom veral toespits op die jeug en hulle vergiftig en laat toeneem in sonde en ongeregtigheid.

Maar dit is nog nie die benoudste nie! — O ja, mens moet liewer nie daaraan dink watter hel dit sal wees om in te woon en te getuig nie — die stad van brute, losgelate sinnelikheid en ontug, bandeloosheid, wetteloosheid.

Om te moet getuig van Christus in 'n lewe wat hom uitstort in wellus, om te werk te midde van dier geworde mense en om dan uiteindelik magteloos te staan op die strate en afgemaai te word —

dit is om van te huiwer!

En as ek Egipte lees, dan weet ek hulle sal hulle werp op die kinders, die groot moord op hulle pleeg — hulle sal die kerk tref in sy jeug! Watter wêreld sal dit wees vir ons kinders, ons jongmense, vir ons katkisante!

Mens sou met sterk hande hulle wou gryp en uithaal uit Sodom en Egipte waar hulle onder die diere opgroei — 'n vergiftigde atmosfeer, 'n verpeste omgewing!

Maar die ergste! Waar lê die stad? Slegs "geestelik" word dit genoem Sodom en Egipte. Wat die Gees dit noem. Maar waar lê die stad? Dit is die stad waar onse Here gekruisig is!

Dit alles sal gebeur in Jerusalem. Moenie nou dink aan die stad in Palestina nie.

Dit is — ja, dit is die kerk! Waar sal die Antichris sy woonplek hê? Nie in Babel, nie in Rome nie — in Jerusalem! Daar is Christus gekruisig! Nie deur heidene — onbesnedenes — nie! Die kerk. Die kerk het Hom gekruisig! Dit sal die afvallige kerk wees wat die Antichris binnehaal — dit sal die kerkstrate wees waar die getuies sal doodlê!

Dit maak benoud — ontsaglik! Ons word afgemaai waar onse Here gekruisig is! Die kerk sal Sodomiete word, die kerk sal Egiptenare word. Dit was nog altyd 'n interessante vraag in die kerk: Wie is die Antichris, waar moet ons hom verwag!

Ons kyk na Rusland, veral na Rusland! Maar laat ons nugter wees! Die belangrikste is nie wat in die wêreld gebeur nie maar wat in die kerk gebeur! Daar sal hy kom — die diermens!

Ek sê nie dat wat op internasionale terrein gebeur, van minder belang is nie — o nee — wat daar gebeur werk alles mee na die openbaring van die Antichris.

Maar hou die kerk dop vir sy finale verskyning! Ons is onder die indruk die Antichris kom van links uit die linkse organisasies en gedagtes — kyk regs, regs — daar kom hy!

Uit die kerk in sy verwording! Die gedeformeerde kerk! Daarom is dit so gevaarlik om nie te reformeer nie — deformasie loop uit op die ontaarde kerk waaruit die Antichris voortkom!

Geen daelikse bekering nie loop vir elke gelowige noodwendig uit op die gevaar van teelaarde, voorvader of moeder te wees van die Antichris!

En dit geld ook ons jongmense.

Ontstel dit julle nie ontsaglik om te weet nie: Dit is die gees van die Antichris om julle kerklos te maak — julle Christene te maak met 'n vernissie oor van Christelikheid, om op julle toe te sak.

En weet julle dat dit moontlik is om aan 'n kerk te behoort en tog saam te werk om die getuies van God dood te maak? Julle wil modern wees — ek kan dit begryp — modern en met julle tyd saamlewe; maar ek sê vir julle, moenie op die horlosie van die Amerikaners kyk nie — kyk na God se horlosie!

Dit is die laaste dae — julle is die uitgesoekte aanvalspunte. Dit is die dae van die sesde basuin, waarin 'n massaslagting sal plaasvind!

En 'n mens hoef nie altyd jou asem uit te blaas om te sterwe nie!

Ook julle moet leer om die boekie te eet en te sluk sodat julle nie dansmaats word van 'n leë en holle en uitgewaste wêreld nie, maar getuies van Christus in hierdie doodsieke wêreld. Julle wil so graag dans. Wat beteken dans? Dit is die ontspanningsvorm van 'n verlepte en vervalle sodomitiese kultuur — daarin maak Egipte aanvalle op die jeug, en so kom Sodom en Egipte die kerk binne!

Julle moet liewer presies weet hoe laat is dit op God se horlosie en getuie word wat nooit uitgeput raak nie, getuie van Christus wat Hy altyd nuut hou met sy olyfbome langs ons!

Of is julle self leeg en soek julle die vermaaklikheid van 'n wêreld wat modern lyk en jonk voorkom maar wat eintlik sy tyd gehad het!

Johannes sê: Die lyke sal op die strate lê! Die kerk word Sodom! Hulle het Christus gekruisig, en nou kruisig hulle Hom in sy getuies. En hulle weet wat hulle doen! Hulle kom kyk na die lyke!

Laat hulle met opset drie en 'n halwe dag lê! Geen laaste eer bewys nie! U weet van die vorige keer!

Die Antichris het die kerk drie en 'n half jaar teruggedruk — twee-

en-veertig maande! Dit is die tyd waarin hy opkom en die ganse lewe ontheilig. Maar nou — soveel jare as wat hy ontvang het, soveel dae ontvang hy nou vir sy felste woede!

En dan onteer hy hulle selfs in hulle dood! Nou kruisig hulle Christus weer! Hulle doen dit goed!

As Christus sterf, neem één man sy lyk, versorg dit met reukwerk — die vroue kyk met bewoëndheid toe!

Die haat het gebrand, maar die liefde doen die laaste werk. Maar hier — geen Josef, geen begrafnis — hulle gooi ons dood op die strate — ons word ŉ skouspel vir die hele haatgloeiende internasionale wêreld!

Internasionaal is ook die vreugde. By Christus se dood net die Jode wat onrustig is — miskien staan Hy op!

Maar hier: geen onrus nie maar fees — fees en vreugde, want hierdie dooie getuies het die mense gepynig met hulle getuienis! Met Christus, met sy verlossing, sy oordeel!

Nou drink hulle heildronk op heildronk!

Vreeslik — mens huiwer oor so ŉ toekoms — maar besef u wat van die wêreld gaan word?

Prediking uitgeroei — internasionaal. Hulle verbou kerke tot bioskope, danspaleise!

Die evangelie wat kon genees, vermoor! Gelukskabelgramme oor en weer. Christus word opnuut gekruisig! En hulle weet wat hulle doen! Hulle is Jerusalem — die kerk! En hulle vier dan die internasionale fees van die sonde teen die Heilige Gees!

Ons sal dus gekruisig word waar Christus gekruisig was! Hulle sal dit net beter doen! Hulle trap op ons lyke! Maar dan gebeur dit! Kragtens Christus se eerste opstanding.

Na drie en ŉ halwe dag — die lyke — die lyke, die vertrapte, halfontbinde lyke staan!

Staan — nog meer — ŉ wolk kom neer en bedek hulle naaktheid en hulle geskonde eer — en daar gaan hulle — hoër, hoër — verstom staan hulle vyande dit en aanskou!

Heerlike, volmaakte navolging van Christus! Hy het opgestaan toe niemand by Hom was nie! Maar by ons — hulle sal dit sien — sy vyande!

En die heerskappy van Christus sal hulle deur ons hemelvaart erken!

By Christus was daar 'n aardbewing. By ons sal daar ook een wees. Maar toe die aarde geskud het na sy opstanding, toe was die vroue verskrik en die wagters soos dooies! Maar hulle kom weer by!

Maar na ons opstanding stort 'n tiende deel van die stad in en seweduisend word gedood. Weer simbolies!

Die volle getal maal die groot getal. Die oordeel is voleindig! En die wat nog lewe, gee God die eer — hulle bekeer hulle nie, maar daar is angs — erkenning!

Die einde van die tweede wee! Die derde wee kan nou vinnig kom. Dit is die einde van die oordele wat begin het met die vreeslike oorlog.

Inderdaad — die boekie is bitter in die maag! Dit loop amper met ons erger af as met Christus!

Maar tog moet ons dit eet — want die einde daarvan is die geroep: Kom op hierheen!

Dat ons sal begeer om die boekie te eet!

Dat ons sal begeer om net so seker as wat ons nou die tekens sal eet van die vleesgeworde Woord, die boekie te eet wat wel bring terugdrywing en die lieflike verkondiging én ons dood — maar ook ons opstanding!

Kom op hierheen!

Amen.